

**Die ontwikkeling en toepassing van 'n voorlopige
meetinstrument vir die bepaling van primêre
sorggewers se behoeftes rakende die hantering van
die persoon met 'n traumatiese breinbesering**

deur

MELANI OLIVIER

**Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad
M.Kommunikasiepatologie
in die Departement Kommunikasiepatologie
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria**

Oktober 2005

OPSOMMING

TITEL:	DIE ONTWIKKELING EN TOEPASSING VAN 'N VOORLOPIGE MEETINSTRUMENT VIR DIE BEPALING VAN PRIMÊRE SORGGEWERS SE BEHOEFTE RAKENDE DIE HANTERING VAN 'N PERSOON MET 'N TRAUMATIESE BREINBESERING
NAAM:	MELANI OLIVIER
LEIER:	DR. O. GUY & MEV. A. STIPINOVICH
MEDELEIER:	MEV. U. ZSILAVECH
DEPARTEMENT:	KOMMUNIKASIEPATOLOGIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GRAAD:	M.KOMMUNIKASIEPATOLOGIE

Die doel van die studie was om 'n voorlopige meetinstrument te ontwikkel om sorggewers se behoeftes ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n traumatiese breinbesering (TBB) tydens die akute rehabilitasieperiode, te bepaal. Die potensiële impak van TBB op die familiedinamiek, interpersoonlike verhoudings en funksionele onafhanklikheid, is duidelik in die literatuur gedokumenteer. Ten einde die doel van die studie te bereik is die studie in twee fases verdeel. Tydens die eerste fase van die studie is die sorggewers se behoeftes op 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe wyse bepaal in die vorm van gestruktureerde- en ongestruktureerde waarneming, 'n Behoeftevraelys, 'n fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude. Die resultate wat tydens die uitvoer van hierdie fase verkry is, het aangedui dat sorggewers ondersteuning vanaf die professionele span en die gemeenskap benodig, asook dat hulle behoeftes het rondom die algemene hantering van die persoon met 'n TBB oor die algemeen en die hantering van potensiële kommunikasie afwykings, wat geassosieër word met 'n TBB. Gebaseer op hierdie behoeftes is 'n voorlopige meetinstrument die "Needs Questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury" ontwikkel. Tydens die tweede fase van die studie is hierdie meetinstrument uitgevoer op sorggewers, voor en na die aanbieding van 'n werkwinkel, ten einde te bepaal of die meetinstrument 'n verandering in die sorggewers se behoeftes kan meet, nadat inligting aan

hulle verskaf is. 'n Pre-toets, post-toets eksperimentele ontwerp was dus geïmplimenteer gedurende die tweede fase van die studie. Alhoewel verdere navorsing nog benodig word vir die kwalitatiewe en kwantitatiewe validasie van die meetinstrument, lewer die gebruik van hierdie meetinstrument 'n waardevolle bydrae tot die begrip van sorggewers se behoeftes gedurende die akute rehabilitasieperiode, na 'n TBB. Verder beklemtoon die resultate van hierdie studie ook dat verbeterde dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks afhanklik is van vroeë identifikasie van sorggewers se behoeftes deur die professionele span.

Sleuteltermes: Rehabilitasie (van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering), akute rehabilitasieperiode, akute-sorg, gemiddelde-tot-ernstige traumatiese breinbesering, primêre sorggewers, meetinstrument, kommunikasie, behoeftes.

SUMMARY

TITLE:	THE DEVELOPMENT AND APPLICATION OF A PRELIMINARY TOOL TO DETERMINE CAREGIVERS NEEDS REGARDING THE MANAGING OF A PERSON WITH A TRAUMATIC BRAIN INJURY
NAME:	MELANI OLIVIER
LEADER:	DR. O. GUY & MRS. A. STIPINOVICH
CO-LEADER:	MEV. U. ZSILAVECH
DEPARTMENT:	COMMUNICATION PATHOLOGY UNIVERSITY OF PRETORIA
DEGREE:	M.COMMUNICATION PATHOLOGY

The primary goal of this study was to develop a preliminary tool to determine caregivers' needs regarding the management of a person with a traumatic brain injury (TBI), during the acute rehabilitation period. The potential impact of TBI on family dynamics, interpersonal relationships and functional independence is well documented. To facilitate achievement of the main goal this study was divided into two phases. In the first phase, caregivers' needs were determined by means of both qualitative and quantitative measurements in the form of structured and unstructured observations, the implementation of a "Needs Questionnaire", a focus group and semi-structured interviews. The results obtained during this phase indicated that caregivers have needs for support from professionals and the community, as well as needs regarding the general management of the person with a TBI and the management of the potential communication difficulties associated with TBI. Based on these needs, a preliminary tool, namely the "Needs questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury", was developed. During the second phase of the study, this tool was administered to caregivers of individuals with TBI before and after the presentation of a workshop to determine whether there is a change in caregivers' needs once they have received information. A pretest-posttest, experimental design was thus implemented during the second phase of this study. Although further research is required for the

qualitative and quantitative validation of this tool, the use of this tool has implications for providing a better understanding of caregivers' needs during the acute rehabilitation period after TBI. The results of this study further emphasize that improved service delivery in the South African context is reliant on the early identification, by the professional team, of the needs that caregivers of individuals with TBI have.

Key terms: Rehabilitation (of a person with a traumatic brain injury), acute rehabilitation period, acute care, moderate-to-severe traumatic brain injury, primary caregivers, measurement tool, communication, needs.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. INLEIDING.....	1
1.2. PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL.....	1
1.3. OMSKRYWING VAN HOOFSTUKUITLEG.....	4
1.4. BEGRIPSVERKLARING.....	5
1.5. OPSOMMING.....	7

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1. DIE METING VAN SORGGEWERS SE BEHOEFTE.....	11
2.2. ALGEMENE RAAMWERK VIR KONSULTASIE TYDENS DIE AKUTE REHABILITASIEPERIODE VIR DIE SPRAAKTAAL- TERAPEUT.....	15
2.3. OPSOMMING.....	17

HOOFSTUK 3

METODE

3.1. HOOFDOELSTELLING.....	18
3.1.1. Subdoelstelling.....	18
3.2. METODE VIR FASE 1.....	19
3.2.1. Doelstelling vir Fase 1 (Subdoelstelling 1).....	19
3.2.2. Navorsingsontwerp vir Fase 1.....	20
3.2.3. Skematiese voorstelling van die navorsingsproses van Fase 1.....	22
3.2.4. Steekproef vir Fase 1.....	24
3.2.5. Beskrywing van die deelnemers van Fase 1.....	26
3.2.6. Seleksieprosedures vir Fase 1.....	32

3.2.7. Materiaal en apparaat vir Fase 1.....	32
3.2.7.1. Loodsstudie.....	33
3.2.7.2 Veelvuldige-enkelgevallestudies (Deel 1).....	40
3.2.7.3 Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude (Deel 2).....	49
3.2.8. Prosedures.....	53
3.2.8.1. Data-insamelingsprosedures vir Fase 1.....	53
a) Waarneming.....	54
b) Behoeftevraelys.....	54
b) Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude.....	55
3.2.8.2. Dataverwerkingsprosedures.....	56
a) Waarneming.....	56
b) Behoeftevraelys.....	57
c) Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoud.....	58
d) Triangulasie.....	59
3.3. METODE VIR FASE 2.....	60
3.3.1. Doelstelling vir Fase 2 (Subdoelstelling 2).....	60
3.3.2. Navorsingsontwerp vir Fase 2.....	60
3.3.3. Skematiese voorstelling vir die navorsingsproses van Fase 2.....	61
3.3.4. Steekproef vir Fase 2.....	62
3.3.5. Beskrywing van die Deelnemers van Fase 2.....	63
3.3.6. Seleksieprosedures vir Fase 2.....	65
3.3.7. Materiaal en apparaat vir Fase 2.....	65
3.3.7.1. Voorlopige meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering [“Needs questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury”].....	65
3.3.7.2. Werkswinkel.....	70
3.3.8. Data-insamelingsprosedures vir Fase 2.....	72
3.3.8.1. Veelvuldige enkelgevallestudies (Pretoets).....	72
3.3.8.2. Aanbieding van die werkswinkel (Gebeurtenis).....	72
3.3.8.3. Veelvuldige enkelgevallestudie (Posttoets).....	73
3.3.9. Dataverwerkingsprosedures vir Fase	73

3.3.9.1. Veelvuldige-enkelgevallestudies (Pretoets).....	73
3.4. ETIESE OORWEGINGS.....	75
3.5. AANGELEENTHEDE RAKENDE GELDIGHEID, BETROUBAARHEID EN VERTROUENSWAARDIGHEID.....	75
3.6. OPSOMMING.....	78

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN DIE RESULTATE

4.1. INLEIDING.....	79
4.2. RESULTATE VAN FASE 1 – DEEL 1: WAARNEMING EN VOLTOOIING VAN DIE BEHOEFTEVRAELYS.....	79
4.2.1. Subdoelstelling van Fase 1	79
4.2.2. Fase 1 – Deel 1 (a): Gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming.....	80
4.2.2.1. Resultate van die gestruktureerde waarneming – Pragmatiese Protokol (Prutting en Kirchner, 1987).....	80
4.2.2.1.1. Resultate van die ongestruktureerde waarneming – Veldnotas...	84
4.2.2. Fase 1 – Deel 1 (b): Behoeftvraelys.....	85
4.2.2.1. Resultate van Afdeling B van die Behoeftvraelys.....	85
4.2.2.2. Resultate van Afdeling C van die Behoeftvraelys.....	94
4.3. RESULTATE VAN FASE 1 – DEEL 2: FOKUSGROEP EN SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE.....	97
4.3.1. Hoof temas wat in die diskoersanalise na vore gekom het.....	97
4.4. RESULTATE VAN FASE 2: VEELVULDIGE ENKELGEVALLESTUDIES (PRETOETS, POSTTOETS EKSPERIMENTELE ONTWERP).....	122
4.4.1. Subdoelstelling van Fase 2.....	122
4.4.2. Resultate van Deelnemer 12 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	122

4.4.3. Resultate van Deelnemer 13 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor na die aanbieding van die werkswinkel.....	132
4.4.4. Resultate van Deelnemer 14 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	141
4.4.5. Resultate van Deelnemer 15 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	152
4.5. RESULTATE VAN FASE 2 –VOLTOOIING VAN DIE MEETINSTRUMENT (VERVOLG).....	162
4.5.1. 'n Opsomming van deelnemers (D12, D13, D14, D15) se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	162
4.5.2. Deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as (Geen behoeftes) en Opsies 3 en 4 as (Behoeftes).....	164
4.5.3. Deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 bereken word as (Geen behoefte) en Opsies 2, 3 en 4 as (Behoeftes).....	166
4.5.4. Opsomming van die deelnemers se behoeftes in die verskillende afdelings van die meetinstrument (Afdelings 1-8), voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	167

HOOFSTUK 5

INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

5.1. INTERPRETASIE VAN FASE 1 (A): WAARNEMING EN BEHOEFTE VRAELYS.....	173
5.2. INTERPRETASIE VAN FASE 1 (B): FOKUSGROEPE EN SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE.....	186
5.3. INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE VAN FASE 2.....	196
5.4. OPSOMMING.....	204

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKING

6.1. INLEIDING.....	206
6.2. GEVOLGTREKKING EN AFLEIDINGS.....	206
6.2.1. Subdoelstelling 1 (Fase 1).....	206
6.2.2. Subdoelstelling 2 (Fase 2).....	209
6.3. IMPLIKASIES VAN DIE STUDIE.....	211
6.3.1. TEORETIESE EN KLINIESE IMPLIKASIES.....	212
6.3.2. NAVORSINGSIMPLIKASIES EN AANBEVELINGS.....	218
6.4. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE.....	220
6.5. SAMEVATTING.....	222

BIBLIOGRAFIE	223
---------------------	-----

BYLAES	232
---------------	-----

LYS VAN BYLAES

BYLAE		BLADSY
A	Aansoek om Goedkeuring van navorsing waarby Deelnemers betrokke is en/of navorsing met etiese implikasies.....	232
B	Toestemmingsvorm van die Navorsingsvoorstel-en Etiekkomitee: Fakulteit Geesteswetenskappe.....	239
C	Loodsstudie vraelys en waarnemingsvorms.....	240
D	Toestemmingsbriewe aan twee Afrox Rehabilitasie eenhede om toestemming tot die uitvoer van die navorsingsprojek by die betrokke eenhede te verkry.....	271
E	Toestemming van die twee Afrox Rehabilitasie eenhede om die navorsing by die eenhede uit te voer.....	273
F	Toestemmingsbrief aan navorsingsdeelnemers om toestemming tot die deelname aan die projek te verkry (Fase 1: Deel 1(a) Waarneming en Behoeftevraelys).....	275
G	Toestemmingsbrief aan navorsingsdeelnemers om toestemming tot die deelname aan die projek te verkry (Fase 1: Deel 1(b) Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoud).....	279
H	Toestemmingsbrief aan navorsingsdeelnemers om toestemming tot die deelname aan die projek te verkry (Fase 2).....	283
I	Pragmatiese Protokol (Prutting en Kirchner, 1987).....	286

J	Behoeftevraelys: Primêre sorggewers se behoeftes oor kommunikasie interaksie met 'n persoon met 'n gemiddelde-tot-ernstige traumatiese breinbesering (Afrikaanse- en Engelse weergawe).....	287
K	Fokusgroep- en semigestruktureerde onderhoudvraelys.....	299
L	Transkripsies van die fokusgroep: Sorggewers van persone met 'n TBB wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is (D4 – D7).....	307
M	Transkripsie van semigestruktureerde onderhoud van sorggewer wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is (D8).....	318
N	Transkripsie van semigestruktureerde onderhoud van sorggewer wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is D9).....	326
O	Transkripsie van semigestruktureerde onderhoud van sorggewers wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is (D10 en D11).....	331
P	Voorlopige meetinstrument: Needs Questionnaire For Caregivers Of a Person With a Traumatic Brain injury (Engelse weergawe).....	335
Q	Werkswinkel: "What the caregiver of a person with a moderate-to-severe brain injury needs to know in the handling of communication problems and other aspects of the care giving process".....	338
R	Toestemmingsbrief van BIG (Brain Injury Group) South African National Lobby Group for People With Acquired Brain Injuries vir die gebruik van inligting.....	364

LYS VAN FIGURE

FIGUUR		BLADSY
1	Skematiese voorstelling van die navorsingsontwerpe van Fase 1.....	20
2	Skematiese voorstelling van die navorsingsproses van Fase 1.....	23
3	Skematiese voorstelling van die navorsingsproses van Fase 2.....	62
4	Meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met 'n TBB.	66
5	Persentasie toepaslike gedrag in die verbale domeine van die Pragmatiese Protokol (Prutting en Kirchner, 1987).....	81
6	Persentasie toepaslike gedrag in die paralinguistiese domeine van die Pragmatiese Protokol (Prutting en Kirchner, 1987).....	82
7	Persentasie toepaslike gedrag in die nie- verbale domeine van die Pragmatiese Protokol (Prutting en Kirchner, 1987).....	83
8	Deelnemers se behoeftes aan inligting rondom die persoon met 'n TBB se mediese toestand.....	86

9	Deelnemers se behoeftes rondom die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe afwykings.....	87
10	Deelnemers se behoeftes aangaande inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme.....	88
11	Deelnemers se behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags-en emosioneleprobleme.....	89
12	Deelnemers se behoeftes aan ondersteuning.....	90
13	Deelnemers se behoeftes aan inligting oor die rol van die sorggewer.....	91
14	Deelnemers se behoeftes aan inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se voedingsprobleme.....	92
15	Deelnemers se behoeftes aan inligting oor die hantering van omgewingsaanpassings, stimulasie, moegheid en uitputting van 'n persoon met 'n TBB.....	93
16	Deelnemers se behoeftes aan inligting oor groepsterapie vir 'n persoon met 'n TBB.....	94
17	Deelnemer 12 se algemene behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 1).....	123
18	Deelnemer 12 se behoeftes aan inligting wat die sorggewers graag sou wou weet voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 2).....	124
19	Deelnemer 12 se behoeftes aan ondersteuning voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 3 en 4).....	126
20	Deelnemer 12 se behoeftes oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 5).....	128
21	Deelnemer 12 se behoeftes rondom hantering en hoop voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 6 en 7).....	128
22	Deelnemer 12 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8).....	130
23	Deelnemer 13 se algemene behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 1).....	132
24	Deelnemer 13 se behoeftes aan inligting wat die sorggewers graag sou wou weet voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 2).....	133
25	Deelnemer 13 se behoeftes aan ondersteuning voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 3 en 4).....	135
26	Deelnemer 13 se behoeftes oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 5).....	136
27	Deelnemer 13 se behoeftes rondom hantering en hoop voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 6 en 7).....	137
28	Deelnemer 13 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8).....	140

29	Deelnemer 14 se algemene behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 1).....	142
30	Deelnemer 14 se behoeftes aan inligting wat die sorggewers graag sou wou weet voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 2).....	144
31	Deelnemer 14 se behoeftes aan ondersteuning voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 3 en 4).....	146
32	Deelnemer 14 se behoeftes oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 5).....	148
33	Deelnemer 14 se behoeftes rondom hantering en hoop voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 6 en 7).....	149
34	Deelnemer 14 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8).....	151
35	Deelnemer 15 se algemene behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 1).....	153
36	Deelnemer 15 se behoeftes aan inligting wat die sorggewers graag sou wou weet voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 2).....	154
37	Deelnemer 15 se behoeftes aan ondersteuning voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 3 en 4).....	155
38	Deelnemer 15 se behoeftes oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 5).....	157
39	Deelnemer 15 se behoeftes rondom hantering en hoop voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdelings 6 en 7).....	158
40	Deelnemer 15 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8).....	161
41	Opsommende beeld van die Deelnemers (D12-D15) se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	163
42	Opsommende beeld van die deelnemers (D12-D15) se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as “Geen behoeftes” en Opsies 3 en 4 as “Behoeftes”.....	165
43	Opsommende beeld van die deelnemers (D12-D15) se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 bereken word as “Geen behoeftes” en Opsies 2, 3 en 4 as “Behoeftes”.....	166
43	Opsommende beeld van die deelnemers (D12-D15) se behoeftes in die verskillende afdelings van die meetinstrument (Afdeling 1 – 8) voor en na die aanbieding van die werkswinkel.....	168

LYS VAN TABELLE

TABEL	BLADSY
1 Fase 1: Beskrywing van die proefpersone (primêre sorggewers) van die persoon met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB.....	27
2 Fase 1: Beskrywing van die persone met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB.....	29
3 Loodsstudie-Doelstellings, prosedures, resultate en aanbevelings van die waarnemingsvorms.....	35
4 Loodsstudie-Doelstellings, prosedures, resultate en aanbevelings van die vraelyste.....	36
5 Ontwerp, samestelling en motivering van die vrae ingesluit in die Behoeftevraelys.....	44
6 Motivering van die insluiting van die vrae in die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude.....	50
7 Fase 2-Beskrywing van primêre sorggewers (proefpersone) van die persoon met 'n gemiddelde tot ernstige TBB.....	64
8 Fase 2- Beskrywing van persone met 'n gemiddelde tot ernstige traumatiese breinbesering (TBB).....	64
9 Veldnotas geneem tydens die waarneming van die interaksie tussen die persoon met 'n TBB en die Respondente (primêre sorggewers van persone met TBB).....	84
10 Opsomming van die respondente (R1, R2 & R3) se response van Afdeling C van die vraelys.....	95

HOOFSTUK 1

INLEIDING

DIE ONTWIKKELING EN TOEPASSING VAN 'N VOORLOPIGE MEETINSTRUMENT VIR DIE BEPALING VAN PRIMÊRE SORGGEWERS SE BEHOEFTE RAKENDE DIE HANTERING VAN DIE PERSOON MET 'N TRAUMATIESE BREINBESERING

1.1 INLEIDING

Traumatiese breinbesering (vervolgens TBB) is tans 'n groeiende gesondheidsprobleem in ontwikkelende lande. Dit lei dikwels tot toenemende verantwoordelikhede vir familieledede. Dit veroorsaak ook ekonomiese en menslike hulpbron-implikasies vir die gemeenskap (Goldstein, 1990; Kraus, 1993, Jennette, 1996). Vooruitgang op die gebied van akute sorg oor die afgelope 30 jaar het daartoe bygedra dat meer persone met ernstige traumatiese breinbeserings oorleef (Gentleman, 2001). Volgens statistiek saamgestel deur Nell en Brown (1990), is die insidensie van TBB (penetrerende en geslote hoofbeserings) in Suid-Afrika 36 per 100 000 persone. In teenstelling met ander neurologiese breinpatologieë soos byvoorbeeld demensie en serebrovaskulêre ongelukke, is daar bevind dat TBB hoofsaaklik die predominante gesondheidsprobleem onder jonger ouderdomsgroepe is, asook een van die algemeenste oorsake van verworwe breinbeserings by volwassenes (Sinnakaruppan en Williams, 2001; Martin, Vigiuer, Deloche en Dellatolas, 2001). Die kompleksiteit van die afwykings wat geassosieer word met TBB lei daartoe dat bepaalde uitdagings en meer verantwoordelikhede op die rehabilitasieproses, professionele persone en sorggewers geplaas word.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL

In die literatuur oor breinbeserings is daar primêr gefokus op die "slagoffer" van 'n TBB, en is spesifieke uitkomst gerapporteer in terme van die persoon met 'n TBB se mediese status, kognitiewe funksionering, werkstatus en/of gedragsprobleme (Kreutzer, Gervasio en Camplair, 1994; Seroi, Kreutzer en Witol, 1997). Dié fokus het egter verskuif en rehabilitasiespesialiste het toenemend meer bewus geword van die impak van 'n TBB op familiesisteme en die belangrike rol wat familieledede, op alle tereine van

rehabilitasie, speel (Kreutzer, *et al.*, 1994). Dit word nou erken dat TBB 'n teenstrydige effek op alle vlakke van familiefunksionering het.

Die simptome van die persoon met 'n TBB is veeleisend vir die primêre sorggewers en familieledede. Dit lei daartoe dat bepaalde behoeftes en stressors as gevolg daarvan ontwikkel (Kreutzer, *et al.*, 1994). Hierdie stressors kan gevolglik die sorggewers se eie vermoëns om hulle werklading en huishoudelike verantwoordelikhede, asook die fasilitering van die persoon met 'n TBB se rehabilitasie negatief beïnvloed (Kreutzer *et al.*, 1994). Daar word van familieledede verwag om lewenslange sorg en ondersteuning te gee aan die persoon met 'n TBB (Sinnakaruppan en Williams, 2001). Die eise en langtermynverantwoordelikhede van algemene versorging van 'n persoon met 'n TBB word dikwels eers deur familieledede ervaar nadat die persoon uit die akute rehabilitasie-eenheid ontslaan word, ten spyte van sorggewers se gebrek aan formele opleiding en hulpbronne (Seroi, Kreutzer en Witol, 1997; Kreutzer *et al.*, 1994).

Volgens die literatuur het sorggewers spesifieke behoeftes in terme van die hantering van kommunikasieprobleme, kognitiewe- en gedragsafwykings, wat kan inmeng met die algehele aanpassing in familie-funksionering. Hulle het ook die behoefte dat die genoemde areas van behoeftes alreeds vroeër tydens akute rehabilitasie geïdentifiseer moes word deur die professionele spanlede. Doeltreffende kommunikasie vorm die basis van alle interaksies en vir her-integrasie in die gemeenskap kan die belangrikheid daarvan nie ignoreer word nie (Ylvisaker en Feeney, 1998). Deur die familie se behoeftes en verwagtinge te verstaan, asook om hulle as belangrike spanlede in die span te erken, kan rehabilitasiepersoneel toepaslike en meer effektiewe opleiding en ondersteuning aan sorggewers gee. *“The importance of family and friends cannot be overestimated. It is therefore an additional but vital responsibility of therapists to influence the attitudes of the family, to prepare them for the difficult months ahead, to support and counsel them during these months, and to help them to understand their brain damaged family member. If this is accepted as a part of rehabilitation form the outset it should be possible to anticipate the most harmful of secondary psychologic reactions (and interactions) of the patient and family”* (Rosenthal, Griffith, Bond en Miller, 1990:7)

Kennis van sorggewers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode kan moontlik ook daartoe lei dat meer realistiese doelwitte opgestel word tydens die rehabilitasie-proses en hierdie doelwitte kan gevolglik ook gouer bereik word. Dit kan aanvaar word

dat indien die professionele persone meer kennis het van die faktore wat korreleer met 'n beter lewenskwaliteit, hulle beter toegerus sal wees om aan familieledede inligting en hanteringstrategieë te verskaf wat gebruik kan word om hulle lewenskwaliteit te verbeter (Wedcliffe, 1999).

Daar is 'n tekort aan inligting oor die impak wat die persoon met 'n TBB se kognitiewe-, gedrags- en kommunikasieafwykings op die sorggewers se behoeftes het. Hierdie tekortkoming in behoefte bepalende instrumente dui daarop dat daar 'n alternatiewe metode gevind moet word om te bepaal wat die impak van die persoon met 'n TBB se kommunikasieafwykings op die sorggewers se behoeftes het. 'n Moontlike oplossing vir hierdie leemte is dat daar 'n meetinstrument ontwikkel word wat spesifiek daarop fokus om die sorggewers van persone met TBB se behoeftes aan kommunikasie, kommunikasie-interaksie en algemene hantering van die persoon met TBB (in die Suid-Afrikaanse konteks) te bepaal.

In die Suid-Afrikaanse konteks is daar 'n tekort aan meetinstrumente wat spesifiek fokus op die sorggewers se behoeftes in terme van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van die persoon met 'n TBB. Die kulturele veranderlikes, geloofstelsels en unieke familiesamestellings in Suid-Afrika, beklemtoon die behoeftes aan 'n meetinstrument wat spesifiek daarop fokus om hierdie unieke veranderlikes en behoeftes aan te spreek.

Die doel van hierdie studie is dus om 'n voorlopige Suid-Afrikaanse prototipe meetinstrument te ontwikkel wat 'n verandering in sorggewers se behoeftes sal kan meet wat moontlik deur die spraaktaalterapeut (vervolgens STT) en ander rehabilitasiespesialiste gebruik kan word om primêre sorggewers se behoeftes ten opsigte van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB te identifiseer en dienooreenkomstig alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode in sodanige behoeftes te voorsien. Deur die sorggewers se behoeftes reeds tydens die akute rehabilitasieperiode te identifiseer, sal daar ook in die studie bepaal word of die meetinstrument 'n verandering in sorggewers se behoeftes sal kan meet.

1.3 OMSKRYWING VAN HOOFSTUKITLEG

Hoofstuk een dien as 'n oriëntering tot die vakgebied asook 'n motivering vir die keuse van die studie.

In Hoofstuk twee is daar aandag geskenk aan 'n bespreking van die impak van 'n TBB op primêre sorggewers, die aard en probleme van 'n TBB, die doel van effektiewe kommunikasie, en reeds bepaalde behoeftes van sorggewers van 'n persoon met 'n TBB uit vorige studies. Verder word daar ook in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan die bespreking van 'n reeds bestaande behoefte-bepalende meetinstrument, die rol van die STT asook 'n algemene raamwerk vir konsultasie tydens die akute rehabilitasieperiode.

In Hoofstuk drie is die metode van die studie uiteengesit. Dit sluit 'n bespreking in van die doelstellings, navorsingsontwerp, proef-persoonseleksie, navorsingsapparaat en-materiaal asook die prosedures van data-insameling en dataverwerkingsprosedures van Fases 1 en 2 van die studie in.

Hoofstuk vier bied 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe beskrywing van die navorsings-resultate van Fase 1 en 2. Dit geskied aan die hand van die doelstellings van die studie.

Hoofstuk vyf bied 'n opsommende beeld van die resultate van Fase 1 en Fase 2 asook die integrasie en bespreking daarvan. Dit geskied ook aan die hand van die doelstellings van die studie asook relevante literatuur. Op grond daarvan is daar riglyne neergelê vir die bepaling van sorggewers se behoeftes asook vir ondersteuning en hantering van primêre sorggewers van die persoon met 'n TBB, tydens die akute rehabilitasieperiode.

Hoofstuk ses bevat die gevolgtrekking, 'n evaluasie van die studie en aanbevelings vir verdere navorsing.

1.4 BEGRIPSVERKLARING

Die volgende begrippe word gedefinieer om duidelikheid te verseker.

- **Rehabilitasie (van 'n persoon met 'n TBB):** Rehabilitasie word omskryf as die ontwikkeling van die individu se volle fisiese, psigologiese, sosiale, vokasionele, avokasionele en opvoedkundige potensiaal, in verhouding met die persoon se fisiologiese of anatomiese inperkinge en omgewingsbeperkinge (Johnson en Jacobson, 1998). Rehabilitasie kan ook vanuit die Wereld Gesondheidsorganisasie perspektief in terme van die gevolge van die siekte, of 'n afwyking geklassifiseer word: (1) **Impairment**, defined as “the loss or abnormality of psychological, physiological or anatomical structure of function”, (2) **Disability**, defined as “any restriction or lack (resulting from an impairment) of ability to perform an activity in the manner or within the range considered normal for a human being” en (3) **Handicap**, defined as “a disadvantage, for a given individual, resulting from an impairment or a disability, that limits or prevents the fulfillment of a role that is normal (depending on age, gender, and social and cultural factors) for that individual” (Johnson en Jacobson, 1998: 390).
- **Akute rehabilitasieperiode:** Akute sorg vind plaas terwyl die persoon met TBB in die akute hospitaal is. Dit is daardie punt in die intervensie kontinuum waartydens die primêre doelwitte van rehabilitasie, hoofsaaklik medies georiënteerd is. Volgens Johnson & Jacobson (1998) is die voordele van vroeë en intensiewe intervensie tydens die akute periode (insluitend die dienste gelewer deur die STT), alreeds gedokumenteer, as belangrik beskou en word dit aanbeveel. Dus word die akute rehabilitasieperiode beskou as die beginpunt van die rehabilitasie kontinuum (Johnson & Jacobson, 1998).
- **Akute sorg:** Miller en Groher (1990) in Johnson en Jacobson (1998) beskryf dit as die periode in 'n persoon met TBB se mediese versorging waartydens die simptome die ernstigste is en die duur van die onmiddellike siektetoestand die kortste is.
- **Gemiddelde-tot-ernstige traumatiese breinbesering (TBB):** Volgens Duffy (1995) word TBB verdeel word in twee onderafdelings, naamlik penetrerende- en

geslote hoofbeserings. Penetrerende hoofbeserings (bv. skrapnel en skietwonde) veroorsaak 'n meer fokale neurologiese abnormaliteit. Geslote hoofbeserings kom egter meer gereeld voor en is die hoof oorsaak van dood en/of afwykings/gestremdhede. Motorvoertuig ongelukke, val, en sportbeserings is die hoof oorsake van geslote hoofbeserings. Die ernstighedsgraad van die besering hang af van die telling op die Glasgow Coma skaal, die tydsduur wat die persoon bewusteloos was en die duur van die persoon met 'n TBB se post-traumatiese amnesia. Die verlies aan bewustheid vir 1 -12 ure word beskou as 'n gemiddelde breinbesering en 'n verlies van bewustheid langer as 24uur, word gedefineër as 'n ernstige breinbesering. Die ernstighedsgraad volgens die Glasgow Coma Skaal word as volg bereken: 'n Telling tussen 9-12, tydens aanvang van hospitalisasie word beskou as matige (gemiddelde-) breinbesering, en 'n telling minder as 9, word beskou as 'n ernstige traumatiese breinbesering (Mackey, Chapman en Morgan, 1997; Johnson en Jacobson, 1998).

- **Primêre sorggewers:** Vir die doel van hierdie studie, word die primêre sorggewers gedefineër as die persone wat die persoon met TBB geken het voor die ongeluk en daagliks na die persoon met TBB sal omsien, tydens en na die akute rehabilitasie periode.
- **Meetinstrument:** Hierdie term verwys na die meetsinstrument wat in die studie ontwikkel is. Vir die doel van hierdie studie word die term meetinstrument gedefinieër as 'n vinnige en effektiewe metode om sorggewers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode te bepaal. Die meetinstrument moet maklik en vinnig uitvoerbaar wees, presies opgestel wees om die geteikende area wat dit wil meet te meet, en maklik wees om te administrateer. Die resultate moet oor 'n periode van tyd vergelyk kan word op die meetinstrument.
- **Kommunikasie:** Dit is belangrik om onderskeid te tref tussen taal en kommunikasie. Taal word volgens Sternberg (1995) gedefinieër as: *"...the specific use of an organized means of combining words in order to communicate. Communication more broadly encompasses not only the exchange of thought and feelings through language, but also nonverbal communication such as through gestures, glances, distancing, and other contextual cues"* (Sternberg, 1995: 311). Volgens Alpiner, Kaufman en Hanavan (1993) is kommunikasie 'n

dinamiese proses waartydens idees met reseptiewe en ekspressiewe kwaliteite uitgeruil word.

1.5 OPSOMMING

As inleiding bevat hierdie hoofstuk die nodige inligting wat as motivering en agtergrond vir hierdie studie dien. Deur die stelling van 'n navorsingsprobleem, gegrond op 'n gemotiveerde rasionaal, is die bepaalde studie gerig. 'n Uiteensetting van die hoofstukke van die verhandeling word aangebied en 'n omskrywing van terme soos wat dit in die betrokke studie van toepassing is, word verskaf.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

“When the life has been saved the quality of that survival depends crucially on the next phase – the process of rehabilitation” (Gentleman 2001:193)

Verskeie studies toon aan dat die fisiese-, kognitiewe-, emosionele- en gedragsprobleme wat ontstaan as gevolg van 'n TBB, 'n geweldige impak op die gesinsdinamiek tot gevolg het (Laroi, 2000; Martin *et al.*, 2001; Sinnakaruppan en Williams, 2001). Na 'n TBB blyk dit dikwels vir sorggewers asof die persoon met 'n TBB weer “normaal” sal kan funksioneer weens die relatiewe spoedige fisiese herstel wat plaasvind. Hierdie persone ondervind egter dikwels ernstige psigososiale en kognitiewe afwykings, sowel as kommunikasie- en sosiale probleme (Ponsford, 1995; Penn, Jones, Schmaman, Vyncke, Watt en Fridjhon, 1998). Hierdie afwykings het volgens Knight, Deveraux & Godfrey (1998), 'n groter invloed as die fisiese veranderinge, op die sorggewers se emosionele welstand. Al die genoemde afwykings lei tot veranderinge in sorggewers en individue met 'n TBB se alledaagse lewe, algehele funksionering en sosiale interaksies (Moules en Chandler, 1999; Martin *et al.*, 2001). Verdere veranderinge in die familie se organisatoriese struktuur, kommunikasiepatrone en behoeftes kom ook voor (Laroi, 2000). Indien hierdie behoeftes van die sorggewers nie aandag geniet nie, kan dit lei tot psigososiale probleme soos byvoorbeeld depressie, sosiale isolasie en stres (Knight *et al.*, 1998).

Kognitiewe- en gedragsafwykings wat geassosieër word met 'n TBB, sluit onder afwykende oordeel, taalproduksie-afwykings, disinhibisie, impulsiwiteit, verlaagde inisiëring en probleme met leer en geheue in (Wallace, Bogner, Corrigan, Clinchot, Mysiw en Fugate, 1998). Aangesien hierdie kognitiewe- en gedragsprobleme nie altyd onmiddellik sigbaar is nie, is professionele persone geneig om hierdie probleme te vermy en gevolglik word die impak wat 'n persoon met 'n TBB op die familie en sy onmiddellike omgewing het, onderskat. Dit lei daartoe dat die familie se behoeftes en probleme nie onmiddellik opval nie, en dit het tot gevolg dat hulle gedragspatrone en reaksies nie voldoende aandag geniet in rehabilitasieprogramme nie (Laroi, 2000). Ponsford (1995) meld egter dat die familie se reaksies ten opsigte van die breinbesering ook 'n impak het op die persoon met 'n TBB se psigologiese aanpassing en op

spesifieke afwykings wat voorkom as gevolg van die besering (Morris, 2001). Persone met 'n TBB is geneig tot depressie en vertoon emosionele en gedragsprobleme wat kan lei tot die ontwikkeling van sosio-emosionele afwykings (Galski, Tompkins & Johnson, 1998).

Beperkte en ontoepaslike kommunikasievaardighede na 'n TBB word beskou as 'n ernstige afwyking en 'n groot struikelblok by die her-integrasie in die gemeenskap. Dit is 'n moontlike oorsaak van sosiale isolasie en kan daartoe lei dat persone met 'n TBB nie kan of wil terugkeer na hulle werkverpligtinge toe nie (Galski *et al.*, 1998; Ylvisaker en Feeney, 1998). Persone met 'n TBB ondervind hoofsaaklik probleme met taalgebruik, wat voorkom in die aanpassing van taal- en kommunikasie-interaksie, ten einde aan die eise van spesifieke sosiale situasies te voldoen. Die persone is geneig om die reëls van kommunikasie te verbreek, ondervind probleme met ekspressiewe taal en vertoon swak kommunikasievaardighede in alledaagse situasies (Galski *et al.*, 1998).

Die sukses van 'n persoon se familie-, sosiale-, beroeps- en akademiese integrasie berus hoofsaaklik op die herstel van effektiewe kommunikasie. Dit bring mee dat rehabilitasiepersoneel meer bewus raak dat meer klem gelê moet word op die vroeë identifikasie van behoeftes en probleme wat in alledaagse kommunikasie-interaksie voorkom (Galski *et al.*, 1998). Volgens Ylvisaker en Feeney (1998) vereis TBB-rehabilitasie 'n geïntegreerde en kollaboratiewe benadering wat daarop dui dat aspekte soos uitvoerende funksies, kognitiewe vaardighede, kommunikasie- en gedragsaspekte gelyktydig aandag moet geniet tydens rehabilitasie. Kommunikasie kan nie afsonderlik van 'n geïntegreerde benadering beskou word nie (Ylvisaker & Feeney, 1998). In ernstige gevalle kan die kommunikasieafwykings wat voorkom die hele proses van rehabilitasie beïnvloed indien dit nie reggestel word nie (Gentleman, 2001). Navorsing bewys ook dat swak kommunikasievaardighede kan lei tot beperkte sosiale integrasie, wat gevolglik bepaalde behoeftes by sorggewers en persone met 'n TBB laat ontstaan (Mackay *et al.*, 1997; Galski, *et al.*, 1998).

Navorsers is dit eens dat die identifisering van sorggewers se behoeftes, die beplanning van en deelname aan behandelingsprogramme en rehabilitasieprosesse, kan verbeter. Ten spyte hiervan is kennis van sorggewers se behoeftes in terme van die kommunikasie, interaksie en algemene hantering van die persoon met 'n TBB tans

beperk deur ontoepaslike en onreëlmatige navorsingsmetodologieë en die gebruik van ongesofistikeerde familie-evaluasie-instrumente (Serio *et al.*, 1997).

Verskeie studies is uitgevoer om die sorggewers se behoeftes ten opsigte van die hantering van 'n persoon met 'n TBB te bepaal (Mauss-Clum en Ryan, 1981; Mathis, 1984; Campbell, 1988; Engli en Kirsivali-Farmer, 1993; Mackay *et al.*, 1997; Seroi *et al.*, 1997; Morris, 2001; Sinnakaruppan en Williams, 2001). Mauss-Clum en Ryan (1981) was van die eerste navorsers wat inligting verskaf het in verband met familie behoeftes, na die aanvang van 'n neurologiese besering. Die behoeftes wat as die belangrikste aangewys is, is ten opsigte van duidelike verduidelikings, besprekings van realistiese verwagtinge, emosionele ondersteuning, finansiële berading en berading ten opsigte van gemeenskapshulpbronne. Geen poging is egter aangewend om te onderskei tussen die behoeftes van die diagnose, en geen spesifieke inligting in verband met die tydperk na die aanvang van die afwykings, is verskaf nie. Verdere navorsing in hierdie verband is ook deur verskeie ander navorsers gedoen (Mathis, 1984; Campbell, 1988; Engli en Kirsivali-Farmer, 1993). Oor die algemeen is die grootste behoefte van sorggewers om inligting oor die aard van breinbesering te bekom, of daar hoop is op herstel en dat vrae eerlik beantwoord moet word (Campbell, 1988; Morris, 2001; Sinnakaruppan en Williams, 2001). Verder is behoeftes in terme van finansiële ondersteuning, geleenthede om gevoelens met ander persone te bespreek, deelname aan gemeenskapsaktiwiteite, effektiewe kommunikasie met professionele persone, sosiale aanpassing, ondersteuningsdienste en langtermynuitkomst ook van wesenlike belang (Mathis, 1984; Campbell, 1988; Engli en Kirsivali-Farmer, 1993; Serio, *et al.*, 1997; Morris, 2001; Sinnakaruppan en Williams, 2001).

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat daar tans 'n leemte in die literatuur bestaan ten opsigte van sorggewers se behoeftes in verband met kommunikasie en kommunikasie-interaksie met 'n persoon met 'n TBB. Sinnakaruppan en Williams (2001) het 'n kritiese literatuuroorsig gedoen ten opsigte van al die behoeftes wat hoofsaaklik by sorggewers van persone met 'n TBB bestaan en voorgekom het in die literatuur vanaf 1966 – 2000. Die resultate toon dat sorggewers 'n behoefte het aan riglyne vir kommunikasievaardighede. In sy studie toon Campbell (1988) aan dat 57% van die sorggewers 'n behoefte het aan kommunikasieriglyne. Resultate verkry deur Acorn (1993) toon aan dat 74% van sorggewers 'n behoefte het aan riglyne ten opsigte van

kommunikasievaardighede. Dit blyk dus asof 'n paar navorsers die potensiele impak wat kommunikasieprobleme na 'n TBB, in hulle studies ingesluit het.

Soos reeds genoem, kan kommunikasieprobleme nie net die persoon met 'n TBB se deelname aan die sosiale gemeenskap beïnvloed nie, maar ook sy verhouding met die sorggewers. Uit die aard van die komplekse kognitiewe kommunikatiewe afwykings wat voorkom by persone met 'n TBB, moet dit bepaalde behoeftes by die sorggewers laat ontstaan. In verskeie literatuurstudies (O'Keefe, 1996; Mackay *et al.*, 1997) word dit beklemtoon dat sorggewers reeds tydens die vroeë rehabilitasieperiode ingelig en opgelei moet word betreffende maniere van interaksie met die persoon, ten einde funksionele kommunikasie te verbeter. Dit word ook beklemtoon dat indien die sorggewers goed opgelei is en oor genoegsame kennis beskik om die kommunikasie-afwykings te stimuleer, dit die algehele intervensieproses kan optimaliseer: *“The family member or friend who understands how to react to disordered communication, who knows how to help improve communicative skills, and who can help teach how to neutralize a potentially distant or even hostile communication partner, is undoubtedly the best tool that the Speech Language Pathologist has in the big bag of tricks”* (O'Keefe 1996: 235).

Dit is dus nie net belangrik om sorggewers se behoeftes aan sosiale en emosionele aspekte te bepaal nie, maar wel ook in dié van kommunikasie, aangesien laasgenoemde die hoeksteen vorm van enige interaksieproses (Mackay *et al.*, 1997). Op hierdie wyse kan daar ook meer ondersteuning aan die sorggewers deur die STT verskaf word en sodoende die stresvlakke van sorggewers verminder.

2.1. DIE METING VAN SORGGEWERS SE BEHOEFTE

Daar bestaan 'n verskeidenheid meetinstrumente wat daarop fokus om sorggewers van persone met TBB se behoeftes te bepaal. Die instrumente poog oor die algemeen om te bepaal wat die impak van die persoon met 'n TBB op die sorggewers se emosionele welstand en lewenskwaliteit het en watter behoeftes as gevolg daarvan by die sorggewers ontstaan. Ten spyte hiervan is daar deur die navorsers bevind dat die oorgrote meerderheid van die meetinstrumente op die sorggewers se algemene behoeftes in terme van gesondheid-, sosiale-, opvoedings-, en psigologiese behoeftes fokus. 'n Voorbeeld van 'n behoefte-bepalende instrument wat in die literatuur voorkom

en wat gevolglik nie voldoende inligting oor kommunikasiebehoefte bevat nie, is onder andere:

Family Needs Questionnaire (FNQ) – die skaal is spesifiek ontwikkel om die behoeftes van die sorggewers van persone met TBB te evalueer, met die doel om dienslewering aan die sorggewers te verbeter. Die skaal evalueer die sorggewers se behoeftes in terme van:

- Gesondheidsinligting.
- Emosionele ondersteuning.
- Instrumentele (praktiese) ondersteuning.
- Professionele ondersteuning.
- Gemeenskapsondersteuningsnetwerke.
- Betrokkenheid by versorging.

Die nadeel van die reeds bestaande behoefte bepalende instrument is dat dit geen inligting oor sorggewers se behoeftes ten opsigte van kommunikasie en kommunikasie-interaksie bevat nie, en indien dit wel voorkom, word daar slegs een algemene vraag daarvoor gevra, naamlik: “Ek het ‘n behoefte om gerig te word ten opsigte van kommunikasievaardighede met die persoon met ‘n TBB”, met ‘n “JA / NEE” respons (Sinnakaruppan en Williams, 2001).

In die bogenoemde instrument moet die sorggewers aandui of daar in hulle behoeftes voorsien is, en wel in watter mate in die behoeftes voorsien is of nie voorsien is nie. Die resultate van die studie deur Moules en Chandler (1999) toon aan dat die meeste sorggewers aandui dat hulle behoeftes aan praktiese- en professionele ondersteuning, die minste aandag geniet. Dit beklemtoon weereens die leemte wat voorkom in die literatuur, naamlik dat sorggewers behoeftes het aan praktiese- en spesifieke riglyne deur professionele persone. Dit geld ook vir meer spesifieke- en praktiese riglyne oor kommunikasie-interaksie.

Daar is wêreldwyd tans ‘n fundamentele verandering in die wyse waarop persone met gestremdhede benader word. Die klem het verskuif van ‘n individuele mediese perspektief na ‘n sosiale model waarin die menseregte in oënskou geneem en ontwikkel word, nie net vir die persone met gestremdhede nie, maar ook vir die sorggewers (White Paper on an Integrated National Disability Strategy, 1997). Hierdie sienings val

nou saam met die Wêreld gesondheids organisasie (WHO, 1997) se “International Classification of Functioning, Disability and Health” (ICF). Die ICF (WHO, 1997) is deel van ‘n internasionale klassifikasiesisteen wat daarop gemik is om ‘n eenvormige raamwerk ten opsigte van gesondheid en gesondheidsverbandhoudende aspekte daar te stel. Die instrument verskaf ‘n waardevolle raamwerk waarvolgens die rehabilitasieproses gerig kan word. Die ICF (WHO, 1997) kan ook gebruik word om die sorggewers se areas van belang in terme van behoeftes te bepaal, en die behoefte-areas kan dan deel wees van die fokus op rehabilitasie. Die bepaling van hierdie behoeftes kan ook ‘n raamwerk verskaf waarvolgens die sorggewers en persoon met ‘n TBB se aktiewe deelname in die gemeenskap bevorder kan word.

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1 van die huidige studie, is daar in die Suid-Afrikaanse konteks ‘n tekort aan meetinstrumente wat spesifiek fokus op sorggewers se behoeftes in terme van kommunikasie, kommunikasie-interaksie en die algemene hantering van die persoon met ‘n TBB. Gedeeltelik gebaseer op die konsep van die ICF, rondom die behoefte aan ‘n geïntegreerde benadering ten opsigte van ‘n gestremdheid, poog hierdie studie om die potensiële behoeftes van traumatiese breinbesering, kommunikasie en sorggewers te integreer. Gebaseer op hierdie raamwerk, poog hierdie studie om ‘n meetinstrument te ontwikkel om sorggewers se behoeftes rakende kommunikasie, interaksie en die hantering van ‘n persoon met ‘n TBB alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode te identifiseer. Volgens Kreutzer *et al.*, (1994) is navorsing in hierdie verband belangrik om praktiese en teoretiese redes, aangesien dit gebruik kan word in die opvoeding en opleiding van rehabilitasiepersoneel. Hierdie navorsing kan moontlik ook huidige rehabilitasieprogramme in staat stel om in die familie en die persoon met ‘n TBB se behoeftes en probleme optimaal te voorsien. Dit kan ook meer begrip aan rehabilitasiepersoneel verskaf ten opsigte van aanpassings wat deur die familie gemaak moet word in ekstreme stresvolle situasies.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die STT en ander professionele persone wat deelvorm van die rehabilitasiespan, reeds tydens die akute rehabilitasieperiode sorggewers se behoeftes moet bepaal asook om met hulle in interaksie te tree, ten einde ‘n belangrike bydrae te lewer tot die algehele plan van dienslewering. Volgens Mackay *et al.*, (1997) is die STT, in samewerking met al die ander spanlede verantwoordelik vir inligtingsverskaffing aan die sorggewers, rakende die besering en om hulle te betrek en op te lei in die verskillende fases van die persoon met ‘n TBB se herstelproses.

Alhoewel die sorggewers dikwels op hierdie stadium oorweldig is deur die oorsaak en gevolg van die breinbesering, is hulle oor die algemeen gewillig om inligting te ontvang en hulle behoeftes te stel. Dit STT as deel van die rehabilitasiespan is spesifiek verantwoordelik om spesifieke inligting aan sorggewers oordra, ten opsigte van alle aspekte van kommunikasie- en kommunikasie-interaksie. Dit is belangrik dat die STT bereid sal wees om te luister na wat die sorggewers se behoeftes is: *“Because communication is the cornerstone of...intervention, much can be gained from listening to what the family say, as well as how they say it”* (Mackay *et al.*, 1997:538). Dit is dus van kardinale belang dat die STT reeds tydens die akute fase sorggewers se behoeftes bepaal, ten einde die persoon met 'n TBB, sy sorggewers en ander spanlede te ondersteun, en om hulle bydrae te benut tydens die beplanning van intervensie. Op hierdie wyse kan die STT en ander spanlede die nodige kennis bekom om in sorggewers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode doeltreffend te voorsien.

Aangesien die STT, as deel van die professionele rehabilitasiespan 'n integrale rol speel in die hantering van beide sorggewers en die persoon met 'n TBB, het navorsing in hierdie verband ook implikasies vir die dienslewering wat deur die STT aan sorggewers verskaf word. In die akute rehabilitasie opset is die STT hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontwikkeling en vaslegging van 'n funksionele kommunikasiesisteem tussen die sorggewers en die persoon met 'n TBB. Vir die ontwikkeling van hierdie kommunikasiesisteem is dit belangrik om die persoon met 'n TBB se kognitief-linguistiese kommunikasievaardighede te evalueer, asook sorggewers se behoeftes ten opsigte van die hantering van hierdie afwykings te bepaal en vervolgens intervensie te verskaf. Weens die ernstigheidsgraad van kognitief-linguistiese probleme, is dit dus die STT se verantwoordelikheid om opleiding aan sorggewers en ander rehabilitasiepersoneel te verskaf ten opsigte van maniere waarop gepaardgaande probleme hanteer kan word, en waarop daar met die persoon met 'n TBB in interaksie getree kan word. Dit is belangrik om inligting en opleiding te verskaf aangaande die aanpassings wat daar deur sorggewers gemaak sal moet word, ten einde optimale kommunikasie-interaksie te fasiliteer (Mackay *et al.*, 1997).

2.2. ALGEMENE RAAMWERK VIR KONSULTASIE TYDENS DIE AKUTE REHABILITASIEPERIODE VIR DIE SPRAAKTAALTERAPEUT

'n Algemene raamwerk wat deur die STT in aggeneem moet word tydens die akute rehabilitasietydperk word in die volgende gedeelte weergegee. Volgens Johnson en Jacobson (1998) bestaan konsultasie tydens die akute rehabilitasie tydperk uit drie belangrike sleutels van professionele aktiwiteite, naamlik: evaluasie/diagnose van die kommunikasie-en/of slukafwyking, intensiewe monitering van kliniese simptome, intervensie en opleiding/berading. Daar word na hierdie dienste verwys as konsultatief omdat hulle hoofsaaklik aan die persoon met 'n TBB verskaf word met inagneming van die inligtingsbehoefte van die persoon met 'n TBB, die sorggewers en die ander bronne van verwysing. Hierdie klem wat op die konsultatiewe benadering (in teenstelling met 'n tradisionele rehabilitatiewe benadering) geplaas word, word só beklemtoon, as gevolg van die kort tydsduur van die persoon met 'n TBB in akute sorg.

Dit van kardinale belang is dat die STT kennis en begrip moet toon ten opsigte van die waarde van effektiewe konsultasie, evaluering en intervensie. Een van die eerste aspekte wat in ag geneem moet word deur die STT tydens die akute rehabilitasieperiode is die belang van vinnige en doeltreffende inligtingsverskaffing aan alle ander lede van die gesondheidspan, wat vanselfsprekend ook die sorggewers van die persoon met 'n TBB insluit (Johnson en Jacobson, 1998). Die rede hiervoor is omdat persone wat in akute sorg eenhede is, se toestand vinnig verander. Buiten die vinnige verandering wat by die persoon met 'n TBB self plaasvind, is daar ook ander faktore wat daartoe lei dat persone met 'n TBB vinniger uit die akute sorg eenhede verplaas word. Redes hiervoor is onder andere die verbetering van buite-pasiënt dienslewering en ook die finansiële druk wat daar op gesondheidsisteme geplaas word. Hierdie vermindering van die tydperk waartydens die persoon met 'n TBB in die akute sorg bly, verhoog egter die kompleksiteit om effektiewe kommunikasie en besprekings tussen professionele persone en sorggewers te hanteer asook om doeltreffende akute rehabilitasiedienste te lewer. *“Given that one of the major goals of care in the acute setting is to participate in the medical and rehabilitative care of the patient, it is very important that the interaction among care providers be clear, concise, and directed toward patient care”* (Johnson en Jacobson, 1998: 102).

Nie net het hierdie verkorte tydperk waarin die persoon met 'n TBB om akute sorg opgeneem is 'n invloed op die laasgenoemde faktore nie, maar ook op die persoon met 'n TBB en die primêre sorggewers. Die sorggewers ontvang gevolglik nie die doeltreffende ondersteuning en hantering van hulle individuele behoeftes nie (Johnson en Jacobson, 1998). Dit is dus belangrik dat sorggewers se behoeftes alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode bepaal moet word, deur middel van 'n vooropgestelde meetinstrument om sodoende te voorkom dat sorggewers se behoeftes agterweë gelaat word en gevolglik nooit aangespreek word nie.

Dit is van kardinale belang dat die primêre sorggewers van die persoon ten alle tye ingelig moet wees ten opsigte van alle aspekte in terme van die hantering van die persoon met 'n TBB. Alhoewel goeie waarneming van die persoon met 'n TBB se gedrag, toepaslike en akkurate diagnoses en goeie interaksie met die persoon met 'n TBB self, baie belangrik is tydens die akute rehabilitasieperiode, gaan hierdie aspekte egter nie verseker dat die persoon met 'n TBB, bv. korrek geïdentifiseer is tydens etes nie. Verder gaan dit ook nie verseker dat daar wel toepaslike kommunikasievaardighede is en dat die persoon met 'n TBB se aanvullende en alternatiewe kommunikasiesisteme korrek gebruik word, en dat toepaslike verwysings gemaak word nie. Al hierdie genoemde aktiwiteite wat wel ook deur die STT verskaf word, moet egter later deur die persoon met 'n TBB se primêre versorger self gedoen word. Dit is dus belangrik dat die STT in die akute sorg tydperk oor goeie kommunikasievaardighede beskik wat duidelike, spesifieke verduidelikings en rasionale vir verdere aanbevelings of versoeke verskaf word. Die STT moet ook oor die vermoë beskik om enige ander agtergrondinligting te verskaf vir enige ongewone of onverwagte aanbevelings. Maar hierdie bogenoemde inligting kan slegs doeltreffend aan primêre sorggewers verskaf word, indien die sorggewers se onmiddellike behoeftes so gou as moontlik geïdentifiseer word.

In hierdie tydperk is dit ook belangrik vir die STT om nie die families of die persoon met 'n TBB te oorlaai met te veel inligting nie. Konstante aanpassings van die tipe en hoeveelheid inligting wat deur die sorggewers verskaf moet word is 'n belangrike doelwit. Die STT moet aan die begin van die "professionele verhouding" met die sorggewers, slegs duidelike, kernagtige en kort verduidelikings gee. Soos wat die verhouding vorder is dit verstandig om daaraan te dink om meer uitgebreide verduidelikings ensovoorts aan die primêre sorggewers te verskaf rakende die persoon

met 'n TBB se kommunikasievaardighede en -prognose, slukafwykings en verskeie behandelingsopsies.

Ten einde die laasgenoemde te bewerkstellig is dit belangrik dat daar 'n manier is om die sorggewers se behoeftes aanvanklik te bepaal tydens die akute rehabilitasieperiode, om te verseker dat die nodige en toepaslike inligting wat vir hulle op daárdie stadium belangrik is, aan te spreek. Dit is nie net van belang om sorggewers se behoeftes aan te spreek nie. Dit kan ook ander belangrike implikasies ten opsigte van die koste van die versorging, lengte wat die persoon met 'n TBB in hospitaal bly en die persoon se uitkomst, positief lê. Dit is daarom belangrik dat die STT so gou as moontlik, inligting verskaf.

Volgens Johnson en Jacobson (1998) verteenwoordig die akute versorgingsomgewing 'n belangrike deel van die gesondversorgingskultuur wat 'n opwindende en kreatiewe geleentheid vir die STT verskaf. Die onus berus dus op ons, om sorggewers se behoeftes alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode te bepaal, ten einde hulle te ondersteun sodat hulle die versorgingsperiode beter sal kan hanteer.

2.3. OPSOMMING

Hierdie hoofstuk dien as agtergrondsliteratuurstudie oor die aard van 'n TBB en die impak van 'n TBB op die primêre sorggewers. Die probleme van 'n TBB, die doel van effektiewe kommunikasie, en reeds bepaalde behoeftes van sorggewers van 'n persoon 'n TBB uit vorige studies is ook in hierdie hoofstuk uiteengesit en bespreek. Verder is daar ook aandag geskenk aan die bespreking van 'n reeds bestaande behoefte-bepalende meetinstrument, die rol van die STT asook 'n algemene raamwerk vir konsultasie tydens die akute rehabilitasieperiode. Soos reeds genoem, is dit van kardinale belang dat sorggewers se behoeftes alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode deur professionele persone bepaal moet word ten einde dienslewering in die unieke Suid-Afrikaanse konteks te verbeter.

HOOFSTUK 3

METODE

In hierdie afdeling word die metode waarvolgens die navorsing uitgevoer is, bespreek. Die studie bestaan uit twee fases en die metodes wat in die twee verskillende fases gevolg is, word afsonderlik bespreek.

Eerstens volg 'n volledige uiteensetting en bespreking van die metode wat tydens Fase 1 gevolg is, en daarna volg 'n uiteensetting en bespreking van die metode wat tydens Fase 2 gebruik is. Die metodes van beide fases word in terme van die doelstellings, navorsingsontwerp, seleksiekriteria van die deelnemers, materiaal en apparaat, data-insamelings- asook die dataverwerkingsprosedures wat in die betrokke fase gebruik is, bespreek.

3.1. HOOFDOELSTELLING

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n voorlopige meetinstrument op te stel ten einde sorggewers se behoeftes te bepaal ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB tydens die akute rehabilitasieperiode en om te bepaal of 'n vooropgestelde meetinstrument wel 'n verandering in die sorggewers se behoeftes sal kan meet.

3.1.1. SUBDOELSTELLINGS

Met die oog op die **ontwikkeling en samestelling van die meetinstrument**, is die volgende subdoelstelling vir Fase 1 geformuleer, ten einde die hoofdoel van die studie te bereik.

- **Subdoelstelling 1:** Die bepaling van die sorggewers se **huidige behoeftes** en **vlak van kennis**¹ ten opsigte van bepaalde kategorieë van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB, met die doel om dit

¹ Indien die respondente volgens die navorser nie genoegsame kennis ten opsigte van die kommunikasie-interaksie met die persoon met 'n TBB vertoon het nie, is die gebrek aan kennis, vir die doel van die studie, geïnterpreteer as 'n behoefte wat die respondente het. Dus 'n gebrek aan kennis is volgens die navorser gesien as 'n behoefte en die aspekte in ag geneem tydens die opstel van die meetinstrument.

in die meetinstrument in te sluit. Hierdie kategorieë verwys spesifiek na sorggewers se behoeftes aangaande die hantering van:

- Reseptiewe taalafwykings;
 - Ekspressiewe taalafwykings;
 - Sosio-kommunikatiewe afwykings;
 - Kognitief- kommunikatiewe afwykings;
 - Gedrags- en emosionele afwykings;
 - Voedingsprobleme;
 - Omgewingsaanpassings;
 - Ander.
- **Subdoelstelling 2:** Die toepassing van die voorlopige meetinstrument op 'n bepaalde toetspopulasie ten einde te bepaal of die **meetinstrument 'n verandering** in die sorggewers se behoeftes kan **meet** na die aanbieding van 'n werkwinkel. *(Die doel van die werkwinkel is om inligting aan die sorggewers te verskaf op grond van die behoeftes wat tydens die voltooiing van die voorlopige meetinstrument geïdentifiseer is).*

3.2. METODE VIR FASE 1

3.2.1. Doelstelling vir Fase 1 (Subdoelstelling 1)

Met die oog op die **ontwikkeling en samestelling van die meetinstrument**, is die volgende subdoelstelling vir Fase 1 geformuleer, ten einde die hoofdoel van die studie te bereik.

- **Fase 1:** Die bepaling van die sorggewers se **huidige behoeftes** en **vlak van kennis**² ten opsigte van bepaalde kategorieë van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB, met die doel om dit in die

² Indien die respondente volgens die navorser nie genoegsame kennis ten opsigte van die kommunikasie-interaksie met die persoon met 'n TBB vertoon het nie, is die gebrek aan kennis, vir die doel van die studie, geïnterpreteer as 'n behoefte wat die respondente het. Dus 'n gebrek aan kennis is volgens die navorser gesien as 'n behoefte en die aspekte is in ag geneem tydens die opstel van die meetinstrument.

meetinstrument in te sluit. Hierdie kategorieë verwys spesifiek na sorggewers se behoeftes aangaande die hantering van:

- Reseptiewe taalafwykings;
- Ekspressiewe taalafwykings;
- Sosio-kommunikatiewe afwykings;
- Kognitief- kommunikatiewe afwykings;
- Gedrags- en emosionele afwykings;
- Voedingsprobleme;
- Omgewingsaanpassings;
- Ander.

3.2.2. Navorsingsontwerp vir Fase 1

Elke fase (Fase 1 en 2) het 'n spesifieke doel en navorsingsontwerp wat deur middel van 'n subdoelstelling gerealiseer is. In die volgende bespreking word 'n duidelike uiteensetting gegee van die navorsingsontwerpe wat tydens **Fase 1** gebruik is. Dit is egter belangrik om daarop te let dat **Fase 1** uit twee verskillende dele bestaan, naamlik die uitvoer van veelvuldige enkelgevallestudies (Deel 1) en fokusgroepe/semigestruktureerde onderhoude (Deel 2). Daar is dus van twee verskillende navorsingsontwerpe gebruik gemaak tydens die uitvoer van **Fase 1**.



Figuur 1: Skematiese voorstelling van die navorsingsontwerpe van Fase 1

In die **eerste deel** van Fase 1 is daar van **veelvuldige enkelgevallestudies** gebruik gemaak, ten einde die studie in die raamwerk van beskrywende navorsing uit te voer (Wisker, 2001; Nel, 2002). Die gevallestudie is ook gebruik om 'n empiriese ondersoek uit te voer ten einde te bepaal wat die kategorieë van die deelnemers se huidige behoeftes en kennis rakende kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n gemiddelde tot ernstige TBB is. Volgens Wisker (2001) is een van die voordele van die gebruik van gevallestudies as navorsingsmetode dat die fenomeen in diepte ondersoek en nagevors word. In hierdie studie is daar op die individu self gefokus en verskillende individue se belewenisse is vergelyk. Die nadeel is dat veralgemening nie kan plaasvind nie, indien daar slegs 'n enkelgevallestudie uitgevoer word nie, en dat die subjektiwiteit van die navorser bevestig word (Burns en Grove, 1993; Wisker, 2001). In 'n poging om hierdie nadele te oorkom, is daar gebruik gemaak van veelvuldige gevallestudies. Daar is ook deurgaans van 'n tweede beoordelaar (kundige op die gebied) gebruik gemaak om die verkreeë resultate op te teken en te interpreteer. Hierdeur word die bruikbaarheid van die navorsing verseker en **vermeerder** dit die moontlike interpretasies van die situasie (Wisker, 2001). Die buigbaarheid van 'n gevallestudie en die kreatiwiteit wat aan die navorser oorgelaat word, kompenseer vir die duidelike tekort aan eksterne geldigheid, of die vermoë om te veralgemeen na 'n verteenwoordigende populasie (Burns en Grove, 1993; Wisker, 2001). Tydens die veelvuldige enkelgevallestudies is daar van gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming en vraelyste gebruik gemaak om inligting te versamel. Hierdie datainsamelingsmetodes word later in die hoofstuk volledig bespreek.

In die **tweede deel** van Fase 1 is daar van **een groepbespreking (fokusgroep) en vier semigestruktureerde onderhoude** gebruik gemaak. Die doel van die groepbespreking is om verdere interpretasie en betekenis aan die ingesamelde data (wat tydens die veelvuldige enkelgevallestudies verkry is) te verleen. Die fokusgroepbesprekings is ook gebruik vir die verdediging en wysiging van die ingesamelde data (Bloor, Frankland, Thomas en Robson, 2001). Die doel van die fokusgroepe is dus primêr beskou as 'n vorm van triangulasie, deurdat die inligting wat tydens hierdie metode ingesamel is, vergelyk is met die vorige data (Bloor *et al.*, 2001). Fokusgroepe verskaf ryker en waardevolle inligting oor die kennis, houding en ervarings van die navorsingsdeelnemers. Die gebruik van fokusgroepe kan ook die deelnemers 'n gevoel van bemagtiging gee, aangesien hulle deel van die navorsingsproses word en die geleentheid kry om hulle opinies te lig (Syron en Shelley, 2001). Fokusgroepe is


veral toepaslik vir navorsing wat dit ten doel het om dienslewering te verbeter, aangesien dit die uitdrukking van kritiek fasiliteer, wat deelnemers dikwels nie in individuele sessies wil bespreek nie. Dit lei ook tot eksplorاسie van die voor- en nadele van verskillende oplossings en moedig verhoogde deelname van deelnemers aan (De Vos 1998; Syron en Shelley, 2001).

Dit moet hier egter duidelik gestel word dat die semigestruktureerde onderhoude slegs uitgevoer is om logistieke redes, omdat van die deelnemers eerder bereid was om die inligting vertroulik en individueel met die navorser te deel. Die deelnemers wou dus nie die inligting in groepverband deel nie. Die navorser het dus die semigestruktureerde onderhoude as deel van die data-insamelingsprosedures ingesluit, om sodoende te voorkom dat belangrike en waardevolle inligting verlore gaan. Onderhoudvoering is ook 'n tegniek wat die navorser die geleentheid gee om die betekenis van 'n fenomeen in diepte te ondersoek. Die navorser se interpersoonlike vaardighede kan gebruik word om deelname te fasiliteer en meer inligting kan op hierdie wyse verkry word (Burns en Grove, 1993; Wisker 2001). Die voordele van onderhoudvoering is dat daar beter response van die deelnemers verkry word as wanneer vraelyste gebruik word en dit lei tot 'n meer verteenwoordigende beeld van die verkreeë resultate. Die nadeel is dat meer tyd en kostes benodig word om onderhoude uit te voer, en die grootte van die steekproef word gevolglik beperk (Burns en Grove, 1993; De Vos, 1998; Wisker, 2001).

Op grond van die resultate van hierdie fase (Fase 1) is die meetinstrument ontwikkel en saamgestel.

3.2.3. Skematiese voorstelling van die navorsingsproses van Fase 1

Die volgende diagram (Figuur 2) is 'n skematiese voorstelling van Fase 1 (*Bepaling van die sorggewers se huidige behoeftes en vlak van kennis ten opsigte van bepaalde kategorieë van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB, met die doel om dit in die meetinstrument in te sluit*), en navorsingstrategieë wat tydens die navorsing gebruik is ten einde die hoofdoel van die studie te bereik.



Figuur 2: Skematiese voorstellings van die navorsingsproses van Fase 1

3.2.4. Steekproef vir Fase 1

Vir die doel van die studie is daar van 'n gerieflikheidsteekproef gebruik gemaak (De Vos, 1998). Hierdie besluit is geneem op grond van die feit dat dit die insameling van data vir die navorser vergemaklik en ook die navorser in staat stel om persoonlike kontak met die deelnemers op te bou. Toestemming is verkry en twee reabilitasiesentrums is genader om die navorsing uit te voer (Bylae D en E).

a) Kriteria vir die seleksie van die deelnemers van Fase 1

Die primêre sorggewers (Deelnemers van die studie), soos aangewys deur die familieledede van 'n persoon met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB wat net na hospitalisasie in 'n akute reabilitasiesentrum opgeneem is, is vanuit die reabilitasiesentrum geselekteer. Primêre sorggewers is vir die doel van die studie gedefinieër as die persone wat die persoon met 'n TBB geken het voor die besering en wat daaglikse kontak sedert die ongeluk met die persoon gehad het (Marsh, Kersel, Havill en Sleigh, 2002). Die deelnemers wat tydens Fase 1 gebruik is, moes aan die volgende seleksiekriteria voldoen.

- **Ouderdom**

Die primêre sorggewers moes 18 jaar en ouer wees. Op hierdie wyse is daar verseker dat die sorggewers volwasse genoeg is, om na 'n persoon met 'n TBB om te sien en wat deur die dag instaat is om vir die persoon met 'n TBB versorging te kan bied. Die sorggewers is dus nie meer kinders of leerders wat byvoorbeeld nog op skool is nie.

- **Spreektaal**

Die deelnemers is vir die doel van die studie eerstetaal Afrikaans–en/of Engelsprekendes. Op hierdie wyse is beter geldigheid en betroubaarheid van die verkreeë resultate bekom, aangesien die navorser beide die tale magtig is, en dus kon die tipe interaksies beter interpreteer word.

- **Verhouding met die persoon met 'n TBB**

Die deelnemers is die enigste primêre sorggewers wat daagliks na die persoon omsien, en wat deur die familieledede van die persoon met 'n TBB geïdentifiseer is as die primêre sorggewer (Marsh *et al.*, 2002). Hierdie kriteria is opgestel, aangesien die primêre sorggewer juis die persoon is wat die persoon met 'n TBB die beste ken en bewus is van sy persoonlikheid voor die besering, asook sy behoeftes en beperkinge na die besering.

- **Vorige ervaring**

Veelvuldige enkelgevallestudies: Die sorggewers beskik oor geen vorige ervaring ten opsigte van die hantering van 'n persoon met 'n TBB nie. Hierdie vereiste is gestel ten einde enige invloed van vorige opleiding of persoonlike ervaring ten opsigte van die hantering van 'n persoon met 'n TBB, uit te skakel. Dit verhoog dus die betroubaarheid en geldigheid van die resultate.

Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude: Tydens die seleksie van die fokusgroep is die sorggewers wat alreeds vorige ervaring ten opsigte van die hantering van 'n persoon met 'n TBB in die akute rehabilitasieperiode geselekteer. As gevolg van die beperkte aantal beskikbare deelnemers is daar besluit om die semigestruktureerde onderhoude ook in te sluit by die data-insameling en dit dien dus ook as 'n vorm van triangulasie. Hierdie deelnemers beskik ook oor vorige ervaring ten opsigte van akute rehabilitasie. Op hierdie wyse is daar meer inligting bekom wat waardevol gebruik is tydens die ontwikkeling van die meetinstrument.

- **Geslag**

Geen onderskeid is tussen die verskillende geslagte gemaak nie, aangesien hierdie studie nie daarop gefokus is om verskille wat moontlik tussen die twee geslagte mag voorkom, te bepaal nie.

3.2.5. Beskrywing van die deelnemers van Fase 1

Tabel 1 verskaf 'n uiteensetting en beskrywing van die deelnemers wat aan Fase 1 van die studie deelgeneem het. Tydens die eerste gedeelte van Fase 1 het deelnemers D1, D2, en D3 deelgeneem aan die waarneming en voltooiing van die vraelyste. Hierdie deelnemers (D1 tot D3) is primêre sorggewers van die persoon met 'n TBB wat in die akute rehabilitasieperiode is. Al die deelnemers wat aan hierdie gedeelte van die studie deelneem is vroulik en die moeders van die persone met TBB. Deelnemers 1 en 3 ressorteer onder die ouderdomsgroep van 50 jaar en ouer, maar Deelnemer 2 het nie haar ouderdom verskaf nie. Deelnemer 1 (D1) se hoogste vlak van opleiding is matriek, Deelnemer 2 (D2) standerd 8, terwyl Deelnemer 3 (D3) oor tersiêre opleiding beskik. Beide Deelnemers 1 (D1) en 3 (D2) het daaglikse kontak met die persoon met TBB, terwyl Deelnemer 2 (D2) ten tye van die navorsing, net weeklikse kontak met die persoon met 'n TBB het.

In die tweede gedeelte van Tabel 1 is 'n volledige uiteensetting van die deelnemers wat aan die tweede gedeelte van Fase 1 (Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude) van die studie deelgeneem het. Hierdie deelnemers (D4 tot D11) is primêre sorggewers van persone met TBB wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is. Die meerderheid van die deelnemers wat aan hierdie gedeelte van die studie deelgeneem het, is vroulik, terwyl net twee deelnemers manlik is. Al die deelnemers, behalwe D4 en D8, is die moeder en/of vader van die persoon met 'n TBB. Deelnemer 4 (D4) is die persoon met 'n TBB se vrou en Deelnemer 8 (D8), is die geaffekteerde persoon se vriendin. Die deelnemers se ouderdomme wissel tussen 34 en 60 jaar. Die meerderheid van die deelnemers het geen vorige ervaring van 'n persoon met 'n TBB gehad voor die ongeluk nie, terwyl Deelnemers D4, D6 en D7 familie of kennisse het met 'n breinbesering (Sien Tabel 1 vir verdere inligting oor die deelnemers).

Tabel 2 verskaf inligting oor die persone met 'n TBB. Vier van die persone met 'n TBB is manlik en vyf vroulik. Die persone met 'n TBB se ouderdomme wissel tussen 21 en 36 jaar, ten tye van die navorsing (Sien Tabel 2 vir verdere inligting oor die persone met 'n TBB).

Tabel 1-Fase 1: Beskrywing van die deelnemers (primêre sorggewers) van die persoon met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB

VEELVULDIGE ENKELGEVALLESTUDIE (DEEL 1: WAARNEMING EN BEHOEFTEVRAELYS)								
Deelnemer	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Vorige beroep	Hoogste vlak van opleiding	Verhouding met persoon met TBB	Hoeveelheid kontak met die persoon	Vorige ondervinding van TBB
D1	Vroulik	Afrikaans	50 jaar	Opleidings-beampte	Matriek	Moeder	Daaglik	Geen
D2	Vroulik	Afrikaans	Nie ingevul nie	Huisvrou	Std 8	Moeder	Weeklik	Geen
D3	Vroulik	Afrikaans	54 jaar	Onderwyseres	B.A. Honneurs	Moeder	Daaglik	Geen
FOKUSGROEP (F) EN SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE (SGO) (DEEL 2)								
Deelnemer	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Huidige beroep	Hoogste vlak van opleiding	Verhouding met persoon met TBB	Hoeveelheid kontak met die persoon	Vorige ondervinding van TBB
D4 (F)	Vroulik	Engels	42 jaar	Goudsmid	Diploma	Vrou	Daaglik	Ken familie - kennisse met 'n TBB
D5 (F)	Vroulik	Afrikaans	60 jaar	Pensioenaris	BsC BED Honneurs	Moeder	Daaglik	Geen
D6 (F)	Vroulik	Afrikaans	49 jaar	Huisvrou	Diploma	Moeder	Daaglik	Ken familie - kennisse met breinbesering
D7 (F)	Manlik	Afrikaans	47 jaar	Medies ongeskik	Matriek	Vader	Daaglik	Ken familie - kennisse met breinbesering
D8 (SGO)	Vroulik	Afrikaans	34 jaar	Eie besigheid en naskool-sentrum	Diploma	Vriendin	Daaglik	Geen

Tabel 1 (vervolg)

Deelnemer	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Vorige beroep	Hoogste vlak van opleiding	Verhouding met persoon met TBB	Hoeveelheid kontak met die persoon	Vorige ondervinding van TBB
D9 (SGO)	Vroulik	Afrikaans	59 jaar	Huismoeder by Dagsorg-sentrum	Diploma	Moeder	Daagliks	Geen
D10 (SGO)	Vroulik	Afrikaans	51 jaar	Huisvrou	Matriek	Moeder	Daagliks	Geen
D11 (SGO)	Manlik	Afrikaans	54 jaar	Eie besigheid	Matriek	Vader	Daagliks	Geen

Tabel 2- Fase 1: Beskrywing van die persone met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB

VEELVULDIGE ENKELGEVALLESTUDIE (DEEL 1: WAARNEMING EN BEHOEFTEVRAELYS)										
Persoon met TBB	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Beroep bekleer voor ongeluk	Hoogste vlak van opleiding	Waar woon persoon tans	Datum van ongeluk	Tydperk van koma	Telling op Glasgow-Coma Scale	Wyse van kommunikasie
TBB1	Manlik	Afrikaans	27	Passer en draaier	Matriek (Graad 12)	Rehabilitasiesentrum	2003-06-26	45 dae	< 9	Goeie verbale en nie-verbale kommunikasie – Voer betekenisvolle gesprekke
TBB2	Manlik	Afrikaans	28	Sekuriteits-beampte	Standerd 8 (Graad 10)	Rehabilitasiesentrum	2003-06- ^{**}	Nie voltooi op vraelys nie	Nie voltooi op vraelys nie	Slegs nie-verbaal kommunikasie en dus geen verbale kommunikasiegedrag nie. (Geluide bv. “mmm” en liggaamsgebare bv. kopknik vir “Ja” en “Nee” response
TBB3	Vroulik	Afrikaans	20	Student	Matriek (Graad 12)	Tuis, by ouers	2003-05-02	Paar dae	Nie voltooi op vraelys nie	Hoofsaaklik nie-verbale kommunikasie (Liggaamsgebare, handgebare en kopknik), maar daar is wel verbale kommunikasie-aspekte teenwoordig (Sê “Ja” en “Nee”), maar dit is die enigste verbale kommunikasie wat voorkom. “Ja” en “Nee” response word wel dikwels toepaslik gebruik, maar sy beantwoord en kommunikeer ten alle tye deur slegs “Ja” en “Nee” te sê.

FOKUSGROEP (F) EN SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE (SGO) (DEEL 2)

Persoon met TBB	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Beroep beklee voor ongeluk	Hoogste vlak van opleiding	Waar woon persoon tans	Datum van ongeluk	Tydperk van koma	Telling op Glasgow-Coma Scale	Wyse van kommunikasie
TBB4 (F)	Manlik	Engels	36 jaar	Assistent Direkteur by Internasionale maatskappy	Matriek	Eie huis (saam met vrou)	2001-04-30	8 maande	< 9	Maak hoofsaaklik gebruik van nie-verbale kommunikasie-metodes, bv. ge-luide, gebare. Verbaal – slegs enkelwoorde, maar onverstaanbare spraak (Disartrie)
TBB5 (F)	Vroulik	Afrikaans	27 jaar	Geneesheer	MBCHB	Eie huis	2002-10-07	6 weke	< 9	Goeie nie-verbale en verbale kommunikasie – Voer betekenisvolle gesprekke
TBB6&7 (F) ³	Vroulik	Afrikaans	21 jaar	Skolier	Standaard 8 (Graad 10)	Tuis, by ouers	1998-09-12	4 maande	Nie aangedui in vraelys nie	Nie-verbale en verbale kommunikasie – voer gesprek, maar spraak is dikwels onverstaanbaar. Baie stadige spraakspoed.

³ Die twee deelnemers is die vader en moeder van die persoon met die TBB en is vir die doel van die studie saam gegroepeer in die tabel

Persoon met TBB	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Beroep beklee voor ongeluk	Hoogste vlak van opleiding	Waar woon persoon tans	Datum van ongeluk	Tydperk van koma	Telling op Glasgow-Coma Scale	Wyse van kommunikasie
TBB8⁴(SGO)	Vroulik	Afrikaans	26 jaar	Arbeids-terapeut	Graad	Eie huis (saam met man)	2000-04-18	6 weke	Nie aangedui in vraelys nie	Hoofsaaklike nie-verbale kommunikasie, bv, kopknik vir “Ja” en “Nee” response. Verbale kommunikasie: Slegs enkelwoorde-onverstaanbaar. Dikwels amper geen kommunikasie nie (baie stil). Beantwoord dikwels nie vra nie.
TBB9 (SGO)	Manlik	Afrikaans	27 jaar	Elektrisiën	Matriek	Eie huis (saam met moeder)	1995-02-05	2 maande	< 9	Nie-verbale en verbale kommunikasie- metodes. Voer betekenisvolle gesprek
TBB10&11 (SGO)⁵	Vroulik	Afrikaans	26 jaar	Eise klerk	Matriek	Eie huis	2000-11-03	Meer as 'n maand	< 9	Verbale kommunikasie – gesprek. Onverstaanbare spraak as gevolg van disartrie. Ontoepaslike uitinge kom aanhoudend voor en persoon is geneig om te skree. Min tot geen nie-verbale kommunikasie-metodes.

⁴ Die deelnemer (TBB8) het 'n aneurisme gehad, maar is vir die doel van die studie ingesluit aangesien sy met dieselfde simptome presenteer as 'n persoon met 'n TBB. Sy vertoon ernstige gedrags-, kognitiewe en kommunikasieafwykings.

⁵ Die twee deelnemers is die vader en moeder van die persoon met die TBB en is vir die doel van die studie saam gegroepeer in die tabel

3.2.6. Seleksieprosedures vir Fase 1

- Daar is aansoek gedoen by die Etiese Navorsingskomitee van die Universiteit van Pretoria om toestemming tot die uitvoer van hierdie studie te verkry (Bylae A).
- Toestemming is verkry vanaf die Navorsingsvoorstel-en Etiekkomitee van die Universiteit van Pretoria (Bylae B).
- Rehabilitasiesentrums is telefonies en per brief gekontak om toestemming tot die uitvoer van die studie te verkry. Aangesien die kontak persone Engels-sprekend was, is die briewe slegs in Engels saamgestel (Bylae D).
- 'n Toestemmingsbrief is deur die navorser opgestel waarin die doel van die studie bekend gemaak is (Bylae D).
- Toestemming is vanaf die onderskeie Rehabilitasiesentrums verkry om die navorsing by die eenhede uit te voer (Bylae E).
- 'n Persoonlike afspraak is met die kontakpersone by die rehabilitasiesentrums gemaak waartydens die deelnemers wat aan die seleksiekriteria voldoen het, geïdentifiseer is.
- Die deelnemers is eerstens telefonies gekontak om toestemming te verkry.
- 'n Toestemmingsbrief waarin die doel van die studie asook die prosedures uiteengesit is, is aan die geselekteerde deelnemers gestuur (Bylaes F en G).
- 'n Toestemmingstrokie is onder aan die brief geheg wat deur die deelnemers voltooi is.
- Afspraaktye en -datums is met die deelnemers vasgestel.

3.2.7. Materiaal en apparaat vir Fase 1

Alle materiaal en apparaat wat tydens Fase 1 van die navorsing gebruik is word vervolgens bespreek. Voordat die navorsingsmateriaal gefinaliseer is, is daar eers 'n loodsstudie uitgevoer om die effektiwiteit en bruikbaarheid van die twee data-insamelingsinstrumente (Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) en Behoeftevraelys) te bepaal (De Vos, 1998). Die loodsstudie soos uitgevoer vir die twee data-insamelingsinstrumente word eerste in hierdie afdeling uiteengesit en bespreek. Daarna volg 'n volledige bespreking van die materiaal en apparaat wat tydens die navorsing gebruik is.

3.2.7.1. Loodsstudie

'n Loodsstudie is uitgevoer om die effektiwiteit en bruikbaarheid van die twee data-insamelingsinstrumente wat tydens die **eerste fase (Fase 1)** van die navorsing gebruik is (vraelyste en waarnemingsvorme) te bepaal. Dit is uitgevoer om die kredietwaardigheid asook die geldigheid en betroubaarheid van die metode en die navorsingsmateriaal te verseker (De Vos, 1998).

a) Deelnemers geselekteer vir die loodsstudie

Aangesien daar in die hoofstudie gebruik gemaak is van Afrikaanse sowel as Engelse deelnemers, is albei taalverwante deelnemers in die loodsstudie ingesluit. Die loodsstudie is slegs uitgevoer op STT wat kundiges op die gebied van neurologie is. Daar is van die deelnemers verwag om die vraelys te beoordeel en om veranderinge op die vraelys aan te bring waar hulle dit nodig gevind het. Die beperking van die loodsstudie is egter dat dit slegs op STT wat kundiges op die gebied van neurologie is, uitgevoer is en nie op primêre sorggewers van 'n persoon met 'n TBB nie. Die rede hiervoor is omdat daar te min deelnemers (sorggewers van persone met TBB) bereid was om deel te neem aan die hoofstudie. Die navorser het besluit om hulle nie in die loodsstudie ook te betrek nie, aangesien daar dan van die waardevolle data verlore sou gaan.

b) STT wat kundiges op die gebied van Neurologie is

Die vraelys is aan twee Engelse en twee Afrikaanse STT gestuur. Die STT moes ten minste oor twee jaar ondervinding rakende die hantering van 'n persoon met 'n ernstige TBB beskik, aangesien die navorser van mening is dat hulle ondervinding moontlik 'n waardevolle bydrae sou kon lewer.

c) Beskrywing van die deelnemers (STT) wat aan die loodsstudie deelgeneem het.

Al vier die deelnemers wat aan die loodsstudie deelgeneem het is vroulik en hulle ouderdomme wissel tussen 24 en 49 jaar. Twee van die STT Engelssprekend en die ander twee is Afrikaanssprekend. Drie van die vier deelnemers het reeds 'n

Mkommunikasiepatologiegraad verwerf. Al die deelnemers het ook die dubbel kwalifikasie wat beide spraakterapie en oudiologie insluit.

d) Doelstellings en prosedures van die loodsstudie

In terme van die gebruik van die waarnemingsvorms en vraelyste is daar bepaalde doelstellings en prosedures wat in ag geneem moet word tydens die uitvoer van die loodsstudie. 'n Volledige uiteensetting van die doelstellings, prosedures en die resultate van die loodsstudie is in Tabel 3 (Loodsstudie van waarnemingsvorms) en Tabel 4 (Loodsstudie van vraelyste) uiteengesit. Tabelle 3 en 4 verskaf 'n volledige uiteensetting van die doelstellings, prosedures en resultate wat tydens die loodsstudie uitgevoer is, ten einde die effektiwiteit, geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsmateriaal te bepaal. Nadat die loodsstudie voltooi is, is die nodige aanpassings aan die navorsingsmateriaal gedoen. Die aanbevelings, opmerkings en terugvoering wat van die loodsstudie verkry is, is aangewend en die vraelys is in finale vorm opgestel. Vir 'n voorbeeld van die voorlopige waarnemingsvorms, Kennis-en Behoeftevraelys voor die loodsstudie uitgevoer is, sien Bylae C.

Tabel 3: Loodsstudie-Doelstellings, prosedures, resultate en aanbevelings van die waarnemingsvoms (Bylae C)

WAARNEMINGSVORMS			
Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
<p>1. Evalueer die effektiwiteit van die waarnemingsvoms in terme van of dit gebruik kan word om die interaksievaardighede van beide die deelnemer en die persoon met TBB te beskryf (Leedy en Ormrod, 2001)</p>	<p>STT'e voltooi die waarnemingsvoms wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met STT'e gereël en die navorsers en die STT'e bespreek die waarnemingsvoms.</p>	<p>Die STT'e was van mening dat die waarnemingsvoms uitgeskakel moet word, omdat daar in die wyse waarop die vrae gestel word, soms reeds die aanname gemaak word dat die probleme waarop gelet moet word, reeds bestaan, bv. "Ondervind probleme om aandag te gee; Ondervind probleme om gesproke taal te verstaan". Die STT'e het genoem dat hulle hierdie vrae eerder as volg sou formuleer: "Gee aandag aan gesprek; Verstaan hoëvlak- taalgebruik". Daar word van te veel herhalings in die waarnemingsvoms gebruik gemaak en die optekening van die resultate kan moontlik probleme veroorsaak.</p>	<p>Die STT 'e het aangetoon dat hulle eerder die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) sal gebruik as waarnemingsvorm en inligting wat nie op die vorm voorkom nie, sal aanteken as veldnotas. Die optekening van die verkreeë data sal dan ook makliker wees, aangesien daar 'n spesifieke telling aan die waargenome gedrag gegee kan word.</p>

Tabel 4: Loodsstudie- Doelstellings, prosedures, resultate en aanbevelings van die vraelyste

BEHOEFTEVRAELYSSTE: Loodsstudie uitgevoer deur kundiges (STT'e) in die vakgebied Neurologie			
Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
1. Evalueer die verstaanbaarheid van terminologie	<p>STT'e voltooi die vraelys wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met STT'e gereël en die navorser en die STT'e bespreek die vraelys.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat die vrae in die kennisvraelys te moeilik gestel is, en dat die sorggewers verkeerde antwoorde sou verskaf as gevolg hiervan.</p> <p>STT 2: STT 2 het aangetoon dat van die vrae in die teenwoordige tyd gestel is en van die ander vrae in die verlede tyd geformuleer is. Die STT 2 het voorgestel dat al die vrae in die teenwoordige tyd geformuleer moet word. STT 2 het ook aangetoon dat van die vrae herhaal word aangesien daar op meer as een plek dieselfde vraag gevra word, maar net op 'n ander manier. STT 2 het voorgestel dat die vrae uitgehaal moet word wat mekaar herhaal, bv. "Die persoon moet verkieslik alleen in die kamer wees wanneer u met hom praat, omdat hy deurmekaar sal raak as daar ander persone ook in die kamer praat" en "Daar moet net 1 of twee persone op 'n keer met die persoon praat". Die resultaat van die loodsstudie het aangetoon dat slegs een vraag hieroor gevra moet word.</p> <p>STT 3: STT 3 het aangetoon dat van die vrae in die kennisvraelys vereenvouding moet word aangesien van die vrae te moeilik aan die sorggewers gestel is.</p> <p>STT 4: STT 4 het slegs aangetoon dat die kennisvraelys te lank was, maar het verder geen aanbevelings in hierdie verband aangetoon nie.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat sy die behoeftevraelys verkies, aangesien meer betroubare en geldige resultate deur die voltooiing daarvan verkry sou word. STT 1 het aangetoon dat sy die kennisvraelys sou uitlaat.</p> <p>STT 2: STT 2 het die behoeftevraelys verkies om te voltooi omdat die vrae meer direk gestel word en meer verstaanbaar is. Beter en meer betroubare inligting kan dus volgens STT 2 uit hierdie vraelys verkry word.</p> <p>STT 3: STT 3 het aangetoon dat die behoeftevraelys eerder gebruik moet word, aangesien die deelnemers (sorggewers) die vrae makliker sal kan beantwoord omdat dit meer verstaanbaar is.</p> <p>STT 4: STT 4 het aangetoon dat sy slegs die behoeftevraelys sal gebruik omdat meer direkte en toepaslike antwoorde van die deelnemers verkry sal word.</p>

Tabel 4 (Vervolg)

Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
<p>2. Toets die ondubbelsinnigheid van afsonderlike vrae</p>	<p>STT'e voltooi die vraelys wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met STT'e gereël en die navorser en die STT bespreek die vraelys.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat die vrae in die kennisvraelys te moeilik gestel is, en dat die sorggewers verkeerde antwoorde sou verskaf as gevolg hiervan.</p> <p>STT 2: STT 2 het aangetoon dat van die vrae se stellings dubbelsinnig is en op so 'n wyse gestel is dat die deelnemers (sorggewers) sal kan aflei wat die antwoorde is, bv. "Moenie te veel met die persoon praat wanneer hy deurmekaar is nie". STT 2 het voorgestel dat die vrae eerder as volg gefraseer moet word, bv. "Weet u hoe om die persoon met 'n TBB te oriënteer? of "Ek het 'n behoefte om te weet hoe om die persoon te oriënteer".</p> <p>STT 3: STT 3 het aangetoon dat herfrasering van die vrae noodsaaklik is, aangesien dit daartoe sal lei, dat die deelnemers (sorggewers) die antwoorde sal kan aflei uit die vrae. Dit het tot gevolg dat die inligting wat dus verkry sal word, nie betroubaar sal wees nie.</p> <p>STT 4: Vraag 49: "Fasiliteer kompetisie met die persoon ten einde hom of haar in 'n uitdagende posisie te kry. Dit kan moontlik lei tot motivering". STT 4 is van mening dat hierdie vraag nie van toepassing is nie, aangesien dit afhang van persoon tot persoon. Die vraag is dus nie van toepassing op al die verskillende persone met 'n TBB nie. Die vraag is dus dubbelsinnig gestel.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat sy eerder die behoeftevraelys verkies aangesien meer betroubare en geldige resultate deur die voltooiing daarvan verkry sou word. STT 1 toon aan dat sy die kennisvraelys sou uitlaat</p> <p>STT 2: STT 2 het die behoeftevraelys verkies om te voltooi omdat die vrae meer direk gestel word en meer verstaanbaar is. Beter en meer betroubare inligting kan dus volgens die Deelnemer uit hierdie vraelys verkry word.</p> <p>STT 3: STT 3 het geen aanbevelings in hierdie verband gehad nie.</p> <p>STT 4: STT 4 het aangetoon dat sy slegs die behoeftevraelys sal gebruik omdat meer direkte en toepaslike antwoorde van die Deelnemere verkry sal word. Die kennisvraelys was ook volgens STT 4 te lank.</p>

Tabel 4 (Vervolg)

Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
<p>3. Evalueer die relevansie en toepaslikheid van inhoud</p>	<p>STT'e voltooi die vraelys wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met STT'e gereël en die navorser en die STT bespreek die vraelys.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat nie al die vrae in die kennisvraelys van toepassing is op alle persone met 'n TBB nie. Dit hang af van die persoon se aard en graad van besering.</p> <p>STT 2: STT 2 het aangetoon dat van die vrae nie van toepassing is op alle persone met 'n TBB nie, en dat sy ook nie altyd weet wat die korrekte antwoord op die vrae is nie, en dat die vrae dan eerder uitgelaat moet word. Bv. "Verskaf altyd aan die persoon die korrekte woord wanneer hy sukkel om dit uit te druk". Sy het genoem dat dit van individu tot individu verskil en dat hierdie vraag eerder uitgelaat moet word.</p> <p>STT 3: STT 3 het geen opmerkings in hierdie verband gemaak nie.</p> <p>STT 4: Vraag 49: "Fasiliteer kompetisie met die persoon ten einde hom of haar in 'n uitdagende posisie te kry. Dit kan moontlik lei tot motivering". Deelnemer was van mening dat hierdie vraag nie van toepassing is nie, aangesien dit afhang van persoon tot persoon. Die vraag is dus nie relevant vir al die verskillende persone met 'n TBB nie. Die vraag is dus ontoepaslik en nie relevant op alle persone met 'n TBB nie.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat sy eerder die behoeftevraelys verkies aangesien meer betroubare en geldige resultate deur die voltooiing daarvan verkry sou word. STT 1 het weereens aangetoon dat sy die kennisvraelys sou uitlaat.</p> <p>STT 2: STT 2 het die behoeftevraelys verkies om te voltooi omdat die vrae meer direk gestel word en meer verstaanbaar is. Beter en meer betroubare inligting kan dus volgens STT 2 uit hierdie vraelys verkry word.</p> <p>STT 3: Geen aanbevelings is gemaak nie.</p> <p>STT 4: STT 4 het aangetoon dat sy slegs die behoeftevraelys sal gebruik omdat meer direkte en toepaslike antwoorde van die deelnemers (sorggewers) verkry sal word. Die kennisvraelys was ook volgens die STT 4 te lank.</p>

Tabel 4 (Vervolg)

Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
4. Toets die verstaanbaarheid van instruksies	<p>STT'e voltooi die vraelys wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met die onderskeie STT'e gereël en die navorser en die STT bespreek die vraelys.</p>	<p>STT 1: STT 1 het genoem dat daar slegs vier (4) opsies in plaas van vyf (5) aan die deelnemers (sorggewers) gegee moet word waar die response aangedui moet word bv. Opsie 1 (Geen behoefte); Opsie 2 (Geringe behoefte); Opsie 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees); Opsie 4 (Redelike groot behoefte); Opsie 5 (Groot behoefte), moet verander na: Opsie 1 (Geen behoefte); Opsie 2 (Nie so 'n groot behoefte nie), Opsie 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees); Opsie 4 (Behoefte).</p> <p>STT 1 het ook verder genoem dat die instruksies vir die invul van die behoeftevraelys bo-aan elke bladsy moet kom sodat die deelnemers (sorggewers) nie nodig het om terug te gaan na die vorige bladsy, indien hulle onseker is hoe om die vrae te beantwoord nie.</p> <p>STT 2 en 3: Die instruksies van die kennisvraelys is te moeilik gestel vir die sorggewers, bv. Die probleemstelling voor elke afdeling in die kennisvraelys is te wetenskaplik gestel en STT 2 en 3 was van mening dat die vrae eenvoudiger gestel moet word.</p> <p>STT 4: Geen aanbevelings en kommentaar in hierdie verband gemaak nie.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat sy eerder die behoeftevraelys verkies aangesien meer betroubare en geldige resultate deur die voltooiing daarvan verkry sou word. STT 1 het aangetoon dat sy die kennisvraelys sou uitlaat</p> <p>STT 2: STT 2 het die behoeftevraelys verkies omdat die vrae meer direk gestel word en meer verstaanbaar is. Beter en meer betroubare inligting kan dus volgens STT 2 uit hierdie vraelys verkry word.</p> <p>STT 3: STT 3 was van mening dat die behoeftevraelys gebruik moet word as materiaal om die navorsingsinligting te verkry aangesien die instruksies van die behoeftevraelys eenvoudiger gestel is. Op hierdie wyse sal meer realistiese antwoorde verkry kan word.</p> <p>STT 4: Geen aanbevelings en kommentaar in hierdie verband gemaak nie</p>
5. Toets die gemak van kodering	Die navorser kodeer die vraelyste	Geen probleme is met die kodering van die vraelyste ondervind nie.	Geen veranderinge is in hierdie verband aangebring nie.
6. Toets die voorgenome strategieë vir ontleding	Prosessering en analisering van die data	Voorgenome strategieë is deur die navorser getoets en geëvalueer.	Geen veranderinge is in hierdie verband aangebring nie.

Tabel 4 (Vervolg)

Doelstellings	Prosedures	Resultate	Aanbevelings
7. Evalueer die tyd benodig vir voltooiing van die vraelys	<p>STT'e voltooi die vraelys wat aan hulle gestuur is.</p> <p>Daar word 'n afspraak met STT'e gereël en die navorser en die STT bespreek die vraelys.</p>	<p>STT 1: STT 1 was van mening dat die kennisvraelys geëlimineer moet word aangesien die vraelys te lank is en te veel tyd sou neem om te voltooi.</p> <p>STT 2: STT 2 het aangedui dat die kennisvraelys te lank neem om te voltooi. Sy het geen probleem met die voltooiing van die behoefte vraelys ondervind nie.</p> <p>STT 3 en 4: STT 3 en 4 het ook aangedui dat die kennisvraelys te lank is en dat dit gevolglik daartoe sal lei dat waardevolle inligting op hierdie wyse verlore sou raak.</p>	<p>STT 1: STT 1 het aangetoon dat sy eerder die behoeftevraelys verkies aangesien meer betroubare en geldige resultate deur die voltooiing daarvan verkry sou word. STT 1 het aangetoon dat sy die kennisvraelys sou uitlaat</p> <p>STT 2: STT 2 het die behoeftevraelys verkies om te voltooi omdat dit minder tyd sal neem om te voltooi.</p> <p>STT 3 en STT 4: STT 3 en 4 het aangetoon dat hulle slegs die behoeftevraelys sal gebruik omdat meer direkte en toepaslike antwoorde van die deelnemers (sorggewers) verkry sal word. Die kennisvraelys was ook volgens STT 3 en 4 te lank.</p>

3.2.7.2. Veelvuldige-enkelvallestudies (Deel 1)

a) Die Afrikaanse vertaling van die *Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)*

Die Afrikaanse vertaling van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) is geselekteer as 'n metode van data-insameling, aangesien dit ontwerp is om gebruik te word wanneer individue in 'n spontane gesprek gedurende ongestruktureerde kommunikasie-interaksies, waargeneem word (Binder, 1984). Dit is 'n sosiale skatting eerder as 'n kliniese toets, waartydens waargeneem word hoe die gemeenskap die individu se kommunikasiegedrag ervaar. Die gedrag is moontlik foutief, maar word nie noodwendig as verkeerd beoordeel nie (Binder, 1984). Die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) bestaan uit dertig (30) pragmatiese gedragsaspekte wat beoordeel word as toepaslik of ontoepaslik, gebaseer op sosiale persepsies. Die kommunikasie-bevoegdheid van die deelnemers en die persoon met 'n TBB is gemerk as 'n

persentasie van die aantal toepaslike en ontoepaslike pragmatiese gedragsaspekte, binne die drie pragmatiese domeine, naamlik verbaal, para-linguisties en nie-verbaal.

b) Waarneming

Tydens die eerste fase van die navorsing is 'n gekombineerde benadering gevolg, waartydens kwantitatiewe inligting deur middel van gestruktureerde waarnemings en kwalitatiewe inligting deur middel van ongestruktureerde waarnemingstegnieke verkry is (Bowling, 1997 in Turnock en Gibson, 2001). Op hierdie manier het die waarneming dus geleentheid gelaat vir 'n in diepte studie van die fenomeen (Bailey, 1994). Die gebruik hiervan in die spesifieke studie lei tot 'n subjektiewe identifikasie van die deelnemers se behoeftes en kennis wat hulle nie vermeld het in die vraelys nie.

Gestruktureerde waarneming is gebruik deur alle waargenome gedrag op die **Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)** (Bylae I) af te merk. Die doel van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) is om meer struktuur aan die waarneming te gee en op hierdie manier het dit die navorser in staat gestel om te fokus op die relevante inligting wat benodig is vir die studie (Altrichter *et al.*, 1993 in Turnock en Gibson, 2001; Wisker, 2001). Die gebruik van die waarnemingsvorm, die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987), verhoog die geldigheid en betroubaarheid van die resultate, aangesien die spesifieke kriteria waarvoor daar opgelet moet word tydens die waarneming, reeds daargestel is (Robson, 1993).

Die navorser het ook tydens die waarneming van **veldnotas** (ongestruktureerde waarneming) gebruik gemaak om verdere inligting in te samel. Volgens Denscombe (1998) komplementeer die gesamentlike gebruik van hierdie twee metodes (gestruktureerde – en ongestruktureerde waarneming) mekaar en gee ook aan die navorser die geleentheid om weg te beweeg van die beperking van een bepaalde metode. Hierdeur verhoog dit ook die geldigheid en betroubaarheid van die data wat verkry word (Turnock en Gibson, 2001). Die gebruik van waarneming as 'n metode van data-insameling het egter 'n paar nadele wat deur die navorser in gedagte gehou moet word. Hierdie probleme is aangespreek deur van vooropgestelde tegnieke (soos om kontak tussen die navorser en die deelnemers te minimaliseer, korrekte tydsberekening asook koverte waarnemingstegnieke) gebruik te maak (Turnock en Gibson, 2001). Koverte waarneming beteken dat die deelnemers wel ingelig sal wees oor die aard van

die waarneming, maar nie sal weet wanneer die waarneming sal plaasvind nie, of op watter spesifieke vaardighede daar gelet sal word nie (Turnock en Gibson, 2001). Op hierdie wyse kon meer betroubare inligting bekom word. Verder kon die teenwoordigheid van die navorser ook die geldigheid en betroubaarheid van die waarnemingsresultate beïnvloed. Om die probleem te oorkom, is daar gebruik gemaak van 'n tweede beoordelaar tydens die waarneming en die analisering van die data, asook met die voltooiing van die vooropgestelde waarnemingsvorms, ten einde te poog om die navorser se opinies en subjektiewe waarneming nie die resultate te laat beïnvloed nie.

c) Vraelys

'n Vraelys, soos opgestel vanuit die literatuur is deur die navorser ontwerp wat deur die sorggewers van die persoon met 'n TBB voltooi is (Bylae J). Die doel van die vraelys is om te bepaal wat die deelnemers se huidige behoeftes in verband met kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n gemiddelde-tot-ernstige TBB is. Daaruit kan afleidings gemaak word oor die moontlike leemtes, behoeftes en beperkinge in die hantering van kommunikasie- en interaksieafwykings asook algemene aspekte wat voorkom en watter kategorieë in die meetinstrument ingesluit behoort te word.

Volgens Newman (1997) is vraelyste 'n effektiewe manier om inligting te bekom oor mense se sienings, oortuigings en karaktereienskappe. Vraelyste verskaf geleentheid vir vinnige en effektiewe data-insameling, aangesien die deelnemers maklik bereikbaar is. Meer gedetailleerde inligting vir 'n beskrywende studie kon ook op 'n direkte en effektiewe wyse verkry word (Dane, 1990; Visagie, 1993; Van der Merwe, 1994). Aangesien die vraelyste persoonlik aan die onderskeie deelnemers uitgedeel is en in die teenwoordigheid van die navorser voltooi is, is daar volgens De Vos (1998) baie tyd op hierdie manier bespaar en was die deelnemers ook meer gewillig om deel te neem. Anonimiteit kon egter nie bewerkstellig word nie. Probleme of verwarring wat met voltooiing van die vraelys ondervind is kon onmiddellik met die navorser bespreek word (De Vos, 1998).

Die afgelewerde vraelys het ook sekere nadele in dié sin dat 'n kleiner geografiese area op 'n bepaalde tydstep geteiken kan word. 'n In diepte ondersoek kan ook nie uitgevoer

word nie en gevolglik kan inligting op hierdie manier verlore raak indien die vrae onbeantwoord bly (Smit, 1985). Om hierdie tendens te voorkom het die navorser van verskeie metodes gebruik gemaak om die data in te samel, byvoorbeeld waarnemingsvorms, fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude.

'n Vraelys bestaande uit sewe bladsye is in Afrikaans en Engels saamgestel (Bylae J). Die inhoud van die vrae is opgestel vanuit die literatuur (Ylvisaker en Urbanczyk, 1990; Mackay *et al.*, 1997; Galski *et al.*, 1998; Shipley en McAfee, 1998; Moules en Chandler, 1999; Sinnakaruppan en Williams, 2001).

Afdeling A van die vraelys (Bylae J) bestaan uit een en twintig (21) vrae wat biografiese- en agtergrondvrae van die deelnemers en die persoon met 'n TBB insluit. Die vrae bestaan uit meervoudige keuse - en oop vrae.

Afdeling B van die vraelys bestaan uit 35 geslote vrae wat opgestel is met die doel om die aard van die deelnemers se huidige behoeftes ten opsigte van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB (tydens die akute rehabilitasieperiode) te identifiseer. Die doel is ook om bepaalde kategorieë van behoeftes saam te stel met die oog op die ontwikkeling van die meetinstrument. Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipe vrae gebruik gemaak, wat die deelnemers op 'n skaal van een tot vier moes afmerk: (Geen behoefte (Opsie 1); Nie so 'n groot behoefte (Opsie 2), Kan moontlik 'n behoefte wees (Opsie 3), Behoefte (Opsie 4)). Die responskategorieë is só ontwerp dat die deelnemers hulle opsies op spesifieke punte moes aandui. Die voordeel van skaaltipe vrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998). Tydens die opstel van die vraelys is daar dus aandag gegee aan die formaat en formulering van vrae en spasiëring van items.

Afdeling C van die vraelys bestaan uit vier (4) oop vrae waartydens daar aan die deelnemers die geleentheid gegee is om hulle eie mening oor moontlike behoeftes in terme van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van die persoon met TBB, wat nie in die vraelys ingesluit, te gee. Die deelnemers is versoek om hierdie vrae so volledig as moontlik te voltooi.

Die motivering vanuit die literatuur oor die vrae wat in die vraelys ingesluit is, word in Tabel 5 vervat.

Tabel 5: Ontwerp, samestelling en motivering van die vrae ingesluit in die Behoeftevraelys

Afdeling	Kategorieë van behoeftes	Rede vir die insluiting van die vrae in die vraelys	Addisionele inligting: Tipe vrae en motivering
A	Demografiese inligting van die deelnemers (Primêre sorggewers van die persoon met 'n TBB) (Vrae 1 – 8)	Demografiese inligting van elke Deelnemer (sorggewer) is van belang met die oog op latere korrelasies asook vir die beskrywing van die deelnemers in die metode.	Geslote vrae is hoofsaaklik in hierdie gedeelte van die vraelys gebruik om relevante inligting te bekom. In die geval van die deelnemers se ouderdom, hoogste vlak van opleiding en beroep wat die sorggewers tans beklee is daar van oop vrae gebruik gemaak. Die keuse vir die oop vrae is gemaak, omdat daar hier vir verskeie moontlikhede voorsiening gemaak moes word.
A	Demografiese inligting van persoon met 'n TBB (Vrae 9 – 21)	Demografiese inligting van elke persoon met 'n TBB is van belang met die oog op latere korrelasies van resultate.	Geslote vrae is hoofsaaklik in hierdie gedeelte van die vraelys gebruik om relevante inligting te bekom. In die geval van die persone met TBB se ouderdom, hoogste vlak van opleiding en beroep wat die persoon met TBB beklee het, voor die ongeluk, is daar van oop vrae gebruik gemaak. Die keuse vir die oop vrae is gemaak, omdat vir verskeie moontlikhede voorsiening gemaak moes word.
B	Behoeftes aan algemene inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand (Vrae 34, 37, 38 en 43)	<p>“... based on their experiences with families of TBI patients in the rehabilitation unit..., found that families unanimously ranked their need for kind and clear explanation of the patient's condition as first priority” (Maus-Clum en Ryan, 1981: Rollin, 2000: 85). Rollin (2000), het ook aan die lig gebring dat een van die mees effektiewe maniere om sorggewers se stresvlakke te verminder, is om aan hulle genoegsame inligting te verskaf, rakende die onmiddellike gevolge van 'n verworwe breinbesering. Uit die aard hiervan, beklemtoon dit ook waarom dit van kardinale belang is om sorggewers se</p> <p>behoeftes rakende inligting wat hulle benodig, te bepaal.</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipe-vrae gebruik gemaak, wat die deelnemers op 'n skaal van een tot vier moet afmerk: Geen behoefte (1); Nie so 'n groot behoefte nie (2); Kan moontlik 'n behoefte wees (3); Behoefte (4). Die responskategorieë is so ontwerp dat die deelnemers hulle opsies op spesifieke punte moet maak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).

Afdeling	Kategorieë van behoeftes	Rede vir die insluiting van die vrae in die vraelys	Addisionele inligting: Tipe vrae en motivering
	Behoeftes in verband met die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe afwykings (Vrae 22, 28 en 30)	<p><i>"Families provide a vital role in managing functional cognitive problems, and will continue to do so long after therapy input ceased. It is important, therefore, that management strategies are devised in consultation with the family of other caregivers..."</i> (Ponsford, 1995: 122). Aangesien die persoon met 'n TBB se kognitiewe afwykings dikwels daartoe lei dat sorggewers die versorgingsproses nie kan hanteer nie, is dit belangrik dat hulle behoeftes in die hantering daarvan bepaal moet word. Op hierdie wyse kan die nodige hulp en ondersteuning ook aan hulle gegee word, wat hulle op die langtermyn die beste sal kan gebruik.</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).
B	Behoeftes oor die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme (Vrae 25, 26, 39 en 42)	Die aanvang van 'n kommunikasieafwyking kan 'n negatiewe invloed hê op die sosiale netwerke van die persoon met 'n TBB en die sorggewers (Wedcliffe, 1999). Weens die komplekse aard van 'n persoon met 'n TBB se kommunikasieafwykings, het sorggewers bepaalde behoeftes aan riglyne oor hoe hierdie probleme opgelos kan word (Acorn, 1993). Dit is dus belangrik om hulle behoeftes in hierdie verband te bepaal, sodat die nodige riglyne en hulp aan hulle verskaf kan word.	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).
B	Behoeftes aan die hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags-en emosionele afwykings (Vrae 23, 24, 25, 45, 46 en 53)	<p><i>"Less dramatic behavioral and emotional problems are very common after TBI, and can have a pernicious influence on function and quality of life by contributing to marital stress, social isolation, and unemployment. They include impaired judgment, loss of initiation, selfishness, reduced drive, lethargy, lack of interest in family and friends, shallowness of emotional feeling, irritability, aggressiveness, tactlessness, poor social skills, and a pathological increase or decrease in sexual interest"</i> (Gentleman, 2001:198). Hierdie stelling beklemtoon die feit dat dit belangrik is om sorggewers se behoeftes in hierdie verband te bepaal, aangesien dit 'n negatiewe invloed op die sorggewers se hantering van die probleme tot gevolg het.</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).

Afdeling	Kategorieë van behoeftes	Rede vir die insluiting van die vrae in die vraelys	Addisionele inligting: Tipe vrae en motivering
		<p><i>“Those who work with the brain injured and their families – whether in a rehabilitation team, or in a primary care team- need to recognize when behavioural and mood problems are present and know what to do”</i> (Gentleman, 2001: 198-199). Volgens Ponsford (1995) lei die persoon met 'n TBB se gedrags-en emosionele probleme tot baie stres vir sorggewers, asook vir die rehaillitasiespan. In die lig hiervan, is dit belangrik om die sorggewers se behoeftes aan die hantering van gedrags-en emosionele probleme te bepaal, ten einde die nodige hulp en ondersteuning aan hulle te verskaf.</p>	
B	Behoeftes aan ondersteuning (Vrae 32, 33, 35, 36, 44 en 47)	<p><i>“Initially, family counseling should be convened to provide whatever information is deemed necessary for the family to have and whatever information it requests immediately following the brain injury. We would not expect the process to be particularly dynamic at that time because the family may be resistant to counseling intervention. Nonetheless, as long as the family is aware that such services are available and is aided in the understanding that such therapy will be of value to their injured member (should that person be able to participate in the process), it is more likely to be amenable”</i> (Rollin, 2000: 85). Weens die impak wat 'n TBB op die sorggewers van 'n persoon met 'n TBB mag hê, is dit voor die hand liggend dat hulle bepaalde behoeftes aan ondersteuning mag hê. Dit is belangrik dat hierdie behoeftes aan ondersteuning alreeds tydens die akute rehaillitasieperiode bepaal word, aangesien sorggewers se hantering van die gepaardgaande probleme direk verband hou met die beskikbaarheid van ondersteuning (Rollin, 2000).</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipe vrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).
B	Behoeftes aan die hantering van voedingsprobleme (54 en 55)	<p><i>“ Whenever severe TBI alters consciousness or brain stem damage causes a bulbar or pseudobulbar palsy there is a risk that aspiration of secretions or oral fluids will lead to chest infection. The risk is easy to overlook when the patient is no longer intubated, and the speech and language therapist should assess and monitor the swallow mechanism and work closely with the dietitian and nurses to achieve safe feeding strategies”</i> (Gentleman, 2001: 195).</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).

Afdeling	Kategorieë van behoeftes	Rede vir die insluiting van die vrae in die vraelys	Addisionele inligting: Tipe vrae en motivering
		Dit is dus uit die bogenoemde aanhaling duidelik dat indien sorggewers nie voldoende opgelei en/of aan hulle hulp verleen word om die persoon met 'n TBB se voedingsprobleme reg te stel nie, hulle bepaalde behoeftes in hierdie verband kan hê.	
B	Behoeftes oor wat die rol van die sorggewer is tydens die akute rehabilitasieperiode (Vrae 31, 40, 49 en 50)	<p><i>“Typically, only short-term professional assistance is available to patients and families, leaving family members to care for the long-term needs of the person with brain injury. Without adequate training and professional support for this caregiver role, a variety of problems are commonly reported by family members, including social isolation, changes in family roles, depression, anxiety, and increased somatic difficulties”</i> (Kolakowsky-Hayner, Dawn-Miner en Kreutzer, 2001:375). Uit die bogenoemde aanhaling is dit belangrik dat sorggewers se rol ten alle tye in die professionele span erken moet word, en die nodige hulp en leiding aan hulle verskaf moet word, dat hulle die gevoel van bemagtiging het om na die persoon met 'n TBB te kan omsien. Weens die komplekse aard van die persoon met 'n TBB se probleme, lei dit daartoe dat sorggewers nie altyd genoegsame kennis het om hierdie probleme te hanteer nie. Aangesien die sorggewers die persone is wat op die langtermyn na die persoon met 'n TBB moet omsien, is dit belangrik dat hulle behoeftes aan hulle rol as sorggewer geïdentifiseer, erken en aandag moet geniet.</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).
B	Behoeftes aan aanpassings in die omgewing (Vrae 41 en 56), hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer (Vraag 29) en die hantering van die persoon met 'n TBB wanneer hy moeg en uitgeput raak (Vraag 48)	<p><i>“A number of behaviours are associated with closed head trauma that can interfere with the treatment programme. These behaviours include... fatigue, general mental slowing...”</i> (Adamovich, Henderson, Auerbach, 1985: 34). Uit die aard hiervan is dit duidelik dat sorggewers bepaalde behoeftes sal hê aan aanpassings wat hulle sal moet maak in die omgewing en in terme van stimulasie vir die persoon met 'n TBB, om hierdie probleme van moegheid en uitputting meer effektief te hanteer.</p>	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipevrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).

Afdeling	Kategorieë van behoeftes	Rede vir die insluiting van die vrae in die vraelys	Addisionele inligting: Tipe vrae en motivering
		Aangesien daar wel bepaalde aanpassings en veranderinge in die persoon met 'n TBB se omgewing gemaak moet word, ten einde vir die persoon maksimum ondersteuning en hulp te kan gee (Ponsford, 1995), is dit belangrik dat sorggewers se behoeftes aan hierdie aanpassings bepaal moet word.	
B	Behoeftes aan groepsterapie vir die persoon met 'n TBB (Vrae 51 en 52)	Groepsterapie lewer 'n waardevolle bydrae vir persone met 'n TBB in terme van kommunikasie-interaksie, ondersteuning en reïntegrasie in die gemeenskap (Ponsford, 1995). Dit is dus belangrik dat sorggewers ingelig moet word oor waar ondersteuningsgroepe en groepsterapiefasiliteite gevind kan word en dat hulle behoeftes in die verband ooreenkomstig bepaal word.	Daar is in hierdie vraelys slegs van Likert-skaaltipe vrae gebruik gemaak. Die voordeel van skaaltipevrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998).
C	<p>Kommunikasie-interaksie:</p> <p>Hoe sou u die interaksie tussen u en die persoon beskryf? Vraag (57)</p> <p>Het u enige ander behoeftes rondom kommunikasieinteraksie met die persoon? (Vraag 59)</p>	Kommunikasie-interaksie kan negatief beïnvloed word deur die persoon met 'n TBB se verworwe kommunikasie-, kognitiewe- en pragmatiese afwykings. Hierdie afwykings kan bepaalde probleme tot gevolg hê tydens interaksie met ander persone en so die persoon met 'n TBB en sorggewers se sosiale aanpassing bemoeilik. Dit is dus belangrik om te bepaal wat sorggewers se behoeftes is tydens interaksie met die persoon met 'n TBB, sodat hulle die nodige riglyne in die hantering daarvan kan ontvang. <i>“Staff need to promote an atmosphere of shared responsibility for problem-solving where communication difficulties are concerned. It must be remembered that family members may spend vast amounts of time with the injured person, and are thereby well-placed to comment about communication skills in a range of settings”</i> (Ponsford, 1995: 156)	Daar is in hierdie afdeling van vier oop vrae gebruik gemaak om die deelnemers se behoeftes rakende algemene hantering en kommunikasie-interaksie met die persoon met 'n TBB te bepaal. Die voordeel van oop vrae is dat meer inligting van die deelnemers verkry word, en dat hulle hulle eie menings, opinies en behoeftes kan uitdruk (De Vos, 1998)
C	<p>Algemene hantering:</p> <p>Het u enige ander behoeftes rondom die hantering van die persoon? Vraag (58)</p> <p>Is daar enige iets anders wat u wil noem ten opsigte van die hantering van die persoon? Vraag 60)</p>	Hierdie vraag is ingesluit met die doel om enige ander behoeftes waarvoor daar nie in die vraelys voorsiening gemaak is nie, te bepaal.	Daar is in hierdie afdeling van vier oop vrae gebruik gemaak om die deelnemers se behoeftes rakende algemene hantering en kommunikasie-interaksie met die persoon met 'n TBB te bepaal.

3.2.7.3. Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude (Sorggewers wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is) – Deel 2

a) Fokusgroep

Fokusgroepe is 'n metode van groepsonderhoude waarin groepsinteraksie gebruik word om kwalitatiewe inligting te versamel. Hierdie metode word hoofsaaklik gebruik om te bepaal wat deelnemers dink en die redes waarom hulle op die bepaalde manier dink. Fokusgroepe verskaf ryker, waardevoller inligting oor die kennis, houding en ervarings van die navorsingsdeelnemers, as byvoorbeeld net die gebruik van 'n vraelys. Die gebruik van fokusgroepe kan ook die deelnemers 'n gevoel van bemagtiging gee, aangesien hulle deel van die navorsingsproses word en die geleentheid kry om hulle opinies te lig (Syron en Shelley, 2001). Fokusgroepe is veral toepaslik vir navorsing wat dit ten doel het om dienslewering te verbeter, aangesien dit die uitdrukking van kritiek fasiliteer, wat deelnemers dikwels nie in individuele sessies wil bespreek nie. Fokusgroepe lei ook tot eksplorاسie van die voor- en nadele van verskillende oplossings en moedig verhoogde deelname van deelnemers aan (De Vos 1998; Syron en Shelley, 2001).

Vir die doel van die studie is daar van een fokusgroep gebruik gemaak waarin vier deelnemers ingesluit is. Volgens De Vos (1998) moet die groep klein genoeg wees sodat daar aan al die lede in die groep die geleentheid gegee word om in interaksie te tree en groot genoeg om 'n diversiteit van persepsies te verskaf. Die fokusgroep het bestaan uit die sorggewers van persone met 'n gemiddelde tot ernstige TBB wat alreeds deur die proses van rehabilitasie gewerk het. Die doel van die fokusgroep is om meer inligting te versamel en om oplossings te vind vir die deelnemers se behoeftes.

Tydens die groepsonderhoud is daar 10 oop vrae aan die deelnemers gestel (Bylae K). 'n Motivering waarom die vrae in die fokusgroep ingesluit is, word in Tabel 6 vervat .

Tabel 6: Motivering van die insluiting van die vrae in die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude.

Afdeling	Vraag	Motivering waarop vraag ingesluit is
A	<p>Demografiese inligting van die deelnemers (Primêre sorggewers van die persoon met TBB) (Vrae 1 – 8)</p> <p>Demografiese inligting van persoon met TBB (Vrae 9 – 21)</p>	<p>Demografiese inligting van elke Deelnemer (sorggewer) is van belang met die oog op latere korrelasies asook vir die beskrywing van die deelnemers in die metode.</p> <p>Demografiese inligting van elke persoon met TBB is van belang met die oog op latere korrelasies van resultate.</p>
B	<p>Definiëring van terme/ <i>Definition of terms</i> (Vraag 19):</p> <p>a) Hoe sou u die term TBB definieer? / <i>How would you define the term "Traumatic brain injury (TBI)"?</i></p> <p>b) Hoe sal u die term sorggewer definieer? / <i>How would you define the term "caregiver"?</i></p> <p>c) Hoe sal u akute rehabilitasieperiode definieer? / <i>How would you define "Acute rehabilitation period"?</i></p>	<p>Hierdie vrae is aan die deelnemers gevra ten einde hulle persepsies te bepaal rakende die TBB, hulle rol as sorggewers in die hantering van die persoon met 'n TBB, asook die tydperk van die akute rehabilitasieperiode.</p>
B	<p>Wat was u as sorggewer se grootste behoeftes onmiddellik nadat die persoon met 'n TBB uit die hospitaal ontslaan is en opgeneem is in die rehabilitasiesentrum in terme van: / <i>What was your most important need as caregiver after the person with a TBI had been discharged from hospital and admitted in a rehabilitation centre in terms of:</i>(Vraag 20)</p> <p>a) Kommunikasie met die persoon/ <i>Communication with the person</i></p> <p>b) Algemene hantering van die persoon/ <i>Handling of the person</i></p>	<p>Verskeie literatuur toon aan dat sorggewers bepaalde behoeftes het in die hantering van die persoon met TBB nadat die persoon uit die akute tydperk uit beweeg het. In die literatuur word dit ook beklemtoon dat hierdie behoeftes van sorggewers dikwels nie aandag geniet tydens die akute rehabilitasieperiode nie, en dat hulle dan as gevolg hiervan die hele hanteringsproses as 'n swaar las ervaar (Morris, 2001). Die twee vrae oor hulle behoeftes in terme van kommunikasie met die persoon met 'n TBB asook die algemene hantering van die persoon met 'n TBB is spesifiek gevra, ten einde hierdie behoeftes moontlik in die meetinstrument in te sluit.</p>
B	<p>Watter vrae dink u behoort 'n STT aan sorggewers te vra ten einde hulle behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode te identifiseer? / <i>What questions do you feel a speech therapist should ask in order for them to identify your needs during the acute rehabilitation period?</i>(Vraag 21)</p>	<p>Hierdie vraag is gevra as 'n vorm van triangulasie, om verdere behoeftes wat sorggewers ervaar te bepaal. Sorggewers het bepaalde behoeftes in terme van hoe hulle deur die professionele span hanteer moet word. Dit is belangrik dat ons as rehabilitasiepersoneel hierdie behoeftes as belangrik moet beskou en aandag daaraan gee (Maus-Clum en Ryan, 1981, Sinnakurappan en Williams, 2001).</p>

Afdeling	Vraag	Motivering waarop vraag ingesluit is
B	Oor watter kennis dink u behoort 'n sorggewer te beskik om 'n persoon met 'n TBB te ondersteun en dienooreenskomstig te hanteer? / <i>What knowledge do you believe caregivers should have in order to support and manage a person with a TBI?</i> (Vraag 22)	Die langtermynversorging en las van die versorging kom altyd op die sorggewers van die persoon met 'n TBB af en veroorsaak hoë vlakke van stres (Tyerman en Booth, 2001). Dit is belangrik om te bepaal wat sorggewers se persepsies is, van die hantering van die persoon met 'n TBB se verwante probleme (Wedcliffe, 1999), sodat meer effektiewe ondersteuning en inligting aan hulle verskaf kan word. Deur aan hulle die vraag te vra, oor watter kennis hulle dink hulle benodig, word hulle behoeftes gevolglik ook bepaal. Die navorser is dit eens, dat indien sorggewers bewus is van hulle leemtes sover dit kennis betref, dit ook 'n aanduiding is dat hulle bewus is van hulle behoeftes.
B	Wat dink u is die persoon met TBB se primêre kommunikasie probleme/behoeftes op hierdie stadium? / <i>What do you think is the person with TBI biggest communication problem/need?</i> (Vraag 23 en 24)	Die aanvang van 'n kommunikasie-afwyking kan 'n ernstige effek hê op die verhouding tussen die sorggewers (ouers of eggenote) en die persoon met 'n TBB (Rollin, 2000). Aangesien hierdie studie poog om spesifiek te bepaal wat sorggewers se behoeftes en probleme is ten opsigte van die kommunikasieprobleme met die persoon met 'n TBB, is dit belangrik dat hulle gevra word wat hulle persepsie is van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme. Hierdeur kon moontlik bepaal word wat hulle behoeftes is in die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme. Kommunikasieprobleme van 'n persoon met 'n TBB het 'n invloed op die sosiale aanpassing en sosiale netwerke van beide die persoon met 'n TBB en die sorggewers (Wedcliffe, 1999).
B	Wat dink u is die rol van die STT ten opsigte van die hantering van u as sorggewers? / <i>What do you think is the role of the STT in the management of caregivers?</i> (Vraag 25)	<p>Sorggewers moet ten alle tye in die rehabilitasiespan ingesluit word, en dit is belangrik dat rehabilitasiepersoneel bewus is van sorggewers se behoeftes aan hoe hulle deur die professionele span hanteer wil word. Maus-Clum en Ryan (1981) het bevind dat sorggewers se belangrikste behoefte is om 'n begrip te hê van die persoon met 'n TBB se probleme en beveel aan dat hierdie inligting deel van die rehabilitasieproses moet wees. Indien sorggewers in die span ingesluit word, kan effektiewe dienslewering verskaf word. Rehabilitasie is 'n samewerkende proses, en daar moet wedersydse vertroue tussen die verskillende spanlede wees. Volgens Mackay <i>et al.</i>, (1997) speel die STT 'n intergrale rol tydens die akute rehabilitasieperiode van die persoon met 'n TBB. Die STT is hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontwikkeling en vaslegging van 'n funksionele kommunikasiesisteem tussen die sorggewers en die persoon met 'n TBB. Rollin (2000) toon ook aan dat die STT berading aan sorggewers verskaf, ten einde hulle hantering- en probleemoplossings gedrag te bevorder.</p> <p>Hierdie vraag is dus ingesluit om te bepaal wat sorggewers se persepsies en behoeftes is van hoe hulle deur die professionele span/STT hanteer wil word.</p>

Afdeling	Vraag	Motivering waarop vraag ingesluit is
B	<p>Wat is u verwagtinge van 'n STT in die hantering van 'n persoon met 'n breinbesering? / <i>What are your expectations of a SLT in the management of a person with a TBI?</i> (Vraag 26)</p>	<p>Hierdie vraag is weer ingesluit met die doel om te bepaal wat sorggewers se verwagtinge, nie net van die STT nie, maar van alle rehabilitasiepersoneel is oor die hantering van die persoon met 'n TBB. Sorggewers se persepsies van hoe hulle en die persoon met 'n TBB deur die professionele span hanteer word, het 'n invloed op hulle mening oor die mate van ondersteuning wat hulle ontvang. Die aard van hierdie ondersteuning, beïnvloed die wyse waarop die sorggewers die langtermynuitkomste van die besering hanteer (Sinnakurappan en Williams, 2001). Hierdie vraag is gevra met die oog op latere aanbevelings om meer effektiewe dienslewering deur rehabilitasiepersoneel, te verkry.</p>
B	<p>As u een behoefte (in terme van die hantering van die persoon met 'n TBB) sal uitsonder, wat sal dit wees? Verduidelik? / <i>If you were to identify one need (in terms of managing the person with a TBI), what would it be? Explain.</i> (Vraag 27)</p>	<p>Hierdie vraag is ingesluit om te bepaal wat die sorggewers in die huidige studie se belangrikste behoeftes is. In die literatuur word beklemtoon dat sorggewers se belangrikste behoefte is om kongruente en aanhoudende inligting rakende alle aspekte van die persoon met 'n TBB te bekom, om hoop te hê en dat hulle vroeë eerlik beantwoord moet word (Kreutzer <i>et al.</i>, 1994). In die studie is daar bepaal of hierdie behoeftes ook moontlik ooreenkom met die literatuur.</p>

b) Semigestruktureerde onderhoude

Semigestruktureerde onderhoude is as deel van die data-insamelingsmetodes ingesluit vir logistieke doeleindes. Die deelnemers wat nie wou deelneem aan die fokusgroep nie, was bereid om die inligting individueel aan die navorser te verskaf. Ten einde te voorkom dat betekenisvolle inligting op hierdie wyse verlore sou raak, is daar besluit op die voer van semigestruktureerde onderhoude. Dieselfde vrae wat in die fokusgroep gebruik is, is ook vir die doel van die onderhoude gebruik (Bylae K). Dit is so gedoen om die tipe data wat ingesamel word, konstant te hou. Die doel van die onderhoud is om aan die navorser hulp te verleen om probleme wat deur die deelnemers ervaar is, te identifiseer, om sodoende meer geldige en betroubare data te verkry (Bless en Higson-Smith, 1995). Beter antwoorde of oplossings kon gevolglik verkry word, wat waardevol was tydens die opstel van die finale meetinstrument (Bless en Higson-Smith, 1995). Aangesien onderhoude as data-insamelingsmetode tydrowend is, is daar slegs drie semigestruktureerde onderhoude gevoer, maar vier persone het aan die onderhoud deelgeneem. Een van die onderhoude het bestaan uit die moeder en die vader van die persoon met 'n TBB. Daar is vier verskillende opinies tydens die onderhoude verkry.

3.2.8. Prosedures van Fase 1

Die prosedures wat tydens Fase 1 van die navorsing uitgevoer is, word vervolgens bespreek.

3.2.8.1. Data-insamelingsprosedures vir Fase 1

Die data-insamelingsprosedures wat tydens Fase 1 (Ontwikkeling en samestelling van die voorlopige meetinstrument) gebruik is, word vervolgens bespreek. Eerstens volg 'n uiteenstting van die insamelingsprosedures van die eerste deel van Fase 1 (Veelvuldige enkelgevallestudies (D1-D3)) en tweedens die bespreking van die Fokusgroep en semigestruktureerde onderhoud (D4-D11).

a) Waarneming

- Daar is veelvuldige enkelgevallestudies op die eerste drie geselekteerde deelnemers (D1-D3) uitgevoer deur van kwalitatiewe- en kwantitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik te maak;
- Daar is eerstens van gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming gebruik gemaak waartydens die deelnemers se kommunikasie-interaksievaardighede en behoeftes tydens interaksie met die persoon met 'n TBB bepaal is;
- Die waarneming is eerste uitgevoer (voor die invul van die vraelys) om te voorkom dat die deelnemers se interaktiewe gedrag beïnvloed sou word deur inligting wat hulle moontlik vanuit die vraelys kon aflei;
- Die deelnemers is eers vir 'n tyd waargeneem, voordat die uiteindelijke waarneming plaasgevind het, sodat hulle gewoon kon raak aan die teenwoordigheid van die navorser. Op hierdie manier is daar gepoog om te verseker dat die deelnemers se gedrag meer betroubaar en verteenwoordigend is;
- Die deelnemers is vooraf ingelig oor die aard van die waarneming, maar hulle het nie geweet op watter aspekte daar tydens die waarneming gelet sou word nie (koverte waarneming). Dit is gedoen om te voorkom dat die teenwoordigheid van die navorser en die tweede beoordelaar die deelnemers se gedrag beïnvloed;
- Die deelnemers is gevra om in interaksie te tree met die persoon met 'n TBB, byvoorbeeld gesels met die persoon oor die dag se gebeure, en die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) is voltooi;
- Die navorser en tweede beoordelaar het die interaksie waargeneem vanuit 'n bepaalde hoek van die vertrek en veldnotas geneem, om addisionele inligting te verkry.

b) Behoeftevraelys

Nadat die waarneming voltooi is, is die deelnemers (D1, D2 en D3) gevra om die vraelys te voltooi):

- Voordat die deelnemers die Behoeftevraelyste (Bylae J) voltooi het, is die doel asook die prosedures vir die invul van die vraelys deur die navorser aan hulle verduidelik;
- Die vraelys is deur die deelnemers in die teenwoordigheid van die navorser voltooi en onduidelikhede of probleme wat met die invul van die vraelyste ondervind is, is onmiddellik met die navorser bespreek;
- Die voltooiing van die vraelys het ongeveer 20 minute geduur;
- Die vraelyste is onmiddellik na voltooiing deur die navorser ingeneem.

c) **Fokusgroep en semi-gestruktureerde onderhoude**

- 'n **Fokusgroep** (bestaande uit 4 deelnemers (D4, D5, D6 en D7)) is tydens 'n afsonderlike geleentheid geïdentifiseer en daar is 'n groepsonderhoud van 2 ure deur die navorser met die deelnemers gevoer;
- Die fokusgroep bestaan uit primêre sorggewers van persone met TBB wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is;
- Die deelnemers is eerstens gevra om 'n vraelys te voltooi, ten einde demografiese inligting van die sorggewers en die persoon met 'n TBB te verkry (Bylaag K). Die inligting is gebruik vir die beskrywing van die deelnemers;
- Na die voltooiing van die vraelys is die prosedures wat tydens die uitvoering van die fokusgroep gebruik is, aan die deelnemers verduidelik;
- Daar is tien vooropgestelde vrae (oop vrae) oor die deelnemers se behoeftes aan die hantering van die persoon met 'n TBB deur die navorser aan die deelnemers gevra;
- 'n Bandopname is van die groepsonderhoud vir data-analise-doeleindes gemaak;
- Die bandopname is daarna getranskribeer (Bylae L) en die data is deur middel van 'n diskoersanalise ontleed (Sien dataverwerkingsprosedures).
- Daar is vier **semigestruktureerde onderhoude** met die primêre sorggewers (D8, D9, D10 en D11) wat nie aan die fokusgroep wou deelneem nie, gevoer (D10 en D11 is die moeder en vader van die persoon met TBB, maar beide het hulle eie opinies gelewer);

- Die deelnemers is ook versoek om 'n vraelys te voltooi ten einde demografiese inligting van die sorggewers en die persoon met 'n TBB te verkry (Bylae K). Die inligting is gebruik vir die beskrywing van die deelnemers;
- Na die voltooiing van die vraelys is die prosedures wat tydens die voer van die onderhoud gebruik is aan die deelnemers verduidelik;
- Dieselfde vrae wat tydens die fokusgroep gebruik is, is ook tydens die onderhoude gebruik (Bylae K);
- Bandopnames is van die onderskeie onderhoude gemaak vir data-analise-doeleindes;
- Die bandopname is daarna getranskribeer (Bylaes M, N en O) en die data is deur middel van 'n diskoersanalise ontleed (Sien dataverwerkings-prosedures).

3.2.8.2. Dataverwerkingsprosedures van Fase 1

a) Waarneming

Alle waargenome gedrag wat tydens die waarneming geïdentifiseer is, is op die Pragmatic Protocol (*toepaslik of ontoepaslik*) (Prutting en Kirchner, 1987) aangeteken (Bylae I). Ten einde te verseker dat die waarneming akkuraat gedoen is, is daar van 'n tweede waarnemer (opgeleide STT) gebruik gemaak tydens die waarneming en die verwerking van die data.

Die resultate is saamgevoeg en in die bepaalde kategorieë (soos uiteengesit in die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)) geplaas. Die inligting is kwantitatief ontleed deur die ontoepaslike- en toepaslike gedrag in die drie verskillende domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) te bereken. Die ontoepaslike- en toepaslike gedrag is bymekaar getel en deur die aantal waargenome gedragareas gedeel. 'n Persentasie toepaslike en ontoepaslike gedrag in die drie verskillende domeine is verkry, en in die vorm van frekwensietabelle weergegee.

Die veldnotas is bestudeer en addisionele inligting wat van belang was tydens kommunikasie en interaksie is bepaal en ook in die kategorieë opgeteken.

b) Vraelyste

Die vraelyste (Bylae J) is op 'n kwantitatiewe wyse deur die navorser ontleed. Geen statistiese verwerking kon op die resultate uitgevoer word nie, weens die min deelnemers wat aan die studie deelgeneem het. Al die resultate van die vraelys is op die volgende wyse verwerk:

Afdeling B van die vraelys se resultate is eerstens verdeel in die verskillende kategorieë van behoeftes wat deur die deelnemers gelys is. Die volgende kategorieë behoeftes is opgestel:

- Behoeftes aan algemene inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand (Vrae 34, 37, 38 en 43);
- Behoeftes aan die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe afwykings (Vrae 22, 28 en 30);
- Behoeftes aan die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme (Vrae 25, 26, 39 en 42);
- Behoeftes aan die hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags- en emosionele afwykings (Vrae 23, 24, 25, 45, 46 en 53);
- Behoeftes aan ondersteuning (Vrae 32, 33, 35, 36, 44 en 47);
- Behoeftes aan die hantering van voedingsprobleme (54 en 55);
- Behoeftes aan wat die rol van die sorggewer is tydens die akute rehabilitasieperiode (Vrae 31, 40, 49 en 50);
- Behoeftes aan aanpassings in die omgewing (Vrae 41 en 56); hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer (Vraag 29) en die hantering van die persoon met 'n TBB wanneer hy moeg en uitgeput raak (Vraag 48);
- Behoeftes aan groepsterapie vir die persoon met 'n TBB (Vrae 51 en 52).

Nadat die bogenoemde kategorieë bepaal is, is die deelnemers se resultate afsonderlik opgeteken en beskryf (Sien Resultate van Fase 1: Deel 1). Elke deelnemer se behoeftes ten opsigte van die verskillende kategorieë is bepaal en die hoeveelheid Opsies 1 (Geen behoefte), Opsies 2 (Nie so 'n groot behoefte nie), Opsies 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) en Opsies 4 (Behoeftes) per kategorie is op 'n grafiek voorgestel.

Daarna is die resultate as volg verwerk. Indien die deelnemers Opsies 1 en 2 geselekteer het, is die behoeftes saamgevoeg as “Geen behoeftes” en indien die deelnemers Opsies 3 en 4 geselekteer het, is die behoeftes saamgevoeg as “Behoeftes”. Indien die meerderheid van die deelnemers (2 of meer), Opsies 1 en 2 geselekteer het, is daar aanvaar dat die deelnemers oor geen behoeftes rakende die bepaalde vraag of kategorie beskik nie. Indien die meerderheid van die deelnemers (2 of meer) Opsies 3 en 4 (Behoeftes) geselekteer het, is daar aanvaar dat die deelnemers wel oor ‘n behoefte rakende die bepaalde vraag of kategorie beskik. Vyftig persent dui dus op ‘n rekenkundige meerderheid en nie ‘n statistiese meerderheid nie (Pottas, 1998). Hierdie behoeftes is dan in die finale meetinstrument ingesluit.

c) Fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude

Die inhoud van die fokusgroepbespreking en semigestruktureerde onderhoude is deur die navorser getranskribeer en die resultate is deur middel van ‘n diskoersanalise ontleed en verwerk.

Diskoersanalise (vervolgens DA) is ‘n kwalitatiewe metode waartydens taal in natuurlike gesprekskontekste gebruik word. Die metode gee aan die deelnemers die geleentheid om hulle self uit te druk, sonder enige beperkinge, soos byvoorbeeld wat in die geval van die voltooiing van vraelyste gevind word. DA is ‘n waardevolle instrument wat aan die navorser die geleentheid gee om die individu te verstaan binne sy/haar omgewing, en verskaf ook ‘n metode waardeur die dinamiese verhouding tussen die individu, die omgewing en die siekte blootgestel word. Dit reflekteer dus ‘n egte beeld van kommunikasie in die persoon se eie lewe as wat enige ander taaltoets sou bereik (Vyncke, 1997). DA gee aan die navorser die voordeel om die individu (Deelnemer) as ‘n geheel te sien, aangesien die persoon se houding, omgewing, lewensdoelwitte, eiewaarde en huidige lewensituasies in ag geneem word (Cooper, 2001). Anders as ‘n gespreksanalise of inhoudsanalise, word daar in ‘n DA gebruik gemaak van die inhoud en konteks van ‘n gesprek, eerder as die vorm daarvan (Freeman, 2000). Dit is waardevol in die bepaling van sorggewers se behoeftes in terme van die hantering van ‘n persoon met ‘n TBB.

Die DA is deur die navorser geanaliseer, asook deur ‘n tweede beoordelaar (STT), om betroubaarheid en geldigheid te verseker. Die analise het binne die raamwerk van ‘n

DA plaasgevind en is verder aan die hand van riglyne soos deur Wetherell , Taylor en Yates (2001) voorgestel, ontleed.

Die getranskribeerde inligting word aandagtig volledig deurgelees ten einde temas wat by herhaling in die teks voorkom, te identifiseer. 'n Praktiese voorbeeld van hoe die analise plaasgevind het, word vervolgens geïllustreer.

Die proses het begin deurdat die navorser die teks verskeie kere deurgelees het. Hierdie herhaling was nodig sodat die navorser bekend kon raak met die teks. Daarna is aantekeninge/notas langs sekere dele van die teks gemaak.

Die notas is soos volg gelys:

- Inligting deur die verskillende rehabilitasiepersoneel weerspreek mekaar;
- Professionele persone gee nie voldoende inligting nie;
- Professionele persone berei sorggewers nie voor vir wat voorlê nie;
- Sorggewers wil onmiddellik weet wat is die probleme wat die persoon met 'n TBB het, en wat rehabilitasiepersoneel gaan doen om die probleem die hoof te bied;
- Sorggewers het 'n negatiewe houding teenoor rehabilitasie-personeel.

Die notas is nie in 'n spesifieke volgorde gelys nie. Dit is versigtig bestudeer en in ooreenstemmende kategorieë geplaas. Sekere temas is in die kategorieë geïdentifiseer op grond van die frekwensie van voorkoms, die tipe inligting daarvoor verskaf en die mate van gesprek wat daarvoor gevoer is. In die bogenoemde is die tema: **“Onvoldoende hantering van sorggewers deur professionele persone”** geïdentifiseer.

In hierdie proses is daar ook gebruik gemaak van 'n tweede beoordelaar om die vertrouenswaardigheid van die navorsingsresultate te verbeter. Die tweede beoordelaar was 'n STT met genoegsame kennis om waardevolle insette te lewer.

d) Triangulasie

Die metode van triangulasie is deurentyd in die studie gebruik, aangesien die navorser van verskillende metodes gebruik gemaak het om data in te samel, asook om hierdie

data te analiseer. Volgens Latvala en Vuokila- Oikkonen (2000), verhoog triangulasie-metodes die kredietwaardigheid van die studie en versterk dit die vertrouenswaardigheid van die resultate. Optimale geldigheid en betroubaarheid van die resultate word dus hierdeur verseker (Latvala en Vuokila-Oikkonen, 2000).

3.3. METODE VIR FASE 2

In hierdie gedeelte van die studie word die metode wat tydens die tweede fase (Fase 2) van die navorsing (*Voorlopige toepassing van die meetinstrument om te bepaal of die meetinstrument 'n verandering in behoeftes meet*) uiteengesit en bespreek.

3.3.1. Doelstelling vir Fase 2 (Subdoelstelling 2)

Fase 2: Die toepassing van die voorlopige meetinstrument op 'n bepaalde toetspopulasie ten einde te bepaal of die meetinstrument 'n **verandering** in die sorggewers se behoeftes kan **meet** na die aanbieding van 'n werkwinkel. (*Die doel van die werkwinkel is om inligting aan die sorggewers te verskaf op grond van die behoeftes wat tydens die voltooiing van die voorlopige meetinstrument geïdentifiseer is*)

3.3.2. Navorsingsontwerp vir Fase 2

Tydens die **tweede fase** van die navorsing is daar weer van veelvuldige enkelgevallestudies gebruik gemaak om die studie in die raamwerk van beskrywende navorsing uit te voer (Nel, 2002). Die gevallestudie is weereens gebruik om 'n empiriese ondersoek uit te voer, ten einde te bepaal wat die kategorieë van die deelnemers se huidige behoeftes en kennis rakende kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n gemiddelde tot ernstige TBB is. Die gevallestudie is uitgevoer in die vorm van 'n **pretoets/posttoets-eksperimentele ontwerp, deur gebruik te maak van enkelgevallestudies** (Bless en Higson-Smith, 1995). Die doel van hierdie fase is om te bepaal of die meetinstrument enige verandering in die deelnemers se behoeftes aan kommunikasie en interaksie kan meet. In hierdie ontwerp het die navorser dus die afhanklike veranderlike (behoefte) getoets om 'n basislyndata te verkry en dan weer 'n posttoets gedoen nadat 'n gebeurtenis (werkwinkel) plaasgevind het. Hierdeur is bepaal of daar wel verandering plaasgevind

het (Bless en Higson-Smith, 1995). Volgens Bless en Higson-Smith (1995) hou hierdie ontwerp egter 'n paar nadele in wat deur die navorser in gedagte gehou moet word tydens die navorsingsproses. Die nadele sluit onder meer in maturasie, toetseffek, instrumentasie, eksperimentele mortaliteit en reaktiewe effekte. Hierdie nadele is egter uitgeskakel deurdat die volledige data-insameling binne 'n dag voltooi is, en vooraf gereelde afsprake met die deelnemers gemaak is, waarin die tyd van die data-insameling vasgestel is. Daar is dus van verskillende data-insamelingsprosedures gebruik gemaak en triangulasie is deurentyd toegepas om die krediet- en vertrouenswaardigheid van die resultate te verseker (Bless en Higson-Smith, 1995).

3.3.3. Skematiese voorstelling van die navorsingsproses vir Fase 2

Die volgende diagram (Figuur 3) is 'n skematiese voorstelling van Fase 2 en die navorsingstrategieë wat tydens die uitvoering van hierdie fase gebruik is ten einde die hoofdoel van die studie te bereik.

FASE 2 : VOORLOPIGE TOEPASSING VAN DIE MEETINSTRUMENT OM TE BEPAAL OF DIE INSTRUMENT VERANDERING IN BEHOEFTE MEET

Die toepassing van die voorlopige meetinstrument op 'n nuwe groep deelnemers ten einde te bepaal of die instrument wel 'n verandering van die deelnemers se behoeftes meet

Veelvuldige enkelgevallestudies (Pretoets/Posttoets-eksperimentele ontwerp)

Selekteer vier nuwe deelnemers (D12-D15)



Pretoets: Deelnemers D12-D15 (vier nuwe deelnemers) voltooi die voorlopige meetinstrument



Die navorser bied die werkswinkel aan op grond van die behoeftes wat by die voltooiing van die voorlopige meetinstrument bepaal is



Gebeurtenis: Aanbieding van die werkswinkel



Posttoets: Deelnemers (D12-D15) voltooi weer die voorlopige meetinstrument



Die navorser bepaal of die instrument verandering van behoeftes meet



**VOLTOOIING VAN FASE 2
FINALE OPSTEL EN SAMESTELLING VAN DIE VOORLOPIGE
MEETINSTRUMENT**

Figuur 3: Skematiese voorstelling van die navorsingsproses van Fase 2

3.3.4. Steekproef vir Fase 2

Dieselfde seleksiekriteria vir die deelnemers van Fase 2 is gebruik as vir die deelnemers van Fase 1. Vir 'n uiteensetting van die seleksiekriteria, sien punt 3.2.4.

3.3.5. Beskrywing van die deelnemers van Fase 2

Al die deelnemers (D12, D13, D14 en D15) wat aan die tweede fase van die studie deelgeneem het, is vroulik, Engelssprekend, en hulle ouderdomme wissel tussen 28 en 55 jaar. Deelnemers D12 en D13 het beide weekliks kontak gehad met die persoon met 'n TBB, terwyl Deelnemers D14 en D15 daaglikse kontak met die persone gehad het. Geeneen van die deelnemers het vorige ondervinding van persone met TBB nie. Sien Tabel (7) vir 'n beskrywing van deelnemers wat aan Fase 2 deelgeneem het.

Die persone met TBB (Persone TBB12 tot TBB15) is manlik, Engelssprekend en hulle ouderdomme wissel tussen 20 en 56 jaar (Sien Tabel 7 vir 'n verdere beskrywing van die persone met TBB).

Tabel 7: Fase 2-Beskrywing van primêre sorggewers (deelnemers D12-D15) van die persoon met 'n gemiddelde tot ernstige TBB

Veelvuldige enkelgevallestudies								
Deelnemer	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Vorige beroep	Hoogste vlak van opleiding	Verhouding met persoon met TBB	Hoeveelheid kontak met die persoon	Vorige ondervinding met TBB
12	Vroulik	Engels	55 jaar	Afgetree	Matriek	Vrou	Weekliks	Geen
13	Vroulik	Engels	31 jaar	Huisvrou	Matriek	Tante	Weekliks	Geen
14	Vroulik	Engels	28 jaar	Program Organiseerder	Honneursgraad	Suster	Daaglik	Geen
15	Vroulik	Engels	30 jaar	Onderwyseres	Graad	Vrou	Daaglik	Geen

Tabel 8: Fase 2- Beskrywing van persone met 'n gemiddelde tot ernstige traumatiese breinbesering (TBB)

Veelvuldige enkelgevallestudies									
Persoon met TBB	Geslag	Huistaal	Ouderdom	Beroep beklee voor ongeluk	Hoogste vlak van opleiding	Waar woon persoon tans	Datum van ongeluk	Tydperk van koma	Telling op Glasgow-Coma Skaal
12	Manlik	Engels	56	Nasionale Verkoopsbestuurder	Nie voltooi in vraelys nie	Rehabilitasiesentrum	2003-07-28	Paar dae	-
13	Manlik	Engels	20	Paneel-klopper	Standerd 7 (Graad 7)	Rehabilitasiesentrum	2003-08-20	Twee weke	-
14 en 15 ⁶	Manlik	Engels	32	Koffieplantasiebestuurder	Ingenieursdiploma	Rehabilitasiesentrum	2003-08-04	Twee weke	Tussen 9-12

⁶ Deelnemers D14 en D15 is die vrou en suster van die persoon met 'n TBB. Beide die deelnemers was tydens die werkswnkel betrokke en verskaf versorging aan die persoon met die TBB.

3.3.6. Seleksieprosedures vir Fase 2

Dieselfde seleksieprosedures soos in Fase 1 is hier gebruik. Sien punt 2.2.6. van Fase 1 vir 'n uiteensetting van die seleksieprosedures.

3.3.7. Materiaal en apparaat vir Fase 2

Die voorlopige meetinstrument wat saamgestel is uit die resultate van Fase 1, is gebruik as navorsingsmateriaal vir Fase 2. Die meetinstrument sal vervolgens uitgebeeld en bespreek word (Figuur 4).

2.3.7.1. Voorlopige meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering [*“Needs questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury”*]

Sien Figuur 4 vir 'n voorbeeld van die voorlopige meetinstrument om die primêre sorggewers van persone met 'n TBB se behoeftes te bepaal.

NEEDS QUESTIONNAIRE FOR CAREGIVERS OF A PERSON WITH A TRAUMATIC BRAIN INJURY

Instructions: Make a cross in the appropriate block according to your need

I need to know more about	No need	Not such a big need	Fairly big need	Big need
1. GENERAL HANDLING OF THE PERSON WITH TBI				
1) the general symptoms	1	2	3	4
2) the physical symptoms	1	2	3	4
3) the communication symptoms	1	2	3	4
4) the cognitive symptoms	1	2	3	4
5) the behavioural and emotional symptoms	1	2	3	4
6) the rehabilitation process	1	2	3	4
7) the recovery process	1	2	3	4
8) the functions of the brain	1	2	3	4
9) the basic needs of the person	1	2	3	4
10) the care priorities	1	2	3	4
Other needs that the TBI person has... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4
2. INFORMATION: WHAT I AS THE CAREGIVER WANT TO KNOW				
12) my role in general	1	2	3	4
13) my role in assessment	1	2	3	4
14) my role in therapy	1	2	3	4
15) my role in the rehabilitation team	1	2	3	4
16) addressing the person's physical needs	1	2	3	4
17) addressing the person's basic needs	1	2	3	4
18) addressing the person's communication needs	1	2	3	4
19) addressing the person's emotional needs	1	2	3	4
20) addressing behavioural concerns	1	2	3	4
21) addressing cognitive concerns	1	2	3	4
Other needs that I have... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4
3. SUPPORT: PERSON WITH TBI				
22) support groups	1	2	3	4
23) the benefits of support groups	1	2	3	4
24) where I can find support groups	1	2	3	4
25) day care for the person	1	2	3	4
Other needs that the person with TBI has... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4

Figuur 4: Voorloppige meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met traumatiese breinbesering.

Figuur 4: Voorloplige meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met traumatiese breinbesering.

I need	No need	Not such a big need	Fairly big need	Big need
4. SUPPORT FOR THE CAREGIVER (GC)				
26) to know more about a caregiver support group	1	2	3	4
27) to speak to other people that have already been through the process	1	2	3	4
28) to know more about a communication group where the CG can ask questions to other professionals and other people, regarding problems experienced	1	2	3	4
29) support to make the necessary changes in my life style to look after the person (my work, at home, etc)	1	2	3	4
30) to tell someone about my emotions & feelings	1	2	3	4
31) to tell someone about my disappointments	1	2	3	4
Other needs that I have... (Please list & tick relevant box)	1	2	3	4
•	1	2	3	4
5. COMMUNICATION WITH THE PERSON				
32) specific guidelines in order to help the person to understand me better during communication interaction	1	2	3	4
33) specific guidelines in order to understand the person better in communication interaction	1	2	3	4
34) to know what I can do to improve the person's speech	1	2	3	4
35) more information on different devices that are available to support the person during communication	1	2	3	4
36) more information regarding ways to address the person's communication needs	1	2	3	4
37) to know more about ways to stimulate the person	1	2	3	4
38) to know more about when to stimulate the person	1	2	3	4
Other needs that the CG has... (Please list & tick relevant box)	1	2	3	4
•	1	2	3	4
6. COPING				
39) to know how to cope with slow recovery	1	2	3	4
40) to see that the person is improving	1	2	3	4
Other needs that the CG has... (Please list & tick relevant box)	1	2	3	4
•	1	2	3	4
7. HOPE				
41) to know what the future holds for the person	1	2	3	4
42) to have more hope for the rehabilitation team	1	2	3	4
43) to know about the person's long term outcomes	1	2	3	4
44) to know about the future implications of the injury	1	2	3	4
45) to speak to someone that will give me more hope	1	2	3	4
Other needs that I have... (Please list & tick relevant box)	1	2	3	4
•	1	2	3	4

NEEDS QUESTIONNAIRE FOR CAREGIVERS OF A PERSON WITH A TRAUMATIC BRAIN INJURY

Instructions: Make a cross in the appropriate block according to your need

Die voorlopige meetinstrument “**Behoeftetraelys vir sorggewers van ‘n persoon met ‘n traumatiese breinbesering**” [*“Needs questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury”*], is saamgestel op grond van die resultate wat verkry is tydens die uitvoering van Fase 1 (Bylae P). Die doel van die voorlopige meetinstrument is tweeledig. Eerstens is met die meetinstrument gepoog om die deelnemers se behoeftes ten opsigte van die algemene hantering van die persoon met ‘n TBB, die rol van die sorggewer, ondersteuning, kommunikasie, hantering, hoop en die professionele span, te bepaal.

Tweedens is die doel van die meetinstrument (Bylae P) om te bepaal of daar wel ‘n verandering in die deelnemers se behoeftes (deur middel van die meetinstrument) gemeet kan word, nadat inligting in die vorm van ‘n werkwinkel aan hulle verskaf is. Daaruit kan moontlike afleidings gemaak word ten opsigte van die leemtes, behoeftes en beperkinge wat die sorggewers van ‘n persoon met ‘n TBB tydens die akute rehabilitasieperiode ondervind en die effektiwiteit van dienslewering deur die rehabilitasiespan. ‘n Verdere afleiding wat ook gemaak kan word, is dat indien daar reeds tydens die akute rehabilitasieperiode inligting aan sorggewers verskaf word, of hulle behoeftes dan wel sal verander, en of die meetinstrument hierdie moontlike veranderinge sal kan meet.

‘n Meetinstrument (Bylae P), bestaande uit sewe bladsye is in Engels saamgestel.⁷ Die inhoud van die vrae is opgestel vanuit die resultate wat verkry is tydens die uitvoer van Fase 1 (Deel 1: Veelvuldige enkelgevallestudies en Deel 2: ‘n Fokusgroep en drie semigestruktureerde onderhoude).

Die voorlopige meetinstrument bestaan uit agt hoofareas van behoeftes soos geïdentifiseer tydens Fase 1. Elke behoeftearea is weer onderverdeel in ‘n aantal behoeftevrae wat in die bepaalde areas van behoeftes voorgekom het. Die meetinstrument (***Behoeftetraelys vir sorggewers van ‘n persoon met TBB***) [*“Needs Questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury*] bestaan uit ‘n totaal van twee-en-sestig (62) geslote vrae, wat opgestel is met die doel om die deelnemers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode te bepaal. Die agt hoofafdelings van die meetinstrument sluit die volgende behoefteareas van die sorggewers in:

⁷ Die meetinstrument is in Engels saamgestel, aangesien die deelnemers wat aan hierdie gedeelte van die studie deelgeneem het, slegs Engelssprekend was.

- Afdeling 1: Die algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB;
- Afdeling 2: Die rol van die sorggewer in die hantering van die persoon met 'n TBB;
- Afdeling 3: Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB;
- Afdeling 4: Ondersteuning vir die sorggewer van 'n persoon met 'n TBB;
- Afdeling 5: Kommunikasie met die persoon met 'n TBB;
- Afdeling 6: Hantering: Die hantering van die herstelproses;
- Afdeling 7: Hoop: Om meer hoop te hê;
- Afdeling 8: Die professionele span.

Daar is in die meetinstrument slegs van Likert-skaaltipe vrae gebruik gemaak, wat die deelnemers op 'n skaal van een (1) tot vier (4) moes afmerk, naamlik: (Opsie 1 = Geen behoefte; Opsie 2 = Nie so 'n groot behoefte nie; Opsie 3 = Kan moontlik 'n behoefte wees; Opsie 4 = Behoeftes). Die responskategorieë is so ontwerp dat die deelnemers hulle opsies op spesifieke punte moes uitvoer. Die voordeel van Likert-skaaltipe vrae is dat waardevolle inligting oor nie-eksakte en subjektiewe aspekte verkry word (De Vos, 1998). Aan die einde van elke afdeling is daar oop vrae ingesluit, om aan die deelnemers die geleentheid te gee om enige ander behoefte wat nie in die meetinstrument ingesluit is nie, te lys.

3.3.7.2. Werkswinkel

'n Werkswinkel (Bylae Q) is deur die navorser in Engels saamgestel aangesien al die deelnemers wat in die tweede fase van die studie deelgeneem het, Engelssprekend was. In die aanbieding van die werkswinkel is daar gepoog om die deelnemers se behoeftes aan te spreek. Die doel van die werkswinkel was om te bepaal of die deelnemers se behoeftes verander nadat inligting aan hulle verskaf is, en op hierdie wyse kan daar ook bepaal word of die meetinstrument die verandering in die behoeftes kon meet. Die werkswinkel is saamgestel vanuit 'n teoretiese perspektief en volgens die behoefteareas wat in die voorlopige meetinstrument voorkom. Die volgende aspekte is tydens die aanbieding van die werkswinkel in oënskou geneem:

- Die aard van 'n TBB: Definisie, klassifikasie en oorsaak van TBB;
- Werking en funksies van die menslike brein;
- Karaktereienskappe van 'n persoon met 'n TBB;
- Kognitiewe afwykings na 'n TBB;

- Gedrags-en emosionele probleme na 'n TBB;
- Vlakke van bewustheid van 'n persoon met 'n TBB in die akute periode en die rol van die sorggewers;
- Kognitiewe kommunikasieafwykings na 'n TBB
- Fisiese afwykings na 'n TBB;
- Die rehabilitasieproses: Definisie en doelwitte;
- Die rehabilitasiespan: Die rol van die verskillende spanlede;
- Reaksies van sorggewers teenoor 'n breinbesering;
- Implikasies van die TBB vir die sorggewers;
- Wat die sorggewers kan doen as die persoon met 'n TBB ontslaan word uit die hospitaal;
- Familiehantering;
- Ondersteuningsgroepe vir sorggewers;
- Ondersteuningsgroepe vir persone met 'n TBB.

Die werkswinkel het inligting in beide verbale en geskrewe formaat aan die deelnemers voorsien en is by twee afsonderlike geleenthede⁸ aan die deelnemers by die rehabilitasiesentrums beskikbaar gestel (Bylae Q).

Tydens die eerste werkswinkel was Deelnemers D12 en D13 en tydens die tweede Deelnemers D14 en D15, teenwoordig. Die werkswinkel het ongeveer twee en 'n half ure geneem en het bestaan uit inligting- en opleidingverskaffing en groepbesprekings waar die deelnemers die geleentheid gekry het om persoonlike ervarings en behoeftes te deel. Daar is aan die einde van die werkswinkel ook geleentheid gegee vir vrae.

Die werkswinkel was suksesvol ten opsigte van die hantering van die deelnemers se behoeftes en positiewe terugvoer is van die deelnemers ontvang. Alhoewel die werkswinkel die breë areas van die deelnemers se behoeftes in verband met die aard en effekte van 'n TBB, ensovoort (sien bogenoemde punte), aangeroer het, was daar nie genoeg tyd om spesifieke probleme wat die deelnemers ervaar het, in diepte te bespreek nie. 'n Opvolg-werkswinkel sou van groot waarde gewees het, maar weens beperkte tyd van die deelnemers, was dit nie tydens die uitvoer van hierdie studie moontlik nie.

⁸ Die deelnemers kon/ was nie almal op een dag beskikbaar nie, en daarom het die navorser besluit om die werkswinkel twee keer aan te bied.

3.3.8. Data-insamelingsprosedures vir Fase 2

3.3.8.1. Veelvuldige enkelgevallestudies (Pretoets)

- Vier deelnemers (D12-D15) wat aan die seleksiekriteria voldoen is geselekteer en die voorlopige meetinstrument (**Behoeftevraelys vir sorggewers van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering**) [*“Needs questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury”*] is aan hulle gegee om te voltooi;
- Die doel en instruksies vir die invul van die meetinstrument is voor die voltooiing daarvan aan die deelnemers verduidelik;
- Die voorlopige meetinstrument is in die teenwoordigheid van die navorser voltooi;
- Die voorlopige meetinstrument is onmiddellik ingeneem nadat die deelnemers dit voltooi het.

3.3.8.2. Aanbieding van die werkswinkel (Gebeurtenis)

- Voor die aanvang van die werkswinkel het die navorser die doel van die studie asook van die werkswinkel, aan die deelnemers verduidelik;
- Voor die aanvang van die werkswinkel het die navorser aan elke deelnemer 'n program gegee van die aspekte wat tydens die werkswinkel behandel sou word;
- Elke deelnemer het ook 'n pen en papier ontvang om aantekeninge tydens die werkswinkel te neem;
- Die navorser het die werkswinkel in beide verbale en geskrewe formaat vir die deelnemers aangebied;
- Die deelnemers het 'n uitdeelstuk waarin die werkswinkel uiteengesit is, ontvang (Geskrewe formaat) (Sien Bylae Q);
- Die navorser het stap vir stap die uitdeelstuk met die deelnemers behandel en aan die einde van elke afdeling aan die deelnemers die geleentheid gegee om vrae te vra of om hulle persoonlike opinies te lig;
- Die werkswinkel het ongeveer 2 en 'n half ure geneem.

3.3.8.3. Veelvuldige enkelgevallestudies (Posttoets)

- Na die aanbieding van die werkswinkel is die deelnemers gevra om weer die voorlopige meetinstrument te voltooi. Dieselfde prosedures vir die invul van die meetinstrument is gevolg (sien pretoets);
- Die inligting van die meetinstrument is verkry en die data is op 'n kwantitatiewe wyse verwerk (Sien dataverwerkingsprosedures 3.3.8.1.).

3.3.9. Dataverwerkingsprosedures vir Fase 2

3.3.9.1. Veelvuldige-enkelgevallestudies (Pretoets)

Die vier deelnemers (D12-D15) wat aan die tweede fase van die studie deelgeneem het, het die meetinstrument voltooi, deur hulle behoeftes op die Likert-skaal (*Opsie 1 = Geen behoefte; Opsie 2 = Nie so 'n groot behoefte; Opsie 3 = Kan moontlik 'n behoefte wees; Opsies 4 = Behoefte*) aan te dui.

Die data van hierdie resultate is daarna op drie verskillende maniere bereken:

Die resultate is eerste as volg bereken:

Eerstens is al die deelnemers se behoeftes (in terme van die verskillende afdelings van die meetinstrument) afsonderlik bereken, en 'n frekwensietelling is uitgevoer op die aantal kere wat hulle Opsies 1 (Geen behoefte), Opsies 2 (Nie so 'n groot behoefte), Opsies 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) en Opsies 4 (Behoefte), voor en na die aanbieding van die werkswinkel, gekies het. Hierdie resultate is dan op 'n grafiek voorgestel.

Tweedens is die resultate as volg bereken: Opsies 1 en 2 is saamgevoeg as "Geen behoeftes" en Opsies 3 en 4 is saamgevoeg as "Behoeftes". Die wyse waarop die resultate bereken is, deur die patrone van interpretasie te verander, is gedoen met die doel om moontlik te bewys dat 'n verandering in die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word, nie 'n verandering van resultate tot gevolg het nie.

Die aantal “Geen behoeftes” en “Behoeftes” is dan bymekaar getel, en is op ‘n grafiek voorgestel. Dieselfde prosedures is gebruik om die resultate te bereken wat voor en na die aanbieding van die werkwinkel verkry is.

Hierdie prosedures is gebruik om elke deelnemer se data afsonderlik voor te stel. Verder is dit ook gebruik om die verskillende behoeftes, van die verskillende afdelings vir elke Deelnemer voor te stel. Daar is ook ‘n opsommende beeld van die resultate wat op hierdie wyse bereken is, waarin die resultate van al vier die deelnemers saamgevoeg is en op 1 grafiek voorgestel is.

Derdens is die resultate as volg bereken: Opsie 1 word bereken as “Geen behoefte” en Opsies 2, 3 en 4 word saamgevoeg as “Behoeftes”. Die wyse waarop die resultate bereken is, deur die patrone van interpretasie te verander, is gedoen met die doel om moontlik te bewys dat ‘n verandering in die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word, nie ‘n verandering van resultate tot gevolg het nie.

Indien die deelnemers Opsie 1 geselekteer het voor en na die aanbieding van die werkwinkel, is hierdie behoefte beskou as “Geen behoefte” nie. Indien die Deelnemer Opsies 2, 3 en 4 geselekteer het voor die aanbieding van die werkwinkel, is dit saamgevoeg as ‘n geheel, naamlik “Behoeftes”. Die aantal “Geen behoeftes” en “Behoeftes” is dan bymekaar getel, en die totale aantal behoeftes is op ‘n grafiek voorgestel. Hierdie prosedures is gebruik om elke deelnemer se data afsonderlik en as ‘n geheel voor te stel. Verder is dit ook gebruik om die verskillende behoeftes voor te stel van die verskillende afdelings vir elke deelnemer.

Daar is ook ‘n opsommende beeld van die resultate wat op hierdie wyse bereken is, waarin die resultate van al 4 die deelnemers saamgevoeg is, en op 1 grafiek voorgestel is.

Al die inligting wat voor en na die aanbieding van die werkwinkel verkry is, is in dieselfde frekwensietabelle en staafdiagramme aangedui. Op hierdie wyse is daar bepaal of daar wel ‘n verskuiwing in die sorggewers se behoeftes voorgekom het nadat inligting aan hulle verskaf is.

3.4. ETIESE OORWEGINGS

Die volgende etiese oorwegings is tydens die data-insameling in gedagte gehou:

- Die studie is voorgelê aan die Universiteit van Pretoria se Navorsings-en Etiese Komitee vir goedkeuring (Bylae A en B);
- Die deelnemers het die doel van die studie verstaan en het die reg gehad om enige tyd hulle deelname aan die projek te onttrek indien dit hulle keuse sou wees (Latvala en Vuokila- Oikkonen, 2000);
- Die deelnemers het skriftelike toestemming gegee tot die uitvoer van die projek en is voldoende ingelig oor alle aspekte van die studie. Daar is seker gemaak dat die deelnemers deeglik ingelig is oor hulle deelname aan die projek (Bylae H).
- Aangesien die deelnemers persoonlik genader is, kon anonimiteit nie gehandhaaf word nie. Volgens Bless en Higson-Smith (1995) is die deelnemers dus verseker van vertroulikheid deurdat die resultate slegs vir die doel van die navorsing gebruik is, en dat geen ander persone toegang tot die data wat verkry is, het nie.

3.5. AANGELEENTHEDE RAKENDE GELDIGHEID, BETROUBAARHEID EN VERTROUENSWAARDIGHEID

Newman (1997) omskryf die geldigheid van 'n meetinstrument as die mate waarin die instrument dít meet wat gepoog word om te meet. Neuman (1997) meen verder dat inhoudsgeldigheid die volgende vereis: "Is die volle inhoud van 'n definisie verteenwoordig in die meting?" Om die geldigheid van die materiaal (waarnemingsvorme, vraelyste en meetinstrument) wat in hierdie studie gebruik is, te verhoog, is die materiaal verdeel in gedragkategorieë of dimensies waarvolgens die metings gedoen is. Verder is 'n in diepte literatuurstudie uitgevoer om die spesifieke materiaal op 'n oordeelkundige wyse te selekteer en sodoende die inhoudsgeldigheid te verhoog.

Konstruksiegeldigheid moet in ag geneem word om die wetenskaplikheid van 'n studie te verhoog. Volgens Neuman (1997) is konstruksiegeldigheid van toepassing op studies waar meer as een meting gebruik word. Die vraag is of die onderskeie metings op 'n konsekwente manier plaasvind en/of die inligting wat deur die onderskeie metings

verwerf gaan word, mekaar ondersteun. Neuman (1997) meen dat die meetings verbeter kan word deur 'n definisie van die metingskonsep te gebruik wat gespesifiseerde grense aandui. Soos reeds genoem, is die materiaal (waarnemingsvorme, vraelys en meetinstrument) wat in die studie gebruik is, verdeel in kategorieë waarvolgens die metings gedoen is. Die gebruik van hierdie kategorieë het die konstruksiegeldigheid vir hierdie studie verhoog. Die navorser het ook voor die uitvoer van die hoofstudie ander kundige kollegas (STT) op die vakgebied genader om die verskeie meetinstrumente wat in die studie gebruik is, te evalueer.

Die interne geldigheid van 'n studie word deur Leedy en Ormrod (2001) omskryf as die mate waarin die ontwerp en die data wat dit insamel, die navorser toelaat om akkurate gevolgtrekkings oor die oorsaak en gevolg en ander verhoudings binne die data te maak. Ten einde die interne geldigheid van die studie te verseker, is daar gepoog om die veranderlikes konstant te hou en alle moontlike verklarings vir die resultate waargeneem, uit te skakel. Dit is bereik deur die seleksiekriteria vir die deelnemers streng op te stel en na te volg.

Die eksterne geldigheid is die mate waarin gevolgtrekkings wat gemaak word uit die studie veralgemeen kan word ten opsigte van ander kontekste (Leedy en Ormrod, 2001). In hierdie geval is die huidige studie beperk as gevolg van die klein groep deelnemers wat gebruik is. Daar is in die bespreking van die resultate gewaak teen oorveralgemening ten opsigte van die populasie van sorggewers van 'n persoon met 'n TBB. Verder het hierdie studie slegs gepoog op die ontwikkeling van 'n voorlopige meetinstrument en nie op die bepaling van die effektiwiteit daarvan nie.

Volgens Baird *et al.*, (1992) is betroubaarheid 'n kwessie wat kommer wek oor die deelnemer se interaksie vaardighede en instrumente wat gebaseer is op inferensiële en evaluasie veranderlikes. Om die betroubaarheid van die analise van die waarneming te verhoog, het die navorser gebruik gemaak van 'n tweede waarnemer tydens die analise van die waarnemingsresultate (Fase 1).

Neuman (1997) is egter van mening, dat perfekte geldigheid en betroubaarheid feitlik onmoontlik is om te behaal, maar dat navorsers dit deur aanpassings, soos in die voorafgaande bespreking verduidelik, probeer maksimaliseer. Die kredietwaardigheid van hierdie studie is verder verhoog deur die inligting op verskillende maniere in te

samel. Daar is van verskillende metodes en inligtingsgroepe gebruik gemaak. Op hierdie wyse is die fenomeen van die studie beter verstaan en geïnterpreteer.

Omdat daar in hierdie studie ook van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak is, is dit ook belangrik om die kwessies oor geldigheid en betroubaarheid in die tipe navorsing te bespreek. In kwalitatiewe navorsing word daar nie van die terme “geldigheid” en “betroubaarheid” gebruik gemaak nie (Nel, 2002). Marshall en Rossman (1995) meld dat alle tipes navorsing moet reageer op die standaarde wat dien as ‘n kriteria waarvolgens die vertrouenswaardigheid van die projek geëvalueer kan word. Volgens Marshall en Rossman (1995) kan hierdie standaarde herfraseer word as vrae waarop alle navorsing moet reageer:

- Hoe geloofwaardig is die spesifieke bevindinge van die studie en watter kriteria kan gebruik word om die bevindinge te beoordeel?
- Hoe kan hierdie bevindinge oorgedra en toegepas word in ander omstandighede en op ander deelnemers?
- Hoe kan daar min of meer verseker word dat die navorsingsbevindinge herhaal kan word, in dieselfde situasies en deelnemers?
- Hoe kan daar seker gemaak word dat die bevindinge die van die deelnemers en navraag self reflekteer, eerder as die navorser se vooroordele?

In hierdie studie is daar gepoog om aan die bogenoemde kriteria te voldoen deur die volgende stappe te doen:

- Elke stap van die navorsing is deeglik beplan en moontlike probleme is in ag geneem;
- Die hoofdoelwit en die subdoelwitte wat daaruit vloei, is duidelik gestel;
- Die vrae is opgestel sodat direkte antwoorde op die doelstellings verskaf kon word;
- ‘n Deeglike literatuurstudie is uitgevoer sodat die navorser kan verseker dat resente tendense in navorsing in gedagte gehou kan word;
- Eenvoudige instruksies, formaat en taalgebruik van die gesprek is gebruik;
- ‘n Loodsstudie is vooraf uitgevoer om enige tekortkominge vooraf te identifiseer en om seker te maak dat alle data-insamelingsprosedures toepaslik en toepasbaar is.

Deur van die bogenoemde kriteria en prosedures gebruik te maak, is die vertrouenswaardigheid van die navorsingsprojek verseker en daar is ook seker gemaak dat die projek op dieselfde wyse gedupliseer kan word (Nel, 2002).

3.6. OPSOMMING

Hierdie hoofstuk bied 'n uiteensetting van die beplanning en implementering van die navorsing om die primêre sorggewers se behoeftes te bepaal tydens die akute rehabilitasie periode, ten einde 'n meetinstrument op te stel, wat hierdie behoeftes sal kan meet, tydens die akute rehabilitasieperiode. Die hoofstuk bied verder 'n uiteensetting van die implementering van die navorsing ten einde te bepaal of die voorlopige meetinstrument wel 'n verandering in die primêre sorggewers se behoeftes sal kan meet, nadat inligting in die vorm van 'n werkwinkel aan hulle verskaf is.

Eerstens is die hoofdoelstelling geformuleer en daarna volg 'n volledige uiteensetting van die metode wat tydens Fases 1 en 2 van die navorsing wat uitgevoer is. Beide fases se metode word uiteengesit volgens die doelstelling, navorsingsontwerp, steekproef, beskrywing van die deelnemers en seleksieprosedures. Die navorsingsmateriaal, datainsamelings- en dataverwerkingsprosedures van altwee Fases word ook uiteengesit en volledig bespreek.

HOOFSTUK 4

AANBIEDING VAN RESULTATE

4.1. INLEIDING

Die hoofdoel van hierdie studie is om primêre sorggewers van persone met 'n TBB se behoeftes te bepaal met die oog op die ontwikkeling van 'n voorlopige meetinstrument en om daarna te bepaal of die meetinstrument 'n verandering in die sorggewers se behoeftes kan meet, nadat inligting aan hulle verskaf is.

Ten einde die doel van die studie te bereik, is die navorsingsproses in twee fases (Fase 1 en Fase 2) ingedeel. Die resultate van die studie sal aangebied en bespreek word ooreenkomstig die geformuleerde subdoelstellings soos uiteengesit in die metode. Eerstens volg 'n volledige bespreking van die resultate wat verkry is tydens die uitvoering van die veelvuldige enkelgevallestudies (Fase 1: Deel 1 - Waarneming en vraelyste). Daarna sal 'n bespreking volg van die resultate wat verkry is tydens die uitvoer van die diskoersanalise (DA) (Fase 1: Deel 2 - Fokusgroep en semi-gestruktureerde onderhoude). Die resultate van Fase 2 (Vier enkel-gevallestudies) word laastens bespreek.

4.2. RESULTATE VAN FASE 1 – DEEL 1: WAARNEMING EN VOLTOOI-ING VAN DIE BEHOEFTEVRAELYS

In hierdie gedeelte van die studie sal die resultate wat tydens die eerste deel van Fase 1 verkry is, bespreek word.

4.2.1. Subdoelstelling van Fase 1

Bepaling van die deelnemers se huidige behoeftes en vlak van kennis ten opsigte van bepaalde kategorieë van kommunikasie, interaksie en algemene hantering van 'n persoon met 'n TBB, met die doel om dit in die meetinstrument in te sluit.

Die resultate van hierdie subdoelstelling word eerstens bespreek in terme van die gestruktureerde waarneming (Fase 1: Deel 1) (Pragmatic Protocol, Prutting en Kirchner,

1987) en die Behoeftetraelys (Fase 1: Deel 1). Die resultate word as geheel saamgevat en bespreek.


4.2.2. Fase 1 – Deel 1 (a): Gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming

Die resultate wat tydens die uitvoer van die **gestruktureerde waarneming** verkry is, word vervolgens bespreek. Tydens die waarneming is die interaksie tussen die deelnemers (sorggewers van persone met 'n TBB) en die persone met 'n TBB waargeneem, en die waargenome gedrag is op die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) opgeteken. Die resultate is met behulp van 'n tweede beoordelaar geanaliseer en in die vorm van grafieke voorgestel. Daarna volg 'n volledige uiteensetting van die resultate wat tydens die **ongestruktureerde waarneming** (veldnotas) verkry is. Die veldnotas maak voorsiening vir die optekening van addisionele inligting wat tydens die waarneming verkry is. Op hierdie wyse is alle moontlike gedrag waargeneem en opgeteken om die resultate meer volledig te maak.

4.2.2.1. Resultate van die gestruktureerde waarneming – Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)

a) Resultate van die deelnemers (D1, D2 & D3) se gedrag op die verbale domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)

Die verskillende persentasies wat verkry is tydens die analisering van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) word grafies voorgestel in Figure 5, 6, en 7.




Die analisering van Figuur 5 dui daarop dat die deelnemers oor die algemeen 'n hoë persentasie verkry het in die verskillende verbale domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987). 'n Indiepte analisering van die resultate dui aan dat die navorser en die tweede beoordelaar van mening is dat Deelnemer 1 geen ontoepaslike gedrag in die verskillende verbale domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) toon nie. Deelnemer 2 toon egter ontoepaslike interaksie in die gebruik van beurname. Dié deelnemer (D2) se vermoë om spraakgebeurtenisse ten tye van die waarneming te inisieër en dienooreenkomstig daarop te reageer, is as ontoepaslik beskryf. Verder is ontoepaslike interaksievaardighede ook waargeneem aangesien Deelnemer 2 geneig is om die persoon met 'n TBB te onderbreek tydens kommunikasie-interaksie en dat die gesprek tussen Deelnemer 2 en die persoon met 'n TBB dikwels oorvleuel. Die oorvleueling van die gesprek tussen Deelnemer 2 en die persoon met 'n TBB beïnvloed gevolglik die effektiwiteit van die interaksie. Deelnemer 2 se variasies in kommunikasiestyl is ook as ontoepaslik beskryf, aangesien die persoon van te veel variasie in haar stemtoon gebruik maak en gevolglik met die persoon op 'n onvolwasse manier kommunikeer. Dit lei tot die gevolg dat 'n wanaanpassing tussen die styl en status van die luisteraar (persoon met 'n TBB) ontstaan.

Deelnemer 3 toon hoofsaaklik in die area van die gebruik van beurtname ontoepaslike interaksie. Deelnemer 3 toon 'n onvermoë om die gesprek te herstel indien kommunikasie afbraak voorkom asook in haar vermoë om te vra vir die herstel van die kommunikasie afbraak indien sy nie die persoon met 'n TBB goed verstaan nie. Onderbreking en oorvleueling tydens kommunikasie-interaksie is ook by Deelnemer 3 waargeneem.

Die ontoepaslike gedrag wat by Deelnemers 2 en 3 waargeneem is, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Deelnemers se familielid met 'n TBB min maniere van verbale kommunikasie het en hoofsaaklik slegs op 'n nie-verbale wyse kommunikeer. Nie een van die twee persone met 'n TBB (van Deelnemers 2 en 3) kon verbaal kommunikeer nie en kommunikeer slegs deur middel van "Ja"/ "Nee" response, en die gebruik van gesigsuitdrukkings en/of gebare. Deelnemer 1 se persoon met 'n TBB, beskik egter oor goeie verbale kommunikasievermoëns, en kan 'n gesprek voer.


b) Resultate van die deelnemers (D1, D2 & D3) se gedrag op die Paralinguistiese domein van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987)



Die resultate van die pragmatiese domein van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) word aangetoon in Figuur 6.

Analisering van die resultate in Figuur 6 dui daarop dat die drie deelnemers goeie interaksievaardighede openbaar in die volgende areas: verstaanbaarheid, vokaalintensiteit, vokaalkwaliteit, prosodie en vlotheid. Deelnemer 2, toon ontoepaslike gedrag in die gebruik van prosodie. Daar is deur die navorser en die tweede beoordelaar waargeneem dat Deelnemer 2 van oormatige intonasie en klempatrone in die boodskap gebruik maak. Daar kom ook te veel ontoepaslike variasies in haar luidheid, toonhoogte en duur voor. Dit “klink” dus asof die persoon met ‘n jong kind en nie met ‘n volwassene praat nie.

c) Resultate van die deelnemers (D1, D2 & D3) se gedrag op die nie-verbale domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987).



Volgens die resultate soos uiteengesit in Figuur 7, is dit duidelik dat Deelnemers 1 en 3 toepaslike interaksievaardighede vertoon in al die areas van nie-verbale domeine van kommunikasie-interaksie. Deelnemers 2, toon egter in hierdie domein ontoepaslike gedrag in die gebruik van fisiese kontak. Daar is deur die navorser en tweede beoordelaar opgemerk dat Deelnemer 2 te veel aan die persoon met ‘n TBB vat, en dat sy ook, nie toepaslik vir sy ouderdom nie, hom ontoepaslik aan die kop vat, en sy kop op haar skouer neerlê. Die gedrag stem ooreen met al die vorige gedrag wat ook waargeneem is in die verbale- sowel as paralinguistiese domeine van interaksie,

deurdat die navorser van mening is dat Deelnemer 2 op 'n meer volwasse manier met die persoon met 'n TBB moet kommunikeer.

4.2.2.2. Resultate van die ongestruktureerde waarneming – Veldnotas

Veldnotas is tydens die waarneming deur die navorser asook die tweede beoordelaar gemaak. Die veldnotas word in tabel (Tabel 9) uiteengesit.

Tabel 9: Veldnotas geneem tydens die waarneming van die interaksie tussen die persoon met 'n TBB en die Deelnemers (D1-D3) (primêre sorggewers van persone met TBB)

Deelnemers	Resultate/ Veldnotas
Deelnemer 1	<ul style="list-style-type: none"> Deelnemer 1 is stil en kommunikeer nie baie met die persoon met 'n TBB nie, maar indien daar wel interaksie voorkom, is dit toepaslik.
Deelnemer 2	<ul style="list-style-type: none"> Deelnemer 2 praat op 'n onvolwasse manier met die persoon met 'n TBB, soos asof hy 'n kind is. Deelnemer 2 maak van te veel variasies in haar stemtoonhoogte gebruik, met die gevolg dat dit klink asof sy met die persoon praat asof hy nog 'n kind is. Deelnemer 2 blyk onbewus te wees van haar kind se probleme, en ervaar die feit dat die persoon nie kan praat nie, as normaal. Die deelnemer het tydens die waarneming genoem dat sy net bly is die persoon met die TBB het die ongeluk oorleef. Die feit dat die deelnemer slegs verlig is dat die persoon die ongeluk oorleef het, blyk normaal te wees tydens die akute rehabilitasie tydperk. Dit verklaar ook die bevinding dat die deelnemer nie op hierdie stadium bekommerd is oor die persoon met TBB se kommunikasieprobleem nie. Deelnemer 2 vra te veel vrae en raai wat die persoon met 'n TBB se antwoord op 'n vraag is.

Deelnemer 3

- Dit wil voorkom asof Deelnemer 3 dikwels geïrriteerd raak tydens kommunikasie-interaksie, as sy nie die persoon met 'n TBB kan verstaan nie. Wanneer dit gebeur, is dit hoofsaaklik wanneer daar oorvleueling van die gesprek plaasvind, en gevolglik die interaksie negatief beïnvloed.

Tabel 9 is 'n uiteensetting van die veldnotas wat deur die navorser en die tweede beoordelaar tydens die waarneming geneem is. Die waargenome gedrag van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) word dus beklemtoon. Die veldnotas is ook gebruik om die aard van die waargenome interaksie volledig te beskryf tydens die waarneming. Slegs die ontoepaslike gedrag wat herhaaldelik tydens die interaksie waargeneem is, is opgeteken as veldnotas, aangesien die navorser en tweede beoordelaar dan van mening was dat die betrokke deelnemer nie oor genoegsame kennis beskik, om die foutiewe gedrag te verander nie.

In die analisering van die veldnotas kom dit voor asof die deelnemers nie oor genoegsame kennis⁹ beskik ten opsigte van die maniere waarop hulle met die persoon met 'n TBB kan kommunikeer indien die persoon kommunikasie-probleme het nie. Deelnemer 1 is geneig om stil te bly tydens kommunikasie om moontlik te voorkom dat sy die persoon met 'n TBB frustreer. Deelnemer 2 het dikwels “patronizing”¹⁰ opgetree teenoor die persoon. Sy het met die persoon gekommunikeer deur met hom te praat asof hy 'n kind is, en ontoepaslik sy kop op haar skouer gesit en gevryf. Deelnemer 3 het dikwels geïrriteerd geraak as sy nie die persoon met 'n TBB verstaan het nie, en dit het ook daartoe gelei dat die persoon met 'n TBB ook gefrusteerd raak. In hierdie geval het daar dikwels oorvleueling van gesprek plaasgevind, en gevolglik die interaksie negatief beïnvloed.

4.2.3. Fase 1 – Deel 1 (b): Behoeftevraelys

4.2.3.1. Resultate van Afdeling B van die behoeftevraelys


⁹ Indien die respondente volgens die navorser nie genoegsame kennis ten opsigte van interaksie met die persoon met 'n TBB vertoon het nie, is die gebrek aan kennis, vir die doel van die studie, geïnterpreteer as 'n behoefte wat die respondente het. Dus 'n gebrek aan kennis is volgens die navorser gesien as 'n behoefte en die aspekte is ag geneem tydens die opstel van die meetinstrument.

¹⁰ Die woord “patronizing” word vir die doel van die bespreking in die studie gebruik, aangesien daar geen Afrikaanse woord gevind kan word om die doeltreffende betekenis van die woord weer te gee nie.

Die resultate van toepassing in hierdie gedeelte, word bespreek in terme van die subafdelings van die vraelys (Afdeling B), en is voorgestel met behulp van staafdiagramme. Die resultate is as 'n geheel bespreek in terme van die response van Deelnemers 1, 2 en 3, soos verkry tydens die uitvoer van die veelvuldige enkelgevallestudies.

a) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan algemene inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand

Hierdie resultate sluit die reponse op Vrae 34, 37, 38 en 43 van die vraelys in, rakende die deelnemers se behoeftes aan inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand.




Figuur 8 dui aan dat Deelnemer 1 op drie van die vier vroe Opsies 4 (Behoefte) en op slegs een vraag, Opsie 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) geselekteer het. Deelnemer 1 dui aan dat sy 'n behoefte het aan meer inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese versorging, alle veranderinge in die mediese toestand wat moontlik kan voorkom en 'n aanduiding van hoe lank die persoon met 'n TBB se probleme sal aanhou. Verder het Deelnemer 1 ook 'n moontlike behoefte om meer inligting te ontvang oor die sjirurgiese prosedures wat gevolg kan word tydens breinbeserings.

Deelnemer 3 toon aan dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting te ontvang oor die mediese versorging van die persoon met 'n TBB, sjiurgiese prosedures wat gevolg kan word tydens 'n TBB, asook 'n aanduiding van hoe lank die persoon met 'n TBB se probleme sal aanhou. Om ingelig te word oor alle veranderinge in die persoon met 'n TBB se mediese toestand is deur Deelnemer 3 aangedui as 'n behoefte. Deelnemer 2 het hoofsaaklik die Opsies 1 en 2 van die vrae gekies, wat daarop dui dat sy geen of nie so 'n groot behoefte het aan meer inligting oor die mediese toestand van die persoon met 'n TBB nie. Deelnemer 2 dui aan dat sy geen behoefte het om ingelig te word oor alle veranderinge in die persoon met 'n TBB se mediese toestand, mediese versorging en 'n aanduiding van hoe lank die persoon met 'n TBB se probleme sal aanhou nie. Inligting oor sjiurgiese prosedures wat gevolg word tydens breinbeserings is ook as nie so 'n groot behoefte deur Deelnemer 2 aangedui.

b) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting in verband met die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe afwykings

Die resultate van hierdie behoeftes sluit die response van Vrae 22, 28 en 30 in.




Die resultate soos aangedui in Figuur 9 toon aan dat die deelnemers verskillende behoeftes ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe

afwykings het. Deelnemers 1 en 2 dui aan dat hulle 'n moontlike behoefte het om die persoon met 'n TBB te help om beter te onthou, terwyl Deelnemer 3 aantoon dat sy wel 'n behoefte het om die persoon met 'n TBB te help om beter te onthou. Slegs Deelnemers 1 en 2 het 'n moontlike behoefte aan kennis oor hoe om die persoon se aandag en konsentrasievaardighede te hanteer, terwyl Deelnemer 3 aandui dat sy nie so 'n groot behoefte het aan riglyne om die persoon met 'n TBB se aandag en konsentrasievaardighede te verbeter nie. Op die resultaat van Vraag 30 dui Deelnemer 1 aan dat sy 'n behoefte het om te weet hoe om die persoon met 'n TBB te hanteer as hy deurmekaar is, terwyl Deelnemers 2 en 3 dit nie as so 'n groot behoefte beskou nie.

c) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting rakende die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasiereprobleme

Hierdie resultate sluit die response op Vrae 25, 26, 39, en 42 in.




Volgens Figuur 10 is dit duidelik dat Deelnemers 1 en 3, 'n moontlike behoefte en 'n behoefte het aan inligting oor die maniere waarop hulle die persone met 'n TBB se kommunikasiereprobleme moet hanteer. Een van die grootste behoeftes wat by dié deelnemers (D1 en D3) geïdentifiseer is, is om ingelig te word oor wat gedoen moet word indien hulle nie die persone met TBB verstaan nie of indien die persone met TBB

hulle nie verstaan tydens kommunikasie-interaksie nie. Deelnemer 2 toon op hierdie vrae aan dat sy nie so 'n groot behoefte het om ingelig te word oor hoe om op te tree indien sy nie die persoon met 'n TBB verstaan en of hy haar nie verstaan tydens kommunikasie-interaksie nie. Om ingelig te word oor die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme en hoe hulle as sorggewers hulle verskillende kommunikasie-style kan aanpas om die persone met TBB te ondersteun tydens kommunikasie-interaksie, is ook van die moontlike behoeftes, wat by die betrokke deelnemers (D1 en D3) geïdentifiseer is. Deelnemer 2 toon egter aan dat dit nie so 'n groot behoefte, tot geen behoefte vir haar is nie.

d) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting oor die hantering van emosionele- en gedragsprobleme

Die volgende resultate is die response op Vrae 23-25, 45-46 en 53.




Dit is duidelik dat al drie die deelnemers (D1, D2 en D3) volgens Figuur 11 'n moontlike behoefte en 'n behoefte het aan inligting oor hoe die persoon met 'n TBB se gedrags- en emosionele probleme hanteer moet word. Inligting oor hoe om die persoon te hanteer wanneer hy depressief raak, vreemd optree en/of uitbarstings kry, is behoeftes

wat by Deelnemer 1 en 3 geïdentifiseer is. Deelnemer 2 toon op al die voorafgaande vrae Opsie 3 aan wat aandui dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting in hierdie verband te bekom. Om ingelig te word oor hoe hulle te werk moet gaan wanneer die persone geïrriteerd raak, is een van die behoeftes wat by Deelnemer 3 geïdentifiseer is, terwyl Deelnemer 2 dit as geen behoefte beskryf nie. Deelnemer 1 toon op hiërdie vraag aan dat sy 'n moontlike behoefte het om ingelig te word oor wat om te doen indien die persoon met 'n TBB geïrriteerd raak.

e) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan ondersteuning


Die volgende bespreking sluit die resultate op Vrae 32-33, 35-36, 44 en 47 in.



Uit die voorafgaande Figuur 12 is dit duidelik dat die deelnemers 'n moontlike behoefte (Opsie 3) en 'n behoefte (Opsie 4) aanton ten opsigte van Vrae 35, 36. Deelnemer 1 toon aan dat sy 'n behoefte het dat professionele persone met haar moet praat op so 'n wyse dat sy kan verstaan wat hulle bedoel. Deelnemers 2 en 3 selekteer Opsie 3, op hiërdie vraag. Om professionele persone te nader om raad en ondersteuning, is weereens deur Deelnemer 1 aangedui as 'n behoefte, terwyl Deelnemers 2 en 3 weer Opsie 3 op hierdie vraag kies. Deelnemer 1 toon verder aan dat sy 'n behoefte daaraan

het dat haar vrae eerlik beantwoord moet word. Deelnemer 3 toon ook aan dat sy 'n moontlike behoefte daaraan het dat haar vrae eerlik beantwoord moet word, terwyl Deelnemer 2 aandui dat sy geen behoefte daaraan het nie. Dat alle mediese personeel hulle as sorggewers en die persoon met 'n TBB se behoeftes en begeertes sal respekteer, is deur Deelnemers 1 en 3 as behoeftes aangetoon, terwyl Deelnemer 2 weereens aantoon dat sy geen behoefte in hierdie verband het nie. Om inligting te ontvang oor instansies wat hulle kan nader vir raad en ondersteuning is 'n behoefte wat aangetoon is deur Deelnemer 1, en 'n moontlike behoefte vir Deelnemer 3, terwyl Deelnemer 2 dit nie as so 'n groot behoefte beskou nie. Deelnemers 2 en 3 toon wel aan dat hulle 'n moontlike behoefte het om hulle gevoelens met iemand te bespreek wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is, terwyl Deelnemer 1 op hierdie vraag aantoon, dat dit nie so 'n groot behoefte vir haar is nie.

f) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting oor die rol van die sorggewer tydens die akute rehabilitasieperiode




Die resultate op hierdie vrae toon weereens verskillende behoeftes by die deelnemers aan. Volgens Figuur 13 is dit duidelik dat slegs Deelnemer 1 aantoon dat sy 'n behoefte

daaraan het om te weet wat haar rol as sorggewer tydens die akute rehabilitasieperiode is. Deelnemer 2 dui aan dat sy geen behoefte daaraan het om te weet wat die rol van die sorggewer is tydens die akute rehabilitasieperiode nie, terwyl Deelnemer 3 aantoon dat dit nie so 'n groot behoefte vir haar is nie. Die sorggewers se rol in die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme is deur Deelnemer 1 aangetoon as 'n moontlike behoefte en deur Deelnemer 3 as 'n behoefte, terwyl Deelnemer 2 dit as geen behoefte aandui. Dat hulle menings gebruik word in die beplanning van die persoon met 'n TBB se terapie en opleiding, asook om aan die professionele persone te verduidelik hoe die persoon met 'n TBB was voor die ongeluk, is deur Deelnemers 1 en 3 aangetoon as moontlike behoeftes. Deelnemer 2, toon weereens aan dat sy nie so 'n groot behoefte tot geen behoefte, in hierdie verband het nie.

g) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting oor die hantering van voedingsprobleme

Hierdie resultate sluit die response op Vrae 54 en 55 in.




Volgens Figuur 14 toon slegs Deelnemer 2 aan dat sy geen behoefte het aan inligting oor die aard en hantering van die persoon met 'n TBB se voedingsprobleme nie.

Deelnemers 1 en 3 het met die voltooiing van die behoeftevraelys aangedui dat dit 'n moontlike behoefte by hulle is om meer inligting in hierdie verband te verkry.

h) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoeftes aan inligting oor aanpassings wat in die omgewing gemaak kan word, hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer en die hantering van die persoon met 'n TBB wanneer hy moeg en uitgeput raak

Hierdie resultate sluit die response op Vrae 29, 41, 48 en 56 in.




Uit Figuur 15 blyk dit dat Deelnemers 1 en 3 'n behoefte het aan inligting oor maniere waarop hulle die omgewing kan verander om die persoon met 'n TBB te ondersteun tydens kommunikasie en interaksie. Deelnemer 1 toon aan dat sy 'n moontlike behoefte het om ingelig te word in verband met die aanpassings wat daar in die omgewing gemaak kan word. Deelnemer 3 toon aan dat sy 'n behoefte in hierdie verband het, terwyl Deelnemer 2 aantoon dat sy nie so 'n groot behoefte daaraan het om meer inligting te bekom nie. Hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer, is slegs as 'n moontlike behoefte aangetoon deur Deelnemer 1, terwyl Deelnemers 2 en 3 nie so 'n groot behoefte in hierdie verband het nie. Deelnemers 1 en 3 toon aan dat hulle 'n

moontlike behoefte het aan inligting oor hoe hulle die persoon moet hanteer wanneer hy moeg en uitgeput raak, terwyl Deelnemer 2 meld dat sy geen behoefte in hierdie verband het nie.

i) Afdeling B: Deelnemers (D1, D2 & D3) se behoefte aan inligting oor groepsterapie

Hierdie deel sluit die response op Vrae 51 en 52 van die vraelys in.



Figuur 16: Die resultate van die response op Vrae 51 en 52 dui daarop dat Deelnemers 1, 2 en 3, 'n moontlike behoefte en 'n behoefte het aan meer inligting oor die aard en voordele van groepsterapie. Inligting oor instansies wat genader kan word ten opsigte van groepsterapie en die voordele daarvan, is 'n moontlike behoefte wat by Deelnemers 1 en 2 geïdentifiseer is, terwyl Deelnemer 3 aantoon dat sy 'n behoefte het aan meer inligting in hierdie verband.

4.2.3.2. Resultate van Afdeling C van die behoeftevraelys

Met betrekking tot die deelnemers se response op die oop vrae van die vraelys (Afdeling C) het die deelnemers die volgende behoeftes aangetoon. In die volgende

tabel (Tabel 10) volg 'n opsomming van die deelnemers (D1, D2 en D3) se response op die oopvraag afdeling (Afdeling C) van die behoeftevraelys.

Tabel 10: Opsomming van die deelnemers (D1, D2 & D3) se response van Afdeling C van die vraelys.

Afdeling C: Oop vrae	Response van die verskillende Deelnemers	Tema wat vanuit die response kom
<p>Hoe sou u die interaksie tussen u en die persoon met 'n TBB beskryf? (bv. ek vind dit moeilik om hom/haar te verstaan)</p>	<p><i>Deelnemer 1: " Ek verstaan hom en ook dat hy heelwat geïrriteerd kan word"</i> <i>Deelnemer 2: "Ek verstaan hom"</i> <i>Deelnemer 3: "Aan die begin +/- 3 maande gelede was dit moeilik om te verstaan wat sy bedoel; Nou 6 maande na die val is dit redelik maklik om haar te verstaan. Sy het ook gou verstaan wat ek gesê het – alhoewel sy baie begrippe vergeet het en die betekenis daaraan weer vir haar moes geleer word"</i></p>	<p>Behoefte om die persoon met 'n TBB te verstaan tydens die akute rehabilitasieperiode.</p>
<p>Enige ander behoeftes aan inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB?</p>	<p><i>Deelnemer 1: "Dat ek moontlik sal weet hoe lank dubbelvisie neem en of daar iets is wat daaromtrent gedoen kan word."</i> <i>Deelnemer 2: "Nee"</i> <i>Deelnemer 3: "Sy word maklik woedend en bedaar nie gou nie. wanneer sy kwaad is het ek nie kennis om reg op te tree nie behalwe om haar te ignoreer nie"</i></p>	<p>Sorggewers het 'n behoefte aan meer inligting oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die behandeling van visuele probleme - Hantering van gedrags- en emosionele probleme
<p>Enige ander behoeftes aan inligting oor die kommunikasie- interaksie met die persoon met 'n TBB?</p>	<p><i>Deelnemer 1: "Moet ek aanvaar wat hy sê en wil of kan mens ook ferm optree."</i> <i>Deelnemer 2: "Nee"</i> <i>Deelnemer 3: "Sy antwoord dikwels nie 'n eenvoudige vraag nie. Sy sê nie asseblief, dankie, halo of totsiens nie. Dit is asof die gelykte gebruik van sekere terme glad nie vir haar saak maak nie (ook nie halo, môre ens. nie).</i></p>	<p>Hantering van gedragsprobleme, bv. hoe om op te tree wanneer die persoon vreemd optree.</p>

Afdeling C: Oop vrae	Response van die verskillende Deelnemers	Tema wat vanuit die response kom
Is daar nog enige iets anders wat u wil noem ten opsigte van die hantering van die persoon?	<p><i>Deelnemer 1: "Watse terapie gee hulle vir sy gesigspiere wat verslap want sy gesig trek nog skeef as hy lag."</i></p> <p><i>Deelnemer 2: "Nee"</i></p> <p><i>Deelnemer 3: "Sy is bereid om van haar pa te leer maar nie van my nie. Dit is asof sy oor die algemeen antagonisties is teenoor vroue, maar vriendeliker met die manlike geslag.</i></p> <p><i>Daar is wel vordering en verbetering klein bietjies elke week".</i></p>	<p>Meer inligting oor die aard van die verskillende tipes terapie en die doel daarvan. (Meer inligting deur die professionele span).</p> <p>Die hantering van vreemde gedrag.</p> <p>'n Behoeftte om te sien dat daar vordering plaasvind.</p>

Indien die resultate van hierdie afdeling van die vraelys (Afdeling C), vergelyk word met die behoeftes wat die sorggewers afgemerkt het in die behoeftevraelys, kan die volgende resultate daaruit verkry word:

Deelnemer 1: Hantering van gedragsprobleme, byvoorbeeld, hoe om op te tree wanneer die persoon "vreemd" optree. Deelnemer 1 het in die behoeftevraelys op al die vrae wat gehandel het oor die hantering van gedragsprobleme, die Opsies 4 (Behoeftte) en Opsies 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) geselekteer. Indien hierdie resultate dus met mekaar vergelyk word, kan die afleiding gemaak word dat Deelnemer 1 'n behoefte het om te weet hoe om die persoon met 'n TBB se gedragsprobleme te hanteer. Verder het Deelnemer 1 ook gemeld dat sy 'n behoefte daaraan het om te weet hoe die persoon se visuele probleme hanteer gaan word, asook om meer inligting oor die aard van verskillende terapie en die doel daarvan (veral met betrekking tot die hantering van die persoon se swak gesigspiere) in te win.

Deelnemer 2: Deelnemer 2 se response op die oop vrae stem ooreen met haar behoeftes in die vraelys. Die Deelnemer het aangetoon dat sy geen verdere behoeftes het aan inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB asook tydens kommunikasie-interaksie nie.

Deelnemer 3: Deelnemer 3 het haar behoeftes aan inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags-en emosionele probleme weereens beklemtoon by

wyse van haar response in Afdeling C. Sy het ook die behoefte uitgespreek oor hoe sy “vreemde” gedrag moet hanteer en dit duidelik gestel dat sy nie die kennis het om gedragprobleme op te los nie. Sy het dus ‘n behoefte aan riglyne om hierdie probleemareas te hanteer.

4.3. FASE 1 – DEEL 2: FOKUSGROEP EN SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

In hierdie afdeling word die resultate wat tydens die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude (Fase 1: Deel 2) verkry is, volledig bespreek. In die diskoersanalises (DA) van die resultate van die gesprekke wat met die deelnemers (D4 – D11) gevoer is, het bepaalde temas na vore gekom. Die verlangde inligting is verkry uit gesprekke met die onderskeie deelnemers (sorggewers van persone met ‘n TBB wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is). Tydens die gesprekke en onderhoude is daar 10 vrae aan die deelnemers gevra, soos uiteengesit in die metode. Die getranskribeerde gesprekke tussen die navorser en die deelnemers (D4 – D11) is in die bylae (Bylae L - O). Die resultate word as ‘n geheel bespreek en dus sal die inligting wat vanuit die fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude verkry is, saamgevoeg word en nie as afsonderlik bespreek word nie.

Die temas wat die meeste voorkom in die DA van die resultate word eerste beskryf. Daarna volg ‘n volledige uiteensetting van ander temas wat ook in die resultate voorkom. Dié temas is gevolglik nie van hoë frekwensie nie, en is ook net deur sekere deelnemers gemeld. Uit die aard van die ontwikkeling van die meetinstrument is dit belangrik om ook melding van die ander temas te maak, ten einde die instrument so volledig as moontlik te ontwikkel.

4.3.1. Hoofemas wat in die diskoersanalise na vore kom

Die hoofemas wat ná die DA na vore kom en wat deur die deelnemers as hulle belangrikste behoeftes aan inligting oor die hantering van die persoon met ‘n TBB op hierdie stadium van hulle lewe beskou word, is:

- a) Behoefte: Ondersteuning;
- b) Behoefte: Meer hoop aan sorggewers tydens die akute rehabilitasie-periode;

- c) Behoefte: Kommunikasie met die persoon met 'n TBB;
- d) Behoefte: Stimulasie van die persoon met 'n TBB;
- e) Behoefte: Inligting oor die aard van 'n TBB;
- f) Behoefte: Inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB;
- g) Behoefte: Die professionele span
- h) Die deelnemers se persepsies van hulle rol in die rehabilitasiespan tydens die akute rehabilitasie

Elkeen van hierdie temas word vervolgens afsonderlik uiteengesit.

a) Behoefte: Ondersteuning

In hierdie konteks verwys die term “Behoefte aan ondersteuning” na die deelnemers se behoeftes aan meer ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode. Die deelnemers is van mening dat indien hulle meer ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode ontvang het, hulle moontlik die versorging en gepaardgaande probleme met die benadering van die persoon met 'n TBB beter sou kon hanteer. Die resultate van die DA dui aan dat die deelnemers alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode 'n behoefte aan ondersteuningsgroepe het. Die volgende patrone van behoeftes het in die tema van ondersteuning navore gekom en sal vervolgens bespreek word: Behoefte aan ondersteuningsgroepe en Behoefte aan meer ondersteuning deur professionele persone en ander, ten einde die nodige aanpassings in hulle lewenstyl te maak.

• Behoefte aan ondersteuningsgroepe

Daar is duidelike patrone in die subtema “Behoefte aan ondersteuningsgroepe” verkry, wat deur die verskillende deelnemers in die volgende aanhalings geïllustreer word:

“Daar moet soorte van 'n groep sorggewers opgestel word om met daai ouers ..., sê, met die sorggewer te gaan praat” (Deelnemer 9).

“So as daar 'n groep van sê maar sorggewers kan kom en die rondte doen by ICU en hoë sorg en vir daai ouers te sê: “Hoor hier, dit is nie so sleg nie en daar is hoop, en glo wat jy wil” (Deelnemer 9).

Met ander woorde, die deelnemer is van mening dat sorggewers alreeds hierdie tipe ondersteuningsgroepe tydens die akute rehabilitasieperiode nodig het vir ondersteuning en om hulle emosies, bekommernisse en gevoelens met daardie persone te deel. Die deelnemers het ook 'n bepaalde behoefte om met ander persone in ondersteuningsgroepe te kan kommunikeer, ten einde meer kennis te verkry van hoe om sekere situasies te hanteer - ook vir geselskap. Dit is duidelik dat die deelnemers bemoediging, ondersteuning en opleiding tydens die akute periode nodig het. Hierdie behoefte word in die volgende aanhalings deur verskillende deelnemers geïllustreer:

“...waar 'n mens 'n groep moet maak waar versorgers mekaar kan ontmoet. En ek dink dit kan 'n baie baie goeie idee wees. Want ons uhm, ons versorgers is die hele hele liewe dag net besig met uhm, daai persoon. En dit voel later jy word afgestomp. Jy het regtig behoefte aan geselskap” (Deelnemer 8).

Die deelnemers meld ook dat hierdie behoefte aan ondersteuningsgroepe en geselskap, hulle juis sou ondersteun om die gepaardgaande probleme beter op te los en te hanteer. Dit word beklemtoon in die volgende aanhaling. *“Geselskap, geselskap. Dit is baie alleen. So ek dink ek sou enige iets wat haar terapie en versorging aanbetref, beter kon hanteer as ek ook 'n groep kon gehad het”* (Deelnemer 8).

“...maar ek dink as 'n mens met iemand anders praat en so... dan kan jy 'n idee kry van dit wat hulle ook maar deurgaang en dit maak jou darem weer voel: “ Okay, jy is nie alleen in hierdie ding in nie” (Deelnemer 8).

“En ek dink as 'n mens so 'n groep het wat, (soos as die breinbeseerdes bymekaar kom), so groep wat ook onder leiding kan praat met mekaar, en bv. sê: “Maar hou nou moed jy sal sien oor twee weke sal haar bui dalk so en so verander” (Deelnemer 8).

Dit is met ander woorde vir die deelnemers belangrik om hulle gevoelens, behoeftes en probleme met ander sorggewers te deel wat ook alreeds deur die proses is. Die deelnemers is van mening dat hulle meer ondersteuning en hulp nodig het tydens die akute rehabilitasieperiode, ten einde die nodige ondersteuning en bystand te verkry om die stresvolle situasie beter te hanteer. Die behoefte om met ander persone te praat wat alreeds deur die proses is, is een van die areas van ondersteuning waaraan die deelnemers 'n behoefte het. *“Ek sê altyd as hulle vir my vra om te gaan praat by 'n*

pasiënt wat hoofbesering opgedoen het, by ICU en die hoë sorge, dan sê ek dit is nie daai pasiënt wat hulp nodig het nie, dit is jy” (Deelnemer 9).

“Ek dink mens wil bystand hê op daai stadium. Jy wil graag bystand hê, en-en jy soek mense wat verstaan. En-en-en ek dink daar is min dinge in die lewe wat vir jou... dis-dis reeds vir jou ‘n traumatiese belewenis, dan soek ‘n mens dan seker maar mense wat vir jou as ouers kan bystaan. Selfs tydens wanneer jy jou kind besoek” (Deelnemer 6).

Die behoefte word verder beklemtoon in die volgende aanhalings deurdat die deelnemers van mening is, dat hulle nodig het om met ander sorggewers te praat oor meer hulp en ondersteuning. *“So ek dink dit is die grootste behoefte om iemand, iemand wat baie na aan ‘n hoofbeseerde is, vir jou te kom sê: “Glo wat jy wil glo. Moenie gaan volgens die dokters en die susters nie” (Deelnemer 9).*

As gevolg van die feit dat die familiedinamika dikwels verander wanneer ‘n persoon ‘n TBB het, ervaar die sorggewers soms dat hulle alleen deur die proses moet gaan, en geen ondersteuning van ander familieledede ontvang nie. Hierdie behoefte word duidelik geïllustreer in die volgende:

“As daai pasiënt bygekom het...en dan het jy niemand om jou nie, dan is die predikante weg, die familie is weg” en “Ek sit nou nog met probleme met hom, en ek sit alleen” (Deelnemer 9).

“So almal wat die sorggewer word is alweer op die familie en uhm hulle kan dit nie “handle” nie omdat daar nie vir hulle hulp is nie” (Deelnemer 9).

“In die begin is familieledede en vriende baie nou in kontak, maar later raak hulle ook, familie almal, hulle skryf daai persoon af en hulle begin vergeet en op die ou einde is dit net die ‘caretaker’ en daai persoon wat nog oor is. Dit is my en my man se ondervinding...” (Deelnemer 6).

Uit die bogenoemde aanhalings word die deelnemers se behoeftes aan die hulp en bystand van ondersteuningsgroepe dus duideliker beklemtoon.

Deelnemer 8 beklemtoon ook hierdie behoefte, deurdat sy tydens die onderhoud meld dat dit vir haar belangrik sou wees om met ander sorggewers te kommunikeer, om meer

inligting te ontvang oor hoe hulle sekere probleemareas hanteer. Die deelnemer (D8) beklemtoon die tema “Behoeftes aan ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode” verder. Deelnemer 8 is van mening dat indien sy vroeër by ‘n sorggewer-ondersteuningsgroep ingeskakel het dit vir haar van groot hulp in terme van inligtingsverskaffing sou gewees het.

Die behoefte word in die volgende aanhalings beskryf: *“En maar ook net om met ander versorgers te kon praat om te hoor hoe doen hulle dit. Want aanvanklik het ek nie...ons het eers in die tweede jaar by die groep ingeskakel. En ek dink as ons van die eerste jaar af daar kon wees, jy weet, dat ‘n mens met verskillende terapeute, verskillende sorggewers en verskillende persone met breinbeserings kon praat, sou dit gehelp het”* (Deelnemer 8).

Een van die uitkomstes van die DA is dat die deelnemers van mening is dat hulle reeds ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode benodig en wel in die vorm van kommunikasiegroepe. Die deelnemers beskou die kommunikasie-groep as ‘n medium waardeur hulle aan ander professionele persone en persone met ‘n TBB verskillende vrae kan vra oor die probleme wat hulle as sorggewers ervaar, in die hantering van die persoon met ‘n TBB. *“Die ander ding sou ek sê jy weet meer, ‘n kommunikasie-vraag groep, eerder as sommer net ‘n praatjie uhm, dis hoe dinge werk en ons sit en luister na ‘n praatjie of so iets. Iets waar ons kan vrae vra”* (Deelnemer 8).

Dit is dus duidelik dat die deelnemers nie net ‘n behoefte het om aanhoudend inligting te ontvang nie, maar dat hulle ook wil deelneem aan gesprekke om hulle onmiddellike behoeftes te bevredig, asook om hulle emosies en gevoelens met ander sorggewers en professionele persone te deel. Die behoefte aan ondersteuningsgroepe vir sorggewers is vir die deelnemers baie belangrik, omdat dit hulle emosionele behoeftes ook op hierdie wyse bevredig. Die deelnemers vertolk die rol as sorggewer as ‘n emosionele tydperk waardeur hulle beweeg, en benodig gevolglik ondersteuning om hierdie emosionele behoeftes te bevredig. Hierdie stelling word deur Deelnemer 8 gestaaf: *‘Uhm jy ry emosioneel baie wipplank, want uhm as sy vorder dan voel jy goed en as sy nie vorder nie dan voel jy nie goed nie... So uhm, dit is ‘n baie emosionele ding om na, om na iemand om te sien. So enige vraag wat vra, hoe die sorggewer se emosies voel”* (Deelnemer 8).

Die deelnemer (D8) is ook verder van mening dat daar tydens die persoon met 'n TBB se terapietydperk ook na die sorggewers se emosionele behoeftes omgesien moet word, deur belangstelling te toon in hulle emosies tydens die proses van versorging. Deur ook met die sorggewers gedurende daardie sessies te kommunikeer, dien vir hulle as 'n bron van ondersteuning: *“Want kom ons by terapie, dan gaan dit die heelyd oor TBB8. Dit gaan oor wat sy die hele week gedoen het, hoe gaan dit met haar. Jy weet so en... uhm dit moet ek vir jou sê het ek baie waardeer van TBB8 se terapeute. Dat dit partymaal vir my meer beteken het om soon toe te gaan as wat ek dink dit het vir haar beteken. Want dit is die enigste iemand met wie ek kon praat in die dag”* (Deelnemer 8).

Om hulle teleurstellings met iemand te deel, is ook 'n rede waarom die deelnemers 'n behoefte het aan ondersteuningsgroepe vir sorggewers. Die deelnemers meld dat hulle teleurstellings ervaar in die hantering van die persoon met 'n TBB, weens die feit dat die vordering nie altyd na wense is nie: *“Want ek dink soos met enige beroep, of enige iets, as jy begin daarmee, dan dink jy, jy gaan 'n verskil maak en dan kom jy na 'n maand agter jy is nie besig om 'n verskil te maak nie”. ...so ek dink: “Watse teleurstellings ervaar jy as jy dit nie maak nie?”* (Deelnemer 8).

- **Behoeftes aan ondersteuning deur professionele persone en ander om die nodige veranderinge in die deelnemers se lewenstyl te maak**

Weens die impak wat die versorging van die persoon met 'n TBB op die sorggewers se lewenstyl het, het sorggewers ook 'n behoefte aan die ondersteuning van professionele persone en ander ten einde hulp te verkry, in verband met die aanpassings en veranderinge wat hulle in hulle lewenstyl moet maak, om na die persoon met 'n TBB te kan omsien.

Die deelnemers het ook ondersteuning nodig met die versorging van die persoon met 'n TBB, sodat hulle steeds hulle daaglikse verpligtinge kan nakom. Hulle het dus gevolglik behoefte daaraan dat daar daaglik iemand of instansies moet wees, wat kan hulp verskaf met die versorging van die persoon.

Die aard van hierdie behoeftes word duidelik deur die volgende aanhalings geïllustreer: *“Maar ek voel daar moet 'n tipe koshuis wees, waar hulle kan inboek met*

sorggewers...vir daai tyd voor jy as 'n ma hulle weer kan huistoe vat.” en “Maar jy-jy-jy het hulp nodig, van alle kante. En daar moet 'n plek wees waar hulle kan gaan waar jy hulle kan vat, wat goedkoop is” (Deelnemer 9).

“I guess it is just maybe, if I could afford it, somebody that would look after TBB4 instead of me doing it all the time. Cause I must start to work, to make money to... care for the rest of the family and everything. Everything that I need to do. Because if he needs attention all the time. If I go to work, he sits and does nothing. So, I need somebody who maybe would be prepared to help me with it. Of course I need to pay... because, he does, he does nothing if I don't do it with him. But I can't sit and keep him occupied all day, cause I also need to work. Or if somewhere where I could take him and somebody would keep him occupied during the day. That I can also work and I know he is not just sitting and do nothing. That's my biggest problem” (Deelnemer 4).

“[Ek dink dit is miskien, as ek dit kon bekostig, iemand wat na TBB4 sal kyk, inplaas daarvan dat ek dit die hele tyd moet doen. Want ek moet begin werk, om geld te maak... om na die res van die gesin en alles om te sien. Alles wat ek moet doen. Want hy benodig die hele tyd aandag. As ek werk toe gaan sit hy net en doen niks. So, ek benodig iemand wat miskien voorbereid is om my te help met dit. Natuurlik sal ek moet betaal...want, hy doen, hy doen niks as ek dit nie vir hom doen nie. Maar ek kan nie sit en hom die hele dag besig hou nie, want ek moet ook werk. Of iewers waar ek hom kan vat en iemand wat hom kan besig hou vir die dag. Dat ek ook kan werk en weet hy sit nie net en doen niks nie. Dit is my grootste probleem]” (Deelnemer 4).

Dit is uit die bogenoemde aanhalings duidelik dat die deelnemers 'n behoefte aan hulp en bystand het, ten einde hierdie aanpassings wat hulle in hulle leefwyse moet maak, te kan behartig. Weens die finansiële druk wat 'n persoon met 'n TBB op 'n familiesisteem plaas, is dit uiteraard vanselfsprekend dat die sorggewer (dikwels die vrou) weer moet begin werk, om al die gesins- en finansiële verpligtinge te kan nakom. Dit op sigself lei tot spanning, omdat daar dan niemand anders is om na die persoon gedurende die dag om te sien nie. 'n Ander gevolg van die versorging van 'n TBB vir 'n gesinslewe en familiesisteem, is dat die sorggewer dikwels sy/haar werk moet prys gee of verander, om die nodige versorging te kan behartig. Laasgenoemde is dikwels die eerste probleem waarmee sorggewers te kampe het en waarvoor hulle hulp benodig.

Deelnemer 9 het dit ook in hierdie studie beklemtoon: *“Die eerste ding is... Sal jou werk... sal jy hierdie kind by die huis kan kyk na, met jou werk? En sal jy iemand kan inkry om dit te kan doen?”* (Deelnemer 9).

Opsommend kan daar dus die afleiding gemaak word, dat die deelnemers 'n behoefte het aan ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode ten einde meer inligting te bekom, ten opsigte van: hulle emosies, gevoelens en teleurstellings met ander te deel, om stresvolle situasies beter te hanteer deur te weet dat hulle nie alleen deur die proses gaan nie. Sorggewers verlang ook ondersteuning deur professionele en ander persone om die nodige aanpassings in hulle leefwyse te maak ten opsigte van hulle werk en om na die persoon met 'n TBB om te sien. Die behoeftes wat herhaaldelik in die DA na vore kom, is dat die deelnemers 'n behoefte daaraan het om met ander persone wat reeds deur die proses is, te kan kommunikeer oor hulp, inligtingverskaffing, emosies, gevoelens en teleurstellings. Die aanpassings wat gemaak moet word, kan emosionele stress ontlok, en daarom het die deelnemers ondersteuning nodig om hierdie aanpassings, veral in terme van hulle werk en tuisversorging van die persoon met 'n TBB, te maak. Hierdie behoefte-terreine is dus in die meetinstrument ingesluit.

b) Behoefte: Dat daar meer hoop aan sorggewers gegee moet word tydens die akute rehabilitasie periode

Bogenoemde tema dui daarop dat die deelnemers van mening is dat hulle nie genoeg hoop tydens die akute rehabilitasieperiode ontvang nie. Die tema kom herhaaldelik in die DA van die resultate na vore. Die deelnemers het 'n sterk behoefte dat daar meer hoop aan hulle gegee moet word. Hulle het tydens die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude gemeld dat indien hulle meer hoop van ander persone en professionele persone tydens die akute tydperk ontvang het, hulle die situasie beter sou kon hanteer.

Die algemene patrone wat onder die tema van “Hoop” in die DA voorkom, is: 'n Behoefte om met ander persone, wat kennis het oor breinbeserings, te praat vir meer hoop; 'n Behoefte aan meer hoop deur professionele persone; 'n Behoefte om te weet wat om van die persoon met 'n TBB te verwag, en wat sy langtermynuitkomst gaan wees.

- **‘n Behoefte om met ander persone, wat kennis het oor breinbeserings, te praat vir meer hoop**

Die onderstaande aanhalings illustreer die deelnemers se behoeftes om met ander persone (wat mediese kennis het) te praat om sodoende meer hoop aan hulle te verskaf tydens die akute rehabilitasieperiode, in die hantering van die persoon met ‘n TBB.

“So my eerste behoefte was om net met iemand te praat wat vir jou sê uhm: “Vertrou op God en glo”, want hulle [professionele persone] gee vir jou hierdie totale negatiewe goed” (Deelnemer 9).

“Maar as daar net iemand buite, wat mediese kennis het dit vir daai ouers kon sê: “Glo wat jy wil glo”. As jy ‘n kind van die Here is vertrou jy op Hom en jy vertrou jou gebed. Dis al” (Deelnemer 9).

Wat interessant is in die bogenoemde aanhalings, is dat die deelnemer juis nie met mediese personeel wou praat vir hoop nie, aangesien sy van mening was dat die mediese personeel (dokters en verpleegsters) die persone is wat nie hoop gee nie. Deelnemer 9 is dus daarvan oortuig dat alle professionele persone meer hoop aan sorggewers moet of kan gee tydens die akute rehabilitasieperiode en minder negatief teenoor die persoon met ‘n TBB se uitkomst moet wees.

- **‘n Behoefte aan meer hoop deur professionele persone**

Die deelnemers het verder ook ‘n behoefte om met iemand te praat wat aan hulle op ‘n eenvoudige wyse verduidelik wat die aard van die probleem is as gevolg van die breinbesering is, sodat hulle beter voorbereid kan wees om die situasie en gepaardgaande probleme te hanteer. Hierdie behoeftes ressorteer onder die volgende subtema van “Hoop”, naamlik die deelnemers se behoefte daaraan dat professionele persone meer hoop moet gee. Dit word in die volgende aanhalings geïllustreer:

“Ek is teleurgesteld in almal. Al die dokters. Hulle gee geen hoop nie” (Deelnemer 10).
“Ek kan nie verstaan nie, weet hulle dan niks, of wil hulle net nie vir jou hoop gee nie of stel hulle nie belang nie?” (Deelnemer 10).

“Daar is een dokter wat vir my gesê het, daar is 95% kans dat sy weer sal loop en dit is waaraan ek vasklou” (Deelnemer 10).

Uit die bogenoemde aanhalings blyk dit ook dat Deelnemer 10 negatief ingestel is, teenoor die ondersteuning en hantering wat sy van die professionele persone af ontvang het. Deelnemer 10 se mening dat die rehabilitasiepersoneel nie hoop gee nie, het tot gevolg dat sy hulle ervaar het as belangeloos en dat professionele persone nie oor voldoende kennis beskik nie. Die bewering dat die deelnemers van mening is dat die personeel nie belangstel nie en ook geen hoop gee nie, kom ook duidelik in die volgende aanhalings ter sprake:

“Except when he was in the clinic, we had a physiotherapist who said to me why should she bother about his foot that’s hanging, because he is never going to walk again anyway. And things like that. I mean, she, she decided he is not going to walk again, so why should she worry about physiotherapy...” (Deelnemer 4). [*Behalwe toe hy in die kliniek was, het ons ‘n fisioterapeut gehad wat gesê het hoekom moet sy bekommerd wees oor sy voet wat hang, want hy gaan in elk geval nooit weer loop nie. En dinge soos dit. Ek bedoel, sy, sy het besluit hy gaan nooit weer kan loop nie, so hoekom moet sy bekommerd wees oor fisioterapie*] (Deelnemer 4).

“Jy weet soos as jou kind, of wie ook, nou daar lê, sal hulle vir jou sê dat jou kind dit nie gaan maak nie. Hy gaan nie lank leef nie, en jy weet op daai stadium wil jy nie sulke dinge hoor nie. Jy wil bemoediging hê. Jy wil nie bekommerd wees nie. Hou jou oë op die Here, sulke dinge jy weet, dit, dit, jy wil nie seergemaak voel nie” (Deelnemer 6).

“Baie mense het natuurlik al gesê uhm gaan sit jou kind in ‘n kliniek. Vergeet van haar en gaan aan met jou lewe. Nou uh, dis nie reg nie. Jy kan nie dit doen nie” (Deelnemer 7).

“As daar ‘n hoofbesering is en die dokter sê: “Hoor hier, skryf hom af”. Dan sê ek: “Vergeet dit, jy bly hoop tot op die laaste. Tot op die laaste, want die affekteer jou” (Deelnemer 9).

“Kyk dit is...ek wens net ek het daai tyd geweet wat ek vandag weet dan sou ons dit beter hanteer het en ons sou meer hoop gehad het. Maar al die dokters is negatief. Die

meeste terapeute ook. So ons het nie geweet waar ons staan en wat lê voor nie” (Deelnemer 10).

Dit wil voorkom asof die bevinding dat die rehabilitasiepersoneel nie hoop gee nie, dit die deelnemers se hantering van die proses beïnvloed, aangesien hulle emosionele behoeftes nie bevredig word nie. Die deelnemers ervaar reeds probleme met die aanpassing om die persoon met 'n TBB te versorg, en om die verworwe probleme te hanteer. Om meer hoop aan die sorggewers te verskaf, is dus ook 'n vorm van ondersteuning, wat die deelnemers se behoefte is, veral tydens die akute rehabilitasieperiode.

- **'n Behoefte om te weet wat om van die persoon met 'n TBB te verwag, en wat sy langtermynuitkomst gaan wees**

Onder dieselfde tema van “Hoop”, het die deelnemers ook 'n behoefte om te weet wat om van die persoon met 'n TBB te verwag en wat die persoon se langtermynuitkomst gaan wees (Sub-tema 3). Die behoefte word in die volgende aanhalings beklemtoon:

“If the speech therapist just said to me..., I didn't really know what to expect, but I mean this is what could happen and this is sort of the problems that you are going to have....afterwards. But I mean it took TBB4 such a long time. He was in a coma for 8 months. But I gradually realize this is actually what he is going to be like. But no one really ever said to me, TBB4 is like this and this is the problems that you are going to have. Or this is how we are going to treat him...” (Deelnemer 4). *[As die spraakterapeut net vir my gesê het... Ek het regtig nie geweet wat om te verwag nie, maar ek bedoel, dit is wat kan gebeur, en dit is soort van die probleme wat jy gaan hê... na die tyd. Maar ek bedoel, dit het TBB4 so 'n lang tyd geneem. Hy was in 'n koma vir 8 maande gewees. Maar niemand het ooit regtig vir my gesê, TBB4 is soos dit, en dit is die probleme wat jy met hom gaan hê nie. Of dit is hoe ons hom gaan behandel...]* (Deelnemer 4).

“...my grootste behoefte was dat iemand net vir my 'n idee moet kan gee van die padjie wat ons gaan moet loop. Jy kan hierdie kant loop en daai een kan daai kant toe loop, party het 'n kort padjie en ander het 'n lang padjie. Maar dat jy net die hele spektrum vir jou gestel word en sê binne hierdie ervarings van verskillende mense gaan jy 'n padjie

loop”. en “Ja. Wat is die beste uhm-uhm, uitkoms en wat is die slegste uitkoms. En daar is baie van hierdie wat dieselfde is by almal. Party sin vat net langer. Daar is, (ek het dit nou al gesien), dit is nou seker bietjie van ‘n veralgemening. Maar daar is sekere dinge wat dieselfde is by almal van hulle” (Deelnemer 5).

“What’s the future that they are going to have? en “Are they going to work again, whatever...” (Deelnemer 4). [Wat is die toekoms wat hulle gaan hê?] en [Gaan hulle weer kan werk, wat ook al...] (Deelnemer 4).

Die deelnemers het ‘n behoefte om alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode te weet wat die langtermynuitkomst van die persoon met ‘n TBB behoort te wees. Hulle het hierdie tipe inligting nodig om meer hoop te kan hê en wil dus nie hê dat die personeel negatief ingestel moet wees nie.

c) Behoefte: Kommunikasie met die persoon met ‘n TBB

In die tema, “Behoefte aan kommunikasie met die persoon met ‘n TBB” is dit duidelik dat kommunikasie juis een van die grootste behoeftes is wat die deelnemers tydens die akute rehabilitasieperiode ondervind. Die deelnemers het dit as ‘n skok ervaar dat hulle nie met die persoon met ‘n TBB kon kommunikeer nie, en het gevolglik ‘n bepaalde behoefte daaraan om inligting te verkry oor hoe om met die persoon met ‘n TBB te kan kommunikeer. In hierdie tema kom daar weereens twee algemene patrone (subtemas) voor: ‘n Behoefte om te weet hoe om met die persoon met ‘n TBB te kommunikeer en ‘n Behoefte aan spesifieke riglyne oor hoe om met die persoon te kommunikeer.

- **‘n Behoefte om te weet hoe om met die persoon met ‘n TBB te kommunikeer**

In die eerste subtema: “‘n Behoefte om te weet hoe om met die persoon met ‘n TBB te kommunikeer” illustreer die volgende aanhalings die deelnemers se behoeftes rakende kommunikasie met die geaffekteerde persoon:

“Maar ons het nie geweet hoe om met haar te kommunikeer nie” (Deelnemer 10).

“Dit was verskriklik. Dit was vir my ‘n geweldige skok toe ek nie met hom kon praat nie” (Deelnemer 9).

“My husband didn’t even speak for 10 months. He didn’t do anything for 10 months. He couldn’t speak. He still can’t really speak. So for 10 months I didn’t really know what he needed. He just lay in bed and we just did anything that we thought we needed to do. And... it was difficult cause we didn’t know what he wanted” (Deelnemer 4). *[My man het nie eers gepraat vir 10 maande nie. Hy kon niks doen vir 10 maande nie. Hy kon nie praat nie. Hy kan nogsteeds nie regtig praat nie. So vir tien maande, het ek nie regtig geweet wat hy nodig het nie. Hy het net in die bed gelê, en ons het maar net alles gedoen wat ons gedink het ons moet doen. En... dit was moeilik, want ons het nie geweet wat hy wou gehad het nie]* (Deelnemer 4).

Om met die persoon te kan kommunikeer, hou direk verband met die deelnemers se behoefte aan ondersteuning en inligting oor hoe om sekere probleme wat die persoon met ‘n TBB ervaar, te hanteer.

- **‘n Behoefte aan spesifieke riglyne oor hoe om met die persoon te kommunikeer**

Dit feit dat die deelnemers nie oor die bogenoemde kennis in die vorige subtema (subtema 1) beskik nie, en dit as ‘n skok beskryf, kan ook toegeskryf word aan hulle behoefte aan spesifieke riglyne oor hoe om met die persoon te kan kommunikeer (subtema 2), reeds tydens die akute rehabilitasieperiode. Die deelnemers benodig spesifieke riglyne of oplossings vir die probleme wat hulle tydens kommunikasie-interaksie met die persoon met ‘n TBB ervaar. Dit word geïllustreer in die volgende aanhalings:

“Ek weet nie ek het nie eintlik veel ‘n oplossing oor hoe om met haar te gekommunikeer het nie. Ek het maar net baie herhaal en herhaal en haar hande gevat en dan so gedoen met haar wat sy moes gedoen het” (Deelnemer 8).

“...I mean... in a way I know what to do, but don’t know if it really helps. So in someway knowing what he actually wanted to know, he can’t read so, he cannot sit down and read and his handwriting is very bad. That’s sort of thing its – communication is my and

TBB4's biggest problem" (Deelnemer 4). *[Ek bedoel. In 'n sekere mate weet ek wat om te doen, maar ek weet nie of dit regtig help nie. So, op 'n manier weet wat hy graag wil weet, hy kan nie lees nie, so hy kan nie gaan sit en lees en sy handskrif is baie swak. Daardie soort van ding – kommunikasie is my en TBB4 se grootste probleem]* (Deelnemer 4).

"Dit sou my verskriklik kon help as, as hulle miskien vir TBB8 kon 'n manier gee waarmee sy met my kon kommunikeer" (Deelnemer 8).

"So, daar moet op, of ek- ek weet nie, julle ken meer die goed, dat sy miskien uhm twee kaarte by haar kon gehad het, een met 'n hartseer gesig en een met 'n vrolike gesig en dan net kon sê ..."Ja" (Deelnemer 8).

"... en uhm, toe hierso aan die einde van die tydperk, van ons van die tydperk wat ek na haar gekyk het, het uhm iemand vir my 'n "device" gegee wat jy druk as sy wil, as sy wil...uhm, sê nou maar iets sou sê....en toe het ek baie keer gewonder as ek nie vroeër dalk so ding gehad het nie...of dit nie dalk meer sou gehelp het nie" (Deelnemer 8).

Die deelnemers het onder die tema "Behoeftes aan maniere hoe om met die persoon met 'n TBB te kommunikeer", ook die behoefte uitgespreek om riglyne te kry, om te weet of die persoon met 'n TBB wel die boodskap verstaan tydens kommunikasie-interaksie.

"Uhm sy kon, en ja nou ook nog. Sy reageer nie as 'n mens regtig met haar gepraat het nie. So as jy vir haar iets gesê het, uhm, het sy geen uitdrukking getoon nie, of sy het nie die gepaste uitdrukking getoon nie. So uhm, wat vir my baie moeilik was met kommunikasie met haar, ek het nie regtig geweet of sy my altyd verstaan nie" (Deelnemer 8).

"Because I mean even though... in a way I know what to do, but don't know if it really helps. So, I guess ja, in someway knowing what he actually wanted to know. He can't read so, he can't sit down and read. His handwriting is very bad. That's sort of things its... Communication is me and TBB4's biggest problem" (Deelnemer 4). *[Want ek bedoel...op 'n manier weet ek wat om te doen, maar weet nie of dit regtig help nie. So ek dink, op 'n manier weet ek hy eintlik graag wil weet. Hy kan nie lees nie so, hy kan*

nie sit en lees nie. Sy handskrif is baie swak. Daardie soort van dinge dis... Kommunikasie is my en TBB se grootste probleem”] (Deelnemer 4).

Die deelnemers het riglyne nodig om te weet op watter kommunikasietekens hulle moet let tydens interaksie met die persoon met 'n TBB, ten einde te weet of die persoon wel die kommunikasieboodskap verstaan.

d) Behoefte: Stimulasie van die persoon met 'n TBB

Die tema “Stimulasie van die persoon met 'n TBB” dui daarop dat die deelnemers 'n behoefte het om te weet wat hulle as sorggewers, alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode, kan doen om die persoon met 'n TBB te stimuleer. Die deelnemers is nie bewus van maniere waarop hulle die persoon met 'n TBB kan stimuleer nie, maar het die behoefte om met die persoon te kan “kommunikeer”. Hierdie behoeftes kom duidelik voor in die volgende aanhalings van Deelnemer 9:

“As iemand net vir my gesê het: “Hoor hier, staan net by jou kind en druk hom, en vryf hom en smeer hom...dan sou ek dit ook gedoen het” en “... as iemand net vir jou kan sê: ” Hoor hier vat aan hom, druk hom, vryf hom” (Deelnemer 9).

“En dan gehoor. Die gehoor, weet ek het nooit daaraan gedink nie. Dat jy die healtyd met hom praat, normaal en dat jy musiek moet speel...en dat uhm, uh, die healtyd dat hy beseft jy is daarso” en “... en dat jy al begin praat en hy dan woorde optel” (Deelnemer 9).

“Sien ek het ek het daar maar my vyfde, sesde sintuig gebruik en gesê slaan vir my daai een. Jy sien om haar te probeer stimuleer. Stimulasie was van radikale belang. Is ook van die begin af, jy weet om so persoon weer uit daai fase uit te kry” (Deelnemer 6).

Uit die bogenoemde aanhalings blyk dit dat die deelnemers 'n behoefte het aan maniere waarop hulle die persoon met 'n TBB kan stimuleer. Die deelnemers is ook nie bewus van metodes waarvolgens hulle die persoon met 'n TBB kan stimuleer nie, en dit is gevolglik vir hulle 'n behoefte om die hierdie metodes alreeds tydens die akute rehabilitasie periode aan te leer.

e) Behoefte: Inligting oor die aard van 'n TBB

Dit kom in die DA na vore dat die deelnemers nie kennis dra van die funksies van die brein nie. Die deelnemers is van mening dat hulle die persoon met 'n TBB beter sou kon hanteer en ondersteun tydens die akute rehabilitasieperiode, as hulle die nodige kennis in hierdie verband gehad het. Die deelnemers se behoeftes word in die volgende aanhalings geïllustreer:

“Uhm, inligting oor wat spesifiek seergekry het... as miskien bietjie verduidelik hoe die brein werk ...sal mens dalk bietjie kan sien okay... Haar man het altyd vir my gesê, hulle het 'n scan gewys en gesê daai en daai deel is swart op die brein. Maar dan het ek altyd gewonder maar daai deel wat swart is? Hoekom? Wat?” (Deelnemer 8).

“... en ek dink vir so versorger is dit baie, baie moeilik om te verstaan hoekom die daai persoon so optree, so ja, uhm ek dink dit kan nogal help as 'n mens miskien bietjie van die brein weet” (Deelnemer 8).

f) Behoefte: Inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB

'n Volgende tema wat na vore kom, is dat die deelnemers behoeftes aan inligting het, ten opsigte van watter probleme wat die persoon met 'n TBB vertoon eerste aandag moet geniet (Prioriteite in die versorging van die persoon met 'n TBB). 'n Voorbeeld hiervan is, dat Deelnemer 8 die behoefte het om te weet watter probleemareas sy eerste aandag aan moes gee.

“Ek sê nou maar hulle kon vir my sê kyk spesifiek na haar kommunikasie, kyk na haar balans. Kyk... jy weet net bietjie meer... want daar is soveel dinge wat verkeerd is, mens kan nie alles gelyk aanspreek nie” (Deelnemer 8).

“So as iemand dalk net kon sê “ Begin eerste met oefeninge om haar spraak te verbeter” En dis eerste prioriteit en die tweede een is sê om haar weer te leer om weer 'n toilet-roetine te hê” (Deelnemer 8).

Basiese versorgingsbehoefte is ook 'n patroon wat onder die tema: “Behoefte aan inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB” voorkom. Die

deelnemers is onseker oor watter basiese behoeftes eerste aandag moet geniet. Dit word in die volgende aanhaling geïllustreer: *“Uhm, so dit is alles, dit is sy... so as jy dit saamvat, is dit bedseer, en maar dan is dit ‘n daaglikse bad iemand sal jou moet help, fisioterapie iemand gaan jou met dit moet help”* (Deelnemer 9).

Dieselfde word geïllustreer in Deelnemer 9 se behoefte daaraan, om te weet wanneer sy die persoon met ‘n TBB kan begin help met voeding:

“Wat kan hy eet? Wat kan jy hom voer?” en “en uhm, ek het nie geweet wat hy regtig kan eet nie, want hy het daai pyp ingehad. Die voedingspyp. Hoe gaan hy van dit na kos toe kan gaan, en uhm dit was my grootste behoeftes gewees” (Deelnemer 9).

Deelnemer 5 het ook die behoefte om te weet wat die persoon met ‘n TBB se grootste behoeftes is waaraan sy as sorggewer aandag moet gee: *“Ek sou sê uhm, die Spraakterapeut, maar ek moet dit, moet net vir jou sê wat is jou kind se behoeftes, hulle self moet daarin uhm, voorsien. Maar dan moet hulle vir jou sê as hulle nie by jou is nie, of as die pasiënt nie by hulle is nie, wat kan ek doen wat my rol kan wees om haar te help”* (Deelnemer 5).

Opsommend kan daar dus uit die bogenoemde aanhalings afgelei word dat die deelnemers se behoeftes in terme van algemene hantering van die persoon met ‘n TBB hoofsaaklik te doen het met meer inligting oor die aard van die persoon met ‘n TBB se besering, watter terreine voorkeuringversorging verg, asook meer inligting oor die hantering van basiese behoeftes. Laastens het die deelnemers (Deelnemer 5) ‘n behoefte daaraan om inligting te bekom in verband met die persoon met ‘n TBB se behoeftes en wat sy as sorggewer kan doen om hierdie behoeftes te bevredig.

g) Behoefte: Die professionele span

Die volgende tema wat uit die DA na vore kom, is: Die professionele span. Hierdie tema hou verband met die deelnemers se behoeftes dat meer inligting deur die span aan hulle verskaf moet word, om sodoende te wete te kom oor wat die rol van die verskillende spanlede is. Die professionele span moet ook vasstel wat die sorggewers se behoeftes ten opsigte van die hantering van die persoon met ‘n TBB is. Dit is ook vir die sorggewers belangrik om inligting te ontvang oor die uitkomst van die

evaluasiresultate en die doel van die verskillende behandelings wat aan die geaffekteerde persoon verskaf word. Dat hulle rol as sorggewers in die span erken moet word, asook om te weet wat die rol van die verskillende spanlede is, is ook behoeftes wat die sorggewer onder hierdie tema meld. Laastens is dit vir die sorggewers belangrik dat die professionele span hulle beter moet voorberei vir die pad wat hulle moontlik gaan loop. Die aard van hierdie behoeftes word aan die hand van die volgende aanhalings geïllustreer en is in die volgende sub-temas onderverdeel: Behoefte aan meer inligting deur die professionele span; 'n Behoefte dat hulle rol as sorggewer in die span erken moet word; 'n Behoefte om te weet wat die rol van die verskillende spanlede is en 'n Behoefte dat die professionele span hulle moet voorberei vir die pad wat hulle gaan loop.

- **Behoefte aan meer inligting deur die professionele span**

Die eerste patroon wat voorkom, is dat die deelnemers meer inligting benodig oor die aard van die besering en die uitkomst van die evaluasiresultate, sodat hulle meer realistiese verwagtinge kan koester ten opsigte van wat van die persoon met 'n TBB verwag mag word. Die volgende aanhalings illustreer die deelnemers se behoeftes in hierdie verband:

“En jy wil met hierdie kind praat. Verstaan jy? Hy is nog heeltemal ‘lights out’ en jy kan dit nie verstaan nie. So as ‘n gewone ouer nie eers ‘n bietjie mediese uhm-uhm goed agter hom het nie nie- ‘n mediese begrip, moet dit verskriklik wees vir hulle” (Deelnemer 9).

“As daai pasiënt eers uhm ‘geassess’ word, wat is die Afrikaanse woord, geëvalueer word, terug te kom na die sorggewer toe en sê; ‘Jy verwag te veel as jy verwag hy moet nou praat’ en “Maar ek dink dit is die belangrikste. Hoe belangrik gehoor en spraak en vat is. En te evalueer en vir daai ma sê: ‘Kyk, hy is soos...hulle sê nou hierdie een is soos ‘n veertienjarige en dat jy moet verwag dat hy uitbarstings kry...” (Deelnemer 9).

“Verduidelik dit in sleutel terme vir ‘n mens darem... ek bedoel feit, ons gaan nie alles verstaan soos wat julle dit geleer het nie of verstaan nie. Maar as hulle miskien net vir ‘n mens spesifiek kan verduidelik dit is min of meer wat jy kan verwag van iemand met so

besering. Ek bedoel elke besering is verskillend, maar jy weet uhm, dit en dit het seergekry. Uhm dit kan dalk verbeter, dit vermoed ons kan nie verbeter nie, maar mens kan daaraan werk, sodat 'n mens net tipe van riglyne het waarvolgens jy kan min of meer kan gaan” (Deelnemer 8).

Uit die bogenoemde aanhalings is dit volgens die twee deelnemers duidelik dat die professionele persone juis nie genoegsame inligting oor die aard van die breinbesering aan die sorggewers gee nie, en dit lei daartoe dat sorggewers 'n wanpersepsie het van die aard van die breinbesering. Die gevolg hiervan is dat hulle eers later ontugter word deur die realiteit en dit plaas verdere stres en druk op die versorgingsproses. Dit word in die volgende aanhalings geïllustreer:

“Niemand het vir ons gesê wat gaan gebeur nie. Ons het gedink sy gaan wakker word en nog dieselfde wees” (Deelnemer 10).

“Ek wens net iemand het vir my gesê hoe erg sy besering was dat ek hom nie gedruk het nie” (Deelnemer 9).

“'n Mens wil so gou moontlik wil jy hulp hê daarvoor. Jy moenie eers wag en kyk nou wanneer gaan jou kind nou weer reg kom nie, jy moet so gou as moontlik met 'n met die metode...” (Deelnemer 7).

'n Verdere behoefte wat ook in terme van die inligtingverskaffing, oor die aard van die breinbesering en evaluasieresultate voorkom, is dat sorggewers nie altyd die terme verstaan wat die professionele persone gebruik nie, en gevolglik ook 'n behoefte daaraan het dat inligting op só 'n wyse aan hulle verskaf moet word, dat hulle dit wel kan verstaan. Deelnemer 9 se mening beklemtoon die genoemde stelling: *“Die eerste wil ek hê dat iemand moet vir my kon sê wat was op die EEG. Jy weet ek al is ek 'n suster, kom hulle daar met hierdie verskriklike woorde van 'efusie' en uhm...dit was 'efusie'. Dit was 'n verskriklike term” (Deelnemer 9).*

“Jy weet jy kyk, daar in die ICU, jy kyk na daai verskriklike groot kaarte en jy sien al hierdie syfers- die Glasgow skaal. Hulle het vir my gesê sy glasgow skaal is maar drie uit vyftien. En dit is wat my laat swot het vir hoërsorgsuster. Want dan sê hulle: “Dis verskriklik”. Jy weet, nou verwag jy hierdie kind gaan doodgaan, en-en-en dit is baie erg” (Deelnemer 9).

Verder het die deelnemers onder hierdie subtema van “Meer inligting deur die professionele span” die behoefte uitgespreek om ingelig te word oor die tipe behandeling wat die persoon met ‘n TBB ontvang. Die deelnemers het beklemtoon dat hulle ook oor die nodige kennis wil beskik rakende die doel van die behandeling, aangesien hulle van mening is dat dit hulle meer begrip van die probleem gee. Die aanhalings van Deelnemers 7, 8 10 en 11 illustreer hierdie behoefte:

“Ek sal ook sê hulle doen ‘n diens en doen dit wat hulle moet doen, maar ons wat dit elke dag met haar moet doen, weet nie hoekom ons dit moet doen nie” en “Jy wil net weet wat doen hulle. Want as ek weet waarnatoe hulle gaan, dan gaan ek mos meer daaraan werk” en “...ons het seker eers na die agste of negende klas, toe kom ons eers agter dat dit vir haar balans is. Jy wil net weet wat doen hulle” (Deelnemer 11).

“Ek dink hulle kan seker vir jou ‘n metode uitwerk om jou te help. Jy weet nie alles nie, jy ken nie alles nie. Hulle kan jou leer om te begin, daar...” (Deelnemer 7).

“Spraakterapeut sê vir my dit gebeur en dat gebeur, en dan kan jy bietjie meer insien hoe spraakterapie werk”... Daai hoekom sy dit doen, dan verstaan mens beter. Dit help nie jy gaan na ‘n klas toe en hulle gaan aan en jy weet, dit is vir jou sinneloos. Maar as jy weet jy doen dit, dan kan jy daaraan werk” (Deelnemer 10).

“Opleiding oor uhm, oor baie van hoe julle dink. As jy bevoorbeeld dink kom ons doen hierdie terapie, omdat ek wil sien waar dit uitkom, om baie vir die versorgers te sê hoekom ons ‘n sekere, hoekom ons sekere goeters doen” en “Ek bedoel ons kan nie leer wat julle geleer het in jare en jare se ondervinding nie, maar ek dink regtig dat uhm partymaal voel dit vir ‘n versorger uhm, sy weet eintlik niks nie” (Deelnemer 8).

Deelnemer 10 meld dat sy wel later in die versorgingsproses meer inligting ontvang het oor die aard van die spraakterapie en dat dit haar ondersteun het en dat sy meer begrip van die probleem gekry het:

“Haar nuwe spraakterapeut sê vir my dit gebeur en dat gebeur. Dan kan jy bietjie meer insien hoe spraakterapie werk. Sy sê vir my gewoonlik doen hulle dit. Of dit of dit of dit gebeur as sy die woord sê of sy sluk haar eerste of haar laaste woord in. Daai, hoekom sy dit doen, dan verstaan mens beter. Dit help nie jy gaan na ‘n klas toe en hulle gaan

aan en jy weet, dit is vir jou sinneloos. Maar as jy weet hoekom jy doen dit dan, kan jy daaraan werk” (Deelnemer 10).

- **Behoeftes dat hulle rol as sorggewer in die span erken moet word;**

Die deelnemers dui ook aan dat hulle bydraes tydens die rehabilitasieproses asook hulle rol en behoeftes as sorggewers in die hantering van die persoon met 'n TBB deur die professionele span erken word. In die volgende aanhalings word hierdie behoeftes beklemtoon:

“...ek dink omdat ons die hele dag met daai persoon werk nê, is daar baie uhm-uhm praktiese kennis van wat werk en wat werk nie” (Deelnemer 8).

“...wat hulle vir jou kan vra...Ek was altyd by die terapie, so ek weet presies wat sy gedoen het en uhm wat sy miskien, wat hulle vir jou kan vrae is: “Wat dink jy is die persoon se behoeftes? Waar dink jy is daar 'n groot leemte omdat jy heeldag by die persoon is. En dan wat hulle ook miskien vir jou kan vra wat hulle...hoe sien jy die werk wat hulle doen...of hulle jou kind reg benader. En uhm, volgens jou mening, jou leke mening of hulle jou kind reg benader” (Deelnemer 5).

“Wel wat vir my belangrik is, is dat hulle my nie moet laat voel maar ek is stupid nie en ek weet nie wat ek doen nie, want ek kyk mos nou maar net na haar nie” (Deelnemer 8).

“...uhm en dan die ander ding was dat hulle altyd vir my gevra het hoe gaan dit met my, hoe voel ek “ en “ Maar ek dink baie maal het die terapeute as ek vir hulle sê oor TBB8, goed gesê het oor TBB8 het hulle....jy weet, hulle het na my geluister asof ek, ek weet. Jy is in hierdie ding en jy weet nou waarvan jy praat. En uhm, so dit het vir my regtig baie beteken en ek kon baie maal my hart uitpraat” (Deelnemer 8).

- **Behoeftes om te weet wat die rol van die verskillende spanlede is**

'n Volgende belangrike subtema wat ook onder die tema: “Professionele span” voorkom is dat die deelnemers onseker is oor die rol van die verskillende spanlede in die rehabilitasiespan. Deelnemer 6 toon aan dat sy onkundig is oor die verskillende rolle

van die professionele persone en meld onder andere dat sy nie kennis het van wat die werklike rol van 'n spraakterapeut is in die hantering van 'n persoon met 'n TBB nie.

“Ek dink ons is maar dalk op daardie gebied miskien bietjie onkundig. Ons weet nie wat behels en wat doen 'n spraakterapeut nie. Wat behels hulle hele uhm, studies, saam met die pasiënt of saam met die ouers nie” en “Maar ek ,O, ek is 'n leek in die opsig van ons weet nie wat is die spraakterapeut se rol teenoor ons as ouers gewees nie. Ons het nie ondervinding daarvan nie” (Deelnemer 6).

“I didn't really know what speech therapy was all about. I just thought you know, they will help TBB4 to talk again, but that never happened. I didn't realize that they also have to work on memory, and all that sort of things. I thought it was their job, really just to help him to talk again. But I discovered, there is a lot more to it” (Deelnemer 4). [Ek het nie regtig geweet waarom 'n spraakterapie gaan nie. Ek het gedink, jy weet, hulle sal TBB4 help om weer te praat, maar dit het nooit gebeur nie. Ek het nie beseef dat hulle ook werk aan geheue en daardie soort van dinge nie. Ek het gedog dit was hulle werk, regtig, net om hom weer te help om te praat, maar ek het ontdek, dat daar baie meer daaraan is] (Deelnemer 4).

“Want ek gevoel het, uhm vandat TBB5 in 'n reabilitasiesentrum is, hulle volg 'n spanbenadering, en uhm, ek dink dit is, 'n mens weet nie regtig waar hou die een terapeut se rol op en waar begin die ander een sin nie. Maar omdat hulle in 'n span met die persoon werk, uhm spreek hulle die behoeftes aan omdat hulle gedurig vergadering het” (Deelnemer 5).

Die feit dat die deelnemers nie goed ingelig is oor die verskillende rolle van die professionele persone nie, lei daartoe dat hulle negatief raak oor die aard van reabilitasie en reabilitasiespanlede. Die deelnemers voel onseker oor wat daar van hulle as sorggewers verwag word, asook die tipe intervensie wat verskaf word, omdat inligting van die verskillende spanlede mekaar dikwels weerspreek en moontlik juis omdat hulle nie weet wat die verskillende spanlede se rolle is nie.

“As ek terug dink aan al die terapie ook, die een sê doen dit en die een sê doen dat. Dit is asof ons in die middel loop en ons moet besluit wat om te doen en ons het nie daai kennis nie. Die een sê ja en die een sê nee. So dit was moeilik” (Deelnemer 10).

- **Behoeftes dat die professionele span hulle moet voorberei vir die pad wat hulle gaan loop.**

'n Volgende belangrike subtema wat ook in die tema: "Die professionele span" verskyn, is dat die deelnemers 'n behoefte daaraan het dat die professionele span hulle moet voorberei vir die moontlike pad wat hulle as sorggewers in die herstel proses gaan moet loop. Die deelnemers is van mening dat hulle nie voldoende voorberei word vir die pad wat hulle sal moet loop nie. Hierdie subtema sluit nou aan by die temas: "Behoeftes aan ondersteuning" en "Behoeftes aan hoop", aangesien die deelnemers van mening is dat, indien hulle beter voorbereid was op die pad wat hulle moet loop, hulle die hele proses beter sou kon hanteer. Die behoeftes word in die volgende aanhalings geïllustreer:

"... maar ek dink die professionele mens sny af... Ons het nie geweet waar ons staan en wat lê voor nie" (Deelnemer 11).

"As 'n mens net 'n bietjie meer voorbereid was, so dit beter gewees het" (Deelnemer 10).

"... maar my grootste behoefte was dat iemand net vir my 'n idee moet gee van die paadjie wat ons gaan moet loop. Jy kan hierdie kant loop en daai een kan daai kant toe loop, party het 'n kort padjie en ander 'n lang padjie. Maar dat jy net die hele spektrum vir jou gestel word en sê binne hierdie ervarings van verskillende mense, gaan jy 'n padjie loop" (Deelnemer 5).

"Ja, wat is die beste uhm uhm uitkoms en wat is die slegste uitkoms. En daar is baie van hierdie wat dieselfde is by almal. Party sin vat net langer. Daar is (ek het nou al gesien) dit is nou seker bietjie van 'n veralgemening, maar daar is sekere dinge wat dieselfde is by almal van hulle" (Deelnemer 5).

Deelnemer 6 is van mening dat sy voldoende voorbereiding gehad het vir die pad wat sy moontlik sal moet loop, en dat dit haar baie gehelp het tydens die proses van rehabilitasie: *"Ek moet vir jou sê my ou suster was 'n maatskaplike werkster, en ...ek dink as dit nie vir haar was nie, wat geweldige insette in my lewe...en sy het vir my hierdie ding gesê TBB6&7 dit is 'n moeilike pad. ...dit en dit en dit gaan nog met jou gebeur..."* (Deelnemer 6).

Dit is dus belangrik dat rehabilitasiepersoneel bewus moet wees van sorggewers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode, sodat daar meer ondersteuning aan hulle gegee kan word, om die aanpassings en opofferings in die hantering van die persoon met 'n TBB beter te hanteer.

h) Die deelnemers se persepsies van hulle rol in die rehabilitasiespan tydens die akute rehabilitasie periode

Alhoewel die deelnemers aandui dat hulle 'n behoefte daaraan het dat hulle rolle as sorggewers in die rehabilitasiespan erken moet word, en dat hulle 'n belangrike bron van inligting aangaande die hantering van die persoon met 'n TBB is, het 'n belangrike tema ontstaan oor hoe hulle as sorggewers hulle rol in die rehabilitasiespan beskou. In die laaste tema van die DA kom die volgende subtemas na vore: Die deelnemers beskou hulleself as: koördineerder; inligtingverskaffer aan ander persone oor die hantering van die persoon met 'n TBB; die persoon wat inligting moet bekom by ander oor die hantering van die persoon met 'n TBB; intensiewe versorger en persoon wat die beste in die persoon met 'n TBB se behoeftes kan voorsien. Hierdie subtemas word duidelik in die volgende aanhalings geïllustreer:

- **Koördineerder**

"... dit is die een wat al die terapie en alles wat die persoon moet deurgaans moet koördineer" (Deelnemer 5).

- **Verskaf inligting aan ander oor hoe die persoon met 'n TBB hanteer moet word**

"...en dan ook ander mense inlig hoe hulle die pasiënt moet hanteer en uhm moet bepaal wat die pasiënt se behoeftes is" (Deelnemer 5).

- **Verkry die nodige inligting by ander**

"... en dan weer inligting in te win by professionele mense en dan daai pasiënt so na moontlik te behandel volgens die raad en advies wat jy kry" (Deelnemer 5).

- **Persoon wat intensiewe sorg aan die persoon met TBB moet gee**

“Ek het uhm dit al so geformuleer dat ek dink ‘n sorggewer is soos ‘n intensiewe sorgeneheid – al daai masjiene, wat elke verskillende aktiwiteit van daai persoon monitor, en jy is so. En jy reageer op daai prikkels elke keer as dit verander en as daar ‘n behoefte is dan moet jy aan daai behoefte voorsien. En ek dink dit is noodsaaklik dat daar een persoon altyd by is, selfs omtrent dag en nag in die hospitaal, dat mens presies weet wat daai persoon nie kan doen nie en wat daai persoon wel kan doen en hom nie oorbeskerm nie...” (Deelnemer 5).

- **Voel dat die sorggewer die enigste persoon is wat in die persoon met ‘n TBB se behoeftes kan voorsien**

“Jy, jy ...outomaties weet jy as hulle so optree dan weet jy, jy moet nou dit gaan doen, en dit is wat ‘n ander ou nie kan doen nie. ‘n Normale ou daar buitekant gaan nie weet wat gaan aan nie, maar jy as “caretaker” weet, of familielid weet presies wat daai persoon nou nodig het” (Deelnemer 5).

“Iemand wat omsien na daai persoon se belange. Versorg, uhm, omsien die-die fisiese behoeftes, emosionele behoeftes en daaglikse behoeftes. Soos in elke dag se doen met die persoon omdat hy nie meer daai vermoë het nie” (Deelnemer 8).

“...ek glo natuurlik ook daar is niemand wat in die kontekste sien van die pasiënt, die beseerde, die breinbeseerde...., is daar niemand beter as ‘n “caretaker”... as ‘n persoon wat baie na is aan die familielid, soos jou kind, jou man, of by die betrokke huisgesin nie” (Deelnemer 5).

Sorggewers is die persone wat lank nadat terapie gestaak is en die rehabilitasieproses verby is, steeds elke dag na die persoon met ‘n TBB moet omsien. Die onus rus dus op die professionele spanlede om hierdie behoeftes wat die sorggewers reeds tydens die akute periode ervaar, so gou as moontlik te bevredig. Alleen dan kan rehabilitasiepersoneel moontlik die nodige ondersteuning, hoop en inligting wat die sorggewers benodig, aan hulle verskaf en moontlik die lang proses na herstel verkort word.

4.4. RESULTATE VAN FASE 2: VEELVULDIGE ENKELGEVALLE-STUDIES (PRETOETS, POSTTOETS EKSPERIMENTELE ONTWERP)

In die volgende gedeelte volg 'n volledige bespreking van die resultate wat tydens die tweede fase van die studie verkry is.

4.4.1. Subdoelstelling van Fase 2


Toepassing van die voorlopige meetinstrument op 'n bepaalde toetspopulasie, ten einde te bepaal of die meetinstrument 'n **verandering/verskuiwing** van die sorggewers se behoeftes kon meet, na die aanbieding van 'n werkwinkel. *(Die doel van die werkwinkel is slegs om inligting aan die sorggewers te verskaf op grond van die behoeftes wat tydens die voltooiing van die voorlopige meetinstrument geïdentifiseer is ten einde daarna te bepaal of die meetinstrument wel die verandering in behoeftes sal kan meet. Die hoofokus is dus nie die werkwinkel nie, maar die verandering wat die meetinstrument sal kan meet of nie).*

Die resultate van die vier deelnemers (D12-D15) wat aan die tweede fase van die studie deelgeneem het, word afsonderlik bespreek in terme van die verskillende subafdelings van die meetinstrument. Die resultate word op grafieke voorgestel, ten einde 'n visuele beeld te verskaf van die verandering wat die meetinstrument van die deelnemers se behoeftes gemeet het.

4.4.2. Resultate van Deelnemer 12 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkwinkel

a) Inligtingbehoefte (Afdelings 1 en 2)


Die resultate word bespreek in terme van die Deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkwinkel. Die resultate word op grafieke voorgestel en op hierdie wyse sal dit moontlik wees om aan te toon of die meetinstrument wel 'n verandering in die Deelnemers se behoeftes meet.



Figuur 17 toon aan dat Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkswinkel die meerderheid van die vrae in Afdeling 1, Opsie 2 geselekteer het. Deelnemer 12 was van mening dat sy nie so 'n groot behoefte gehad het om meer inligting te bekom aangaande die algemene behoeftes en fisiese-, kommunikasie-, kognitiewe-, gedrags- en emosionele simptome van die persoon met 'n TBB nie. Inligting oor die herstelproses en funksies van die brein is ook areas waarin Deelnemer 12 meld dat sy nie so 'n groot behoefte het nie. Meer inligting oor die aard van die rehabilitasieproses, die basiese behoeftes van die persoon met 'n TBB, die versorgingsprioriteite en ander beperkinge van die persoon met 'n TBB is as moontlike behoeftes deur Deelnemer 12 aangedui, voor die aanbieding van die werkswinkel. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy egter aangetoon dat sy geen behoeftes meer het oor die hantering van die algemene behoeftes, kommunikasie-simptome, basiese behoeftes, versorgingsprioriteite en die aard van die persoon met 'n TBB se beperkinge nie.

Dit is dus uit hierdie resultate duidelik dat daar wel 'n verskuiwing van Deelnemer 12 se behoeftes in terme van die bogenoemde aspekte voorkom. Voor die werkswinkel het Deelnemer 12 aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting te bekom oor die aard van die rehabilitasieproses. Na die werkswinkel het sy egter aangedui dat dit nie meer so 'n groot behoefte is nie. Die deelnemer se behoeftes in terme van inligting oor die hantering van fisiese-, kognitiewe, gedrags- en emosionele simptome,

die herstelproses en die funksies van die brein is areas waarin die deelnemer se behoeftes nie verander het na die aanbieding van die werkswinkel nie. Die deelnemer was steeds van mening dat sy nie so 'n groot behoefte gehad het om meer inligting oor die bogenoemde areas te bekom nie. Die resultate dui dus daarop dat die meetinstrument wel 'n verandering in Deelnemer 12 se behoeftes, rakende inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB, kon meet.



Uit Figuur 18 is dit duidelik dat Deelnemer 12 in Afdeling 2 van die meetinstrument op al die behoeftevrae voor die aanbieding van die werkswinkel, Opsie 3 gekies het. Deelnemer 12 dui aan dat inligting oor die algemene rol van die sorggewer, asook tydens evaluasie en behandeling, areas is wat moontlik 'n behoefte kan wees, voor die aanbieding van die werkswinkel. Hoe om die persoon met 'n TBB se fisiese-, basiese-, emosionele- en kommunikasieprobleme aan te spreek, is ook deur Deelnemer 12 voor die werkswinkel aangedui as moontlike behoeftes. Deelnemer 12 het ook voor die werkswinkel aangedui dat sy 'n moontlike behoefte het om te weet wat die sorggewer se rol in die hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags- en emosionele probleme is.

Uit Figuur 18 is dit duidelik dat Deelnemer 12 se behoeftes op die meerderheid van die vrae verander het, na die aanbieding van die werkswinkel. Sy is van mening dat sy na


die aanbieding van die werkswinkel geen behoefte meer het om meer inligting te bekom rakende haar rol as sorggewer oor die algemeen, tydens evaluasie en behandeling nie. Verder het sy ook geen behoefte meer om te weet wat haar rol in die rehabilitasieproses asook in die hantering van die persoon met 'n TBB se fisiese behoeftes is nie. Verder toon Deelnemer 12 ook aan dat sy geen behoefte aan meer inligting benodig nie, rakende haar rol in die hantering van die persoon se kommunikasie-, gedrags-, emosionele- en kognitiewe probleme nie. Dit is ook duidelik uit Figuur 18 dat Deelnemer 12, nie meer so 'n groot behoefte het aan hoe om die persoon met 'n TBB se basiese behoeftes te hanteer, na die aanbieding van die werkswinkel nie.

b) Behoeftes aan ondersteuning (Afdelings 3 en 4)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 3 (Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB) en Afdeling 4 (Ondersteuning vir die sorggewers van die persoon met 'n TBB) van die meetinstrument in. Die resultate word bespreek soos verkry voor en na die aanbieding van die werkswinkel.

Afdeling 3: In Figuur 19 is dit duidelik dat Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkswinkel nie so 'n groot behoefte het aan ondersteuningsgroepe en dagsorgfasiliteite vir die persoon met 'n TBB nie. Inligting oor die voordele van ondersteuningsgroepe en waar ondersteuningsgroepe gevind kan word, is twee areas waarin Deelnemer 12 aandui dat sy 'n moontlike behoefte aan meer inligting het.

Na die aanbieding van die werkswinkel is dit in Figuur 19 duidelik dat Deelnemer 12 nie meer so 'n groot behoefte het om te weet wat die voordele van ondersteuningsgroepe asook waar ondersteuningsgroepe gevind kan word nie. Sy dui ook aan dat sy geen behoefte het aan meer inligting oor dagsorgfasiliteite, na die aanbieding van die werkswinkel nie.



Afdeling 4: Volgens die resultate soos aangetoon op Figuur 19 toon Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkswinkel aan dat sy nie so 'n groot behoefte het aan 'n sorggewer-ondersteuningsgroep nie. Sy toon ook aan dat sy nie so 'n groot behoefte aan ondersteuning het om die nodige verandering in haar leefwyse te maak om na die persoon met 'n TBB om te sien nie, of om met iemand te praat oor haar emosies en gevoelens nie. Om met ander persone te praat wat reeds deur die proses van rehabilitasie is en 'n kommunikasiegroep by te woon waarin sorggewers vrae aan professionele persone en ander kan stel oor die probleme wat sy ervaar en om met iemand te praat om haar teleurstellings wat sy ervaar te deel, is as moontlike behoeftes deur Deelnemer 12 aangedui.


Uit Figuur 19 is dit duidelik dat Deelnemer 12 na die aanbieding van die werkswinkel op al die vrae aantoon dat sy geen behoeftes meer het rakende die bogenoemde aspekte van ondersteuning nie. Die werkswinkel het dus aan al Deelnemer 12 se behoeftes in terme van ondersteuning vir die sorggewer voldoen, en die meetinstrument het ook die verandering in haar behoeftes gemeet.

c) Kommunikasiebehoefte (Afdeling 5)

Hierdie response sluit die resultate van Afdeling 5 (Kommunikasie met die persoon met 'n TBB) van die meetinstrument in.

Uit Figuur 20 is dit duidelik dat Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkwinkel op al die vrae in die meetinstrument aantoon dat sy moontlike behoeftes het aan kommunikasie met die persoon met 'n TBB. Sy antwoord op al die vrae dat sy 'n moontlike behoefte het aan spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB te help om haar beter te verstaan tydens kommunikasie-interaksie. Verdere riglyne oor wat om te doen om die persoon se spraak te verbeter en inligting rondom oor aanvullende kommunikasiemetodes om die persoon te ondersteun tydens kommunikasie-interaksie is ook moontlike behoefteareas wat deur Deelnemer 12 aangedui is. Verder meld sy dat sy moontlike behoeftes het aan meer inligting oor maniere waarop sy die persoon met 'n TBB se kommunikasiebehoefte kan bevredig. Riglyne oor hoe en wanneer om die persoon met 'n TBB te stimuleer vir beter kommunikasie-interaksie, is ook moontlike behoeftes wat deur haar aangetoon is, voor die aanbieding van die werkwinkel.


Uit Figuur 20 is dit duidelik dat Deelnemer 12 na die aanbieding van die werkwinkel aantoon dat sy geen behoeftes meer het oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB nie. Sy het na die werkwinkel op al die behoeftevrae Opsie 1 (Geen behoefte) aangetoon. Daar is dus 'n duidelike verandering in Deelnemer 12 se behoeftes gemeet, en die meetinstrument toon hierdie verandering in die deelnemer se behoeftes aan.



Figuur 20: Deelnemer 12 se behoeftes aan kommunikasie met die persoon met 'n TBB voor en na die aanblyding van die werkswinkiel (Afdeling 5)

d) Hantering (“Coping”) en Hoop (Afdelings 6 en 7)

Hierdie response sluit die resultate van Afdeling 6 (Hantering/“Coping”) en Afdeling 7 (Hoop) van die meetinstrument in.



Figuur 21: Deelnemer 12 se behoeftes rondom hantering/“coping” en hoop voor en na die aanblyding van die werkswinkiel (Afdelings 6 & 7)


Soos Figuur 21 aandui, het Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkwinkel moontlike behoeftes gehad aan maniere om die herstelproses te hanteer en om meer hoop te ontvang. Volgens die meetinstrument, het sy 'n moontlike behoefte om hulp te verkry oor hoe om stadige herstel te hanteer en om te sien dat die persoon met 'n TBB se toestand verbeter (Afdeling 6). Na die aanbieding van die werkwinkel het Deelnemer 12 egter op die twee bogenoemde vrae die Opsie 1 geselekteer. Daar het dus 'n verandering in haar behoeftes aan die hantering van die traumatiese proses plaasgevind, nadat meer inligting aan haar verskaf is tydens die werkwinkel.

Figuur 21 dui ook aan dat Deelnemer 12 op die meerderheid van die vrae in Afdeling 7 (Hoop) die Opsie 3 geselekteer het. Dit toon aan dat sy 'n moontlike behoefte het om te weet wat die persoon met 'n TBB se toekomsverwagtinge is, om meer hoop van die reabilitasiespan te kry tydens die akute tydperk, asook om te weet wat die persoon se verwagte langtermynuitkomst gaan wees. Die implikasies wat die besering op die persoon se toekoms gaan hê, asook om met ander persone te kommunikeer om meer hoop te kry, is ook moontlike behoeftes wat die deelnemer gehad het voor die aanbieding van die werkwinkel.

Na die aanbieding van die werkwinkel het Deelnemer 12 se behoeftes egter verander, aangesien sy op die meerderheid van die vrae Opsie 1 selekteer. Sy het geen behoeftes meer, aan meer inligting oor die persoon se toekomsverwagtinge en langtermyn-uitkomst nie, asook om meer hoop van die reabilitasiepersoneel af te kry nie. Die deelnemer het ook nie meer 'n behoefte, om meer inligting te ontvang oor die implikasies wat die besering op die persoon met 'n TBB se toekoms gaan hê nie. Sy toon ook aan dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om met iemand te kommunikeer met die oog op meer hoop nie. Hier het dus ook 'n verandering in Deelnemer 12 se behoeftes plaasgevind nadat die werkwinkel aangebied is.

e) Behoeftes rakende die professionele span (Afdeling 8)

Hierdie response sluit die resultate van Afdeling 8 (Die professionele span) in.



Figuur 22: Deelnemer 12 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8)


Dit is uit Figuur 22 duidelik dat Deelnemer 12 voor die aanbieding van die werkwinkel op die meerderheid van die vrae, oor haar behoeftes ten opsigte van die professionele span, Opsie 3 gekies het. Sy het 'n moontlike behoefte gehad om meer inligting van die professionele span af te kry, en dat die span meer van haar kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes gebruik moet maak. Om te weet wat die verskillende spanlede asook die rol van die sorggewer in die rehabilitasiespan en die doel van verskillende rehabilitasiedienste is, sluit ook moontlike behoeftes in wat voor die aanbieding van die werkwinkel deur Deelnemer 12 aangedui is. Verder toon Deelnemer 12 ook aan dat sy 'n moontlike behoefte het om meer empatie van die verskillende spanlede te ontvang en dat haar vaardighede met die persoon met 'n TBB erken sal word. Dat die professionele span hulle kennis in verband met die besering met haar sal deel, ten einde 'n beter begrip van die aard van die breinbesering te ontvang, is ook 'n moontlike behoefte wat deur haar aangedui is. Sy toon ook aan dat sy 'n moontlike behoefte het om haar gevoelens en probleme met die rehabilitasiepersoneel te deel en dat die span alles sal verduidelik in terme wat sy kan verstaan. Verder toon sy ook aan dat sy 'n moontlike behoefte daaraan het dat die rehabilitasiespan aan haar moet verduidelik waarom daar aan sekere aspekte gewerk word, asook riglyne oor die pad wat vir sorggewers voorlê. Om te weet waarom die rehabilitasiespan soms inligting van die sorggewers weerhou en dat sorggewers alle inligting van die rehabilitasiespan af wil ontvang, sluit ook moontlike behoeftes in wat Deelnemer 12 aantoon voor die aanbieding van die werkwinkel. Deelnemer 12 toon egter aan dat sy 'n behoefte het om te weet waarom die inligting van die verskillende spanlede mekaar dikwels weerspreek. Om te weet dat sorggewers genoeg ondersteuning van die rehabilitasiespan ontvang en dat sorggewers deel is van die span, is ook twee behoeftes wat deur haar aangedui is voor die aanbieding van die werkwinkel.

Volgens Figuur 22 is dit duidelik dat Deelnemer 12 se behoeftes verander het ná die aanbieding van die werkwinkel. Sy het hoofsaaklik Opsie 1 geselekteer nadat inligting aan haar verskaf is tydens die werkwinkel. Dit impliseer dat die werkwinkel wel aan die deelnemer se behoeftes aangaande die professionele span voldoen, en dat die meetinstrument in staat is om 'n verandering in die deelnemer se behoeftes te meet.

4.4.3. Resultate van Deelnemer 13 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkwinkel

a) Inligtingbehoefte (Afdelings 1 en 2)


Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 1 (Algemene hantering van die persoon met 'n TBB) en Afdeling 2 (Inligtingbehoefte wat die sorggewer graag sou wou weet) van die meetinstrument in. Die resultate word bespreek in terme van Deelnemer 13 se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkwinkel.



Uit Figuur 23 is dit duidelik dat Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkwinkel op die meerderheid van die vrae van Afdeling 1 die Opsie 3 geselekteer het. Deelnemer 13 toon aan dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting te bekom, rakende die algemene behoeftes en fisiese-, kommunikasie- en kognitiewe simptome van die persoon met 'n TBB. Sy het 'n behoefte aan meer inligting ten opsigte van die gedrags- en emosionele simptome van 'n persoon met 'n TBB. Uit Figuur 23 blyk dit dat Deelnemer 13 na die aanbieding van die werkwinkel aantoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om meer te weet van die algemene behoeftes en fisiese-, kommunikasie, kognitiewe-, gedrags- en emosionele simptome nie. Verder dui sy voor die aanbieding van die werkwinkel aan dat sy 'n moontlike behoefte het om meer

inligting te ontvang aangaande die rehabilitasie- en herstelproses van die persoon met 'n TBB. Sy het ook 'n behoefte gehad om meer inligting te bekom oor die funksies van die brein en die basiese behoeftes van die persoon met 'n TBB. Meer inligting oor die persoon met 'n TBB se versorgingsprioriteite en beperkinge is ook deur Deelnemer 13 aangedui as moontlike behoeftes, voor die aanbieding van die werkswinkel. Soos gesien kan word in Figuur 23, het Deelnemer 13 se behoeftes egter verander ná die aanbieding van die werkswinkel. Sy toon aan dat sy geen behoefte meer het om inligting te ontvang oor die rehabilitasieproses, die basiese behoeftes en beperkinge van die persoon met 'n TBB nie. Sy het ook nie meer so 'n groot behoefte om meer te weet van die herstelproses, versorgingsprioriteite en funksies van die brein nie. Op grond van hierdie resultate kan daar aanvaar word dat die meetinstrument wel die verandering in Deelnemer 13 se behoeftes ten opsigte van Afdeling 1 gemeet het.

Figuur 24 is 'n visuele voorstelling van Deelnemer 13 se behoeftes in Afdeling 2 van die meetinstrument.




Uit Figuur 24 is dit ook duidelik dat Deelnemer 13 met die voltooiing van Afdeling 2, op die meerderheid van die vrae, Opsie 4 (Behoeftes) aandui. Deelnemer 13 het voor die aanbieding van die werkswinkel 'n behoefte gehad om te weet wat haar rol as sorggewer oor die algemeen, tydens terapie en in die rehabilitasiespan, is. Die rol van

die sorggewer tydens assessering is as 'n moontlike behoefte deur Deelnemer 13 aangedui. Na die aanbieding van die werkswinkel toon Deelnemer 13 aan dat sy nie meer 'n behoefte het om te weet wat haar rol as sorggewer oor die algemeen, tydens assessering, terapie en in die rehabilitasiespan is nie. Sy dui op al hierdie vrae Opsie 1 aan, na die aanbieding van die werkswinkel.

Verder het Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkswinkel aangedui dat sy 'n moontlike behoefte het aan meer inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se fisiese en basiese behoeftes. Sy toon ook aan dat sy 'n behoefte het om te weet hoe om die persoon met 'n TBB se kommunikasie-, emosionele-, gedrags- en kognitiewe behoeftes aan te spreek. Uit Figuur 24 is dit duidelik dat hierdie behoeftes ook verander het na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien Deelnemer 13 aantoon dat sy geen behoefte meer het om te weet hoe om die persoon met 'n TBB se fisiese en basiese behoeftes op te los nie. Sy toon ook aan dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om die persoon met 'n TBB se kommunikasie-, emosionele en kognitiewe probleme te hanteer nie, terwyl sy geen behoefte aandui aan inligting om die persoon met 'n TBB se gedragsprobleme te hanteer nie.

b) Behoeftes aan ondersteuning (Afdelings 3 en 4)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 3 (Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB) en Afdeling 4 (Ondersteuning vir die sorggewers van 'n persoon met 'n TBB) van die meetinstrument in. Die resultate word bespreek soos verkry voor en na die aanbieding van die werkswinkel.




Afdeling 3: Uit Figuur 25 blyk dit dat Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon het dat sy 'n moontlike behoefte het aan meer inligting oor die aard van ondersteuningsgroepe, die voordele daarvan asook waar hierdie groepe beskikbaar is. Sy het geen behoefte gehad aan meer inligting oor dagsorgfasiliteite vir die persoon met 'n TBB nie. Na die aanbieding van die werkswinkel dui Deelnemer 13 aan dat sy geen behoefte het aan meer inligting oor die bogenoemde behoeftes nie. Volgens Figuur 25 blyk dit dat die meetinstrument wel die verandering in haar behoeftes gemeet het na die aanbieding van die werkswinkel.

Afdeling 4: Figuur 25 bepaal dat Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkswinkel nie so 'n groot behoefte (Opsie 2) gehad het aan ondersteuning vir sorggewers nie. Sy dui ook aan dat sy geen behoefte aan ondersteuning het om die nodige veranderinge in haar daaglikse lewenswyse te maak ten einde na die persoon met 'n TBB om te sien nie. Sy het nie so 'n groot behoefte aan 'n sorggewerondersteuningsgroep, om met ander te praat wat alreeds deur die proses is, of 'n kommunikasiegroep waar daar vrae rakende die probleme wat sy ervaar aan professionele persone en andere gevrae kan word nie. Deelnemer 13 het ook nie so 'n groot behoefte om haar emosies, gevoelens en teleurstellings met ander persone te deel nie.

Uit Figuur 25 is dit duidelik dat daar nie baie veranderings in Deelnemer 13 se behoeftes ten opsigte van Afdeling 4 voorkom ná die aanbieding van die werkwinkel nie. Al haar behoeftes bly dieselfde, en het slegs by een vraag verander het, deurdat sy aantoon dat sy geen behoefte meer het aan 'n sorggewerondersteuningsgroep nie.

c) Kommunikasiebehoeftes (Afdeling 5)

Hierdie resultate sluit Deelnemer 13 se behoeftes ten opsigte van Afdeling 5 van die meetinstrument (Kommunikasie met die persoon met 'n TBB) in.




Figuur 26 toon duidelik aan dat Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkwinkel hoofsaaklik Opsie 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) geselekteer het. Sy toon aan dat sy 'n moontlike behoefte het aan spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB te ondersteun om haar beter te verstaan asook hoe om die persoon met 'n TBB beter te verstaan tydens kommunikasie-interaksie. Meer inligting rakende maniere om die persoon met 'n TBB se kommunikasiebehoeftes te hanteer, maniere hoe en wanneer om die persoon te stimuleer, is ook moontlike behoeftes wat deur Deelnemer 13 aangetoon is. Uit die Figuur 26 is dit duidelik dat sy voor die aanbieding van die werkwinkel nie so 'n groot behoefte gehad het aan maniere om die persoon met 'n TBB se spraak te verbeter nie. Die gebruik van alternatiewe kommunikasiemetodes, om die persoon met 'n TBB te ondersteun om beter te kommunikeer was ook nie so 'n groot

behoefte nie. Deelnemer 13 se behoeftes het egter verander na die aanbieding van die werkwinkel en sy het hoofsaaklik Opsie 2 (Nie so 'n groot behoefte) as antwoord op die meeste vrae gegee. Sy toon aan dat sy nie meer so 'n groot behoefte het aan spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB en haarself te help om mekaar beter te verstaan tydens kommunikasie-interaksie nie. Sy het ook nie meer so 'n groot behoefte aan maniere hoe en wanneer om die persoon met 'n TBB te stimuleer nie. Deelnemer 13 dui ook na die aanbieding van die werkwinkel aan dat sy geen behoefte meer het aan maniere om die persoon se kommunikasiebehoefte te bevredig nie, om die persoon se spraak te verbeter en meer inligting oor alternatiewe kommunikasiemetodes te bekom nie. Uit die resultate en die visuele voorstelling van die grafiek (Figuur 26) is dit duidelik dat Deelnemer 13 se behoeftes verander het na die aanbieding van die werkwinkel, en dat die meetinstrument die verandering gemeet het.

d) Hantering (“Coping”) en Hoop (Afdelings 6 en 7)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 6 en Afdeling 7 van die meetinstrument in.



Deelnemer 13 het volgens Figuur 27 hoofsaaklik Opsie 3 (Kan moontlik 'n behoefte wees) in Afdeling 6 geselekteer voor die aanbieding van die werkwinkel. Sy het 'n

moontlike behoefte gehad om te weet hoe stadige herstel van die persoon met 'n TBB hanteer moet word, asook 'n behoefte om te sien dat die persoon wel verbeter. Na die aanbieding van die werkswinkel toon sy aan dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om te weet hoe om stadige herstel te hanteer nie en om te sien dat die persoon met 'n TBB wel verbeter nie. Daar het dus 'n verandering in haar behoeftes aan inligting oor die hantering van die traumatiese proses plaasgevind nadat meer inligting aan haar verskaf is tydens die werkswinkel.

In die voorafgaande Figuur 27 is dit duidelik dat Deelnemer 13, voor die aanbieding van die werkswinkel, op die meerderheid van die "Hoop" vrae, Opsie 3 en Opsie 4 geselekteer het. Sy het aangetoon dat sy 'n behoefte het om te weet wat die persoon met 'n TBB se toekoms inhou en wat die toekomstige implikasies van die TBB is. Sy het ook 'n moontlike behoefte gehad, dat meer hoop deur die rehabilitasiespan aan sorggewers gegee moet word tydens die akute tydperk. So ook het sy 'n moontlike behoefte gehad om te weet wat die persoon se verwagte langtermynuitkomst is. Om met iemand te praat oor meer hoop is nie as so 'n groot behoefte deur haar aangedui nie.

Na die aanbieding van die werkswinkel het die Deelnemer se behoeftes egter verander, aangesien sy daarna op die meerderheid van die vrae Opsie 1 geselekteer. Sy het geen behoeftes meer om te weet wat die persoon se toekoms vir hom inhou nie, om hoop van die rehabilitasiepersoneel af te kry nie en wat die persoon se langtermynuitkomst gaan wees nie. Die Deelnemer het ook nie meer 'n behoefte daaraan om meer inligting te ontvang oor die implikasies wat die besering op die persoon met 'n TBB se toekoms gaan hê nie. Sy toon aan dat sy geen behoefte het om met iemand te kommunikeer oor meer hoop nie. Hier het dus ook 'n verandering van haar behoeftes plaasgevind, nadat die werkswinkel aangebied is.


e) Behoeftes rakende die professionele span (Afdeling 8)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 8 van die meetinstrument in.

Dit is uit Figuur 28 duidelik dat Deelnemer 13 voor die aanbieding van die werkswinkel op die meerderheid van die vrae, oor haar behoeftes aangaande die professionele span, Opsie 3 en Opsie 4, geselekteer het. Sy het 'n moontlike behoefte gehad om

meer inligting van die professionele span af te kry, die doel van verskillende rehasitasiedienste en om te weet wat die rol van die verskillende spanlede asook die rol van 'n sorggewer in die span is. Dat professionele persone hulle kennis van die aard van die besering met haar moet deel, op so 'n wyse dat sy verstaan wat fout is met die persoon, dat alles aan haar verduidelik moet word in terme wat sy kan verstaan en dat sy weet waarom die span aan sekere aspekte werk, is ook moontlike behoeftes wat deur haar geïdentifiseer is. Sy het ook 'n moontlike behoefte daaraan gehad dat haar rol deur die professionele span erken moet word. Verder toon sy aan dat sy 'n behoefte daaraan het om te weet wat die pad is wat voorlê, waarom die spanlede inligting van haar weerhou, en dat sy alle nodige inligting wil ontvang. Sy het ook 'n behoefte om te weet waarom die inligting van die verskillende spanlede mekaar weerspreek.

Deelnemer 13 het nie so 'n groot behoefte daaraan dat die span haar kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes moet gebruik nie. So ook het sy nie so 'n groot behoefte om meer empatie van die verskillende spanlede te ontvang, om haar gevoelens en probleme met die rehasitasiespan te deel nie en dat haar vaardighede met die persoon met 'n TBB deur die span erken moet word nie. Sy toon verder aan dat sy nie so 'n groot behoefte het om ondersteuning van die span te verkry nie.




Volgens Figuur 28 het Deelnemer 13 se behoeftes wel verander na die aanbieding van die werkwinkel, deurdat sy hoofsaaklik Opsie 1 aangedui het. Dit beteken dat die werkwinkel wel die Deelnemer se behoeftes aangaande die professionele span hanteer het en dat die meetinstrument hierdie verandering kon meet. Die enigste twee behoeftes wat nie verander het nie, is om te weet waarom die professionele span dikwels inligting van haar weerhou en dat sy al die inligting wat sy benodig, ontvang. Hierdie twee aspekte, is steeds twee behoeftes wat deur Deelnemer 13 aangetoon is na die aanbieding van die werkwinkel. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die werkwinkel nie professionele spanlede se diensverskaffing aangespreek het nie, maar die deelnemers se behoeftes. Die gedrag van die professionele span het dus dieselfde gebly, en dus het die deelnemers se behoeftes interme van hierdie aspekte ook dieselfde gebly.

4.4.4. Resultate van Deelnemer 14 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument, voor en na die aanbieding van die werkwinkel

a) Inligtingbehoefte (Afdelings 1 en 2)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 1 (Algemene hantering van die persoon met 'n TBB) en Afdeling 2 (Inligtingbehoefte van wat die sorggewers graag sou wou weet) van die meetinstrument in.




Uit Figuur 29 is dit duidelik dat Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel op die meeste van die vrae Afdeling 1, Opsie 3 en Opsie 4 gekies het. Deelnemer 14 het 'n moontlike behoefte gehad om meer inligting te bekom aangaande die hantering van die persoon met 'n TBB se algemene simptome. Hierdie behoefte het egter onveranderd gebly na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien sy weer Opsie 3 aangedui het. Sy het ook voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlik behoefte het om meer inligting te bekom aangaande die rehabilitasie- en herstelproses asook die versorgingsprioriteite van die persoon met 'n TBB. Die behoefte om meer inligting te bekom oor die herstelproses, asook die persoon met 'n TBB se versorgingsprioriteite, het ook onveranderd gebly, aangesien sy in albei gevalle weer Opsie 3, na die aanbieding van die werkswinkel, aangetoon het.

Deelnemer 14 se behoefte aangaande meer inligting oor die rehabilitasieproses, verander na die aanbieding van die werkswinkel. Sy is van mening dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om meer inligting in hierdie verband te kry nie. Verder het sy voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n behoefte het om meer inligting te bekom rakende die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe-, gedrags- en emosionele simptome. Hierdie behoeftes het ook verander na die aanbieding van die werkswinkel, en Deelnemer 14 het aangetoon dat meer inligting oor die hantering van die persoon se gedrags- en emosionele behoeftes nie meer so 'n groot behoefte is nie.

Sy toon verder dat meer inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe simptome steeds 'n moontlike behoefte kan wees. Meer kennis van die funksies van die brein en die persoon met 'n TBB se beperkinge is ook twee areas van behoeftes wat sy aandui. Hierdie behoeftes het verander na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien sy daarna aantoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte het aan meer inligting oor die funksies van die brein nie. Inligting oor die persoon met 'n TBB se beperkinge is na die werkswinkel slegs 'n moontlike behoefte en nie meer 'n behoefte nie. Meer inligting rakende die hantering van die fisiese- en kommunikasiesimptome, is deur Deelnemer 14 aangetoon as areas waarin sy nie so 'n groot behoefte aan meer inligting het nie. Na die aanbieding van die werkswinkel toon sy egter aan dat sy geen behoefte meer het om inligting in hierdie verband te bekom nie. Hierdie behoeftes het dus ook verander na die aanbieding van die werkswinkel. Wat die hantering van die persoon met 'n TBB se basiese behoeftes betref, het Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy nie so 'n groot behoefte het om meer inligting in hierdie verband te bekom nie. Na die aanbieding van die werkswinkel dui sy egter aan, dat dit 'n moontlike behoefte kan wees. Dit kan moontlik wees dat sy voor die aanbieding van die werkswinkel nie bewus was van haar behoeftes in hierdie verband nie, en nadat die inligting aan haar verskaf is, het sy insig in die probleem verkry. Haar behoeftes het dus toegeneem.

Uit die Figuur 29 is dit duidelik dat Deelnemer 14 se behoeftes wel verander het na die aanbieding van die werkswinkel, en dat die meetinstrument hierdie verandering gemeet het.



Figuur 30 toon aan dat Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkwinkel op die meerderheid van die vrae (Afdeling 2) van die meetinstrument Opsie 3 gekies het. Sy dui aan dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting te bekom rakende haar rol as sorggewer tydens evaluasie, behandeling en in die rehabilitasiespan. Haar behoeftes rakende die sorggewer se rol in terapie en in die rehabilitasiespan, het egter onveranderd gebly, na die aanbieding van die werkwinkel. Deelnemer 14 se behoeftes in terme van haar rol as sorggewer tydens assessering het verander, aangesien sy na die aanbieding van die werkwinkel aantoon dat sy geen behoefte meer in hierdie verband het nie. Sy het voor die aanbieding van die werkwinkel aangetoon dat sy nie so 'n groot behoefte het om te weet wat haar rol as sorggewer in die algemeen is nie, maar dui na die werkwinkel aan, dat dit wel 'n moontlike behoefte is. Dit is weereens moontlik dat die inligting wat tydens die werkwinkel aan haar verskaf is, haar meer insig in haar behoeftes gegee het. Sy was voor die werkwinkel moontlik nie bewus van die eise wat aan sorggewers gestel word in die hantering van die persoon met 'n TBB nie, aangesien die persoon steeds in die rehabilitasiesentrum is, en daar nog nie tuisversorging van haar verwag is nie. Hoe om die persoon met 'n TBB se fisiese- en basiese behoeftes te bevredig, is voor en na die aanbieding van die werkwinkel deur Deelnemer 14 aangedui as nie so 'n groot behoefte nie. Sy het die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasiebehoeftes weereens voor die


aanbieding van die werkswinkel aangedui as nie so 'n groot behoefte nie, maar nadat die werkswinkel aangebied is, is dit as 'n moontlike behoefte deur haar aangedui.

Uit Figuur 30 het Deelnemer 14 se behoeftes rakende hoe om die persoon met 'n TBB se emosionele-, gedrags- en kognitiewe probleme op te los, onveranderd gebly, of toegeneem. Die behoeftes aan inligting oor hoe om die persoon se gedrags-en kognitiewe probleme op te los, is voor die aanbieding van die werkswinkel aangedui as Opsie 3, en na die werkswinkel as Opsie 4. Die hantering van die persoon met 'n TBB se emosionele probleme is egter deur Deelnemer 14 voor en na die werkswinkel aangetoon as 'n behoefte.

In die oop Vraag-afdeling van die meetinstrument waarin die Deelnemers enige ander behoeftes wat nie in die meetinstrument aangedui is nie kon lys, het Deelnemer 14 'n behoefte daaraan gehad om te weet waar om die grens te stel sodat die persoon met 'n TBB dinge vir homself moet begin doen. Met ander woorde, Deelnemer 14 het 'n behoefte daaraan gehad om te weet wanneer daar aan die persoon met 'n TBB onafhanklikheid geleer moet word.

b) Behoeftes aan ondersteuning (Afdelings 3 en 4)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 3 (Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB) en Afdeling 4 (Ondersteuning vir die sorggewers van die persoon met 'n TBB) van die meetinstrument in.



Afdeling 3: Uit Figuur 31 is dit duidelik dat Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkwinkel nie so 'n groot behoefte (Opsie 2) gehad het om meer inligting te bekom rakende die ondersteuning van die persoon met 'n TBB nie, aangesien sy onderskeidelik net Opsie 1 en Opsie 2 gekies het. Deelnemer 14 het nie so 'n groot behoefte gehad om meer te weet oor die aard van ondersteuningsgroepe en waar hulle gevind kan word nie. Die voordele van ondersteuningsgroepe is as 'n moontlike behoefte aangedui. Verder het Deelnemer 14, geen behoefte aan meer inligting oor dagsorgfasiliteite vir die persoon met 'n TBB gehad nie. Uit Figuur 31 is dit egter duidelik dat haar behoeftes verander het na die aanbieding van die werkwinkel, aangesien sy slegs Opsie 1 aangedui het.

Afdeling 4: Volgens die resultate soos aangetoon in Figuur 31 het Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkwinkel hoofsaaklik Opsie 1 en Opsies 2 aangetoon. Na die aanbieding van die werkwinkel het sy hoofsaaklik Opsie 3 en Opsie 4 aangedui. Dit is moontlik dat sy nie as sorggewer haar behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode as belangrik beskou het nie, en slegs gefokus het op die persoon met 'n TBB se behoeftes. Nadat die werkwinkel aangebied is, het sy meer insig en kennis verkry, deur te beseef dat haar behoeftes in terme van ondersteuning vir die sorggewer ook belangrik is. Sy het voor die aanbieding van die werkwinkel aangedui dat sy geen behoefte het aan 'n sorggewerondersteuningsgroep nie. Om met ander persone te


praat wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is, en ondersteuning om die nodige verandering in haar lewenswyse te bewerkstellig om na die persoon met 'n TBB om te sien is ook nie as so 'n groot behoefte beskou, voor die aanbieding van die werkswinkel nie. Om 'n kommunikasiegroep te begin, waar hulle vrae aan professionele persone kan stel, is as 'n moontlike behoefte ervaar voor die aanbieding van die werkswinkel.

Na die aanbieding van die werkswinkel het Deelnemer 14 aangetoon dat sy wel 'n moontlike behoefte het aan 'n sorggewerondersteuningsgroep om met ander te praat wat alreeds deur die proses is, en ondersteuning om die nodige veranderinge in haar daaglikse lewe te maak om na die persoon met 'n TBB om te sien. Sy het egter steeds na die aanbieding van die werkswinkel 'n moontlike behoefte gehad om deel te vorm van 'n kommunikasiegroep waar vrae aan professionele persone gestel kan word.

Verder het Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy nie so 'n groot behoefte het om met iemand haar emosies en gevoelens te deel nie, maar sy het na die aanbieding van die werkswinkel aangedui dat sy 'n behoefte het om dit wel te doen. Om haar teleurstellings met ander te deel, is voor die werkswinkel aangedui as nie so 'n groot behoefte nie, en na die die werkswinkel as geen behoefte nie. Die meetinstrument het dus ook die verandering in Deelnemer 14 se behoeftes gemeet.

c) Kommunikasie behoeftes (Afdeling 5)


Hierdie response sluit die resultate van Afdeling 5 (Kommunikasie met die persoon met 'n TBB) van die meetinstrument in.



Uit Figuur 32 blyk dit dat Deelnemer 14 voor en na die aanbieding van die werkswinkel geen behoefte gehad het in terme van die kommunikasie met die persoon met 'n TBB nie. Deelnemer 14 het voor en na die aanbieding van die werkswinkel aangedui dat sy geen behoefte het aan spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB beter te verstaan nie asook dat die persoon met 'n TBB haar beter verstaan tydens kommunikasie-interaksie nie. Wat om te doen om die persoon se spraak te verbeter, inligting oor aanvullende kommunikasiemetodes om die persoon te ondersteun tydens kommunikasie-interaksie en meer inligting om die persoon met 'n TBB se kommunikasiebehoeftes op te los, is ook deur Deelnemer 14 voor en na die aanbieding van die werkswinkel aangedui as geen behoefte. Verder het sy voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy geen behoefte het aan inligting oor maniere hoe en wanneer om die persoon met 'n TBB te stimuleer vir beter kommunikasie-interaksie nie, maar het na die werkswinkel aangetoon dat dit wel 'n moontlike behoefte kan wees.

d) Hantering (“Coping”) en Hoop (Afdelings 6 en 7)

Hierdie response sluit die resultate van Afdeling 6 (Hantering/”Coping”) en Afdeling 7 (Hoop) van die meetinstrument in.



Afdeling 6: Uit Figuur 33 is dit duidelik dat Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel 'n moontlike behoefte gehad het om te weet hoe om stadige herstel te hanteer, en 'n behoefte om te sien dat die persoon met 'n TBB verbeter. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy egter aangetoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte in die bogenoemde verband het nie.


In Figuur 33 is dit ook duidelik dat Deelnemer 14 op die meerderheid van die vrae oor hoop, die Opsie 4 geselekteer het voor die aanbieding van die werkswinkel. Sy het aangetoon dat sy 'n behoefte het om te weet wat die persoon met 'n TBB se toekomsverwagtinge is, wat die persoon se verwagte langtermynuitkomst is, asook wat die implikasies van die besering op die persoon met 'n TBB se toekoms gaan hê. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy egter op al drie die bogenoemde vrae, Opsie 3 geselekteer, wat dus beteken dat haar behoeftes wel verander het, maar dat sy steeds behoeftes in hierdie verband het. Om meer hoop van die reabilitasiespan te verkry, is voor die aanbieding van die werkswinkel deur Deelnemer 14 aangedui as nie so 'n groot behoefte nie, en om met iemand te praat vir meer hoop, is aangedui as geen behoefte nie. Hierdie behoeftes het onveranderd gebly na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien die Deelnemer aangetoon het dat sy steeds geen behoefte in hierdie verband het nie.

e) Behoeftes rakende die professionele span (Afdeling 8)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 8 van die meetinstrument in.

In Figuur 34 is dit duidelik dat Deelnemer 14 bepaalde behoeftes rakende die professionele span het. Sy het voor en na die werkswinkel op die meerderheid van die vrae Opsies 3 en Opsie 4 geselekteer. Daar is slegs 'n paar aspekte van die professionele span wat nie so 'n groot behoefte of geen behoefte vir haar is nie.

Volgens Figuur 34 het Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel 'n behoefte gehad om te weet wat die rol van die verskillende spanlede is, en wat die doel van die verskillende terapeutiese take is. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy aangetoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte het om te weet wat die rol van die verskillende spanlede is nie, maar om te weet wat die doel van die verskillende terapeutiese take is, was steeds 'n moontlike behoefte. Uit Figuur 34 is dit ook duidelik dat sy voor die aanbieding van die werkswinkel 'n behoefte gehad het dat die professionele span hulle kennis van die aard van die besering met haar sal deel, sodat sy kan verstaan wat fout is met die persoon. Sy het na die aanbieding van die werkswinkel aangedui dat dit steeds 'n moontlike behoefte is. Om te weet waarom die span aan sekere aspekte werk en wat die pad is wat voorlê, is ook deur haar voor die aanbieding van die werkswinkel as behoeftes aangedui en na die werkswinkel as moontlike behoeftes. Verder is dit ook uit Figuur 34 duidelik dat Deelnemer 14 voor die aanbieding van die werkswinkel aangedui het dat sy 'n Behoefte het om te weet dat die professionele span nie inligting van haar weerhou nie, dat sy al die inligting wat sy benodig verkry het, en waarom die inligting van die verskillende spanlede mekaar dikwels weerspreek.



Figuur 34: Deelnemer 14 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8)

Deelnemer 14 het na die aanbieding van die werkswinkel steeds aangedui dat sy 'n moontlike behoefte aan die laasgenoemde aspekte het. Om meer inligting van die span af te verkry, om te weet wat haar rol as sorggewer in die span is, om te weet dat sy genoeg ondersteuning van die span af kry, en dat haar rol in die span erken sal word, is as moontlike behoeftes voor en na die werkswinkel deur haar aangedui. Verder het sy voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte het om met die rehabilitasiespan haar emosies en gevoelens te deel, maar het na die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte daaraan het nie. Sy het ook voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte daaraan het dat die span aan haar aspekte moet verduidelik in terme wat sy kan verstaan, dog het ook daarna aangetoon dat dit nie meer so 'n groot behoefte vir haar is nie. Dit is ook uit Figuur 34 duidelik dat sy voor die aanbieding van die werkswinkel aangedui het dat sy 'n moontlike behoefte daaraan het dat die span haar meer moet uitdra oor haar kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes, maar toon daarna aan dat dit nie meer 'n behoefte is nie. Om meer empatie van die span te ontvang, is voor en na die aanbieding van die werkswinkel deur Deelnemer 14 aangetoon as geen behoefte nie. Haar behoefte daaraan dat die span haar vaardighede met die persoon met 'n TBB moet erken, het toegeneem na die aanbieding van die werkswinkel. Sy het voor dit aangetoon dat sy nie so 'n groot behoefte daaraan het dat haar vaardighede met die persoon met 'n TBB deur die span erken moet word nie, maar toon na die aanbieding van die werkswinkel aan dat dit wel 'n moontlike behoefte is.

In die oop Vraag-afdeling van die meetinstrument waarin die Deelnemers enige ander behoeftes wat nie in die meetinstrument aangedui is nie kon lys, het Deelnemer 14 'n behoefte daaraan gehad dat daar aan haar en die persoon met 'n TBB verduidelik moet word waarom die medikasie en die dosisse daarvan verander het. Hierdie aspek is egter nie tydens die werkswinkel aangespreek nie en die deelnemer het nie weer hierdie vraag na die aanbieding van die werkswinkel voltooi nie. Dit was dus nie moontlik om te bepaal of hierdie behoefte wel verander het nie.


4.4.5. Resultate van Deelnemer 15 se behoeftes soos bepaal in die voltooiing van die meetinstrument voor en na die aanbieding van die werkswinkel

Die resultate word bespreek in terme van Deelnemer 15 se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel. Die resultate is op grafieke voorgestel en op hierdie

wyse is dit moontlik om aan te toon of die meetinstrument wel 'n verandering in die Deelnemer se behoeftes meet.


a) Inligtingbehoefte (Afdelings 1 en 2)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 1 en Afdeling 2 van die meetinstrument in.



Afdeling 1: Uit Figuur 35 blyk dit dat Deelnemer 15 se behoeftes verander het voor en na die aanbieding van die werkswinkel. Deelnemer 15 het voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n behoefte het aan meer inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe-, gedrags- en emosionele simptome. Sy toon na die aanbieding van die werkswinkel aan dat meer inligting aangaande die hantering van die persoon met 'n TBB se kognitiewe simptome 'n moontlike behoefte kan wees, en meer inligting in verband met die hantering van die persoon met 'n TBB se emosionele- en gedragsimptome is na die aanbieding van die werkswinkel as nie so 'n groot behoefte aangedui. Verder toon sy aan dat sy ook 'n behoefte het aan meer inligting oor die funksies van die brein en die persoon met 'n TBB se beperking voor die aanbieding van die werkswinkel. Hierdie behoeftes het ook verander na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien sy toe van mening was dat sy nie meer so 'n groot behoefte aangedui het. Sy het ook na die


aanbieding van die werkswinkel aangedui dat meer inligting oor die persoon met 'n TBB se beperking 'n moontlike behoefte is. Sy het ook voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte het aan meer inligting aangaande die algemene simptome, rehabilitasie- en herstelproses, asook die versorgingsprioriteite van die persoon met 'n TBB. Voorafgaande behoeftes het egter onveranderd gebly na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien sy steeds Opsie 3 op al die vrae geselekteer het. Haar behoefte aan meer inligting oor die rehabilitasieproses het verander, en sy was van mening dat sy nie meer so 'n groot behoefte in die verband het na die aanbieding van die werkswinkel nie. Uit Figuur 35 blyk dit dat Deelnemer 15 voor die aanbieding van die werkswinkel nie so 'n groot behoefte gehad het aan meer inligting oor die persoon met 'n TBB se fisiese simptome en basiese behoeftes nie. Na die aanbieding van die werkswinkel dui sy egter aan dat sy geen behoefte meer het aan verdere inligting oor die persoon met 'n TBB se fisiese simptome nie, maar sy het wel 'n moontlike behoefte aan meer inligting oor die persoon met 'n TBB se basiese behoeftes. Deelnemer 15 se behoeftes in die verband het dus meer geword. Meer inligting aangaande die persoon met 'n TBB se kommunikasiesimptome is voor en na die aanbieding van die werkswinkel aangetoon as geen behoefte.



Afdeling 2: Uit Figuur 36 kan daar opgemerk word dat Deelnemer 15 voor en na die aanbieding van die werkswinkel baie behoeftes het oor aspekte van die rol van die

sorggewer. Sy het op die meeste van die vrae Opsie 3 en Opsie 4 geselekteer. Sy het voor die aanbieding van die werkwinkel aangetoon dat sy 'n behoefte het aan meer inligting oor haar rol as sorggewer tydens assessering, terapie en in die rehabilitasieproses. Na die aanbieding van die werkwinkel toon sy aan dat sy steeds 'n moontlike behoefte het aan meer inligting oor haar rol in die terapeutiese- en rehabilitasieproses, maar dat sy geen behoefte meer het aan meer inligting oor haar rol as sorggewer tydens assessering nie. Hoe om die persoon met 'n TBB se emosionele-, gedrags- en kognitiewe probleme te hanteer, is voor en na die aanbieding van die werkwinkel as 'n behoefte, deur Deelnemer 15 aangedui. Haar behoefte aan die sorggewer se rol oor die algemeen het ook onveranderd gebly voor en na die aanbieding van die werkwinkel, aangesien sy steeds aantoon dat dit 'n moontlike behoefte kan wees. Hoe om die persoon met 'n TBB se fisiese-, basiese- en kommunikasiebehoeftes aan te spreek, is voor en na die aanbieding van die werkwinkel deur haar aangedui as nie so 'n groot behoefte nie.

b) Behoeftes aan ondersteuning (Afdelings 3 en 4)



Afdeling 3: (Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB): Uit Figuur 37 is dit duidelik dat Deelnemer 15 voor en na die aanbieding van die werkwinkel nie behoeftes gehad het aan ondersteuning van die persoon met 'n TBB nie. Sy het op die meeste van die vrae


Opsie 1 en Opsie 2 geselekteer. Sy het voor en na die aanbieding van die werkwinkel aangedui dat sy geen behoefte het aan meer inligting rakende die voordele van ondersteuningsgroepe nie, waar ondersteuningsgroepe gevind kan word, asook dagsorgfasiliteite vir die persoon met 'n TBB nie. Sy het op al hierdie vrae voor en na die aanbieding van die werkwinkel, Opsie 1 aangetoon. Meer inligting oor ondersteuningsgroepe is voor die werkwinkel deur haar aangedui as nie so 'n groot behoefte nie, en na die werkwinkel as geen behoefte nie.

Afdeling 4: (Ondersteuning vir die sorggewers van 'n persoon met 'n TBB): Soos dit in Figuur 37 gesien kan word, het Deelnemer 15 'n behoefte aan ondersteuning vir sorggewers. Sy het op die meeste van die vrae Opsies 3 en Opsies 4 geselekteer. Die Deelnemer het voor en na die aanbieding van die werkwinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte aan meer inligting het aangaande sorggewersondersteuningsgroepe, om met ander persone te praat wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is en 'n kommunikasiegroep waar daar vrae aan professionele persone en ander persone gevra kan word oor die probleme wat sy ervaar. Om met iemand te praat om haar emosies en gevoelens te deel, is ook deur haar aangedui as 'n behoefte, voor en na die aanbieding van die werkwinkel. Deelnemer 15 toon verder aan dat sy voor die aanbieding van die werkwinkel 'n behoefte gehad het om met iemand te praat oor die teleurstellings wat sy ervaar, maar na die aanbieding van die werkwinkel toon sy aan dat sy geen behoefte in die verband meer het nie.

In die oop vrae afdeling waarin Deelnemer 15 die opsie gehad het om ander behoeftes wat nie in die meetinstrument aangedui is nie te lys, het sy voor die aanbieding van die werkwinkel aangedui dat sy 'n behoefte daaraan het om terugvoering van die rehabilitasiespan af, oor hulle bevindinge te verkry. Hierdie aspek is egter nie tydens die werkwinkel aangespreek nie en sy het ook nie weer die vraag na die aanbieding van die werkwinkel voltooi nie. Gevolglik is dit nie moontlik om te bepaal of hierdie behoefte wel verander het of nie.

c) Kommunikasiebehoeftes (Afdeling 5)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 5 van die meetinstrument in.




Uit Figuur 38 blyk dit dat Deelnemer 15 geen behoefte aan inligting oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB gehad het voor en na die aanbieding van die werkswinkel nie. Sy was voor en na die aanbieding van die werkswinkel van mening dat sy geen behoefte aan meer inligting het oor spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB te help om haar beter te verstaan tydens kommunikasie nie. Om riglyne te kry om haar as sorggewer te help om die persoon met 'n TBB beter te verstaan en om te weet wat gedoen kan word om die persoon met 'n TBB se spraak te verbeter is deur die Deelnemer as geen behoeftes voor en na die werkswinkel aangetoon. Meer inligting oor alternatiewe hulpmiddels wat gebruik kan word om die persoon met 'n TBB te ondersteun tydens kommunikasie, asook maniere om die persoon se kommunikasiebehoeftes te bevredig, is ook voor en na die werkswinkel as geen behoefte deur Deelnemer 15 aangedui. Maniere om die persoon met 'n TBB te stimuleer, asook wanneer om dit te doen, is voor die aanbieding van die werkswinkel aangedui as geen behoefte nie, maar na die aanbieding van die werkswinkel het Deelnemer 15 aangetoon dat dit wel 'n moontlike behoefte is.

Dit is belangrik om hier te meld dat die persoon met 'n TBB waarvan Deelnemer 15 die primêre sorggewer is, nie enige fisiese kommunikasieprobleme (Disartrie) getoon het nie. Die persoon se spraak is nie afwykend nie, maar wel sy manier van kommunikasie. Dit kan moontlik wees waarom Deelnemer 15 nie hierdie afdeling van die vraelys as 'n behoefte beskou het voor die aanbieding van die werkswinkel nie, maar na die

aanbieding van die werkswinkel op twee van die vroeë, moontlike behoeftes aangedui het. Tydens die werkswinkel is daar aan die deelnemers inligting verskaf rakende maniere waarop hulle die persoon met 'n TBB kan stimuleer. Die deelnemer het dus na die aanbieding van die werkswinkel meer insig in hierdie verband gehad, om meer inligting rakende stimulasie van die persoon met 'n TBB se kommunikasie, te verkry. Sy was dus moontlik nie bewus van enige maniere waarop die persoon met TBB gestimuleer kan word, voor die aanbieding van die werkswinkel nie, maar nadat inligting aan haar verskaf is, het haar behoeftes in hierdie verband toegeneem.

d) Hantering (“Coping”) en Hoop (Afdelings 6 en 7)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 6 en Afdeling 7 in.



Afdeling 6: Figuur 39 dui aan dat Deelnemer 15 voor die aanbieding van die werkswinkel 'n moontlike behoefte gehad het om stadige herstel te hanteer asook om op te merk dat die persoon met 'n TBB wel vordering toon. Nadat inligting in die werkswinkel aan haar verskaf is, het sy aangetoon dat sy nie meer so 'n groot behoefte het aan die genoemde aangeleenthede nie. In die oop vraag-afdeling van die meetinstrument waarin daar aan die Deelnemer die geleentheid verskaf is om ander behoeftes wat nie in die meetinstrument aangedui is nie te lys, het sy voor die

aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte het om presies te weet hoe lank die herstelproses gaan wees. Sy het egter nie weer hierdie vraag nadat die aanbieding van die werkswinkel voltooi is, beantwoord nie en dus kan daar nie bepaal word of haar behoefte in hierdie verband verander het nie.

Afdeling 7: Uit Figuur 39 is dit duidelik dat Deelnemer 15 'n behoefte aan meer hoop gehad het voor die aanbieding van die werkswinkel. Sy het op die meerderheid van die vrae Opsie 4 geselekteer, wat aangedui het dat sy 'n behoefte het om te weet wat die toekoms vir die persoon met 'n TBB inhou en wat die langtermynuitkomst asook toekomstige implikasies van die besering sal wees. Sy het op al hierdie vrae, ook na die aanbieding van die werkswinkel, aangetoon dat dit steeds 'n moontlike behoefte is, maar nie meer 'n behoefte nie. Om meer hoop van die rehabilitasiespan af te kry en om met iemand te kommunikeer met die oog op meer hoop, is voor die aanbieding van die werkswinkel as nie so 'n groot behoefte deur Deelnemer 15 aangedui. Na die werkswinkel het sy op albei behoeftes aangedui dat dit geen behoefte (Opsie 1) meer is nie.


e) Behoeftes rakende die professionele span (Afdeling 8)

Hierdie resultate sluit die response van Afdeling 8 van die meetinstrument in.

In Figuur 40 is dit duidelik dat Deelnemer 15 bepaalde behoeftes het aan inligting oor die professionele span. Sy het voor en na die werkswinkel op die meerderheid van die vrae Opsies 3 en Opsie 4 aangedui. Daar is slegs 'n paar aspekte oor die professionele span wat nie so 'n groot behoefte of geen behoefte vir Deelnemer 15 is nie. Volgens Figuur 40 het sy voor die aanbieding van die werkswinkel 'n behoefte gehad om te weet wat die doel van die verskillende terapeutiese take asook haar rol as sorggewer in die span is. Sy het ook na die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat dit steeds 'n moontlike behoefte vir haar is. Om te weet dat die span nie inligting van haar weerhou nie, dat sy al die nodige inligting van die span ontvang het, asook dat haar rol in die rehabilitasiespan erken word, is ook areas waaraan Deelnemer 15 'n behoefte gehad het voor die aanbieding van die werkswinkel. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy steeds aangedui dat sy 'n moontlike behoefte aan al die laasgenoemde aspekte het. Verder het sy voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte het om meer inligting van die span te verkry,

dat die span van haar kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes sal verneem en om te weet wat die verskillende rolle van die verskillende spanlede is. Na die aanbieding van die werkswinkel het sy egter aangetoon dat sy steeds 'n moontlike behoefte daaraan het om meer inligting van die span te verkry. Dat die span haar moet nader oor haar kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes, is na die werkswinkel aangetoon as geen behoefte. Haar behoefte aan meer inligting oor die rol van die verskillende spanlede het ook verander na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien sy aangedui het dat dit nie meer so 'n groot behoefte is nie. Om te weet waarom die span aan sekere aspekte werk en dat die span haar moet inlig oor die pad wat voorlê, is voor en na die aanbieding van die werkswinkel as 'n moontlike behoefte aangedui.

Sy het ook voor die aanbieding van die werkswinkel aangetoon dat sy 'n moontlike behoefte daaraan het dat die spanlede haar vaardighede met die persoon met 'n TBB sal erken en dat die span hulle kennis van die aard van die besering met haar sal deel sodat sy kan verstaan wat fout is met die persoon. Na die aanbieding van die werkswinkel het Deelnemer 15 se behoeftes in hierdie verband egter verander, en sy het in beide die laasgenoemde areas aangetoon dat dit nie meer so 'n groot behoefte vir haar is nie. Om teenoor die rehabilitasiespan haar gevoelens te lig, en dat die span alles wat sy moet weet in terme sal verduidelik sodat sy dit kan verstaan, is voor en na die aanbieding van die werkswinkel as nie so 'n groot behoefte deur haar aangedui.



Figuur 40: Deelnemer 15 se behoeftes aan hulp vanaf die professionele span, voor en na die aanbieding van die werkswinkel (Afdeling 8)

4.5. RESULTATE VAN FASE 2 – PRETOETS, POSTTOETS, EKSPERIMENTELE ONTWERP (VERVOLG)

In die volgende bespreking volg 'n uiteensetting van die resultate wat tydens die uitvoer van die tweede fase van die navorsing verkry is. Die doel van hiërdie bespreking is om te bepaal of die meetinstrument wel 'n verandering in die deelnemers se behoeftes gemeet het, nadat inligting deur middel van 'n werkwinkel aan hulle verskaf is. Die resultate is bereken deur middel van 'n frekwensietelling en word op drie verskillende wyses uiteengesit en bespreek. Dit word ook in die vorm van staafdiagramme en grafieke voorgestel, ten einde die verandering¹¹ wat deur die meetinstrument gemeet is op 'n visuele wyse voor te stel. Eerstens volg 'n volledige bespreking van die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkwinkel. Vir die doel van hierdie bespreking is die deelnemers se behoeftes bereken in terme van die aantal keer wat hulle Opsies 1 (*Geen behoefte*), Opsies 2 (*Nie so 'n groot behoefte nie*), Opsies 3 (*Kan moontlik 'n behoefte wees*) en Opsies 4 (*Behoeftes*) geselekteer het, voor en na die aanbieding van die werkwinkel.

Daarna volg 'n bespreking waarin die navorser al die resultate van die verskillende deelnemers (D12 - D15) bereken het, deur Opsies 1 en 2 saam te voeg as "Geen behoeftes" en Opsies 3 en 4 as "Behoeftes".


Na hierdie bespreking volg weer 'n uiteensetting van die resultate waarin die navorser al die resultate van die verskillende deelnemers (D12 - D15) verwerk het, deur Opsie 1 te bereken as "Geen behoefte" en Opsies 2, 3 en 4 as "Behoeftes".

Die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word deur die patrone van interpretasie te verander, sal gedoen word om moontlik te bewys dat 'n verandering in die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word, nie 'n verandering van resultate tot gevolg sal hê nie.

4.5.1. 'n Opsomming van deelnemers (D12, D13, D14, D15) se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkwinkel

¹¹ Die verandering wat deur die meetinstrument aangedui word, kan nie statisties bereken word nie, aangesien die toetspopulasie te klein was. Slegs 'n visuele voorstelling van die verandering wat deur die meetinstrument gemeet is, word telkens verskaf.

In die volgende gedeelte volg 'n opsomming van die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel, soos bereken deur middel van 'n frekwensietelling. Die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel is volgens frekwensies bereken, en uiteengesit in die hoeveelheid: Geen behoeftes (Opsies 1), Nie so 'n groot behoefte nie (Opsies 2), Kan moontlik 'n behoefte wees (Opsies 3) en Behoeftes (Opsies 4), soos verkry voor en na die aanbieding van die werkswinkel. In die volgende grafiek (Figuur 41) is 'n opsommende beeld van die deelnemers (D12-D15) se behoeftes soos voor en na die aanbieding van die werkswinkel voorgestel.



Uit die resultate van die Figure 41 is dit duidelik dat daar wel 'n verandering in die deelnemers se behoeftes voorkom, nadat inligting deur middel van 'n werkswinkel aan hulle verskaf is. Die resultate dui daarop dat die deelnemers voor die aanbieding van die werkswinkel slegs 25 keer Opsie 1 (*Geen behoefte*) geselekteer het, wat 'n aanduiding is dat hulle in die meeste areas wel behoeftes het ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB. Hierdie bevinding word beklemtoon deurdat hierdie telling (25) die laagste is, in terme van die ander opsies van die behoeftes voor die aanbieding van die werkswinkel. Na die aanbieding van die werkswinkel het daar egter 'n verandering in die deelnemers se behoeftes in terme van Opsie 1 plaasgevind. Die deelnemers dui 120 keer aan dat hulle na die aanbieding van die werkswinkel

behoefte meer het nie, rakende die hantering van die persoon met 'n TBB. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die deelnemers se behoeftes verminder indien daar inligting aan hulle verskaf word.

'n Soortgelyke patroon kom voor in die deelnemers se resultate in terme van die seleksie van Opsies 2 (*Nie so 'n groot behoefte nie*) soos gesien kan word uit Figuur 41. Die deelnemers het voor die aanbieding van die werkswinkel, 53 keer Opsie 2 geselekteer, en na die aanbieding van die werkswinkel is 'n totale hoeveelheid van 58, Opsies 2 (*Nie so 'n groot behoefte nie*) bereken. Die deelnemers is dus van mening dat daar wel van hulle behoeftes was wat opgelos is.

Die bogenoemde resultate korreleer met die aantal Opsies 3 (*Kan moontlik 'n behoefte wees*), en Opsies 4 (*Behoefte*) wat deur die deelnemers geselekteer is.


Die deelnemers het voor die aanbieding van die werkswinkel 115 keer Opsies 3 geselekteer, wat daarop dui dat hulle moontlike behoeftes gehad het ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB. Na die aanbieding van die werkswinkel het hulle behoeftes verminder, en die deelnemers het slegs 60 keer aangetoon dat hulle steeds moontlike behoeftes wat nie opgelos is nie, in sekere areas het.

Weereens kom dieselfde patroon voor in terme van die deelnemers se resultate van Opsie 4 (*Behoefte*), deurdat die deelnemers voor die aanbieding van die werkswinkel vyf-en-vyftig keer Opsie 4 geselekteer het, en nadat inligting aan hulle verskaf is, slegs 10 keer. Uit hierdie bevindinge is dit dus duidelik dat die meetinstrument wel die verandering in die deelnemers se behoeftes kon meet, en dat dit visueel sigbaar is. Verder kan afgelei word dat die deelnemers se behoeftes verminder indien die nodige inligting aan hulle verskaf word.

4.5.2. Deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as (Geen behoeftes) en Opsies 3 en 4 as (Behoeftes).

In die volgende bespreking volg 'n opsommende uiteensetting van die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel, indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as (*Geen behoeftes*) en Opsies 3 en 4 as (*Behoeftes*). Die hoeveelheid *Geen behoeftes* (Opsies 1 en 2) en *Behoeftes* (Opsies 3 en 4) voor en na die aanbieding van die werkswinkel is ook bereken deur 'n frekwensietelling. Ten einde

die verandering aan te dui, word die resultate visueel voorgestel word deur middel van staafdiagramme en grafieke.




Indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as (*Geen behoeftes*) en Opsies 3 en 4 as (*Behoeftes*), is dit uit die voorafgaande grafiek (Figuur 42) duidelik dat die deelnemers se behoeftes wel verander het voor en na die aanbieding van die werkswinkel. Die deelnemers dui voor die aanbieding van die werkswinkel 170 keer aan dat hulle wel behoeftes het ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB. Hulle het die Opsies 1 en 2 (*Geen behoefte*) slegs 70 keer aangetoon. Na die aanbieding van die werkswinkel dui die deelnemers egter uit die totale hoeveelheid van 248 vroe, 178 keer aan dat hulle geen behoeftes meer het aan inligting oor die hantering van die persoon met 'n TBB nie. Hierdie resultate dui ook daarop dat die deelnemers se behoeftes afneem, nadat inligting aan hulle verskaf is, en korreleer ook gunstig met die bevinding dat die deelnemers na die werkswinkel net 70 keer aantoon dat hulle steeds behoeftes het.

Hierdie resultate impliseer dat die deelnemers van mening is dat hulle behoeftes wel in 'n sekere mate aangespreek is tydens die aanbieding van die werkswinkel. Indien resultate visueel bestudeer word, kan die afleiding gemaak word dat die meetinstrument

wel hierdie verandering in die deelnemers se behoeftes meet en dat 'n toename in kennis lei tot 'n afname in behoeftes.

4.5.3. Deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel indien Opsies 1 bereken word as (Geen behoefte) en Opsies 2, 3 en 4 as (Behoeftes).

In die volgende bespreking is die deelnemers se behoeftes verwerk deur Opsie 1 te interpreteer as (*Geen behoeftes*), en Opsies 2, 3 en 4 saam te voeg as (*Behoeftes*). Die wyse waarop die resultate geïnterpreteer is deur die patrone van interpretasie te verander, is gedoen met die doel om te bewys dat 'n verandering in die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word, nie 'n verandering van resultate tot gevolg het nie.



Uit Figuur 43, is dit duidelik dat die patroon (*'n Toename aan inligting lei tot 'n afname in behoeftes*) weereens voorkom, al word die resultate verskillend geïnterpreteer. Die deelnemers het voor die aanbieding van die werkswinkel slegs 25 die Opsie 1 (*Geen behoefte*) geselekteer, wat daarop dui dat hulle bepaalde behoeftes het ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB. Hierdie stelling word ook bewys deurdat hulle 223 keer voor die aanbieding van die werkswinkel die behoeftes aantoon. Na die aanbieding van die werkswinkel het die deelnemers se behoeftes egter weer verander,

deurdat hulle meer Opsies 1 (*Geen behoeftes*) aangedui het en minder Opsies 2,3 en 4 (*Behoeftes*). In Figuur 43 is dit weereens duidelik dat die meetinstrument die verandering in die deelnemers se behoeftes rakende die algemene hantering van die persoon met 'n TBB gemeet het.


Die wyse waarop die resultate geïnterpreteer is deur die patrone van interpretasie te verander, is gedoen met die doel om te bewys dat 'n verandering in die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word, nie 'n verandering van resultate tot gevolg het nie. Indien Opsies 1 en 2 saamgevoeg word as (*Geen behoeftes*) en Opsies 3 en 4 as (*Behoeftes*), kom daar geen verandering in die patroon voor nie. So ook is daar geen verandering van die patroon indien Opsie 1 geïnterpreteer word as (*Geen behoeftes*) en Opsies 2,3 en 4 as (*Behoeftes*) nie. Die patroon bly deurlopend konstant.

Daar kan dus uit hierdie studie afgelei word dat 'n toename in inligting in die meerderheid van die gevalle lei tot 'n afname in die deelnemers se behoeftes.

4.5.4. Opsomming van die deelnemers se behoeftes in die verskillende afdelings van die meetinstrument (Afdelings 1-8), voor en na die aanbieding van die werkswinkel.

In Figuur 44 (Sien volgende bladsy) is die deelnemers se behoeftes bereken ten opsigte van die verskillende afdelings van die meetinstrument (Afdelings 1-8). Die resultate is saamgevoeg en die opsomming daarvan word vervolgens in Hoofstuk 5 geïnterpreteer. Vir die doel van hierdie bespreking is die resultate geïnterpreteer deur die Opsies 1 en 2 te bereken as (*Geen behoeftes*) en Opsies 3 en 4, as (*Behoeftes*).

Die doel van hierdie uiteensetting van die resultate is om te bepaal of die deelnemers se behoeftes verander het nadat inligting in die vorm van die werkswinkel aan hulle verskaf is. Uit hierdie uiteensetting is dit duidelik in watter areas/Afdelings van die meetinstrument die deelnemers se behoeftes wel verander het en in watter areas nie.



Sleutel:

Afdeling 1: Algemene hantering van die persoon met 'n TBB	Afdeling 2: Inligting: Wat ek as die sorggewer verlang	Afdeling 3: Ondersteuning vir die persoon met 'n TBB
Afdeling 4: Ondersteuning vir die sorggewer	Afdeling 5: Kommunikasie met die persoon met 'n TBB	Afdeling 6: Hantering/ "Coping"
Afdeling 7: Hoop	Afdeling 8: Die professionele span	Totaal: Totale aantal vrae in die meetinstrument

Afdeling 1: Uit Figuur 44 toon die deelnemers voor die aanbieding van die werkswinkel aan dat hulle bepaalde behoeftes het rakende die genoemde aspekte wat die algemene hantering van die persoon met 'n TBB insluit. Die deelnemers dui slegs 13 Opsies 1 en 2 (Geen behoeftes) aan, wat impliseer dat daar min areas is waarvan hulle nie meer kennis of inligting sou benodig nie en het dus 'n behoefte daaraan gehad. Die bevinding dat die deelnemers, 32 keer voor die aanbieding van die werkswinkel aantoon dat hulle behoeftes (Opsies 3 en 4) het oor hoe hulle die persoon met 'n TBB moet hanteer, beklemtoon ook hierdie stelling. Nadat die werkswinkel aangebied is, het die deelnemers se behoeftes in terme van die aspekte oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB verander, deurdat hulle slegs 31 keer die Opsies 1 en 2 (*Geen behoeftes*) selekteer, en 12 keer aantoon dat hulle steeds behoeftes (Opsies 3 en 4) in sekere areas van die algemene hantering van die persoon met 'n TBB het.

Afdeling 2 van die meetinstrument dui op bepaalde behoeftes, wat die sorggewers van 'n persoon met 'n TBB oor die algemeen ondervind. Indien die resultate in Figuur 44 in ag geneem word, is dit duidelik dat die deelnemers in die huidige studie ook behoeftes in hierdie verband gehad het. Die deelnemers het voor die aanbieding van die werkswinkel slegs 6 keer aangedui dat hulle geen behoeftes in die bogenoemde verband gehad het nie, en 34 keer dat hulle wel behoeftes (Opsies 3 en 4) het. Na die aanbieding van die werkswinkel het die deelnemers se behoeftes verander, deurdat hulle 28 keer aangedui het dat hulle geen behoeftes meer gehad het ten opsigte van die rol van die sorggewers in die hantering van die persoon met 'n TBB nie. Die deelnemers het 12 keer aangedui dat hulle nog behoeftes in sekere areas van hierdie afdeling het.

Die volgende afdeling (Afdeling 3) in die meetinstrument wat gepoog het om die deelnemers se behoeftes in terme van die ondersteuning vir die persoon met 'n TBB te bepaal, dui daarop dat die deelnemers bepaalde behoeftes ten opsigte van ondersteuning vir die persoon met 'n TBB het. In Figuur 44 dui die deelnemers oor die algemeen voor en na die aanbieding van die werkswinkel aan dat hulle behoeftes in terme van ondersteuning van die persoon met 'n TBB tydens die akute rehabilitasieperiode nie so groot is nie. Die deelnemers selekteer voor en na die aanbieding van die werkswinkel op die meerderheid van die vroeë opsies 1 en 2 (*Geen behoeftes*). Die deelnemers dui op tien van die vroeë voor die aanbieding van die werkswinkel aan dat hulle geen behoeftes in hierdie verband het nie. Na die aanbieding

van die werkswinkel het hulle behoeftes egter verander, aangesien hulle daarna op 16 van die vrae die Opsies 1 en 2 (*Geen behoeftes*) selekteer. Die deelnemers dui slegs op 6 van die vrae aan, dat hulle wel 'n behoefte het aan ondersteuning vir die persoon met 'n TBB. Voor die aanbidding van die werkswinkel en na die aanbidding is Opsie 3 en 4 (*Behoeftes*) nie aangedui nie.

Afdeling 4 van die meetinstrument poog om die deelnemers se behoeftes ten opsigte van ondersteuning tydens die akute rehabilitasieperiode. Uit Figuur 44 is dit duidelik dat die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbidding van die werkswinkel onveranderd gebly het. Hierdie verskynsel is duidelik weens die resultaat dat die deelnemers voor en na die aanbidding van die werkswinkel 14 keer aandui, dat hulle geen behoefte in terme van die bogenoemde aspekte het nie. So ook dui die deelnemers voor en na die werkswinkel 10 keer aan dat hulle wel behoefte het aan ondersteuning vir hulle as sorggewers.

Afdeling 5 van die meetinstrument poog om die deelnemers se behoeftes in terme van kommunikasie met die persoon met 'n TBB te bepaal en te meet. Volgens Figuur 44 dui die deelnemers voor die aanbidding van die werkswinkel 16 keer aan dat hulle geen behoeftes rondom kommunikasie met die persoon met 'n TBB het nie. Die deelnemers dui 12 keer aan dat hulle wel behoeftes in hierdie verband het. Die eerste aspek wat opval, is dat die deelnemers se behoeftes wel verander na die aanbidding van die werkswinkel, aangesien hulle 24 keer op die vrae aandui, dat hulle geen behoeftes meer het nie, en slegs 4 keer dat hulle wel nog 'n behoeftes aan kommunikasieriglyne met die persoon met 'n TBB het. Die werkswinkel het dus daarin geslaag om van die behoeftes aan te spreek. Gevolglik het hulle behoeftes afgeneem nadat inligting aan hulle verskaf is.

Die deelnemers se behoeftes aan hoe stadige herstel hanteer moet word en om te ervaar dat die persoon met 'n TBB wel verbeter, het betrekking op twee areas van hantering/"coping" wat in Afdeling 6 van die meetinstrument bepaal is. Die deelnemers dui voor die aanbidding van die werkswinkel aan dat hulle 'n behoefte in hanteringsterreine ("coping") van die meetinstrument het. Op al die vrae selekteer hulle Opsies 3 en 4 (*Behoeftes*). Na die aanbidding van die werkswinkel het die deelnemers egter aangetoon dat hulle geen behoeftes in hierdie verband meer het nie. Hulle het

daarna op al die vrae in verband met hierdie behoeftes Opsies 1 en 2 (*Geen behoefte*) geselekteer.

Afdeling 7 van die meetinstrument poog om te bepaal wat die deelnemers se behoeftes aan “Hoop” is. Uit Figuur 44 het die deelnemers voor die aanbieding van die werkswinkel slegs 5 keer aangedui dat hulle ’n behoefte het om meer hoop te ontvang nie, en 15 keer dat hulle ’n behoefte het aan meer hoop tydens die akute rehabilitasieperiode. Volgens Figuur 44 is dit duidelik dat die deelnemers se behoeftes in terme van hoop verander het na die aanbieding van die werkswinkel. Die deelnemers het daarna by die meeste van die vrae Opsies 1 en 2 (*Geen behoefte*) geselekteer, en slegs 6 keer aangedui dat daar wel aspekte van hoop is waaraan hulle steeds ’n behoefte het.

Afdeling 8 van die meetinstrument sluit die deelnemers se behoeftes oor die professionele span in. Uit Figuur 44 is dit duidelik dat die deelnemers op die meeste van die vrae Opsies 3 en 4 (*Behoeftes*), voor die aanbieding van die werkswinkel geselekteer het. Hierdie omvang van behoeftes dui daarop dui dat hulle baie behoeftes het in terme van die maniere waarop die professionele span hulle as sorggewers en die persoon met ’n TBB behoort te hanteer. Hulle het voor die aanbieding van die werkswinkel 54 keer Opsies 3 en 4 (*Behoeftes*) geselekteer en slegs 14 keer Opsies 1 en 2 (*Geen behoefte*). Na die aanbieding van die werkswinkel het hulle behoeftes in dié verband wel verander, maar dit is uit Figuur 44 steeds duidelik dat hulle 26 keer aantoon dat hulle bepaalde behoeftes ten opsigte van die professionele span het. Hulle het egter op die meerderheid van die behoeftevrae 42 keer, na die aanbieding van die werkswinkel aangedui, dat hulle geen behoeftes (*Opsies 1 en 2*) het nie. Deelnemer 15 het na die aanbieding van die werkswinkel meer behoeftes gehad oor die professionele span. Hierdie stelling word beklemtoon aangesien deelnemer 15 voor die aanbieding van die werkswinkel 10 keer die Opsies 3 en 4 (*Behoeftes*) aangedui het, en na die aanbieding het sy 12 keer Opsies 3 en 4 (*Behoeftes*) geselekteer. Haar behoeftes het dus toegeneem. Hierdie verandering in die patroon van die deelnemer se behoeftes kan moontlik verduidelik word in die lig daarvan dat die toename van kennis en inligting juis haar behoeftes verhoog het. Sy was moontlik voor die aanbieding van die werkswinkel nie bewus van haar behoeftes oor die professionele span nie, maar die inligting het haar insig verbreed, en gevolglik het sy van meer behoeftes bewus geword en dit aangetoon. Daar moet egter hier weereens ingedagte geneem word, dat die

werkswinkel nie die aard professionele persone se dienslewering aangespreek het nie, maar die sorggewers se behoeftes. Dus is die professionele persone steeds onbewus van die deelnemers se behoeftes, en is hulle houding en gedrag teenoor die deelnemers, steeds dieselfde.

HOOFSTUK 5

INTERPRETASIE VAN RESULTATE

In die volgende afdeling word 'n samevatting verskaf van die resultate wat tydens die uitvoer van Fase 1 en 2 verkry is. Die resultate word ook in hierdie afdeling geïnterpreteer. Tydens die eerste gedeelte van Fase 1(a) is veelvuldige enkel-gevallestudies op drie sorggewers (Deelnemers D1-D3) wat met die proses van rehabilitasie besig was, uitgevoer. Die sorggewers is waargeneem tydens interaksie met die persoon met 'n TBB, en die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) is deur die navorser en tweede beoordelaar voltooi. Tydens die tweede gedeelte van Fase 1(b), is nuwe deelnemers, wat alreeds deur die proses van rehabilitasie was, geselekteer (D4-D11). 'n Fokusgroep en drie semigestruktureerde onderhoude is uitgevoer, en 'n DA is uitgevoer om die resultate te analiseer. Op grond van hierdie resultate is die deelnemers se behoeftes bepaal en die meetinstrument is ontwikkel en saamgestel.

Tydens Fase 2 van die studie is vier nuwe deelnemers (D12- D15) geselekteer om die meetinstrument te voltooi. Nadat die meetinstrument voltooi is, is 'n werkwinkel aan die deelnemers aangebied, waarna hulle weer die meetinstrument voltooi het. Op hierdie wyse was dit moontlik om te bepaal of die meetinstrument wel 'n verandering in die deelnemers se behoeftes kon meet, nadat inligting aan hulle verskaf is.

5.1. INTERPRETASIE VAN FASE 1(a): WAARNEMING EN BEHOEFTE-VRAELYS

In die volgende afdeling word 'n samevatting verskaf van die resultate wat tydens die uitvoer van Fase 1 verkry is.

Kommunikasie-interaksie is nie net die kern van 'n persoon se sosiale identiteit en vermoë om 'n verhouding met ander persone aan te gaan nie (Kirchner en Prutting, 1989), maar ook die wyse waarop die persoon met ander in interaksie tree om gedagtes, wense, begeertes, emosies en opinies oor te dra (Wedcliffe, 1999). Verder speel kommunikasie 'n essensiële rol in die persone se psigososiale welstand en aanpassings wat hulle in hulle sosiale kontekste moet maak. Persone met 'n TBB ondervind 'n komplekse reeks van kommunikasieafwykings, wat die wyse waarop hulle

met ander persone in hulle sosiale kontekste in interkasie tree, negatief kan beïnvloed. Hierdie afwykings sluit hoofsaaklik woordvindingsprobleme, uitermatige baie praat, probleme om die tema van die gesprek vol te hou en swak gebruik van beurname in (Ponsford en Snow, 1995). Kommunikasie-afwykings het egter nie net 'n invloed op die wyse waarop die persoon met ander in sy sosiale konteks in interkasie tree nie, maar het ook ernstige psigososiale gevolge wat 'n impak het op die sosiale netwerke van die individue met TBB en sy sorggewers (Wedcliffe, 1999). Hierdie gedeelte van die studie het bepaal wat die deelnemers se pragmatiese vaardighede is tydens interkasie met die persoon met 'n TBB, wat moontlik pragmatiese afwykings vertoon.

In die huidige studie het die resultate van die waarneming van die interkasie tussen die sorggewers en die persoon met 'n TBB aangetoon, dat twee van die drie deelnemers oor die algemeen goeie interkasievaardighede met die persoon met 'n TBB vertoon. Peck (1989) toon aan dat die sukses van interkasie afhang van die mate waarin die gespreksgenote hulle manier van kommunikasie aanpas, om 'n gesprek in stand te hou of om enige kommunikasie-afbraak en/of –onderbreking, te herstel. Gereelde kommunikasie afbraak en/of –onderbreking kan lei tot 'n groot mate van frustrasie en irritasie, nie net vir die persone met 'n TBB nie, wat onbewus is van sy kommunikasieprobleme nie, maar ook vir persone wat met die persoon met 'n TBB in interkasie tree (sorggewers).

Deelnemer 2 het uitvalle getoon in al drie die domeine van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987). In die verbale domeine is daar waargeneem dat Deelnemer 2 ontoepaslike gedrag geopenbaar het in die gebruik van beurname, inisiëring van spraakgebeurtenisse, onderbreking en oorvleueling van gesprek tydens interkasie. Deelnemer 2 het ook van ontoepaslike variasies in haar stemtoon gebruik gemaak. In die paralinguistiese domein van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) het die deelnemer (D2) uitvalle in die gebruik van prosodie geopenbaar, deur van te veel intonasie en klempatrone in die gesprek gebruik te maak. Die variasies in Deelnemer 2 se luidheid, toonhoogte en duur is ook as ontoepaslik beskryf. Dié deelnemer maak ook van te veel fisiese kontak gebruik tydens interkasie en dus het sy ook 'n uitval vertoon in die nie-verbale domein van die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987).

Die uitvalle wat by Deelnemers 2 en 3 voorgekom het, korreleer met die bevinding dat beide deelnemers se persone met 'n TBB minimale verbale kommunikasievaardighede geopenbaar het. Albei die persone met 'n TBB, het gebruik gemaak van nie-verbale kommunikasievaardighede soos, oogkontak, kopskud en kopvat, om te kommunikeer.

In die analise van die veldnotas het dit navore gekom dat die deelnemers nie oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van maniere oor hoe hulle met die persoon met 'n TBB kan kommunikeer, indien die persoon kommunikasie-afwykings het nie. Deelnemer 1 was geneig om stil te bly tydens kommunikasie-interaksie om moontlik te voorkom dat sy die persoon met 'n TBB frustreer nie. Ander moontlike redes hiervoor kan wees dat die deelnemers nie bewus was van maniere om ontoepaslike uitinge te hanteer nie, en gevolglik eerder kommunikasie met die persoon met 'n TBB vermy het. Weens die bevinding dat die persoon met 'n TBB kommunikasie-afwykings geopenbaar het, is die deelnemers nie bewus van maniere om met die persoon in interaksie te tree, of om kommunikasie te ontlok nie. Dit het tot gevolg gehad dat die Deelnemer 2 dikwels "patronizing" opgetree het teenoor die persoon met 'n TBB. Sy het met die persoon gekommunikeer asof hy 'n kind is, en ontoepaslik sy kop op haar skouer gesit en gevryf.

'n Ander aspek wat in die veldnotas waargeneem is, is dat die deelnemers tydens die akute rehabilitasieperiode nie ten alle tye bewus was van maniere om kommunikasie-afbraak te herstel nie. Hulle blyk ook nie op daardie stadium bekommerd te gewees het oor die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme nie. Deelnemer 2 het tydens die kommunikasie-interaksie aangetoon dat sy die persoon met 'n TBB as normaal beskou. Sy het ook die meeste uitvalle tydens die waarneming en interaksie vertoon. So ook het sy min behoeftes oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB, in die Behoeftevraelys aangetoon. Volgens Ponsford (1995) kom hierdie verskynsel wel voor by sorggewers tydens die akute rehabilitasieperiode, indien die persoon uit die kritieke tydperk beweeg. Daar ontstaan gevoelens van hoë verwagtinge, optimisme, en hoop dat die persoon met 'n TBB volkome sal herstel. Daar is 'n geneigdheid by sorggewers om duidelike afwykings in kognisie, kommunikasie en gedrag te ontken of te ignoreer (Ponsford,1995). Hierdie ontkenning word versterk deur 'n paar faktore soos byvoorbeeld dat vorige voorspellings wat deur professionele persone gemaak is dat die persoon met 'n TBB nie die trauma sou oorleef nie en/of dat die persoon komateus sal bly of nooit weer sal kan loop of praat nie, verkeerd bewys is (Ponsford,1995).

Deelnemer 2 was moontlik nog in die ontkenningfase van die rouproses, en daarom het sy die meeste van die ooglopende afwykings van die persoon met die TBB geïgnoreer en verduidelik dit ook gevolglik waarom sy nie enige behoeftes aangedui het nie.

Ontkenning is 'n komplekse probleem en kan 'n moontlike bron wees van konflik tussen sorggewers en die reabilitasiespan. Ontkenning het volgens Ponsford, (1995), egter ook 'n voordeel in die vroeë fase van herstel, aangesien sorggewers die idee dat hulle lewe nie meer dieselfde sal wees nie, op 'n emosionele wyse probeer hanteer, om weer balans in die familiesisteem te probeer handhaaf. Indien die ontkenningfase egter te lank duur, kan dit ook negatiewe gevolge vir sorggewers inhou, soos onder andere sosiale isolasie. *"... however, that it may be important for the family to deny, to an extent, in order to re-establish family equilibrium. Denial helps the families come to terms with their life change, but if it persists, social isolation may result and life might then centre around the impaired individual only"* (Rollin, 2000: 77).

Professionele persone wat saam met hierdie sorggewers werk, moet hierdie aspek van ontkenning respekteer, aangesien pogings om hierdie ontkenning te konfronteer, juis die verhouding tussen die sorggewers en die professionele span negatief kan beïnvloed (Ponsford, 1995). *"Relatives may come to view staff as pessimistic, and lose faith in their commitment to making the best of the injured family member's future"* (Ponsford, 1995: 267). Die rede hiervoor kan moontlik gesien word vanuit die oogpunt dat die sorggewers steeds in die ontkenningfase van die rouproses is.

'n Oop verhouding tussen professionele spanlede en die sorggewers kan moontlik daartoe lei dat die fase van ontkenning vinniger oorkom word. Alhoewel die sorggewers min kennis van die aard van 'n breinbesering en gepaardgaande afwykings het, het hulle genoegsame kennis van die persoon met 'n TBB se behoeftes en is hulle juis die persone wat op die langtermyn aktief betrokke is in die versorgings-, toesig- en ondersteuningsrol van die persoon met 'n TBB. In die meeste gevalle is dit onmoontlik om aan sorggewers die uitkomst te voorspel en om meer besonderhede te verskaf oor wat die persoon met 'n TBB se toekoms moontlik inhou. Alhoewel die voorspellings wat deur reabilitasiepersoneel gemaak word dikwels meer akkuraat en realisties is as dié van sorggewers, is dit onder hierdie omstandighede van ontkenning, verstandig om hierdie meningsverskil te erken, as om dit te etiketteer as "ontkenning".

Na die waarneming is die deelnemers versoek om die vraelys te voltooi waarin daar van hulle verwag is om hulle behoeftes op 'n Likert-skaal aan te dui. Die analisering van die Behoeftevraelys het aangetoon dat die deelnemers wel bepaalde behoeftes gehad het oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB tydens die akute rehabilitasieperiode. Die resultate sal vervolgens geïnterpreteer word.

a) Mediese toestand

Op die skaal het Deelnemers 1 en 3 aangetoon dat hulle 'n bepaalde behoefte het ten opsigte van algemene inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand. Die behoeftes het aspekte ingesluit soos dat hulle ten alle tye ingelig wil wees ten opsigte van veranderinge in die persoon se mediese toestand, die tydperk wat die persoon met 'n TBB se probleme moontlik sal voortduur, asook inligting oor die aard van mediese- sowel as sjirurgiese prosedures. Die resultate stem duidelik ooreen met vorige navorsing wat uitgevoer is in die veld van sorggewers se behoeftes oor die hantering van persone met 'n TBB.

Verskeie studies toon aan dat sorggewers van persone met 'n TBB se belangrikste behoeftes is om inligting te ontvang in verband met die persoon met 'n TBB se mediese toestand (Maus-Clum en Ryan, 1981). Grant en Bean (1992) het verdere ondersoek ingestel na sorggewers se behoeftes in terme van intra-, inter- en ekstrapersoonlike stressors deur van die Neuman Sisteem Model (Neuman, 1984) gebruik te maak. In die studie het 13% van die sorggewers die behoefte aan inligting oor die breinbesering. Die resultate van Grant en Bean (1992) se studie stem ooreen met 'n gevolgtrekking wat deur Campbell (1988) gemaak is, naamlik dat sorggewers hoofsaaklik behoeftes het aan meer opleiding en inligting rakende die aard van die breinbesering en die versorging daarvan (Grant en Bean, 1992; Campbell, 1988). Mathis (1984) het ondersoek ingestel om te bepaal of die behoeftes van sorggewers van 'n persoon met 'n TBB verskil van dié van die sorggewers van 'n kritieke siek persoon, sonder 'n akute TBB. Weereens dui die resultate daarop dat baie van die behoeftes van die twee groepe sorggewers ooreenstem, en dat een van hulle belangrikste behoeftes is om ingelig te word oor alle veranderinge in die persoon se mediese toestand, spesifieke inligting aangaande die persoon se vordering en om meer inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand te verkry (Mathis, 1984; Engli en Karsivali, 1993). Nog ander studies het die sorggewers se behoeftes rakende meer inligting ondersoek, en

aangetoon dat al die sorggewers (100%) 'n behoefte het om te weet wat fout is met die persoon met 'n TBB en om te weet hoe die persoon medies behandel moet word (Engli en Karsivali-Farmer, 1993; Mackay *et al.*, 1997).

Slegs Deelnemer 2 het aangedui aan dat sy geen behoefte het om meer inligting te bekom rakende die mediese toestand van die persoon met 'n TBB nie. By wyse van 'n verduideliking, is daar egter 'n paar faktore wat in oorweging geneem moet word. Eerstens, soos ook gemeld word deur (Ponsford, 1995) word ontkenning in hierdie stadium van die beseringstydperk (akute rehabilitasieperiode), gebruik as 'n waardevolle oorlewingsinstrument. In die tweede plek het Deelnemer 2 finansiële probleme tydens die periode van data-insameling gehad en kon sy met meer as een geleentheid, nie publieke vervoer na die rehabilitasiesentrum bekostig nie. 'n Kombinasie van finansiële probleme, verligting dat die persoon met 'n TBB die besering oorleef het, en die potensiaal vir sosio-ekonomiese druk in die huishouding, kon moontlik bygedra het tot 'n gebrek aan Deelnemer 2 se inligtingsbehoefte. Dit is moontlik dat die deelnemer haarself in 'n posisie geplaas het waar sy die persoon met 'n TBB en haar familie die probleme beter kon hanteer. Volgens Cook (1990) en Degeneffe (2001) speel sosio-ekonomiese status wel 'n rol in die hantering van gepaardgaande probleme as gevolg van 'n TBB, asook aspekte soos ouderdom, ras, finansies en ander onderskeidende kenmerke van sorggewers. Hierdie tekort aan inligtingsbehoefte is in teenstelling met ander studies wat bevind dat sorggewers met 'n laer inkomste, meer dikwels aandui dat hulle behoeftes het wat nie aandag geniet nie, as hulle eweknie met 'n hoër inkomste (Kreutzer *et al.*, 1994).

b) Kognitiewe afwykings

In die huidige studie is daar ook bevind dat die deelnemers nie ten alle tye bewus was van die persoon met 'n TBB se onderliggende kognitiewe afwykings nie. Indien die aard van hulle behoeftes in terme van die hantering van kognitiewe afwykings vergelyk word met die aard van hulle behoeftes aan ander aspekte van die persoon met 'n TBB se afwykings, blyk hulle behoeftes aan die hantering van kognitiewe afwykings minder te gewees het. Hierdie resultate stem ooreen met Gentleman (2001) se stelling dat kognitiewe afwykings eers later in die herstelproses deur sorggewers geïdentifiseer word. Die hantering van die persoon met 'n TBB se geheueprobleme is egter deur al drie die deelnemers beskou as 'n behoefte. Die rede hiervoor is moontlik dat die

deelnemers reeds bewus geword het dat die persoon met 'n TBB se geheue swakker is as voor die ongeluk.

Volgens Ponsford (1995) is die hantering van kognitiewe probleme, veral geheueprobleme, een van die areas wat dien as 'n bron van stres wat deur die sorggewers van 'n persoon met 'n TBB ervaar word. Die deelnemers het in gesprek met die navorser gemeld dat hulle 'n behoefte het om te weet waarom die persoon met 'n TBB sekere dinge onthou wat voor die ongeluk gebeur het, maar veral probleme ervaar met korttermyngeheue, soos byvoorbeeld dat die persoon met 'n TBB nie kon onthou wat hy/sy die vorige dag gedoen het nie. Die deelnemers was dus al gekonfronteer met die persoon met 'n TBB se afwykings in geheue. In die resultate van die studie uitgevoer deur Campbell (1988) en Acorn (1993) toon 64% en 74% van die sorggewers onderskeidelik aan dat hulle 'n behoefte daaraan het om metodes aan te leer oor hoe hulle die persoon met 'n TBB kan ondersteun om sy geheueprobleme te oorbrug.

In hierdie studie het slegs Deelnemers 1 en 2 aangetoon dat hulle 'n moontlike behoefte gehad het om ingelig te word oor die aard van die persoon met 'n TBB se aandag- en konsentrasieafwykings, terwyl Deelnemer 3 dit as nie so 'n belangrike behoefte beskou het nie. Hoe om die persoon met 'n TBB te hanteer wanneer hy deurmekaar is, is *slegs* deur Deelnemer 1 aangedui as 'n behoefte, terwyl Deelnemers 2 en 3 dit as nie 'n behoefte aangedui het nie. Hierdie resultate is egter in teenstelling met bevindinge van vorige studies, deurdat verskeie navorsers aantoon dat een van sorggewers se belangrikste behoeftes is om ingelig te word oor maniere om die persoon met 'n TBB te help met probleme rakende die denke (99%) (Kreatzer, Serio en Bergquist, 1994; Moules en Chandler, 1999). Hierdie diskrepansie in die resultate van die huidige navorsing en die resultate van vorige navorsing het moontlik te doen met die bevinding dat hierdie afwykings in die persoon met 'n TBB eers later te voorskyn tree: *"...TBI is often called the hidden disability, as many of its disabling features are invisible to the casual observer..."* (Gentleman, 2001: 197). Alhoewel een deelnemer nie 'n behoefte gehad het om meer te weet van die kognitiewe veranderinge in die persoon met 'n TBB nie, is dit steeds belangrik om te bepaal wat die sorggewers se behoeftes in terme van die hantering van die persoon se kognitiewe afwykings is, sodat die nodige inligting en aanpassings wat daar deur hulle gemaak moet word, vroegtydig geïdentifiseer kan word en hulle die nodige opleiding in hierdie verband kan ontvang. Hierdie stelling word gestaaf in die volgende aanhaling: *"An assessment of the overall demands on the family*

is important, so that a realistic level of involvement can be encouraged” (Sloan en Ponsford, 1995: 122).

c) Kommunikasieprobleme

Kommunikasie speel 'n sentrale rol in individue se vermoëns om in die daaglikse lewe te funksioneer en vereis die suksesvolle interaksies in die persoon se kognitiewe-, linguistiese- en gedragsvermoëns. In die geval van 'n traumatiese breinbesering word baie van hierdie vaardighede aangetas en dit lei tot 'n komplekse verskeidenheid van kommunikasieprobleme (Snow en Ponsford, 1995). Die aard van die kommunikasie-afwykings kan op sigself die totale rehabilitasieproses beïnvloed indien die probleme ernstig is (Gentleman, 2001). As gevolg van die uitwerking wat 'n kommunikasie-afwyking op die sosiale netwerke van persone met 'n TBB en hulle sorggewers mag hê, kan daar wel behoeftes by sorggewers ontstaan in terme van kommunikasie met die persoon met 'n TBB.

In die huidige studie het beide Deelnemers 1 en 3 'n behoefte gehad om meer ingelig te word oor die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme. Die deelnemers se behoeftes het aangetoon dat hulle ingelig wou word oor die aard van die persoon met 'n TBB se kommunikasieprobleme, hoe om reseptiewe taalafwykings te hanteer, en wat om te doen as hulle nie die persoon met 'n TBB verstaan nie. Deelnemer 3 het ook hierdie behoeftes beklemtoon in die gedeelte van die vraelys waarin daar oop vrae aan die deelnemers gestel is. Sy het gemeld dat dit in die begin moeilik was om die persoon met 'n TBB te verstaan. Beide Deelnemers 1 en 3 het ook 'n behoefte aan meer inligting gehad oor hoe om hulle kommunikasiestyl moes aanpas, ten einde die persoon met 'n TBB te ondersteun tydens kommunikasie-interaksie.

Die bogenoemde resultate sluit ook aan by navorsing wat gedoen is deur Campbell (1988) en Acorn (1993) deurdat 57% en 74% van die sorggewers in albei studies meld dat hulle behoeftes het aan riglyne oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB. Acorn (1993) en Campbell (1988) meld dat 'n gebrek aan vaardighede om met die persoon met 'n TBB te kommunikeer, juis een van die faktore is wat stres by sorggewers laat ontstaan. Dit is ook belangrik dat sorggewers van 'n persoon met 'n TBB ingelig moet word oor die basis van kommunikasie-afwykings wat kan lei tot 'n ontwrigting in hulle gesprekke en interpersoonlike verhoudings tussen die persone met

'n TBB en sorggewers (Wedcliffe, 1999). Op hierdie wyse kan sorggewers ondersteun en bygestaan word in terme van die moontlike frustrasies wat hulle kan ervaar tydens die interaksie met die persoon met 'n TBB.

Deelnemer 2 het herhaaldelik gemeld dat sy geen behoeftes in terme van kommunikasie met die persoon met 'n TBB gehad het nie, en dat sy die persoon met 'n TBB deurgaans verstaan het. Hierdie resultaat dui op 'n interessante patroon wat by hierdie deelnemer voorkom. Dit kom voor asof sy die hanteringsmeganisme van ontkenning gebruik, ten spyte van die waarneming dat die Pragmatic Protocol (Prutting en Kirchner, 1987) aandui dat haar kommunikasie-interaksie ontoepaslik is. Hierdie stelling word gemaak op grond van die waarneming dat sy nie bewus was van subtiele en duidelike simptome wat deur die persoon met 'n TBB vertoon is nie (kognitiewe-, mediese en kommunikasie-verwante simptome).

Die kommunikasiebehoeftes van die deelnemers (uitsluitend Deelnemer 2) blyk dus voor die hand liggend te wees, deurdat hulle ondersteuning benodig om optimale kommunikasie-interaksie met die geaffekteerde persoon te fasiliteer. Hierdie bevindinge word ook in die literatuur ondersteun (Campbell, 1988, Acorn, 1993, , Mackay *et al.*, 1997, Wedcliffe, 1999).

d) Gedrags- en emosionele afwykings

Resultate van die studie het aangetoon dat Deelnemers 1, 2 en 3 'n behoefte gehad het oor die wyse van hantering van die persoon met 'n TBB se gedrags- en emosionele afwykings. Dit het onder andere aspekte ingesluit soos die hantering van depressie, uitbarstings, vreemde gedrag en geïrriteerdheid. In die analisering van die oop vrae van die vraelys (Afdeling C) het die resultate daarop gedui dat die meeste deelnemers (Deelnemers 1 en 3) nie oor genoegsame kennis beskik oor die hantering van gedrags- en emosionele afwykings, beskik het nie. Hulle het behoeftes gehad aan inligting oor hoé die persoon met 'n TBB se gedrags-en emosionele afwykings hanteer moes word. Hierdie afleiding is gemaak op grond van die opmerkings wat deur Deelnemers 1 en 3 gemaak is. Deelnemer 1 het 'n behoefte gehad om te weet of sy ferm teenoor die persoon met 'n TBB moes optree en of sy die persoon se vreemde gedrag moes ignoreer. Deelnemer 3 het duidelik aangetoon dat sy nie genoegsame kennis het van

hoe sy die persoon met 'n TBB moes hanteer wanneer sy woedeuitbarstings gekry het nie.

Die resultate van vorige studies meld ook dat een van sorggewers se belangrikste behoeftes is om meer inligting te bekom en opgelei te word in aspekte oor hoe om die persoon met 'n TBB se gedragsprobleme te hanteer (Wallace *et al.*, 1998). *“Additionally, this need for accurate information has been cited by other researchers as one of the most prominent reported among caregivers”* (Wallace *et al.*, 1998: 491). Ponsford (1995: 165) het niks anders aangehaal nie as: *“One of the greatest sources of stress for those living and working with people who have sustained TBI is dealing with changes in behaviour”*.

Gedrags- en emosionele probleme kan, indien ernstig, lei tot gevaar vir die persone wat met die persoon met 'n TBB werk. Hierdie tipe probleme kan ook lei tot meer stres vir die familie, terapeute en rehabilitasiepersoneel. As gevolg van stresvolle interaksies wat kan ontstaan, kan persone met 'n TBB dikwels minder rehabilitasie ontvang as wat hulle moet, asook uitgeskuif word tydens interaksies. Hierdie probleem kan dan moontlik ook hulle geleentheid tot reïntegrasie in die gemeenskap beperk (Ponsford, 1995). Dit is dus belangrik dat sorggewers se behoeftes aan die wyse van die hantering van hierdie gedrags- en emosionele afwykings geïdentifiseer moet word, sodat voldoende riglyne en ondersteuning deur rehabilitasiepersoneel aan hulle gegee word.

e) Ondersteuning

In terme van die deelnemers se behoeftes aan ondersteuning, was dit duidelik dat dit 'n aangeleentheid is waaraan al die deelnemers 'n behoefte gehad het. Al die deelnemers behalwe Deelnemer 1, het gemeld dat hulle 'n behoefte daaraan het dat al hulle vrae eerlik beantwoord moes word en dat hulle as sorggewers en die persoon met 'n TBB se behoeftes en begeertes gerespekteer moes word. Mathis (1984) en Engli en Karsivali-Farmer (1993) se bevindinge beklemtoon ook hierdie behoefte, deurdat sorggewers wil weet dat die hospitaal en professionele persone bekommerd is en omgee vir die persoon met 'n TBB. Deelnemer 2 was van mening dat sy geen behoeftes in die laasgenoemde verband gehad het nie.

Al drie die deelnemers het 'n behoefte aan meer ondersteuning deur professionele persone gehad. Hulle het 'n behoefte gehad om professionele persone te nader vir raad en ondersteuning en dat die professionele persone inligting aan hulle sal oordra in terme wat hulle verstaan. Ondersteuning deur ander is deur Deelnemers 2 en 3 as belangrik beskou, en hulle het gemeld dat hulle 'n behoefte gehad het om met iemand oor hulle gevoelens te praat. Deelnemers 1, 2 en 3 het ook verder gemeld dat hulle 'n behoefte aan meer inligting gehad het oor die aard en voordele van groepsterapie vir die persoon met 'n TBB, ten einde die persoon met TBB te ondersteun.

In die studies uitgevoer deur Campbell (1988) en Acorn (1993) het onderskeidelik 83% en 73% van die sorggewers aangetoon dat hulle behoefte het om oor hulle gevoelens te praat en om emosionele ondersteuning te ontvang. In 'n literatuuoroorsig is dit duidelik dat die aard van die deelnemers se behoeftes in die huidige studie, 'n sterk ooreenkoms toon met sorggewers se behoeftes in vorige navorsing. Verskeie studies bewys (meer as 80% van die ondersoeke) dat primêre sorggewers se belangrikste behoeftes is: dat hulle vrae ten alle tye eerlik beantwoord moet word (Campbell, 1988; Mathis, 1984, Kreutzer, Serio en Bergquist, 1994; Moules en Chandler, 1999), dat hulle vrae beantwoord moet word in taal wat hulle verstaan en dat professionele persone hulle behoeftes en begeertes respekteer (Mackay et al., 1997). Die laasgenoemde behoeftes kom ook direk ooreen met die sorggewers van kritieke siek persone se tien belangrikste behoeftes wat in gepubliseerde studies voorkom vanaf 1979 tot 1993 (Mackay *et al.*, 1997).

Uit die resultate van die verskillende studies en die huidige studie, is dit duidelik dat sorggewers 'n behoefte aan ondersteuning het tydens die akute rehabilitasieperiode. 'n Skielike trauma, soos in die geval van 'n traumatiese breinbesering, laat gevoelens van vrees en angstigtheid by sorggewers ontstaan. Hierdie vrees en angstigtheid bestaan uit frustrasie, hulpeloosheid, skuldgevoelens, woede en gewoonlik die nywigheid van die ervaring vir die familie. Die onverwagte noodlot wat met sy kenmerkende gevolge die trauma inlui, veroorsaak dat die gesinslede nie vooraf kon beplan nie. Baie van die sorggewers se behoeftes word nie bevredig tydens die kritieke versorgingsperiode nie, en dit laat hulle voel dat hulle alleen deur die proses moet gaan (voel geïsoleerd), dat hulle verkeerd verstaan word, en dat hulle dus glo dat hulle geen ondersteuning ontvang nie (Kreutzer, Serio en Bergquist, 1994).

Toepaslike en voordurende evaluasie van die familie-dinamiek, ondersteuningstrukture en toepaslike intervensie deur professionele persone is van kardinale belang om die persoon met 'n TBB en sy familie se vooruitsigte so ver as moontlik draaglik te maak. Die familie dien as 'n groot bron van ondersteuning vir die persoon met 'n TBB, en verskeie studies meld dat sterk ondersteuningstrukture, die persoon met 'n TBB se uitkomst positief beïnvloed (Wallace *et al.*, 1998). Die sorggewers se reaksie in die krisistydperk van die ernstige TBB moet taktvol en beheersd wees, ten einde die persoon met 'n TBB so min as moontlik te ontstel. Hieruit is dit duidelik dat sorggewers se behoeftes aan ondersteuningsmetodes bepaal moet word, sodat hulp en leiding van die begin af aan hulle verskaf kan word, ten einde albei se langtermynuitkomst te bevorder.

f) Voedingsprobleme

Deelnemers 1 en 3 meld dat hulle 'n moontlike behoefte het om ingelig te word oor die aard van die persoon met 'n TBB se voedingsprobleme, terwyl Deelnemer 2 dit as geen behoefte noem nie. Aangesien disfagie, of slukafwykings, moontlik een van die probleme is waarmee 'n persoon met TBB kan presenteer na 'n TBB, is dit belangrik om hierdie behoeftes te bepaal tydens die akute rehabilitasieperiode. TBB-verwante disfagie kan die gevolg wees van 'n psigologiese afwyking (bv. vertraagde of afwesige opwekking van faringeale sluk), kognitief-kommunikatiewe afwyking (bv. verminderde aandag) en/of gedragsafwykings (bv. impulsitwiteit) (O'Neil –Pirozzi, Momose, Mello, Lepak, Maccabe, Connors en Lisiecki, 2003). Weens die komplekse aard van 'n TBB, is sorggewers egter nie altyd bewus van die impak van 'n TBB op die persoon met TBB se voeding nie, en gebeur dit dikwels dat sorggewers nie kennis dra van die aard daarvan nie. Die bevinding dat Deelnemer 2 aangetoon het dat sy geen behoefte gehad het ten opsigte van die persoon met TBB se voedingsprobleme nie, kan moontlik gesien word in die lig daarvan, dat die persoon met 'n TBB nie meer enige probleme met voeding ondervind het nie, en reeds besig was met orale voeding, en kon homself voer.

g) Rol van die sorggewer

Inligting oor die rol van die sorggewer is tydens die akute rehabilitasieperiode is 'n behoefte wat deur beide Deelnemers 1 en 3 beklemtoon is. Deelnemer 1 het 'n

behoefte gehad om te weet wat haar rol as sorggewer is tydens die akute rehabilitasieperiode. Deelnemers 1 en 3 het 'n behoefte gehad om te weet wat hulle rol is in die hantering van kommunikasieprobleme, en dat hulle menings gebruik word in die beplanning van die persoon met 'n TBB se intervensie, en om aan professionele persone te verduidelik wat die toestand van die persoon met 'n TBB voor die ongeluk was. Deelnemer 2 het egter genoem dat dit geen behoefte vir haar is om te weet wat haar rol as sorggewer is nie.

Aanpassings wat in die omgewing gemaak moet word om die persoon met 'n TBB te ondersteun en te hanteer as hy moeg en uitgeput raak, is as 'n behoefte deur Deelnemers 1 en 3 beskou, terwyl Deelnemer 2 dit as geen behoefte gesien het nie. Hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer is slegs deur Deelnemer 1 as 'n behoefte beskou, terwyl die ander dit nie so beskou het nie.

Huidige navorsing beklemtoon dat alle omgewingsfaktore, wat 'n moontlike invloed het op die persoon met 'n TBB se vordering, onmiddelik bepaal en aangespreek moet word (Sander, Caroselli, High, Becker, Neese en Scheibel, 2002; Davis, Gemeinhardt, Gan, Anstey en Gargaro, 2003). Aangesien sorggewers een van die faktore is wat 'n belangrike rol speel in die versorging van die persoon met 'n TBB, is dit belangrik dat hulle behoeftes ten opsigte van hulle rol en die nodige aanpassings wat hulle moet maak, alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode bepaal en aangespreek moet word. Volgens die literatuur speel sorggewers en die onmiddelike gesinsomgewing 'n belangrike rol in die persoon met TBB se vordering, uitkomst asook die psigososiale aanpassings wat die persoon met TBB moet maak. Indien die sorggewers egter nie bewus is van hulle rol tydens die rehabilitasieperiode en omgewingsaanpassing wat hulle moet maak nie, kan dit die persoon met TBB se uitkomst asook vordering in rehabilitasie negatief beïnvloed (Sander, *et al.*, 2002, Davis *et al.*, 2003). Suksesvolle rehabilitasie vereis egter voldoende samewerking van sorggewers, in bv. vervoer van persone met TBB na onderskeie rehabilitasiedienste, daaglikse terapeutiese tuisprogramme wat uitgevoer moet word, her-struktuering van die huislike omgewing om die persoon met TBB te ondersteun ens. Indien die sorggewers psigologiese stress ervaar, en daar konflik tussen die onderskeie familielede is, kan dit ook die proses van rehabilitasie negatief beïnvloed, aangesien hulle dus nie effektiewe deelnemers in die rehabilitasieproses is nie (Sander, *et al.*, 2002).

In die analisering van die resultate van die oop vrae het die deelnemers ook ander behoeftes gehad wat nie in die vraelys aan hulle gevra is nie. Die resultate toon aan dat Deelnemer 1 'n behoefte gehad het om te weet hoe lank dubbelvisie sal aanhou en wat daaromtrent gedoen kan word. So ook het Deelnemer 1 gemeld dat sy 'n behoefte gehad het aan inligting oor die tipe behandeling wat daar vir swak gesigspiere verskaf word. Hierdie behoeftes resorteer dus onder die kategorieë van meer inligting oor die persoon met 'n TBB se mediese toestand en beklemtoon weereens dat sorggewers se belangrikste behoefte is om meer inligting rakende alle aspekte van die persoon met 'n TBB te ontvang.

5.2. INTERPRETASIE VAN FASE 1 (B): FOKUSGROEPE EN SEMI- GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Tydens die tweede gedeelte van Fase 1 (Fase 1: Deel 2- Fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude) van die studie is daar van 'n fokusgroep en drie semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak om 'n nuwe groep sorggewers, (wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is), se behoeftes ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB te bepaal, met die oog daarop om die behoeftes in die voorlopige meetinstrument in te sluit. Die inligting wat uit hierdie gesprekke na vore gekom het, is deur middel van 'n DA geanaliseer. Met die DA van die gesprekke het verskeie temas na vore gekom. Die behoeftes sal vervolgens gelys word: 'n Behoefte aan:

- a) Ondersteuning;
- b) Inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB;
- c) Hantering deur die professionele span en sorggewers se hoop;
- d) Behoefte aan kommunikasie en stimulasie van die persoon met 'n TBB;
- e) Deelnemer se persepsies oor die rol van die sorggewer tydens die akute rehabilitasieperiode.

a) Ondersteuning

Die resultate toon hoofsaaklik aan dat die sorggewers alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode 'n behoefte aan ondersteuning het. Hulle wou reeds van die begin af deel van 'n ondersteuningsgroep wees vir ondersteuning, hoop en om hulle emosies,

gevoelens asook teleurstellings te deel. Verder meld hulle ook dat hulle hierdie behoefte aan ondersteuning gehad het om 'n gevoel van bemagtiging te kry, en om te voel dat hulle nie alleen deur die proses gaan nie. Baie navorsers het reeds behoefte aan familieondersteuning gedurende die rehabilitasieperiode beklemtoon. Die hele familie moet die fokuspunt van opleiding en intervensie wees (Gleckman en Brill, 1995; Junque, Bruna en Mataro, 1997; Tyerman, 1991). Verder meld Douglas en Spellacy (1996) ook dat 'n tekort aan sosiale ondersteuning vir sorggewers, na die ontstaan van 'n breinbesering, 'n spesifieke risiko inhou vir suksesvolle familie-aanpassing. Navorsers het dus tot die gevolgtrekking gekom dat sosiale ondersteuning geïdentifiseer is as die belangrikste faktor vir optimale familie-funksionering (Douglas en Spellacy, 1996). *“The family and its support systems play a vital role in the continuum of care following severe brain injury. The way in which the family responds to a crisis may drastically affect the outcome of the injured individual. The health care system places expectations on the family to cope appropriately, provide the necessary support for the patient, and follow through on recommendations and suggestions”* (Mackay et al., 1997:561).

Die deelnemers verklaar dat hulle 'n behoefte het aan meer professionele steun ten einde meer inligting te verkry sodat hulle die nodige veranderings in hulle lewenstyl kan aanbring. Hulle verlang beter voorbereiding vir die pad wat hulle sal moet loop. Die pad sluit in, aanpassings om daaglik na die persoon met 'n TBB om te sien en inligting oor instansies wat hulle kan nader om hulp met versorging. Die deelnemers is van mening dat ondersteuning deur professionele persone hulle sal help om hulle emosionele behoeftes te bevredig. Kreatzer, Serio en Bergquist (1994) het in hulle studie beklemtoon, dat indien sorggewers se behoeftes nie aandag geniet nie, hulle dit interpreteer as onvoldoende ondersteuning. *“In contrast, unmet needs were predominantly related to the provision of support* (Sinnakurappan en Williams, 2001: 668-669). Hierdie beperkte ondersteuning kan moontlik daartoe lei dat sorggewers probleme ondervind met die aanpassings wat hulle sal moet maak ten einde die persoon met 'n TBB te versorg. *“The role of support has not been widely explored in the literature,suggest that an intricate and influential relationship exists between family adjustment and the perceptions of the caregiver regarding the ... amount of support received...”*(Wallace et al., 1998: 490).

b) Inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB

Die behoeftes van die deelnemers lei daartoe dat hulle van mening is dat hulle nie oor genoegsame kennis beskik, om die persoon met 'n TBB te hanteer nie. Hulle is van mening dat hulle meer kennis by rehabilitasiepersoneel sou wou inwin oor die aard van die breinbesering, funksies van die brein, watter breindele beskadig is en wat die gevolge daarvan gaan wees. Die deelnemers meld dat hulle die persoon met 'n TBB beter sou kon hanteer en verstaan het indien hulle meer insig in die aard van sy probleme gehad het. Die tweede aspek waaraan die deelnemers 'n behoefte aan meer inligting het, is hoe om die persoon met 'n TBB se basiese behoeftes te bevredig, watter probleme eerste opgelos moet word en die rede daarvoor; dus inligting oor watter aspekte prioriteit is in behandeling en waarom. Hierdie tipe inligtingbehoefte dien as “stressors” vir die sorggewers en moet effektief deur rehabilitasiepersoneel hanteer word. Bogenoemde bevinding is in ooreenstemming met die literatuur wat aantoon dat sorggewers toegang tot inligting van rehabilitasiepersoneel af benodig, ten einde hulle te ondersteun om die krisistydperk beter te hanteer (Sinnakurappan en Williams, 2001). Volgens Mackay *et al.*, (1997) is opvoeding en opleiding een van die eerste stappe in rehabilitasie en die verskaffing van hierdie tipe inligting is deel van die regte van die sorggewers. *“We have gradually moved into an era of consumerism that has come to include patient and family rights, one of the biggest of these being access...to extensive and full information... [regarding] the critically injured family member. Families need and want consistent and frequent information. Often the desire for information exceeds what information is available. The combination of providing medical information and defining the involvement and role of the family helps to decrease confusion and gives structure to a potentially unpredictable situation”* (Mackay *et al.*, 1997:546). Dit is dus juis om hierdie redes belangrik, dat inligting alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode aan sorggewers verskaf moet word.

c) Hantering deur die professionele span en sorggewers se hoop

Die deelnemers het deurgaans en voordurend 'n behoefte om meer duidelikheid te verkry in verband met die rolle van die verskillende rehabilitasiepersoneel, wat 'n belangrike deel vorm van die rehabilitasieproses. *“During the course of acute hospitalization, family members will come into contact with many professionals.*

Families who are only beginning to face this crisis may be confused as to roles and identities” (Mackay et al., 1997: 547). Spanwerk saam met sorggewers is dus noodsaaklik.

Verder het die deelnemers ‘n behoefte daaraan dat rehabilitasiepersoneel hulle beter moet voorberei vir die toekoms, saam met die geaffekteerde persoon. Hierdie is nie ‘n nuwe bevinding nie, aangesien Mackay et al., (1997:562) ook reeds aangetoon het dat: *“Health care personnel also bear the responsibility of understanding the full continuum of recovery from brain injury. All team members must work together to assist families in understanding the “whole picture” in terms of what has occurred and what is to come”*.

Hoop vir die toekoms vanaf die rehabilitasiepersoneel is nog ‘n belangrike behoefte. *“A family’s ability to maintain hope is a key factor in its ability to maintain coping skills” (Mackay et al., 1997:543). Hierdie aanhaling stel dit onomwonde dat dit vir sorggewers van ‘n persoon met ‘n TBB belangrik is om hoopvol te wees tydens die akute rehabilitasieperiode. Die gevoel van hoop is een van die belangrike elemente in die fases van herstel en vorm deel van die ontkenningsfase. In tye van ‘n krisis, soos tydens die akute rehabilitasieperiode, word “ontkenning” deur die sorggewers gebruik as die tyd wat benodig word om aan te pas en te aanvaar wat gebeur het. Hierdie fase, ook bekend as die “Everything will be all right” – fase (Mackay et al., 1997: 543), gee die sorggewers die geleentheid om ondersteuning en moed bymekaar te skraap. Ontkenning dien as ‘n psigologiese voorbereiding vir moontlike slegte nuus (Mackay et al., 1997). Aangesien hoop dus ‘n belangrike element van hierdie fases in die herstelproses is, moet dit nooit laat vaar word nie, mits die dood voor die hand liggend is. Volgens Mackay et al., (1997) moet die professionele spanlede die twee faktore; naamlik die behoefte om te ontken, en die behoefte om die realiteit van die situasie te hanteer, ‘n gelyke kans gee. Om ondersteuning te verskaf beteken volgens Mackay et al., (1997) om inligting aan sorggewers te verskaf met die oog op ‘n hoopvolle verloop van sake. Hierdie literatuur stem ooreen met sommige van die response wat deur die sorggewers tydens die navorsing verkry is. Wat interessant is van hierdie behoefte, is dat die deelnemers van mening was dat rehabilitasiepersoneel nie oor genoegsame kennis beskik nie, en dat dit die rede is waarom hulle nie genoeg hoop aan sorggewers gee tydens die akute rehabilitasieperiode nie. Hierdie aspekte lei daartoe dat die deelnemers ‘n negatiewe houding teenoor die rehabilitasiespan openbaar en van*

mening is dat die span nie in die persoon met 'n TBB of die sorggewers se behoeftes belangstel nie.

Dit is vir die sorggewers belangrik om hoopvol te wees aangesien dit hulle help om die situasie beter te hanteer. *“These manifestations of hoping generate a sense of energy within the family, which allows the family to better utilize resources to confront the myriad of problems”* (Mackay et al., 1997: 543).

Die behoeftes in die voorafgaande bespreking, naamlik 'n behoefte aan ondersteuning, om meer hoop te ontvang, inligting oor die algemene hantering van die persoon met 'n TBB, kommunikasie met die persoon met 'n TBB, dat alle vrae eerlik beantwoord moet word, toekomsverwagtinge van die persoon met 'n TBB, ensovoorts, toon 'n sterk ooreenkoms met die temas wat vanuit ander navorsing verkry is. Campbell (1988) het 'n studie uitgevoer op 14 Amerikaanse sorggewers van 'n persoon met 'n TBB, en die resultate toon dat al die sorggewers (100%) behoeftes uitgespreek het om te weet dat daar hoop is, en 93% het aangetoon dat hulle wil weet wat die toekoms vir die persoon met die besering sal inhou. Die navorser het hierdie behoeftes as psigologiese behoeftes geklassifiseer. Volgens Campbell (1988) het die sorggewers opvoedings-behoeftes gehad. Hulle het meer inligting verlang ten opsigte van die komplikasies van die breinbesering op die persoon met 'n TBB. Verder wou die sorggewers op hoogte wees van die beskikbare hulpbronne in die gemeenskap. Hulle wou ook weet of al hulle vrae eerlik deur die rehabilitasie-personeel beantwoord sou word.

Grant en Bean (1992) het verdere ondersoek ingestel oor sorggewers se behoeftes in terme van intrapersoonlike, interpersoonlike en ekstrapersoonlike stressors wat hulle op grond van 'n vraelys verkry het. Die Neuman Sisteem Model (Neuman (1984) is gebruik. Albei studies (Campbell, 1998 en Grant en Bean, 1992) beklemtoon dat die sorggewers bepaalde behoeftes gehad het deur te wou weet wat die toekoms vir die persoon met 'n TBB inhou. Ander algemene behoeftes wat ook deur Grant en Bean (1992) geïdentifiseer is, is dat sorggewers 'n behoefte het aan ondersteuningsgroepe (26%) en vriende om hulle te help met huishulptake (8%). Ander behoeftes is om inligting te bekom oor dagsorgfasiliteite (26%) en inligting in verband met die breinbesering (13%). Hierdie resultate van Grant en Bean (1992) stem ooreen met die gevolgtrekking wat deur Campbell (1988) gemaak is, naamlik dat sorggewers hoofsaaklik behoeftes het aan meer opleiding en inligting rakende die breinbesering en

die versorging daarvan. Resultate van 'n studie wat deur Jones (1996) en Knight, Devereux en Godfrey (1998) uitgevoer is, dui aan dat sorggewers bepaalde behoeftes het om te weet wat die toekoms vir die persoon met 'n TBB inhou (77%) en wat die aard van die versorging gaan wees wat die persoon sou benodig (Jones, 1996).

Acorn (1993) het ondersoek ingestel na die behoeftes van sorggewers en sy resultate wat ook deur Campbell (1988) aangedui is, dui daarop dat sorggewers bepaalde behoeftes het om te weet dat hulle vrae eerlike beantwoord sal word (100%). Dit was die reaksie van 93% van die sorggewers wat deur Acorn (1993) ondervra is. Wat die psigologiese behoeftes betref: 93% van die sorggewers het in die studie van Campbell (1988) en 95% in die studie van Acorn (1993) aangedui dat die sorggewers behoeftes daaraan het om te weet wat die toekoms vir die persoon met 'n TBB inhou. Die behoefte om oor hulle gevoelens te praat is deur 78 % van die sorggewers in Campbell (1988) se studie en 81% in Acorn (1993) se studie aangetoon. So ook het sorggewers 'n behoefte aan emosionele ondersteuning en dit is onderskeidelik deur 86% en 90% van die sorggewers aangedui in Campbell (1988) en Acorn (1993) se navorsing. Om te voel dat daar hoop is, is onderskeidelik 100% en 93% deur die twee navorsers aangedui (Campbell, 1988; Acorn, 1993).

Mathis (1984) het verdere ondersoek ingestel om te bepaal of die behoeftes van sorggewers van 'n persoon met 'n TBB verskil van dié van kritieke siek persone sonder 'n akute TBB. Die resultate van hierdie studie toon dat die behoeftes wat by al die sorggewers dieselfde is, is dat hulle vrae eerlike beantwoord moet word, om te weet dat die hospitaalpersoneel besorgd is oor die persoon en om te voel dat daar hoop is. 'n Behoefte aan spesifieke inligting oor die persoon se vordering en alle veranderinge in sy/haar mediese toestand is ook tydens hierdie navorsing deur Mathis (1984) bepaal. Engli en Karsivali-Farmer (1993) se resultate toon dat sorggewers bepaalde behoeftes daaraan het om te voel dat die professionele persone persoonlik omgee vir die persoon met 'n TBB en om inligting te ontvang oor hoe die persoon medies behandel word. Ander behoeftes van sorggewers is ook om verduidelikings te ontvang in terme wat hulle verstaan en spesifieke inligting oor die aard van die persoon se vordering (Engli en Karsivali-Farmer, 1993).

Kreatzer, Serio en Bergquist (1994) se bevindinge toon aan dat 'n groot aantal sorggewers se behoeftes nie aandag geniet het tydens die kritieke versorgingsperiode

nie. Die bevinding dat hierdie behoeftes nie tydens die kritieke tydperk aandag geniet het nie, laat sorggewers voel dat hulle alleen deur die proses moet gaan en dat hulle behoeftes verkeerd geïnterpreteer word. Dit lei gevolglik daartoe dat die sorggewers van mening is dat hulle geen ondersteuning tydens hierdie kritieke tydperk ontvang nie. Die resultate van hierdie studie (Kreatzer, Serio en Bergquist, 1994) dui daarop dat die meerderheid van die sorggewers die behoeftes aan inligtingverskaffing en om sekerheid te kry, as belangrik beskou. Die belangrikste behoeftes wat die sorggewers aangetoon het in die studie is dat al hulle vrae eerlik beantwoord moet word (99%) en dat hulle seker wil wees dat die beste moontlike hulp aan die persoon met die besering verskaf word (99%).

Die bogenoemde literatuur is dus in ooreenstemming met die resultate van die huidige studie, aangesien dieselfde temas en behoeftes ook by die deelnemers voorkom. Om meer hoop aan sorggewers te verskaf kon moontlik daartoe gelei het dat die sorggewers se emosionele behoeftes aandag sou geniet, en dat hulle meer die gevoel sou gehad het dat hulle wel genoeg ondersteuning van die rehabilitasiepersoneel verkry. Verder moet dit ook in gedagte gehou word dat sommige sorggewers langer in die fase van ontkenning verkeer as ander. In die lig hiervan is dit dus belangrik dat rehabilitasiepersoneel spesiale aandag aan hierdie sorggewers moet gee, deur gereeld opvolgessies te hou, ten einde hulle te ondersteun om hulle rol as sorggewer beter uit te voer. Dit sal ook bydra tot makliker hantering van die realiteit van die situasie (Mackay, *et al.*, 1997).

d) Behoefte aan kommunikasie en maniere om die persoon met TBB te stimuleer

Die tema “Behoefte aan kommunikasie” is ook een van die behoeftes wat die deelnemers tydens die akute rehabilitasieperiode ervaar het. Die deelnemers wat aan hierdie gedeelte van Fase 1 (Deel 2), deelgeneem het, het die feit dat hulle nie met die persoon met 'n TBB kon kommunikeer nie as 'n skok ervaar en die behoefte uitgespreek om riglyne en maniere te vind om kommunikasie te verbeter. Voorbeelde hiervan is dat hulle ingelig wil word oor die kommunikasietekens waarvoor hulle moet oplet tydens kommunikasie-interaksie, ten einde te verseker dat die persoon met 'n TBB hulle wel verstaan.

Die behoefte aan kommunikasie sluit direk aan by die deelnemers se behoeftes aan riglyne om die persoon met 'n TBB te stimuleer tydens die akute rehabilitasieperiode. Die deelnemers het aangetoon dat hulle wel die behoefte het om met die persoon te kan kommunikeer, maar het 'n behoefte aan maniere waarop hulle die persoon met 'n TBB kan stimuleer en met hom kan kommunikeer.

Hierdie behoeftes in terme van kommunikasie en stimulasie soos deur die onderskeie deelnemers genoem is, kom direk ooreen met die vier stadiums wat Rollin, (2000) geformuleer het ten opsigte van die verskillende reaksies wat sorggewers op 'n skielike kommunikasie-afwyking toon. Die outeur meld dat sorggewers die feit dat hulle nie met die persoon met 'n kommunikasie-afwyking kan kommunikeer nie, eerstens as 'n skok ervaar. Daarna besef hulle die probleem, wil die probleem oplos en laastens erken hulle die feit dat daar wel 'n kommunikasie-afwyking voorkom.

Hierdie behoeftes het dus bepaalde eise wat daar aan rehabilitasiepersoneel gestel word. Dit is belangrik dat professionele persone kennis dra van sorggewers se behoeftes in terme van die hantering van kommunikasie-afwykings aangesien hiërdie afwykings juis kan lei tot probleme in sosiale aanpassing, seksuele bevrediging, interpersoonlike kommunikasie-interaksie en 'n verlies aan vennootskap tussen man en vrou (Rollin, 2000).

Ander probleme wat ook kan ontwikkel, indien kommunikasiebehoefte nie doeltreffend aangespreek word nie, is onder andere 'n onderbreking in die persoon se sosiale en daaglikse aktiwiteite (Rollin, 2000), aanpassing in rolveranderinge tussen man en vrou en 'n onvermoë om met die ander persoon te kommunikeer (Rollin, 2000). Laastens lei dit tot 'n onderbreking en versteuring in die dinamiese familiesisteem (Rollin, 2000). Die outeurs beklemtoon ook die belang van toepaslike en doeltreffende aandag aan die langtermyn psigososiale probleme, wat as gevolg van hierdie kommunikasie-afwykings kan voorkom (Rollin, 2000).

e) Deelnemer se persepsies oor die rol van die sorggewer tydens die akute rehabilitasieperiode

In die laaste tema wat uit die diskoersanalise (Fase 1: Deel 2) na vore gekom het, het die deelnemers hulle mening uitgespreek oor hulle persepsie van hulle rol as

sorggewers in die hantering van die persoon met 'n TBB. Die deelnemers het dit duidelik gestel dat hulle, hulleself beskou as die koördineerders van die persoon met 'n TBB se verskillende tipes behandeling. Op grond van die bogenoemde is dit duidelik dat die sorggewers 'n belangrike rol in die rehabilitasiespan moet speel, en dat hulle as mede spanlede beskou moet word. Dit is ook duidelik dat hulle 'n behoefte het om aan ander persone te verduidelik hoe die persoon met 'n TBB voor die besering was, omdat hulle van mening is dat hulle die persone is wat aan ander spanlede die inligting moet verskaf oor hoe die persoon hanteer moet word. Die deelnemers stel dit duidelik dat hulle die enigste persone is wat die persoon met 'n TBB ken en ten alle tye in sy onmiddellike behoeftes kan voorsien. Hulle is gevolglik die persone wat gekonfronteer word met die langtermyn-implikasies en impak wat die besering op hulle as sorggewers en die familiesisteem het. Die deelnemers noem ook dat hulle die nodige inligting by ander persone moet kry, ten einde die beste sorg aan die persoon met 'n TBB te verskaf. Geen inligting moet dus deur ander spanlede, van die sorggewers weerhou word nie.

Volgens Mackay et al., (1997), het sorggewers 'n behoefte daaraan dat hulle hulp benodig word en dat hulle alreeds 'n betekenisvolle bydrae, in die kritieke tydperk van die persoon met 'n TBB se herstelproses, wil lewer. Die professionele persone kan aan die sorggewers die geleentheid gee om onder andere self die persoon se basiese behoeftes alreeds in die hospitaal te bevredig.

Verder het die sorggewers 'n behoefte om alle inligting oor die persoon met 'n TBB met die professionele persone te deel. Die professionele persone moet hierdie behoeftes respekteer en die sorggewers se bydrae ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB ten alle tye in ag neem. Op hierdie wyse sal nie net die sorggewers se behoeftes bevredig word deur hulle rol in ag te neem nie, maar dit kan ook die professionele spanne se werkslading verlig en op die langtermyn lei tot meer effektiewe dienslewering. Dit kan uiteraard ook 'n positiewe invloed hê om die langtermyn-uitkomst van die persoon met 'n TBB en die van die sorggewers. Deur die sorggewers alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode te betrek kan hulle moontlik die gevoel van bemagtiging kry en die las as sorggewer kan verminder. *“The unique assistance relatives can provide, promotes a feeling of contribution and inclusion in the overall treatment plan. Family members feel helpful rather than helpless, and this empowers*

them in the role of contributors throughout the recovery process (Mackay et al., 1997:556).

Uit die bogenoemde resultate is die meetsinstrument (*Needs Questionnaire for caregivers of a person with a traumatic brain injury*) [*Behoeftes vraelys vir sorggewers van persone met 'n traumatiese breinbesering*], opgestel. Die inhoud van die meetinstrument kom ooreen met die resultate van vorige studies wat uitgevoer is met die doel om sorggewers se behoeftes te bepaal. Vorige navorsing het reeds bewys dat die identifisering van sorggewers se behoeftes 'n waardevolle navorsingsterrein is (Serio, Kreutzer en Witol, 1997). Daar is egter beperkte navorsing wat spesifiek op sorggewers se behoeftes tydens die akute rehabilitasieperiode fokus. Min tot geen inligting wat betrekking het op sorggewers se behoeftes in die Suid-Afrikaanse konteks kon tans in die literatuur gevind word nie. Die aanname wat deur Serio *et al.*, (1997) gemaak is, kan ook in hierdie studie gebruik word. Die navorsers is van mening dat dit indrukwekkend is om te sien dat die sorggewers se behoeftes konstant bly oor verskillende tipes navorsingsareas heen. In die huidige studie is die hoë vlak van ooreenstemming van die sorggewers se behoeftes indrukwekkend, as die verskillende metodes van data-insameling, grootte van die toetspopulasie, die wisseling in die tydperk waarin die sorggewers opgetree het ná die aanvang van die besering, en die Suid-Afrikaanse konteks in ag geneem word.

Opsommend kan daar afgelei word dat die inhoud van hierdie meetinstrument gunstig vergelyk kan word met die behoeftes wat verkry is vanuit internasionale literatuur en dit is dus 'n aanduiding daarvan dat universele behoeftes geïdentifiseer is. Alhoewel daar in die huidige studie van min proefpersone gebruik gemaak is, is daar bevind dat behoeftes in terme van inligting, emosionele ondersteuning, aard en kwaliteit van dienslewering deur die professionele persone, en hoop van die grootste behoeftes is wat sorggewers tydens die akute rehabilitasieperiode, asook in die eerste paar jaar na die ongeluk ondervind. Alhoewel daar verdere navorsing in hierdie verband benodig word, dui die huidige resultate aan dat die meetinstrument moontlik gebruik kan word om sorggewers se behoeftes reeds tydens die akute rehabilitasieperiode te bepaal, en om moontlik die evaluasie en behandelingstydperke, te monitor (Serio, *et al.*, 1997).

5.3. INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE VAN FASE 2

Afdeling 1 van die meetinstrument bepaal die deelnemers se behoeftes ten opsigte van die algemene hantering van die persoon met 'n TBB. Dit sluit behoeftes in ten opsigte van meer kennis en inligting oor die hantering van algemene-, fisiese-, kommunikasie-, kognitiewe-, gedrags- en emosionele simptome. Die deelnemers se behoeftes aan meer inligting en kennis oor die verloop van die rehabilitasieproses, herstelproses, funksies van die brein, en versorgingsprioriteite is ook in hierdie afdeling bepaal. 'n Behoefte aan meer inligting oor die persoon met 'n TBB se beperkinge en ander basiese behoeftes kom ook in hierdie afdeling voor.

Die resultate het aangetoon dat die deelnemers bepaalde behoeftes gehad het rakende die bogenoemde aspekte wat die algemene hantering van die persoon met 'n TBB insluit. Die deelnemers het voor die aanbieding van die werkswinkel minder die opsies "Geen behoeftes" aangedui. Dit het geïmpliseer dat daar min areas is waarvan hulle nie meer kennis of inligting benodig het nie en het dus 'n behoefte daaraan gehad. Nadat die werkswinkel aangebied is, het die deelnemers se behoeftes in terme van die aspekte oor die hantering van die persoon met 'n TBB verander.

Afdeling 2 van die meetinstrument het ook op bepaalde inligtingsbehoefte gedui, wat sorggewers van 'n persoon met 'n TBB oor die algemeen ondervind. Hierdie behoeftes het aspekte ingesluit soos dat die deelnemers behoeftes daaraan het om te weet wat hulle rol oor die algemeen, tydens evaluasie, behandeling, in die professionele span en in die hantering van die persoon met 'n TBB, is. Hoe om die persoon se fisiese-, basiese-, kommunikasie-, emosionele-, gedrags- en kognitiewe probleme te hanteer, is ook behoeftes wat by deelnemers voorgekom het.

Volgens Rollin, (2000) is dit van kardinale belang om aan sorggewers eerstens inligting te gee oor die aard van die afwyking. Dit is ook die eerste stap in die hanteringsproses van die sorggewers. Deur inligting aan hulle te gee, kan hulle heel moontlik ondersteun word om die situasies beter te hanteer. *"...in their description of practical management guidelines, highlight the importance of providing information about the disorder to the patient and family to allay fear, banish misconceptions, stress positive aspects, and provide the basis for slow developing recognition of the realities of the situation and renewable adjustment"* (Baretz en Stephenson, 1976: 56 in Rollin, 2000: 44).

Die belang van inligtingsverskaffing aan sorggewers, kan nie oorbeklemtoon word nie. Daar moet egter erkenning gegee word, dat die familie dikwels nie enige van die inligting wat tydens die akute tydperk aan hulle verskaf word, kan onthou of inneem nie. Die rede hiervoor is dat die familielede dikwels nog te geskok, deurmekaar, oorweldig of depressief is om te begryp wat daar aan hulle gesê is. Morris (2001) het dit duidelik gemaak dat rehabilitasiepersoneel in die veld van breinbeserings voordurend belangrike inligting aan sorggewers verskaf, maar vanweë die angstigheids wat sorggewers tydens die akute tydperk ervaar, hulle die inligting dikwels misinterpreteer of misverstaan. Ley (1990) toon aan dat hierdie angstigheids 'n belangrike rol speel in die wyse waarop inligting geprosesseer word. As gevolg van hierdie angstigheids resulteer dit dikwels daarin dat persone swak herroepingsvermoëns vir dit wat gesê is, openbaar. Dit is dus dienoooreenkomstig belangrik om 'n alternatiewe of aanvullende wyse van kommunikasie in oorweging te neem, om hierdie belangrike inligting oor te dra (Morris, 2001).

Verskeie studies beklemtoon die waarde van inligtingsverskaffing deur middel van 'n inligtingsboek aan sorggewers. Die resultate dui daarop dat hierdie wyse waarop inligting aan sorggewers oorgedra word, wel hulle stresvlakke verlaag en positiewe uitkomstes vir die langtermynhantering van probleme tot gevolg het (Wallace, 1986). Brumfitt, Atkinson en Greated (1994) het ondersoek ingestel na sorggewers se response op geskrewe inligting oor verworwe kommunikasie-afwykings. Die resultate van die studie meld dat 69% van die sorggewers aangedui het dat geskrewe inligting alleen, of saam met verbale inligting, vir hulle voordeliger was as wanneer inligting slegs in verbale vorm gegee is. Toner (1987) het 'n soortgelyke studie uitgevoer op sorggewers van persone met demensie, en toon aan dat onsekerheid hoofsaaklik 'n bron van potensiële stres is. Hy meld verder dat geskrewe inligting wat opgestel is met die doel om aan sorggewers inligting te verskaf, die onsekerheid kan verwyder en die stresvlakke verminder (Toner, 1987). Die resultate van die studie dui daarop dat inligtingsverskaffing, met behulp van 'n inligtingsboek, lei tot 'n duidelike afname in die sorggewers se vlakke van stres. Aangesien stres verband hou met die ontstaan van bepaalde behoeftes, kan hierdie veralgemening ook van toepassing wees op sorggewers van persone met 'n TBB. Wiles, Pain en Buckland (1998) het ook 'n studie uitgevoer waarin hulle aan sorggewers van persone wat 'n beroerte gehad het, inligting verskaf. Wiles *et al.*, (1998) beweer dat sorggewers, net soos in die geval van die huidige studie, bepaalde behoeftes het ten opsigte van inligting oor die behandeling,

prognose, en herstel, praktiese inligting asook inligting oor beskikbare hulpbronne in die gemeenskap. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom, dat sorggewers daartoe neig om meer behoeftes te hê, indien die nodige belangrike inligting nie aan hulle verskaf word nie. Die studie beklemtoon dus die waarde van inligtingsverskaffing.

Novack, Begquist en Bennett (1991) beweer verder in hulle navorsing dat inligtingsverskaffing in die vorm van verbale en geskrewe formaat daartoe lei dat die angstigheid van sorggewers afneem in die tydperk wanneer die persoon met die breinbesering in die hospitaal opgeneem word, tot wanneer hy/sy die hospitaal verlaat. Die navorsers beweer dat angstigheid juis verminder as gevolg daarvan dat die sorggewers 'n beter begrip oor die herstel van die breinbesering verkry. Dit is belangriker om reeds tydens die akute rehabilitasieperiode inligting aan sorggewers te verskaf, aangesien dit kan lei tot meer verbeterde uitkomst, as wanneer die inligting eers later in die rehabilitasie-tydperk aan hulle verskaf word. *“If written information, aimed at reducing uncertainty, were available, it would seem likely that those who are in the acute stages post-injury would benefit most from it”* (Morris, 2001: 250) .

In die volgende afdeling (Afdeling 3) van die meetinstrument is daar gepoog om die deelnemers se behoeftes in terme van die ondersteuning vir die persoon met 'n TBB te bepaal. Die resultate het daarop gedui dat die deelnemers bepaalde behoeftes ten opsigte van ondersteuning vir die persoon met 'n TBB gehad het. Hierdie behoeftes het areas ingesluit soos inligting oor ondersteuningsgroepe, die voordele daarvan, waar ondersteuningsgroepe gevind kan word en beskikbare dagsorgfasiliteite vir die persoon met 'n TBB. In die analisering van die resultate het dit voorgekom asof dat die deelnemers se behoeftes ten opsigte van ondersteuning, voor en na die aanbieding van die werkwinkel, nie 'n groot behoefte was nie, alhoewel die werkwinkel wel daarin geslaag het om van hierdie behoeftes aan te spreek. Die verandering is deur die meetinstrument gemeet.

Afdeling 4 van die meetinstrument het gepoog om die deelnemers se behoeftes ten opsigte van 'n sorggewerondersteuningsgroep, om met ander persone te praat wat reeds deur die proses van rehabilitasie was asook 'n kommunikasiegroep waar hulle professionele persone kan konsulteer oor probleme wat hulle ondervind in die hantering van die persoon met 'n TBB, te bepaal. Die afdeling het ook behoeftes ingesluit wat bepaal of die deelnemers ondersteuning nodig het om verandering in hulle daaglikse

lewe aan te bring ten einde na die persoon met 'n TBB om te sien, en ook om met iemand te kommunikeer oor hulle emosies, gevoelens en teleurstellings. Uit die resultate was dit duidelik dat die deelnemers se behoeftes voor en na die aanbieding van die werkswinkel nie baie verander het nie. Die moontlike rede waarom die meetinstrument nie die verandering in hierdie afdeling kon meet nie, is omdat die meerderheid van hierdie vrae, emosionele aspekte betrek wat nie deur middel van 'n toename in kennis verander kan word nie.

Vanuit 'n ander oogpunt, is dit in die resultate duidelik dat die deelnemers moontlik nie op daardie stadium 'n behoefte aan ondersteuning vir hulle as sorggewers gehad het nie. Die moontlike rede hiervoor was waarskynlik dat die deelnemers nie oor hulle eie behoeftes bekommerd was nie, maar slegs op die behoeftes van die persoon met 'n TBB gefokus het. Die resultate van die huidige studie het ooreengestem met die studie uitgevoer deur Kreatzer, Serio en Bergquist (1994) wat ondersoek ingestel het na sorggewers se behoeftes in die kritieke versorgingsperiode. Kreatzer *et al.*, (1994) het bevind dat sorggewers tydens die akute tydperk die behoeftes rakende praktiese en emosionele hulp asook ondersteuning vir hulle as sorggewers, as onbelangrik beskou. 'n Moontlike rede hiervoor is, soos reeds genoem dat die sorggewers net verlig is dat die persoon met TBB die ongeluk oorleef het, en nie bewus is van hulle behoeftes en die kompleksiteit van die langtermynhantering van die probleem nie. Hulle is moontlik nog in 'n toestand van skok en ontkenning. *“Shock, disbelief, denial and anger are common in relatives immediately following injury”* (Kosciulek, 1997: 822).

Afdeling 5 van die meetinstrument het gepoog om die deelnemers se behoeftes in terme van kommunikasie met die persoon met 'n TBB te bepaal en te meet. In hierdie afdeling is daar bepaal of die sorggewers 'n behoefte het aan spesifieke riglyne om die persoon met 'n TBB beter te verstaan asook sodat die persoon met 'n TBB hulle beter kan verstaan tydens kommunikasie-interaksie. Behoeftes soos om te weet wat hulle as sorggewers kan doen om die persoon met 'n TBB se spraakproduksie te verbeter, watter alternatiewe en aanvullende kommunikasiesisteme daar beskikbaar is en hoe om die persoon met 'n TBB se kommunikasiebehoeftes op te los, is ook gemeet. Verder poog die afdeling ook om te bepaal of die deelnemers 'n behoefte het om te weet wanneer en hoe om die persoon met 'n TBB te stimuleer. Volgens die resultate dui die deelnemers voor die aanbieding van die werkswinkel 16 keer aangedui dat hulle geen behoeftes rondom kommunikasie met die persoon met 'n TBB het nie en twaalf keer,

dat hulle wel behoeftes in hierdie verband gehad het. Die belangrike aspek wat opval, is dat die deelnemers se behoeftes wel verander het na die aanbieding van die werkswinkel, aangesien hulle daarna vier-en-twintig keer aangedui het, dat hulle geen behoeftes meer het nie, en slegs 4 keer dat hulle wel nog 'n behoefte aan inligting, oor kommunikasie met die persoon met 'n TBB gehad het. Die werkswinkel het dus daarin geslaag om van die behoeftes aan te spreek en gevolglik het hulle behoeftes afgeneem nadat inligting aan hulle verskaf is.

- Die studie poog nie om die verskille tussen die sorggewers se geslag en verhouding met die persoon met 'n TBB se behoeftes te bepaal nie. In die literatuur is daar duidelike bewyse dat geslag en die verhoudinge met die persoon wel verskille ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB tot gevolg het. Toekomstige navorsing moet dus daarop fokus om moontlik die huidige meetinstrument te gebruik om sorggewers se behoeftes te bepaal, en die moontlike verskil in hierdie behoeftes ondersteun.
- 'n Groot gedeelte van die meetinstrument is opgestel met behulp van inligting wat van die sorggewers wat reeds deur die proses van rehabilitasie is, verkry is (Fokusgroepe en semi-gestruktureerde onderhoude). Alhoewel sorggewers se behoeftes wel met die verloop van tyd verander soos wat hulle deur die herstelproses en rehabilitasie gevorder het, is dit nie altyd moontlik om daardie behoeftes te vergelyk met die sorggewers wat tans in die proses van rehabilitasie is nie. Indien slegs die rouproses in ag geneem word, is dit moontlik dat die sorggewers wat aan die studie deelgeneem het almal op 'n ander stadium van die rouproses is, en dus stem hulle behoeftes nie altyd ooreen nie. Vergelyk

onder andere die afdeling van *Hoop*. Hoop vorm deel van die rouproses, en kom later in die herstelproses voor, en dit is nie altyd van toepassing op die sorggewers wat tans in die proses van rehabilitasie is nie. Die meetinstrument dek 'n breë spektrum van moontlike behoeftes wat sorggewers, in die “grootmaakproses” van die persoon met 'n TBB, kan hê. 'n Ander verskynsel is dat die sorggewers wat reeds deur die proses van rehabilitasie is, reeds voldoende insig in hulle behoeftes en probleme het, om 'n waardevolle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die meetinstrument.

- Weens die klein groep proefpersone wat bereid was om aan die studie deel te neem, was dit nie altyd moontlik dat hulle steeds in die akute tydperk van die rehabilitasieproses sou wees nie. Daar is met sommige van die proefpersone, net voor die persoon met 'n TBB ontslaan is, in aanraking gekom en gevolglik het van die sorggewers alreeds meer insig in die probleem gehad, en was die meeste van hulle onmiddellike behoeftes reeds bevredig.
- 'n Verdere beperking van hierdie studie is dat dit gestruktureerd is in 'n kwalitatiewe paradigma. Die subjektiwiteit van die oop vrae kon moontlik die vergelyking van verskillende individue beperk. Die subjektiewe interpretasie van die resultate deur die navorser kon ook daartoe lei dat daar 'n afname in die geldigheid van die resultate mag voorkom. 'n Tweede beoordelaar is egter gebruik in 'n poging om hierdie probleem die hoof te bied.
- Tydens die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude het die navorser spesifieke vrae gevra en nie altyd aan die sorggewers die geleentheid gegee om hulle eie gevoelens uit te druk nie. Daar moet dalk meer op oop vrae gefokus word.
- Tydens die uitvoer van die *loodsstudie* is slegs professionele persone (STT) gebruik om die loodsstudie uit te voer. Daar kon moontlik beter insette van sorggewers van persone met 'n TBB verkry word, maar weens die beperkte hoeveelheid proefpersone wat bereid was om aan die studie deel te neem, is daar besluit om hulle nie ook by die loodsstudie te betrek nie. Die rede hiervoor is dat waardevolle inligting wat vir die doeleindes van die studie gebruik kon word, verlore kon gaan. Indien hierdie navorsing weer uitgevoer word, word daar voorgestel dat soveel as moontlik sorggewers van persone met 'n TBB aan die loodsstudie deelneem.

Die studie het dus heelwat beperkinge wat in aggeneem moet word indien verder navorsing in hierdie verband uitgevoer sou word.

6.5. SAMEVATTING

Tydens hierdie studie is die sorggewers se behoeftes ten opsigte van die hantering van die persoon met 'n TBB bepaal, met die oog op die ontwikkeling van 'n voorlopige meetinstrument. Die meetinstrument is ook tydens die navorsing op 'n groep sorggewers uitgevoer om te bepaal of die instrument wel 'n verandering in sorggewers se behoeftes sal kan meet, nadat inligting in die vorm van 'n werkwinkel aan hulle verskaf is. Die resultate van die studie het aangetoon dat sorggewers wel bepaalde behoeftes het in die hantering van die persoon met 'n TBB, wat alreeds tydens die akute rehabilitasieperiode aangespreek behoort te word. Verder het die resultate ook aangetoon dat die sorggewers bepaalde behoeftes het oor hoe hulle deur die professionele span hanteer behoort te word, asook om te weet dat hulle ook deel vorm van die besluitnemingsproses rakende die hantering van die persoon met 'n TBB tydens die akute rehabilitasieperiode. Sorggewers meen dat hulle unieke behoeftes het wat aangespreek behoort te word, en dat hulle ondersteun behoort te word deur die professionele span, ten einde hierdie behoeftes te bevredig. Die sorggewers het gevolglik 'n behoefte aan inligting oor hoe sekere probleme hanteer behoort te word, en resultate het ook aangetoon dat sorggewers se behoeftes geneig is om te verander, indien toepaslike inligting aan hulle verskaf word, tydens die akute periode. Op hierdie wyse behoort hulle die proses rondom die algemene hantering en versorging van die persoon 'n TBB, beter hanteer en sal die sorggewers se wanpersepie oor van die hantering deur professionele persone moontlik verbeter. *“Parents and professionals may differ in their priorities for goals or services. From a family-centered perspective, interventionists can merely provide family members with the information they need to make a choice. Ultimately, families must make decisions that satisfy their value system and suit their unique needs”* (Raver & Kilgo, 1991: 173).

BIBLIOGRAFIE

Acorn, S. (1993). Head- injured survivors: caregivers and support groups. *Journal of Advanced Nursing*, 18: 39-45 in Sinnakaruppan, I., & Williams, D.M. (2001). Family carers and the adult head-injured: a critical review of carers' needs. *Brain Injury*, 15(8), 653- 672.

Adamovich, B.B., Henderson, J.A. & Auerbach, S. (1985). *Cognitive rehabilitation of closed head injured patients. A dynamic approach.* PRO-ED. Inc.

Ally, A., Bhagwandeem, Y en Methar, Y. (2003). Family members' perceptions regarding their role during speech-language therapy programmes for individuals with traumatic brain injury. *Unpublished B.Communication Pathology Dissertation.* University of Durban-Westville.

Alpiner, J.G., Kaufman, M.S. & Hanavan, P.C. (1993). Overview of rehabilitative audiology. In Alpiner, J.G. & McCarthy, P.A. (eds): *Rehabilitative Audiology: Children and Adults.* Baltimore: Williams & Wilkins.

Alrichether H., Posh, P. & Somekh, B. (1993). Teachers investigate their work. Routledge, London, UK, in Turnock, C. & Gibson, V. (2001). Validity in action research: a discussion on theoretical and practice issues encountered whilst using observation to collect data. *Journal of Advanced Nursing*, 36(3), 471– 477.

Bailey, K.D. (1994). *Methods of social research.* 4th ed. New York, The Free Press.

Binder, G.M. (1984). Aphasia: A societal and clinical appraisal of pragmatic and linguistic behaviours. *Masters dissertation,* University of California, Santa Barbara.

Blanffeld, D. F & Holohan, C.J. (1999). Social support, coping, and psychological adjustment among caregivers of head-injured patients. *Psychology and Health*, 14, 609-624.

Bless, C. & Higson-Smith, C. (1995). *Fundamentals of social research methods: An African Perspective*. 2nd ed. Kenwyn, Juta and Co, Ltd.

Bloor, M., Frankland, J., Thomas, M. & Robson, K. (2001). *Focus groups in social research. Introducing qualitative methods*. 1st ed. SAGE Publications Ltd.

Bowling, A. (1997). *Research methods in health*. Open University Press, Buckingham, UK, in Turnock, C. & Gibson, V. (2001). Validity in action research: a discussion on theoretical and practice issues encountered whilst using observation to collect data. *Journal of Advanced Nursing*, 36(3), 471 – 477.

Brumfitt, S., Atkinson, J.A. en Greated, C. (1994). The carer's response to written information about acquired communication problems. *Aphasiology*, 8, 583-590.

Burns, N. & Grove, S.K. (1993). *The practice of nursing research. Conduct, Critique & Utilization*. 2nd Edition. W.B. Sanders Company.

Campbell, C. (1988). Needs of relatives and helpfulness of support groups in severe head injury. *Rehabilitation Nursing*, 13, 320-325.

Campbell, C. (1988). Needs of relatives and helpfulness of support groups in severe head injury. *Rehabilitation Nursing*, 13: 320-325 in Sinnakaruppan, I., & Williams, D.M. (2001). Family carers and the adult head-injured: a critical review of carers' needs. *Brain Injury*, 15(8), 653- 672.

Cooper, N. (2001). *Quality of life and aphasia*. Unpublished B.Communication Pathology Dissertation. University of Pretoria.

Dane, F.C. (1990). *Research methods*. Pacific Grove, California: Brooks/Cole.

Davis, J.R., Gemeinhardt, M., Gan, G., Anstey., K en Gargaro, J. (2003). Crisis and its assessment after brain injury. *Brain Injury*, 17(5), 359-376.

De Vos, A.S. (1998). *Research at grass roots. A primer for caring professions*. 1st edition. JL van Schaik Publishers.

Denscombe, M. (1998). *The good research guide*. Open University Press, Buckingham, UK, In Turnock, C. & Gibson, V. (2001). Validity in Action Research: a discussion on theoretical and practice issues encountered whilst using observation to collect data. *Journal of Advanced Nursing*, 36(3), 471 – 477.

Douglas, J.M & Spellacy, F.J. (1996). Indicators of long-term family functioning following severe traumatic brain injury in adults. *Brain Injury*, 10, 819-839.

Duffy, J.R. (1995). Motor speech disorders. *Substrates, differential diagnosis, and management*. Mayo Foundation.

Engli, M. & Kirsivali-Farmer, K. (1993). Needs of Family members of critically ill patients with and without acute brain injury. *Journal of Neuroscience Nursing*, 25, 78-85.

Freeman, L.J. (2000). *Communication and quality of life after traumatic brain injury: A discourse analysis*. Unpublished BA Speech and Hearing therapy. Dissertation. University of the Witwatersrand.

Galski, T., Tompkins, C. & Johnson., M.V. (1998). Competence in discourse as a measure of social integration and quality of life in persons with traumatic brain injury. *Brain Injury*, 12(9), 769- 782.

Gentleman, D. (2001). Rehabilitation after traumatic brain injury. *Trauma*, 3, 193-204.

Gleckman, A & Brill, S. (1995). The impact of brain injury on family functioning: implications for subacute rehabilitation programmes. *Brain Injury*, 9, 385-393.

Goldstein M. (1990). Traumatic brain injury: A silent epidemic. *Annals of Neurology*, 27, 327.

Grant, J.S & Bean, C.A. (1992). Self-identified needs of informal caregivers of head-injured adults. *Family and Community Health, 15*, 49-58.

Haley, W.E., Roth, D.L., Coleton, M.L., Ford, G.R., West, C.A.C., Collins, R.P & Isobe, T.L. (1996). Appraisal, coping, and social support as mediators of well-being in Black and White family caregivers of patients with Alzheimer's disease. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 64*, 121-129.

Jennette, B. (1996). Epidemiology of head injury. *Journal of Neurological Neurosurgery Psychology, 60*, 362-369.

Johnson, A.F & Jacobson. B.H. (1998). *Medical speech-language pathology: A practitioner's guide*. Thieme Medical Publishers, Inc.

Junque, C., Bruna, O & Mataro, M. (1997). Information needs of the traumatic brain injury patient's family members regarding the consequences of the injury and associated perception of physical, cognitive, emotional and quality of life changes. *Brain Injury, 11*, 251-258.

Knight, R.G., Devereux, R. & Godfrey, H.P.D. (1998). Caring for a family member with a traumatic brain injury. *Brain Injury, 12 (6)*, 467-481.

Kolakowsky-Hayner, S.A., Dawn-Miner, K. & Kreutzer, J.S. (2001). Long-term life quality and family needs after traumatic brain injury. *Journal of Head Trauma Rehabilitation, 16(4)*, 374- 385.

Kraus J.F. (1993). Epidemiology of head injury. In: Cooper PR ed. *Head Injury*. Baltimore, MA: Williams & Wilkins, 1-25.

Kreutzer, J.S., Gervasio, A.H. & Camplair, P.S. (1994). Primary caregivers' psychological status and family functioning after traumatic brain injury. *Brain injury, 8(3)*, 197-210.

Kreutzer, J.S., Serio, C.D & Bergquist, S. (1994). Family needs after brain injury: a quantitative analysis. *Journal of Head Trauma Rehabilitation, 9*, 104 – 115.

Laroi, F. (2000). Treating families of individuals with traumatic brain injury: Presentation of clinical cases approached from a structural therapy perspective. *Journal of Family Psychotherapy*, 11(4), 69- 78.

Latvala, E., Vuokila- Oikkonen, P. & Janhonen, S. (2000). Videotaped recording as a method of participant observation in psychiatric nursing research. *Journal of Advanced Nursing*, 31(5), 1252-1257.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2001). *Practical research planning and design*. 7th ed. New Jersey: Merrill Prentice Hall.

Ley, P. (1990). *Communication with patients: Improving communication satisfaction and compliance*. Chapman and Hall. London.

Mackay, L.E., Chapman, P.E. & Morgan, A.S. (1997). *Maximizing brain injury recovery. Integrating critical Care and Early Rehabilitation*. Aspen Publishers, Inc.

Marsh, N.V., Kersel, D.A., Havill, J.H. & Sleigh, J.W. (2002). Caregiver burden during the year following severe traumatic brain injury. *Journal of Clinical and Experimental Neuropsychology*, 24(4), 434 - 447.

Marshall, C & Rossman, G. B. (1995). *Designing qualitative research*. 2nd ed. Sage Publications: Thousand Oaks.

Martin, C., Viguier, D., Deloche, G. & Dellatolas, G. (2001). Subjective experience after traumatic brain injury. *Brain Injury*, 15(11), 947-959.

Mathis, M. (1984). Personal needs of families of critically ill patients with and without brain injury. *Journal of Neurosurgery Nursing*, 16, 36-44.

Mauss-Clum, N. & Ryan, M. (1981). Brain injury and the family. *Journal of Neurosurgery Nursing*, 13, 165-169.

Morris, K.C. (2001). Psychological distress in carers of head injured individuals: the provision of written information. *Brain Injury*, 15(3), 239-254.

Moules, S., & Chandler, B.J. (1999). A study of the health and social needs of carers of traumatically brain injured individuals served by one community rehabilitation team. *Brain Injury*, 13(12), 983- 993.

Nel, S. (2002). *Persone met disfagie as gevolg van kanker se persepsies van hul kwaliteit van lewe*. Ongepubliseerde M.Kommunikasiepatologie Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Nell, V., & Brown, D.S.O. (1990). Epidemiology of traumatic brain injury in Johannesburg: Morbidity, mortality and etiology. Health Psychology Unit: Technical Report No. 1: UNISA and HSRC.

Neuman, B. (1989). *The Neuman's System Model*. 2nd edition. Norwalk, CN: Appleton and Large.

Neuman, W.L. (1997). *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches*. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon, Inc.

Novack, T.A., Begquiat, T.F en Bennett, G. (1991). Primary caregivers distress following severe head injury. *Journal of Head Trauma Rehabilitation*, 6, 69-77.

O' Neil-Pirozzi, T.M., Momose, J.K., Mello, J., Lepak, P., McCabe, M., Connors, J.J en Lisiecki, D.J. (2003). Feasibility of swallowing interventions for tracheostomized individuals with severely disordered consciousness following traumatic brain injury. *Brain Injury*, 17(5), 389-399.

O'Keefe B.M. (1996). *Communication disorders. Just minor inconveniences?* In: Renwick, R., Brown, I. & Nagler, M. (1996). *Quality of life in Health Promotion and Rehabilitation. Conceptual Approaches, Issues, and Applications*. 1st Ed. Sage Publications, Inc.

Penn, C., Jones, D., Schmaman, L., Vyncke, O., Watt, N. & Fridjhon, P. (1998). Return to work and communication disability: the development of a tool for South-Africa employment contexts. *Unpublished*.

Ponsford, J. (1995). *Traumatic brain injury: rehabilitation for everyday adaptive living*. United Kingdom: Lawrence Erlbaum Associates.

Ponsford, J. (1995a). *Mechanisms of recovery and sequelae of traumatic brain injury*. In J. Ponsford (Ed.), *Traumatic Brain Injury, Rehabilitation for Everyday Adaptive Living*. United Kingdom: Lawrence Erlbaum Associates.

Pottas, L. (1998). Oudiologie as wetenskap: Die waarde daarvan vir die onderwyser van die kind met 'n gehoorverlies. *Ongepubliseerde MKommunikasiepatologie Verhandeling*, Universiteit van Pretoria.

Prutting, C.A. & Kirchner, D.M. (1987). A clinical appraisal of the pragmatic aspects of language. *Journal of Speech and Hearing Disorders*, 52, 105-119.

Robson, C. (1993). *Real world research: a resource for social scientists and practitioner-researchers*. Oxford: Blackwell.

Rollin, W.J. (2000). *Counseling individuals with communication disorders: Psychodynamic and family aspects*. 2nd Edition. Butterworth-Heinemann Publications.

Rosenthal, M., Bond, M., Griffith, E.R & Miller, J.D. (1990). *Rehabilitation of the adult and child with traumatic brain injury*. Philadelphia: Davis.

Sander, A.M., Caroselli, W.M., High, JR., Becker, C., Neese, L en Scheibel, R. (2002). Relationship of family functioning to progress in a post-acute rehabilitation programme following traumatic brain injury. *Brain injury*, 16(8), 649-657.

Serio, C.D., Kreutzer, J.S. & Witol, A.D. (1997). Family needs after traumatic brain injury: a factor analytic study of the family needs questionnaire. *Brain Injury*, 11(1), 1-9.

Shipley. K.G. & McAfee, J.G. (1998). *Assessment in speech-language pathology: A resource manual*. 2nd Edition. Singular Publishing Group, Inc.

Sinnakaruppan, I. & Williams, D.M. (2001). Family carers and the adult head-injured: a critical review of carers' needs. *Brain Injury*, 15(8), 653-672.

Smit, G.J. (1985). *Navorsingsmetodes in Gedragwetenskappe*. RSA: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

Sternberg, R. J. (1995). *In Search of the Human Mind*. Harcourt Brace College Publishers: San Diego.

Syron, M. & Shelley, E. (2001). The needs of informal carers: a proposed assessment tool for use by public health nurses. *Journal of Nursing Management*, 9, 31-38.

Toner, H. L. (1987). Effectiveness of a written guide for carers of dementia sufferers. *British Journal of Clinical and Social Psychiatry*, 5, 24-26.

Turnock, C. & Gibson, V. (2001). Validity in action research: a discussion on theoretical and practice issues encountered whilst using observation to collect data. *Journal of Advanced Nursing*, 36(3), 471 – 477.

Tyerman, A & Booth, J, (2001. Family interventions after traumatic brain injury: a service example. *NeuroRehabilitation*, 16, 59-66.

Tyerman, A. (1990). Counseling in Head Injury. *Counseling and Communication in Health Care*, 115 – 128.

Van der Merwe, J. (1994). 'n Tipologie van navorsingsontwerpe. In: *Kursus in Navorsings-metodiek (Geesteswetenskappe)*. Aangebied deur: Navorsingadministrasie, Universiteit van Pretoria: 28- 31 Maart.

Visagie, M.J. (1993). The competitiveness of the South African clothing industry in a Post Sanctions era. *Unpublished MBL thesis*, University of Pretoria.

Vyncke, I.O. (1997). *Self perceptions of subjects with Parkinson's disease with regard to communication and swallowing difficulties*. Unpublished Masters dissertation, University of the Witwatersrand.

Wallace, C.A., Bogner, J., Corrigan, J.D., Clinchot, D., Mysiw, W.J. & Fugate, L.P. (1998). Primary caregivers of persons with brain injury: life change 1 year after injury. *Brain Injury*, 12(6), 483- 493.

Wallace, L.M. (1986). Communication variables in the design of pre-surgical preparatory information. *British Journal of Clinical Psychology*, 25, 111-118.

Wedcliffe, T. (1999). *The psychosocial effects of traumatic brain injury on the quality of life of a group of spouses/partners*. Unpublished B.A. Speech and Hearing therapy dissertation. University of the Witwatersrand. Johannesburg.

Wethertell, M., Taylor, S. & Yates, S.J. (2001). *Discourse as data: A guide for analysis*. Bath Press, Bath.

White paper on An Integrated National Disability Strategy (1997). Cape Town: *Office of the Deputy President*.

Wiles, R., Pain, H en Buckland, S. (1998). Providing appropriate information to patients and carers following a stroke. *Journal of Advanced Nursing*, 28, 794-801.

Willis, C.J. (1984). *More advanced quantity surveying*. London: Granada.

Wisker, G. (2001). *The post graduate research handbook: succeed with your MA, Mphil, EdD and PhD*. Basingstoke: Palgrave.

Ylvisaker, M., & Feeney, T. (1998). *Collaborative brain injury intervention. Positive everyday routines*. Singular: San Diego.

Ylvisaker, M.S. & Urbanczyk, B. (1990). The efficacy of speech-language pathology intervention: Traumatic brain injury. *Seminars in Speech and Language*, 11(4), 215-225.

Spraakproduksie-afwykings; Kognitief- Kommunikatiewe afwykings; Gedrags-en emosionele afwykings; Gehoorafwykings; Visuele-afwykings; Voedingsprobleme en Omgewingsaanpassings.

- **Fase 2:** Toepassing van die voorlopige meetinstrument op 'n bepaalde toetspopulasie (primêre sorggewers van persone met TBB) ten einde te bepaal of die meetinstrument '**n verandering/ verskuiwing van die sorggewers se behoeftes** sal kan meet **na** die aanbieding van 'n werkwinkel. *(Die doel van die werkwinkel is om inligting aan die sorggewers te verskaf op grond van die behoeftes wat tydens die voltooiing van die voorlopige meetinstrument geïdentifiseer is.)*

2. KORT OMSKRYWING VAN DIE NAVORSING:

Verstrek asb.'n kort omskrywing van die navorsing (maksimum 250 – 300 woorde).

In die literatuur bestaan daar tans 'n leemte rondom die sorggewers se behoeftes aangaande kommunikasie en kommunikasie-interaksie. 'n Persoon met 'n traumatiese breinbesering het bepaalde kognitiewe, gedrags en kommunikasieafwykings wat kan lei tot swakker sosiale re-intergrasie en kan gevolglik bepaalde behoeftes by primêre sorggewers laat ontstaan.

Die doel van die studie is om 'n voorlopige meetinstrument te ontwikkel ten einde die primêre sorggewers, van persone met 'n ernstige-tot-totale TBB, se behoeftes en kennis, rakende kommunikasie en kommunikasie-interaksies, tydens akute rehabilitasie periode te bepaal. Die proefpersone sal op grond van 'n gerieflikheidssteekproef geselekteer word vanuit die instansie Riverfield Lodge Rehabilitasie sentrum. Die navorsingsproses sal in twee hoof fases verdeel word. Tydens die eerste fase sal daar drie (3) proefpersone geselekteer word en daar sal van veelvuldige enkelgevallestudies gebruik gemaak word, om data te versamel. Die data-insamelingsprosedures en materiaal wat tydens hierdie fase gebruik sal word is: gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming, vraelyste, semi-gestruktureerde onderhoude en die gebruik van twee fokusgroepe. Die resultate wat tydens hierdie fase verkry word, sal gebruik word om die voorlopige meetinstrument saam te stel. Tydens die tweede fase sal daar twaalf (12) nuwe proefpersone, wat aan die seleksiekriteria voldoen, geselekteer word en sal daar van 'n pre-toets/post-toets eksperimentele ontwerp gebruik gemaak word, om te bepaal of die meetinstrument verandering in behoeftes sal kan meet. Tydens die fase sal 'n werkwinkel aangebied word waarin inligting aan proefpersone verskaf sal word. Die proefpersone sal ook tydens die fase (fase 2) die meetinstrument evalueer om te bepaal of die vrae wat in die instrument ingesluit is, volgens hulle, ingesluit moet word of nie.

3. BETROKKENHEID VAN PROEFPERSONE

3.1 Waar en hoe word proefpersone geselekteer?

Die proefpersone sal op grond van 'n gerieflikheidssteekproef geselekteer word vanuit Riverfield Lodge Rehabilitasie sentrum. Daar is bepaalde seleksie kriteria vanuit die literatuur opgestel, waaraan die proefpersone moet voldoen om aan die studie deel te neem. Daar sal vooraf telefoniese kontak met die instansie gemaak word, om toestemming vir die uitvoer van die projek te verkry. 'n Toestemmingsbrief sal opgestel waarin die doel van die studie aan die instansie verduidelik sal word. Aan die einde van die brief sal 'n skeurstrokie verskaf word, waarin skriftelike toestemming tot die uitvoer van die projek verkry sal word. Nadat toestemming van die instansie verkry is, sal die moontlike proefpersone geselekteer. Die proefpersone sal ook telefonies gekontak word en daarna sal 'n toestemmingsbrief aan hulle verskaf word, waarin die doel van die studie, asook die tipe deelname wat daar van hulle vereis sal word duidelik uiteengesit sal wees. Daar sal ook 'n skeurstrokie aan die brief wees, sodat die proefpersone ook skriftelike toestemming tot deelname aan die projek sal gee.

3.2 Indien vrywilligers as proefpersone gevra word, wie word as vrywilligers genader en hoe word hulle geselekteer?
N.V.T.

3.3 Op welke wyse word proefpersone tydens die werwingsproses tot deelname oorreed?

Telefoniese kontak en die verskaffing van 'n ingeligte toestemmingsbrief waarin die doel van die navorsing bekend gemaak sal word. In die brief sal daar duidelik gestipuleer word wat daar van die verskillende proefpersone verwag sal word, tydens die uitvoer van die navorsing.

3.4 Indien proefpersone se rekords gebruik gaan word, dui aan wat die aard van die rekords is en hoe dit geselekteer gaan word.
N.V.T.

3.5 Is toestemming verkry om hierdie rekords te bestudeer en daarvoor verslag te doen?

Ja Nee Nie van toepassing ✓

Heg briewe aan

3.6 Profiel van proefpersone
Aantal: Fase 1: Veelvuldige-enkelgevalllestudies (3+ proefpersone) en Fokusgroep-besprekings (3-8 proefpersone); Fase 2: Pre-toets/Post-toets Eksperimentele ontwerp (12+ proefpersone)
Geslag: Manlike en vroulike proefpersone sal in die studie ingesluit word
Ouderdom: Volwassenes van 18 jaar en ouer

3.7 Is toestemming van die betrokke owerhede (skool, hospitaal, kliniek, ens.) verkry? Indien wel, spesifiseer.

Ja Nee ✓ Nie van toepassing

Heg briewe aan. (Sien Bylae 1 – 3)

3.8 Dui aan watter prosedures gebruik gaan word om inligting van die proefpersone in te win deur die toepaslike blokkie te merk:

€ Nagaan van rekords

✓ Onderhoud (Sien Bylae 7)

✓ Vraelys (*Heg aan indien beskikbaar. Indien nie, lê voor wanneer beskikbaar, tesame met aanvanklike goedkeuring van die Navorsingsetiëkkomitee.*) (Sien Bylae 5)

€ Kliniese evaluering

€ Prosedures (bv. terapie). Spesifiseer asb.

✓ Ander:

- Gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming deur middel van video-opnames van die interaksie tussen die proefpersone en die persone met 'n TBB. (Sien Bylae 4)
- Twee fokusgroepe: Proefpersone wat tans in die proses van rehabilitasie is
Proefpersone wat reeds in die proses van rehabilitasie was.
(Sien Bylae 9)

3.9 Indien spesifieke evaluerings-, assesserings- en behandelingsprosedures uitgevoer gaan word, is die navorser geregistreer om sodanige prosedures uit te voer?
N.V.T.

3.10 Indien die navorser nie die prosedure persoonlik gaan uitvoer nie, verstrek die naam en posisie van die persoon wat dit wel gaan doen.
N.V.T.

4. INGELIGTE TOESTEMMING

- 4.1 Heg 'n kopie van die toestemmingsvorm aan. (Sien Bylae 1-3)
- 4.2 Indien die proefpersone
- jonger as 18 is of verstandelik of regtens onbevoeg is om tot deelname in te stem, hoe word hul instemming verkry en / of wie gee namens hulle toestemming?
Spesifiseer asb.
N.V.T.
 - Indien die proefpersone
 - jonger as 18 is of verstandelik of regtens onbevoeg is, hoe sal dit aan hulle verduidelik word dat hulle te enige tyd van die studie kan onttrek?
Spesifiseer asb.
N.V.T.
- 4.3 Indien die navorser nie vaardig in die moedertaal van die proefpersone is nie, hoe sal hy/sy verseker dat die proefpersone die inhoud van die toestemmingsvorm verstaan?
Spesifiseer asb.
N.V.T.

5. RISIKO'S EN MOONTLIKE BENADELING VAN PROEFPERSONE

- 5.1 Stel deelname aan die navorsing proefpersone aan enige potensiële fisieke, psigologiese, wetlike, of sosiale benadeling bloot? Nee Ja
- 5.2 Indien **Ja**, watter voorsorgmaatreëls word getref om die risiko te verminder?
Spesifiseer asb. N.V.T.
- 5.3 Sal deelname of die weiering tot deelname die proefpersone op enige wyse benadeel?
Nee Ja Indien **Ja**, verduidelik.

6. MISLEIDING VAN PROEFPERSONE

- 6.1 Is daar enige aspekte van die navorsing waarvoor proefpersone nie ingelig gaan word nie?
Nee Ja
Indien **Ja**, beskryf kortliks.

7. VOORDELE VIR PROEFPERSONE:

- 7.1 Sal deelname proefpersone bevoordeel? Nee Ja
Indien **Ja**, beskryf kortliks.

Daar bestaan 'n behoefte in die literatuur rondom meetinstrumente wat sorggewers se behoeftes tydens kommunikasie en kommunikasie-ineraksie met die persoon met 'n traumatiese breinesering kan bepaal. Die kommunikasie afwykings wat ontstaan as gevolg van 'n traumatiese breinbesering het 'n geweldige impak op die sosiale aspekte van sorggewers se lewe en beïnvloed gevolglik beide, die sorggewer en die persoon met 'n traumatiese breinbeseing se kwaliteit van lewe. Hierdie studie gaan nie spesifiek fokus op die verbetering van die proefpersone se kwaliteit van lewe nie, maar gaan aan hulle 'n moontlike hulpmiddel verskaf wat indien dit korrek aangewend word, die sorggewers se behoeftes vroegtydig sal kan identifiseer. Die instrument sal dus hulp verleen tot die vroeë identifikasie van sorggewers se behoeftes in

terme van die hantering van die persoon met 'n TBB se kommunikasie-, kognitiewe- en gedragsprobleme. Dit kan gebruik word om terapie te monitor en dus kan dit lei tot beter en meer effektiewe dienslewering in die Suid- Afrikaanse konteks.

Tydens die uitvoer van die navorsing sal die proefpersone ook die geleentheid kry om 'n werkswinkel by te woon, wat daarop gemik sal wees om hulle behoeftes, soos geïdentifiseer deur die toepassing van die meetinstrument, aan te spreek. Daar sal gepoog word om inligting aan hulle te verskaf oor die hantering van moontlike kommunikasie en interaksie probleme en gevolglik sal hulle huidige kennis in hierdie verband ook uitgebrei word. Op hierdie wyse sal daar dus aan hulle tegnieke aangeleer waardeur optimale hantering van die persoon met 'n TBB, gefasiliteer kan word.

8. VERTROULIKHEID

8.1 Hoe word vertroulikheid en/of anonimiteit verseker?

In die ingeligte toestemmingsbrief word die proefpersone verseker van anonimiteit en dat geen identifiserende inligting in die finale verslag ingesluit sal word nie.

Geen identifiserende inligting sal in die vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude van die proefpersone verwag word nie.

Proefpersone sal verseker word dat alle inligting vertroulik hanteer sal word en dat geen persoon toegang tot die primêre data wat ingesamel word, sal verkry nie.

9. DISSEMINASIE / BEKENDMAKING VAN NAVORSINGSRESULTATE

9.1 Aan wie sal navorsingsresultate bekend gemaak word?

Aan die Universiteit van Pretoria en belangstellendes.

9.2 In watter formaat voorsien u sal resultate bekendgemaak word?

Merk die toepaslike blokkie:

boek	<input checked="" type="checkbox"/>	wetenskaplike artikel	<input type="checkbox"/>	populêr-wetenskaplike artikel
radio	<input type="checkbox"/>	kongresreferaat	<input type="checkbox"/>	TV
			<input type="checkbox"/>	ander. Spesifiseer asb.

10. STOOR VAN NAVORSINGSDATA

10.1 Sal die navorsingsdata na afloop van die studie vernietig word? Ja Nee

10.2 Indien *Nee*, in watter formaat en vir hoe lank gaan die data gestoor word?
Spesifiseer asb.

In harde kopie (Navorsingskripsie en Wetenskaplike Artikel)

10.3 Vir watter doel sal die data gestoor word?

Merk die toepaslike blokkie:

navorsing

demonstrasie

openbare opvoering

argivering

10.4 Hoe sal proefpersone se toestemming vir die verdere gebruik van die data bekom word?

√ Ingeligte toestemmingsvorm

€ Ander. Spesifiseer asb.

11. ANDER INLIGTING

Enige ander inligting wat vir die komitee van waarde mag wees, moet hier verstrek word.

N.V.T.

HANDTEKENINGE:

AANSOEKER:

DATUM: 2003-07-01

STUDIELEIER:

DATUM: 2003-07-01

VOORSITTER:

DEPARTEMENTELE NAVKOM:

DATUM:

DEPARTEMENTSHOOF:

DATUM:

Is u van mening dat die navorsingsprojek etiese implikasies kan hê?

Ja € Nee €

VOORSITTER: NAVORSINGSETIEKKOMITEE:

DATUM:

Is u van mening dat die navorsingsprojek etiese implikasies kan hê?

Ja € Nee €

AANHANGSELS:

Goedkeuring: ander owerhede

√ Ingeligte toestemming

√ Vraelyste, onderhoude, assessering

√ Instruksies aan proefpersone

√ Ander

Met erkenning aan Harvard Universiteit, 1999-2000, Universiteit van die Witwatersrand 1992.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
VOORSTELLE IN VERBAND MET ONDERWERPE VAN PROEFSKRIFTE/VERHANDELINGS/SKRIPSIES
PROMOTORS/LEIERS, VAKKEUSE EN EKSAMINATORE


HIERDIE VORM MOET GETIK WORD.

Belangrik: LET ASB DAAROP DAT DIE NODIGE ETIEKKOMITEEVRAELYS EN NAVORSINGSVOORSTEL **AANGEHEG** MOET WORD.

<p>Studentenommer: 9904489 Titel: Mej</p> <p>Van: Olivier Voorletters: M</p> <p>Studierigting bv MA(Afr): MKommunikasiepatologie</p> <p>Departement: Kommunikasiepatologie</p> <p>Adres: Posbus 1870 Springs 1560</p> <p>Tel Nr: 082-9039677 of (012) 331-0488</p>	<p>a) PROMOTOR/LEIER:</p> <p>Dr. Odette Guy</p> <p>b) MEDE-PROMOTOR/-LEIER (‘n motivering moet hierdie voorstel vergesel as ‘n persoon van buite die universiteit benoem word)</p>	<p>EKSTERNE EKSAMINATORE: (NAME, TITELS EN POSADRES VOLLEDIG TE VERSTREK) Magister: ten minste 1 eksterne van buite die Universiteit Doktoraal: ten minste 2 eksternes van buite die Universiteit. (ten minste 6 maande nie meer aan die Universiteit verbonde nie).</p> <p>a) EKSAMEN:</p>	<p>ROETEWYSER</p> <p>1. STUDIELEIER</p> <p>.....</p> <p>2. DEPARTEMENTELE NAVORSINGSKOMITEE:</p> <p>.....</p> <p>3. DEPARTEMENTSHOOF:</p> <p>.....</p> <p>4. MEV H KIRSTEIN: (wat dit gereedmaak vir voorlegging aan Navorsingsetiekkomitee)</p> <p>.....</p> <p>5. NAVORSINGSETIEKKOM.:</p> <p>.....</p> <p>6. DEKAAN:</p> <p>.....</p> <p>7. BRIEF AAN STUDENT:</p> <p>Datum:</p>
<p>LET ASSEBLIEF OP DIE TAALKUNDIGE KORREKTHEID VAN DIE ONDERWERP GELIEWE NIE DIE VOLLE TITEL IN HOOFLETTERS TE TIK NIE. VIR KENNISNAME DEUR FAKULTEITSRAAD OF REDAKSIONELE WYSIGING MELD ASSEBLIEF: VERHANDELING: ____ SKRIPSIE: __X__</p>			
<p><i>Die ontwikkeling van ‘n voorlopige meetinstrument vir die bepaling van primêre sorggewers se behoeftes rakende die hantering van ‘n persoon met ‘n traumatiese breinbesering.</i></p>			
<p>VAKKEUSE VIR DOKTORALE/ MAGISTER EKSAMEN:</p> <p>Hoofvak:</p> <p>Byvakke:</p>		<p>b) PROEFSKRIF/VERHANDELING/ SKRIPSIE</p> <p>Nog nie geselekteer nie</p>	
<p>GOEDKEURING: <input checked="" type="checkbox"/> Vir voorlegging aan die Navorsingsetiekkomitee <input type="checkbox"/> Redaksionele wysiging <input type="checkbox"/> Eksaminatore</p>			

BYLAE B

Lede: Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Prof D Beyers; Prof C Delport; Dr JEH Grobler;
Prof KL Harris; Prof E Krüger; Prof B Louw;
Prof IA Niehaus; Prof C Potgieter;
Prof D Prinsloo; Dr E Taljard; Prof J van Eeden;
Prof A Wessels



Universiteit van Pretoria
Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Fakulteit Geesteswetenskappe

6 Augustus 2003

Beste Doktor Guy

Projek: *Die ontwikkeling van 'n voorlopige meetinstrument vir die bepaling van primêre sorggewers se behoeftes rakende die hantering van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering*

Navorser: M Olivier
Leier: Dr O Guy
Departement: Kommunikasiepatologie
Verwysingsnommer: 9904489

Baie dankie vir die aansoek wat u voorgelê het aan die Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee, Fakulteit Geesteswetenskappe.

Die aansoek is formeel deur die komitee goedgekeur op 31 Julie 2003.

Die komitee wil u graag versoek om bogenoemde goedkeuring aan Me Olivier oor te dra.

Ons wens u sukses met die projek toe.

Vriendelike groete

Prof Brenda Louw
Voorsitter: Navorsingsvoorstel- en Etiekkomitee
Fakulteit Geesteswetenskappe
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

BYLAE C

Vraelys

Sorggewers se kennis en behoeftes oor kommunikasie en kommunikasie interaksie met 'n persoon met 'n gemiddelde –tot-ernstige traumatiese breinbesering

Vir kantoorgebruik

Respondentnommer	V1 <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> 1-4
------------------	--------------------------------------------------------------------------------------------

Instruksies:

Aangesien daar van u verwag word om die vraelys so eerlik moontlik te voltooi, word anonimiteit verseker en hoef u naam op geen deel van die vraelys te verskyn nie. U hulp met die voltooiing van die vraelys is van uiterste belang, alhoewel deelname vrywillig en opsioneel is.

AFDELING A

Demografiese inligting

(Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n x)

Inligting van die primêre sorggewer

1. Geslag:

Manlik	<input type="checkbox"/>
Vroulik	<input type="checkbox"/>

V2 5

2. Huistaal:

Engels	<input type="checkbox"/>
Afrikaans	<input type="checkbox"/>
Ander	<input type="checkbox"/>

V3 6-7

3. Wat is u ouderdom?

_____ jaar

V4 8-9

4. Meld asseblief die beroep wat u tans beklee

V5 10-11

5. Wat is u hoogste vlak van opleiding

V6 12-13

6. Wat is u verhouding ten opsigte van die persoon met 'n traumatiese breinbesering

Moeder	<input type="checkbox"/>
Vader	<input type="checkbox"/>
Man	<input type="checkbox"/>
Vrou	<input type="checkbox"/>
Broer	<input type="checkbox"/>
Suster	<input type="checkbox"/>
Ander	<input type="checkbox"/>

Indien ander, spesifiseer
asseblief _____

V7 14

<p>7. Wat is die heoveelheid kontak wat u met die persoon met 'n traumatiese breinbesering het</p> <table border="1" data-bbox="212 199 618 348"> <tr> <td>Die persoon woon saam met u</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Weeklikse kontak</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Maandeliks</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Ander</td> <td></td> </tr> </table> <p>Indien ander, spesifiseer asseblief _____</p>	Die persoon woon saam met u		Weeklikse kontak		Maandeliks		Ander		<p>V8 <input type="text"/> <input type="text"/> 15-16</p>
Die persoon woon saam met u									
Weeklikse kontak									
Maandeliks									
Ander									
<p>8. Dui asseblief u persoonlike ervaring ten opsigte van 'n Traumatiese Breinbesering aan. (Merk alle blokkies wat van toepassing is.)</p> <table border="1" data-bbox="212 520 618 758"> <tr> <td>Geen ervaring</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Ek het al met 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering gewerk</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Ek ken familie / kennisse met 'n traumatiese breinbesering</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Ander</td> <td></td> </tr> </table> <p>Indien ander, spesifiseer asseblief _____</p>	Geen ervaring		Ek het al met 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering gewerk		Ek ken familie / kennisse met 'n traumatiese breinbesering		Ander		<p>V9 <input type="text"/> <input type="text"/> 17-18</p>
Geen ervaring									
Ek het al met 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering gewerk									
Ek ken familie / kennisse met 'n traumatiese breinbesering									
Ander									
<p><u>Inligting van die persoon met 'n Traumatiese Breinbesering</u></p>									
<p>9. Geslag:</p> <table border="1" data-bbox="212 957 461 1045"> <tr> <td>Manlik</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Vroulik</td> <td></td> </tr> </table>	Manlik		Vroulik		<p>V10 <input type="text"/> 19</p>				
Manlik									
Vroulik									
<p>10. Huistaal:</p> <table border="1" data-bbox="212 1129 461 1220"> <tr> <td>Engels</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Afrikaans</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Ander</td> <td></td> </tr> </table>	Engels		Afrikaans		Ander		<p>V11 <input type="text"/> <input type="text"/> 20-21</p>		
Engels									
Afrikaans									
Ander									
<p>11. Ouderdom?</p> <p>_____ jaar</p>	<p>V12 <input type="text"/> <input type="text"/> 22-23</p>								
<p>12. Wat is die persoon met traumatiese breinbesering se hoogste vlak van opleiding</p> <p>_____</p>	<p>V13 <input type="text"/> <input type="text"/> 24-25</p>								
<p>13. Watter beroep het die persoon bekleed voor die ongeluk?</p> <p>_____</p>	<p>V14 <input type="text"/> <input type="text"/> 26-27</p>								
<p>14. Waar woon die persoon met die Traumatiese Breinbesering tans?</p> <table border="1" data-bbox="212 1661 618 1787"> <tr> <td>Eie huis</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Saam met ouers</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Te huis</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Apart van die sorggewer</td> <td></td> </tr> </table>	Eie huis		Saam met ouers		Te huis		Apart van die sorggewer		<p>V15 <input type="text"/> 28 V16 <input type="text"/> 29 V17 <input type="text"/> 30 V18 <input type="text"/> 31</p>
Eie huis									
Saam met ouers									
Te huis									
Apart van die sorggewer									
<p>15. Oorsaak van die Traumatiese Breinbesering?</p> <p>_____</p>	<p>V19 <input type="text"/> <input type="text"/> 32-33</p>								

16. Datum waarop die ongeluk gebeur het? _____	V20 <input type="text"/> <input type="text"/> 34-35
17. Tydperk wat die persoon in die hospitaal was? _____	V21 <input type="text"/> <input type="text"/> 36-37
18. Datum waarop die persoon in die Rehabilitasie Sentrum opgeneem is? _____	V22 <input type="text"/> <input type="text"/> 38-39

AFDELING B. KENNIS VRAELYS (Maak 'n (x) in die toepaslike blokkie				
<u>Wakkerheid en verstandelike uitputting</u> <i>Gedurende die vroeë fases van herstel van 'n akute traumatiese breinbesering is die persoon dikwels veranderlik in sy wakkerheid/ bewustheid vir beide interne en eksterne stimulasie. Hoe sal u tydens hierdie fase te werk gaan?</i>				
	Waar	Onseker	Vals	Slegs vir kantoorgebruik
19. Ek kan met die persoon in interaksie tree tydens die vroeë fases van herstel				V23 <input type="checkbox"/> 40
20. Dit is nie nodig om bevele en stimuli tydens hierdie fase te herhaal nie.				V24 <input type="checkbox"/> 41
21. Die persoon sal nooit gereed wees vir kommunikasie-interaksie tydens hierdie fases nie.				V25 <input type="checkbox"/> 42
22. Daar moet aan die persoon gereelde rus periodes verskaf word tydens hierdie fase				V26 <input type="checkbox"/> 43
23. Terapie- en voedingstye moet aangepas word volgens die persoon se vlak van wakkerheid.				V27 <input type="checkbox"/> 44
24. Rus en kort periodes van gefokuste aksies is die beste manier om verdere vordering te fasiliteer				V28 <input type="checkbox"/> 45
25. 'n Mens kan nooit die persoon oor-stimuleer tydens die vroeë fases van herstel nie.				V29 <input type="checkbox"/> 46
26. Verminder die eise wat aan die persoon gestel word				V30 <input type="checkbox"/> 47
27. Daar moet soveel as moontlik stimulasie aan die persoon gegee word tydens hierdie fase aangesien dit die langtermynuitkomst van die persoon kan beïnvloed				V31 <input type="checkbox"/> 48
28. Laat ekstra tyd vir die persoon om te reageer tydens hierdie fase				V32 <input type="checkbox"/> 49
29. Daar is sekere periodes van die dag wat die persoon meer wakker sal wees en dus beter sal optree				V33 <input type="checkbox"/> 50
30. Verandering kan verwag word in die herstel fase van wakkerheid bv. Dit is normaal vir die persoon om swakker te doen vir 'n paar dae, na een goeie dag.				V34 <input type="checkbox"/> 51
31. Versterk en moedig vinniger respons tye aan, selfs al is dit buite die persoon se vermoë.				V35 <input type="checkbox"/> 52
32. Herhaal bevele en stimuli gereeld				V36 <input type="checkbox"/> 53
<u>Deurmekaarheid</u> <i>In die eerste paar weke of maande na die traumatiese breinbesering, is die persone dikwels geneig om gedisoriënteerd en deurmekaar te wees. Hoe dink u behoort u hierdie situasies te hanteer?</i>				

	Waar	Onseker	Vals	Slegs vir kantoorgebruik
33. Laat een familielid/verpleegster die healtyd by die persoon bly.				V37 <input type="checkbox"/> 54
34. Verduidelik ten volle aan die persoon wat jy van plan is om te doen voor u enige aktiwiteite en gesprekke inisieër				V38 <input type="checkbox"/> 55
35. Verander die persoon se huidige omgewing				V39 <input type="checkbox"/> 56
36. Maak die nuwe omgewing so voorspelbaar en eenvoudig as moontlik				V40 <input type="checkbox"/> 57
37. Re-oriënteer die persoon so vinnig as moontlik				V41 <input type="checkbox"/> 58
38. Konfronteer verkeerde gedrag of deurmekaarheid				V42 <input type="checkbox"/> 59
39. Her-direkteer die persoon in alternatiewe patrone van gedrag deur alternatiewe voor te stel				V43 <input type="checkbox"/> 60
40. Persone wat deurmekaar is benodig struktuur				V44 <input type="checkbox"/> 61
41. Maak sterk bevele en opdragte aan die persoon wanneer hy/sy deurmekaar is.				V45 <input type="checkbox"/> 62
42. Rig die persoon in 'n kalm, geduldige maar ferm manier				V46 <input type="checkbox"/> 63
43. Aanhoudende herhaling van die korrekte tyd, datum, plek en identiteit van ander in die omgewing sal help om terugvalle in deurmekaarheid te voorkom				V47 <input type="checkbox"/> 64
44. Muurkaarte is waardevol om die persoon te oriënteer				V48 <input type="checkbox"/> 65
45. Persone met 'n traumatiese breinbesering is meer deurmekaar in die oggend				V49 <input type="checkbox"/> 66
46. Aangesien die persoon deurmekaar is, is dit nie belangrik om kalm en stil gedrag vir die persoon te modelleer nie,				V50 <input type="checkbox"/> 67
<p><i>Afwykende vermoë om 'n plan uit te voer</i> <i>'n Kardinale teken van traumatiese breinbesering is die onvermoë om die wêreld waar te neem en 'n gedragsrepons te inisieër om toekomstige gebeure te antisipeer in 'n beplande manier. Wat dink u kan gedoen word om die persoon te help in hierdie geval?</i></p>				
	Waar	Onseker	Vals	Slegs vir kantoorgebruik
47. Laat die persoon praat oor 'n aktiwiteit maar moenie dat hy/sy dit uitvoer nie				V51 <input type="checkbox"/> 68
48. Verduidelik altyd die aktiwiteite wat die persoon moet uitvoer in 'n duidelike en eenvoudige manier voor die persoon dit uitvoer.				V52 <input type="checkbox"/> 69
49. Fasiliteer kompetisie met die persoon ten einde hom of haar in 'n uitdagende posisie te kry. Dit kan moontlik lei tot motivering				V53 <input type="checkbox"/> 70

50. Herhaal en verduidelik aanhoudend die opeenvolging van take wat die persoon moet uitvoer				V54 <input type="text"/> 71
<p><u>Geheue probleme</u> <i>U kom agter dat die persoon met 'n traumatiese breinbesering geheueprobleme vertoon sedert die ongeluk. Wat dink u kan gedoen word ten einde die persoon te ondersteun en by te staan in sy geheue funksies?</i></p>				
	Ja	Onseker	Nee	Slegs vir kantoorgebruik
51. Probeer om nuwe leeraspekte by ou bekende konsepte te pas wat die persoon instaat is om te herroep				V55 <input type="text"/> 72
52. Maak 'n geheue-boek vir die persoon				V56 <input type="text"/> 73
53. Maak muurkaarte				V57 <input type="text"/> 74
54. Skryf altyd alles neer, sodat die persoon dit kan lees en kan onthou wat daar vanhom/haar verwag is.				V58 <input type="text"/> 75
55. Konfronteer die persoon wanneer hy/sy iets vergeet, sodat hy/sy kan leer om dit te onthou				V59 <input type="text"/> 76
56. Moet nie gebruik maak van addisionele materiaal om die persoon te help om inligting te onthou nie. Dit sal hom/haar meer deurmekaar maak.				V60 <input type="text"/> 77
57. Hou aan om al die korrekte feite te herhaal as die persoon aanhou om dit te vergeet.				V61 <input type="text"/> 78
<p><u>Omgewingsaanpassings: Aandagsafwykings en konsentrasie probleme</u> <i>Die persoon met 'n traumatiese breinbesering ondervind probleme om in nuwe kontekste te kommunikeer en gee dikwels nie aandag aan die spreker nie. Dink u dat die volgende aanpassings in die omgewing en in die manier waarop u met die persoon kommunikeer, die persoon kan help om beter in interaksie te tree?</i></p>				
	Ja	Onseker	Nee	Slegs vir kantoorgebruik
58. Beperk agtergronds versteurings bv. sit die televisie af wanneer u met die persoon kommunikeer				V62 <input type="text"/> 79
59. Maak meer gebruik van gesigsuitdrukings wanneer u met die persoon kommunikeer				V63 <input type="text"/> 80
60. Raak aan die persoon wanneer u met hom/ haar praat				V64 <input type="text"/> 81
61. Maak seker dat daar genoeg lig op u gesig is wanneer u met die persoon kommunikeer				V65 <input type="text"/> 82
62. Skryf die inligting neer wat u aan die persoon probeer oordra				V66 <input type="text"/> 83
63. Maak gebruik van visuele stimuli bv, prente				V67 <input type="text"/> 84
64. Moet nie gebruik maak van enige addisionele hulpmiddels soos bv, prente, pen en papier wanneer u met die persoon in interaksie tree nie, aangesien dit die persoon net meer deurmekaar kan maak.				V68 <input type="text"/> 85

65. Lui 'n klokkie wanneer u die persoon se aandag op 'n aktiwiteit wil fokus				V69 <input type="text"/> 86
66. Praat in 'n kamer waar daar ander persone ook besig is om te kommunikeer				V70 <input type="text"/> 87
67. Maak gebruik van sensoriese sintuie wat kan help om die boodskap en inligting oor te dra waarop u wil hê die persoon moet fokus. Bv. Laat die persoon daaraan ruik of vat.				V71 <input type="text"/> 88
<p><i>Kommunikasieprobleme: Reseptiewe taalafwykings</i> <i>Baie persone met 'n traumatiese breinbesering het probleme met die begrip van gesproke en geskrewe taal. Dit is belangrik dat alle personeel en familielede op so 'n wyse met die persoon kommunikeer dat dit optimale kommunikasie en begrip tussen hulle fasiliteer. Wat dink u kan gedoen word om beter begrip vir die persoon met die traumatiese breinbesering te fasiliteer?</i></p>				
	Ja	Onseker	Nee	Slegs vir kantoorgebruik
68. Kry altyd eers die persoon se aandag voor u met hom/haar praat				V72 <input type="text"/> 89
69. Praat altyd duidelik en stadig met die persoon				V73 <input type="text"/> 90
70. Oorbeklemtoon u spraak sodat die persoon u beter kan verstaan				V74 <input type="text"/> 91
71. Herhaal die boodskap soveel as moontlik om te verseker dat die persoon dit verstaan het.				V75 <input type="text"/> 92
72. Herhaal kritiese frases of woorde soveel kere as wat nodig is vir die persoon om dit te verstaan				V76 <input type="text"/> 93
P5: Ja wat ek dink, ja... dit is nie net die skrif nie, maar ook die inhoud en die skryfstyl wat baie goed is as hulle byvoorbeeld net 'n dagboek skryf. Uhm, 'n maand later... en dan X3 het so deel... so moet uhm, mense gaan vertel, vir die terapeute van haar, hoe sy dit beleef het. En sy het omtrent drie maande gelede begin skryf en sy het dit toe nou klaar gemaak. En sy het toe die eerste gedeelte, het sy, die inhoud, het sy so gehou. En sy kan nie glo dat sy so geskryf het nie. Die inhoud..., so nie, en die hele styl, dit uhm, het baie, baie verbeter het. So, ek dink dit is nou nie regtig die vraag nie, maar dit help dat hulle dinge kan neerskryf in hulle eie woorde. En dan, dit dan later weer probeer verwoord, en dit wys dadelik wat 'n vooruitgang daar is.

N: Goed, volgende vragie is wat dink u is die rol van 'n spraakterapeut in die hantering van u as sorggewers. Wat dink, wat verwag u van 'n STT?

P6: Ek dink ons is maar dalk op daardie gebied miskien bietjie onkundig. Ons weet nie wat behels en wat doen 'n STT nie. Wat behels hulle hele uhm, studies, saam met die pasiënt of saam met die ouers nie. En ek dink, as ek vat hoe het ons met X2... in die begin was daar 'n STT... Kyk, ek haar haar tande geborsel, haar wange gevryf, en geborsel, 2000 keer op 'n dag. Haar lippe 2000 keer. Ek het haar geborsel op en af en haar bene en haar arms, en uhm, toe met daai plaatjie op die tong gedruk en dan die ken vorentoe gedruk. Daai tipe oefeninkies. Maar ek, O, ek is 'n leek in die opsig van ons weet nie wat is die STT se rol teenoor ons as ouers gewees nie. Ons het nie ondervinding daarvan nie.

N: Wat sou u graag wou gehad het sy moes doen?

P6: Ek dink mens wil bystand hê op daai stadium. Jy wil graag bystand hê, en-en jy soek mense wat verstaan. En-en-en ek dink daar is min dinge in die lewe wat vir jou... dis-dis reeds vir jou 'n traumatiese belewenis, dan soek 'n mens dan seker maar mense wat vir jou as ouers kan bystaan. Selfs tydens wanneer jy jou kind besoek. Ek weet nie, dit is seker maar ons...

P5: Ek sou sê uhm, die STT, maar ek moet dit, moet net vir jou sê wat is jou kind se behoeftes, hulle self moet daarin uhm, voorsien. Maar dan moet hulle vir jou sê as hulle nie by jou is nie, of as die pasiënt nie by hulle is nie, wat kan ek doen wat my rol kan wees om haar te help.

P7: Ek dink hulle kan seker vir jou 'n metode uitwerk om jou te help. Jy weet nie alles nie. Jy ken nie alles nie. Hulle kan jou leer om te begin, daar...

P4: I didn't really know what a speech therapist was all about. I just thought you know, they will help X1 to talk again. But that never happen. I didn't realize that they also have to work on the memory, and all that sort of things. I thought it was their job, really just to help him to talk again. But I discovered, there is a lot more to it.

N: Sou dit vir u belangrik gewees het om dalk te weet in die begin? Wat is al die verskillende mense se rolle.

P6: Ja. Ja ek dink definitief so. Ek dink, ek dink verseker. Ek vat 'n maatskaplike werkster by Nedcare het my paar keer gekontak, en haar eerste vraag aan my was: "Wat is vir my die ergste om te aanvaar?" en my woorde was: "Vertraging". En sy kon my nie antwoord nie. Sy kon my nie help nie. Ek sê vir haar: "Want dit is 'n skok, ek is soos ek sê ek is eerlik en dit is vir baie mense moeilik om te aanvaar. En eerlik sy kon my nie help nie. Sy het vir my gesê: P6 ek is jammer, ek kan jou nie help nie en sterkte". En verder dink ek was dit 'n kwessie gewees van die STT op daai stadium, sy het vir my gesê van die oefeninge wat ek vir X2 moes gee, en uhm, natuurlik die Neurosjirurg, wat ek persoonlik goed ken, wat ook geweldig baie oefeninge vir my gegee het om te doen met X2, en wat ek aan gewerk het. Uhm, verder was daar nie regtig hulp gewees nie. 'n Mens gaan maar binne in 'n ontkeningsfase in. Jy wil nie aanvaar dat dit so erg is in die begin nie, want ek, 'n mens, ons as mense glo. En ons het die reg om te glo dit kan. Dit kan, dit kan beter. En ek dink nogsteeds bly ons almal maar glo dit kan beter. Dit, dit gaan nie slegter nie.

P4: If the STT just said to me..., I didn't really know what to expect, but I mean this is what could happen and this is sort of the problems that you are going to have....afterwards. But I mean it took X1 such a long time. He was in a coma for 8 months. But I gradually realize this is actually what he is going to be like. But no one really ever said to me, X1 is like this and this is the problems' that you are going to have. Or this is how we are going to treat him...

N: So, u wil weet wat die probleem was, maar hulle moet nie net sê sit is die probleem nie. Hulle moet ook kom met 'n oplossing? Hulle moet nie net sê dit is die probleem en dit dan net so los nie.

P7: Ek...mens wil so gou as moontlik wil jy hulp hê daarvoor. Jy moenie eers wag en kyk nou wanneer gaan jou kind nou weer reg kom nie. Jy moet so gou as moontlik met 'n... met die metodes...

P6: Ek dink ook... 'n pastorale predikant sal ook 'n geweldige groot rol speel. Maar iemand wat sy storie ken. Hy moet sy feite ken en nie net goed sê nie.

P5: Wat ek gevoel het is uhm, vandat X3 in 'n rehabilitasie sentrum is volg hulle 'n spanbenadering. En uhm, ek dink dit is... 'n mens weet nie waar hou die een terapeut se rol op en waar begin die ander een sin nie. Maar omdat hulle in 'n span werk. Uhm spreek hulle die behoeftes aan omdat hulle gedurig vergadering het waartydens hulle die persoon se behoeftes bespreek. Sodat dit in die geval so verskriklik belangrik is dat 'n mens presies weet wat is die een uhm se rol. Wat is die spesifieke terapeut se rol nie, maar sodat sy as geheel, as person gehelp kan word in alle opsigte. En dan sien 'n mens dat die rolle van die verskillende terapeute, die sielkundige en die STT en die OT, dit oorvleuel. En my gevoel was kan 'n mens nie 'n superterapeut kry wat uhm-uhm meer kennis het oor al hierdie verskillende velde... Sy hoef nie spesifiek gespesialiseerd te wees in een... maar een persoon wat iets weet oor al hierdie goed, en dan die persoon verwys na die spesifieke eksperts op die gebied van die behoefte. Dan kan sy sê: "Okay, sy moet nou na STT toe gaan wat gaan kyk na die stemtoon, en na die vlotheid en "wordfinding" of "whatever". Dat dit 'n eers 'n algemene evaluering gaan wees wat uhm..., so 'n persoon, ek weet nie... Ek soek nog so persoon wat 'n mens as geheel kan evalueer, en dan verwys. Maar elkeen konsentreer net op sy spesifieke veld en dan is daar ander leemtes wat jy nie weet wie gaan aanspreek

nie. Waar, wie spreek sosiale gedrag aan? Dit weet ek nou nog nie. En hoe bepaal hulle dit as hulle die persoon nie in 'n sosiale opset sien nie. Ek weet die STT spreek dit ook aan, goed wat onvanpas is om in 'n geselskap te doen, en sulke dinge. Want uhm hulle sien daai persoon nie in sy hele opset nie. Iemand moet by jou in die huis kom bly, saam met jou loop....

P4: ...she sees him at home. The other day when she came to group with him she said she couldn't believe it. That's how X1 actually behaves in public. She said you know, she sees him, she sits in front of him, she sees him as one person. The behaviour with a group of people..., or when he really goes out or that type of thing.... So she doesn't know how to, she obviously then doesn't know how to treat him, and what to do to help him with those sort of problems because she doesn't see him... When she saw how he behaves in public, she nearly had a heart attack. So now we have to sort other things out not only...

N: So dit is belangrik dat 'n mens heeltemal 'n geheelbeeld van die persoon in verskillende kontekste en op grond daarvan dan aanbevelings maak?

P6: Jy weet so baie mense praat maar so min doen. Want soos ek op 'n stadium..., jy kom op 'n stadium, jy is so moeg vir al die hoor. Ek is 'n doener. Ek hou daarvan om 'n ding te vat en dit te doen. En-en 'n mens wil... jy wil-jy wil graag hê dit moet iemand wees wat saam met jou bietjie betrokke wees.

N: Goed nog een vragie: Uhm wat verwag u van 'n STT in die hantering van die persoon met die breinbesering. Dit is baie oor wat ons nou gepraat het, maar wat so u verwag in die hantering van daai persoon. Hoe moet sy die persoon hanteer?

P6: Jy weet dit is reeds soos, soos eintlik is ons leke in die gebied. Ons weet nie wat behels spraakterapie nie.

N: As u nou terug dink aan X2, goed as u dink aan daai tyd en u dink aan nou, wat sou u nou graag wou hê, u het nou bietjie meer kennis opgedoen.

P6: Weet jy ek dink, sy het X2, hoor hier, tien minute en dan blits dan is sy weer uit. En dan daai heledag het ek gesit met hierdie kind. En ek voel, ek is... ek gee nie om nie, maar tien minute en dan is dit 'n hengse fooi... Dis-dis, ek is eerlik en-en-en uhm ek voel net, jy voel naderhand deur al die dokters, al die terapeute naderhand, jy is net nog 'n nommer. Gaan aan, maak klaar en kom terug en gaan huis toe. En verder gaan doen jy nou maar by die huis jou eie ding, jou eie intensiewe ding.

P4: I must say, I always had nice STT.

P6: Uhm, tien minute terapie kom gee en dan gaan sy huis toe en dan doen jy al die intensiewe tyd oefeninge die heledag self.

P4: I never had a problem with that.

P5: Ek het alles gesê wat ek alreeds gesê het ek kan niks byvoeg nie.

N: Goed laaste vragie, as u een behoefte sou uitsonder rondom die hantering van hierdie persoon, wat sou dit wees? Net een.

P5: Algemene hantering?

N: Ja algemene hantering.

P7: Ek dink dit is partykeer moeilik om te sê want jy pas souself so aan jy weet by hierdie persoon... (onduidelik). Jy leer self verder wat om te doen, hoe om dit te doen, maar dit is soos om 'n klein kind weer groot te maak. Uhm, dit is vir my moeilik om te sê... as ek maar net meer kennis gehad het.

P6: Nee, ek dink dit is persoonlike ondervinding. Eindstryd wat maar aangaan.

P5: Dit is nie op die oomblik my behoefte nie, maar my grootste behoefte was dat iemand net vir my 'n idee moet kan gee van die padjie wat ons gaan moet loop. Jy kan hierdie kant loop en daai een kan daai kant toe loop, party het 'n kort padjie en ander het 'n lang padjie. Maar dat jy net die hele spektrum vir jou gestel word en sê binne hierdie ervarings van verskillende mense gaan jy 'n padjie loop.

P4: What's the future that they are going to have?

P5: Wat-wat, hoe loop so 'n mens se lewe. Wat is die....

P4: Are they going to work again, whatever...

P5: Ja. Wat is die beste uhm-uhm, uitkoms en wat is die slegste uitkoms. En daar is baie van hierdie wat dieselfde is by almal. Party sin vat net langer. Daar is, (ek het dit nou al gesien), dit is nou seker bietjie van 'n veralgemening. Maar daar is sekere dinge wat dieselfde is by almal van hulle.

P4: Yes, like memory problems.

P5: Ja. Dit sou ek graag wou geweet het. Dit is my, maar nie op die oomblik nie, dit is my grootste behoeftes.

P6: Ek moet vir jou sê my ou suster was 'n maatskaplike werkster. Sy is 'n bestuurder by SITA, en ek dink as dit nie vir haar was nie, wat geweldige insette in my lewe... en sy het vir my hierdie ding gesê vrou dit is 'n moeilike pad. Vrou dit en dit en dit gaan nog met jou gebeur. Dit en dit en dit ...

P4: I wasn't so lucky. I had ... (you know ... everybody knows ...) his mother then... now she can tell me that, she told me this is what happen, this is what is stil going to happen. Because I didn't have any experience. I mean, if I didn't have known her, if I haven't know her, things would have been different. X1 would have probably been dumped in an institution or something like that. I wouldn't have known, if I take him home that I would have management like that. So, put him in an institution, cause that's the best place for him. She told me, don't do it. Take him home and see how it goes. Really... luckily I knew someone that's been through it and who helped me. And people don't tell you what's going to happen.

P6: Party mense hardloop letterlik maak nie saak of hulle hoe geleerd is nie, hardloop letterlik van jou kind af weg. "Ek is jammer maar ek kan dit nie hanteer nie". Ek is ernstig.

BYLAE M

Transkripsie van semi-gestruktureerde onderhoud van sorggewer wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is

Deelnemer 8

N: Hoe sal jy die term traumatiese breinbesering beskryf? Wat sal jy sê, in jou eie woorde?

P8: Mmm. Okay...Traumatiese breinbesering, ek het ook altyd daarvoor gewonder omdat die woord trauma vir my uhm verwys na die breinbesering, maar ook na die mense wat betrokke is. So ek, traumaties daar het iets met die brein, seker maar gebeur hetsy 'n aneurisme of 'n beroerte of 'n motorongeluk of iets wat maak dat die brein nie meer funksioneer soos wat hy gefunksioneer het nie. En ja, trauma vir almal daarby betrokke.

N: En hoe sal jy die term sorggewer defineer?

P: Iemand wat omsien na daai persoon se belange. Versorg, uhm omsien na die fisiese behoeftes, emosionele behoeftes en daaglikse behoeftes. Soos in elke dag se doen met daai persoon omdat hy nie meer daai vermoë het om dit te doen nie.

N: En hoe sal jy die akute rehabilitasie periode defineer?

P: Dit is nou die tyd na die... Uhm ek dink belangrikste is die aanpassing. Uhm om te kyk wat nou gedoen moet word om die persoon gesond te hou. Die persoon weer, (ek sal nie sê in die akute tyd te rehabiliteer nie). Ek sou eers sê om net aan te pas by daai van hoe gaan ons nou elke dag aanpak, wat gaan ons doen om die persoon gesond te hou. Om die persoon skoon te hou en die persoon help om aan te pas. Ek dink in elkgeval dit verskil van breinbesering tot breinbesering, want een persoon gaan nie dieselfde moet doen nie. Hy het nie soveel aanpassings verandering wat moet Ek sal sê jy moet nou gebad word, en jy moet nou, jy weet higiënies versorg word en dan later sal dit eers uitkring na dat jy nou vir jousef leer koffie maak en dit doen en vir jousef te sorg. Maar die heel eerste gedeelte dink ek is om by die huis aan te pas. Miskien is daai persoon nou in 'n rolstoel of sukkel met loop of so, want dit moet nou eers aandag geniet. X4 spesifiek moes weer "gepotty-train" het. Dit was die eerste tyd baie belangrik om vir haar eers dit te leer.

N: Uhm, goed as jy nou terug moet dink aan die tyd toe jy na haar moes begin kyk het, wat was jou grootste behoeftes in terme van haar hantering?

P: Uhm, inligting oor wat spesifiek seergekry het. Uhm, miskien 'n tipe van projeksie van waaraan moet aandag gegee word. Ek sê nou maar hulle kon vir my sê kyk spesifiek na haar kommunikasie, kyk spesifiek na haar balans. Kyk ... jy weet dat ek net bietjie meer Want daar is soveel dinge wat verkeerd is. Mens kan nie alles gelyk aanspreek nie. So as iemand dalk net kon sê: "Begin eerste met haar oefeninge doen om haar spraak te verbeter". En dis eerste prioriteit en die tweede een is sê maar om haar te leer om weer 'n toilet roetine te hê. Maar uhm...nou hierdie hele familie het hierdie verwagting van alles moet dadelik aangespreek word, en ek dink nie dit is moontlik nie. So ja en uhm....

P: Vra weer die vraag?

N: Wat was jou grootste behoeftes toe jy net daar begin werk het?

Okay. Ja. Om te weet waaraan ek eerste moet aandag gee. En maar ook net om met ander versorgers te kom praat om te hoor hoe doen hulle dit. Want aanvanklik het ek nie... ons het eers in die tweede jaar by die groep ingeskakel. En ek dink as ons van die eerste jaar af daar kon inskakel, jy weet, dat 'n mens met verskillende terapeute, verskillende versorgers en verskillende persone met breinbeserings kon praat, sou dit gehelp het.

N: Goed. Weer dieselfde tipe vraag. Uhm wat was jou grootste behoeftes in terme van kommunikasie met die persoon met die TBB? As jy moet dink spesifiek toe jy met haar moes kommunikeer, wat was jou grootste behoeftes?

P: Uhm, sy kon... en ja nou ook nog. Sy reageer nie as 'n mens regtig met haar gepraat het nie. So as jy vir haar iets gesê het, uhm het sy of geen uitdrukking getoon nie, of sy het nie die gepaste uitdrukking getoon nie. So uhm, wat vir my baie moeilik was met kommunikasie met haar, ek het nie geweet of sy my altyd verstaan nie. En uhm, maar hoe 'n mens verby dit moet kom en hoe 'n mens moet weet, dink ek kom maar met tyd. Ek dink sy was slim genoeg om terug te hou. Ek dink so. En eers uhm ek sal omtrent sê so twee maande na die tyd nadat ek begin het om haar te versorg ek het sy amper eers oop gemaak en begin aanvaar ek is nou elke dag daar om na haar te kyk. En, toe het dit vir my gevoel asof die kommunikasie verbeter.

N: Uhm, jy het nou baie van die vraag beantwoord maar in terme van algemene hantering wat was jou grootste behoeftes?

P: As jy vir haar 'n opdrag gee tipe van?

N: Ja

P: Ek weet nie ek het nie eintlik veel 'n oplossing oor hoe om met haar te gekommunikeer het nie. Ek het maar net baie herhaal en herhaal en haar hande gevat en dan gedoen met haar wat sy moes gedoen het. En uhm, op daai stadium het sy baie gehuil so ek het partymaal getroos, en partymaal het ek baie streng moes wees met haar. Maar dit was net een rigting kommunikasie. Ek het met haar gepraat en aangehou en aangehou wag totdat sy gedoen het wat ek haar gevra het om te doen. Dit was nie 'n kwessie gewees dat sy ooit terug respond het nie. Glad nie.

N: Goed, volgende vragie. Watter vrae dink jy behoort ons as STT, (of Arbeidsterapeute of fisioterapeute) mense wat met hierdie persone werk. Watse vrae dink jy behoort ons aan sorggewers te vra ten einde te bepaal wat hulle behoeftes is.

P: Uhm, die sorggewers se behoeftes self? Watse vrae kan julle vir ons vra? Uhm, "Watse talleurstellings ervaar 'n mens?" Want ek dink soos met enige beroep, of enige iets, as jy begin daarmee, dan dink jy, jy gaan 'n verskil maak en dan kom jy na 'n maand agter jy is nie besig om 'n verskil te maak nie. So ek dink: "Watse verwagtinge het jy?" en "Watse talleurstellings ervaar jy as jy dit nie maak nie?". Uhm, en dan miskien ook: "Hoe druk jou tyd is?" "Wat die familie van jou verwag?" Uhm, laat ek nog dink sit eers af.....

Okay uhm goed wat julle nog vir ons kan vra? Uhm, jy ry emosioneel baie wipplank. Want uhm as sy vorder dan voel jy goed en as sy nie vorder nie dan voel jy nie goed nie. En as die familie met jou baklei het oor sy nie vorder nie, dan voel jy baie af. So uhm, dis 'n baie emosionele ding om na, om na iemand om te sien. So enige vraag miskien wat vrae: "Hoe die versorger se emosies voel". Want ons kom by 'n terapeut en dit gaan die hele tyd oor X4. Dit gaan oor wat het sy die hele week gedoen, hoe gaan dit met haar. Jy weet so en, en uhm dit moet ek vir jou sê het ek regtig baie waardeer van die terapeute by wie X4 was. Dat dit partymaal vir my meer beteken het om soontoe te gaan, as wat ek dink dit het vir haar beteken. Want dit is die enigste iemand met wie ek kon praat in 'n dag. En uhm ek moet ook sê hulle het my regtig baie maal uhm, laat voel asof ek weet iets. Waar haar ma en haar man my altyd laat voel het, ag jy weet ek is somer maar net iemand wat hulle gekry het om na haar te kyk en te versorg. "Wat weet ek in any case?" Maar ek dink baie maal het die terapeute as ek vir hulle sê oor X4, goed gesê het oor X4, het hulle.... jy weet, hulle het na my geluister asof ek, ek weet. Jy is in hierdie ding en jy weet nou waarvan jy praat. En uhm so dit het vir my regtig baie beteken en ek kon baie maal my hart uitpraat. En uhm vir hulle sê: "Jy weet ek voel so talleurgesteld want niks gebeur nie en uhm ek wil hê sy moet beter word". "Ek sit soveel ure in spesifiek, dit of dit". Iemand, jy weet huiswerk wat hulle vir my gegee het, wat ek deur die week met haar moet doen, dan voel ek net ek kom volgende week daar en dan lyk dit nie eers of ek die huiswerk gedoen het nie, want dit het net geen, geen verskil gemaak nie. Ek dink hulle was baie simpatiek daarvoor gewees.

Ander ding wat Y1 van gepraat het sê, was iets waar 'n mens 'n groep moet maak waar die versorgers mekaar kan ontmoet. En ek dink dit kan 'n baie, baie goeie idee wees. Want ons uhm, ons versorgers is die hele, hele lieue dag net besig met uhm met daai persoon. En dit voel later jy word so afgestomp. Jy het regtig behoefte aan geselskap. En ek dink as 'n mens so groep het wat, soos as die breinbeserings bymekaar kom, so groep wat ook onder leiding kan praat met mekaar en bv, sal sê, "Maar hou nou moed jy sal sien oor twee weke sal haar bui dalk so of so verander". Wat dit baie moeilik maak is, ek het gesien met die breinbeseringsgroepe, nê. Nie een van daai mense het dieselfde probleem nie. Hulle het nie dieselfde behoeftes nie. Hulle het nie dieselfde, ver... dieselfde tipe versorgers nodig nie. So dit maak dit baie moeilik. Party kan praat en party kan nie praat nie en party kan vir hulle self dink en soos X4 kon regtig nie vir haarself dink nie. Sy kon geen besluit neem nie. Glad, glad nie. So jy weet

uhm, nie een se situasie is dieselfde nie, maar ek dink as 'n mens darem met iemand anders praat en so ... dan kan jy 'n idee kry van dit wat hulle ook maar deurgaans en dit maak jou darem weer voel: "Okay jy is nie alleen nie-alleen in die ding nie". So maar uhm, ek dink regtig die terapeute het 'n baie groot rol uhm wat die versorgers betref. Want julle is eintlik besig om die versorgers die heelyd op te lei.

Weet jy dit is asof hulle, hulle is so instinktief dat hulle net so terug trek. Want jy is daar, jy sorg. Ek dink partymaal raak hulle te afhanklik van hulle versorgers. Hulle, (ek dink regtig), hulle is baie slimmer as wat hulle dit sommer kan weergee. Hulle dink nog die hele tyd nê... as ek nou spesifiek vir X4 moet vat, wat nie regtig kan kommunikeer nie, maar sy uhm, sy het die ding van uhm, sy kan half nog manipulerend wees. Dis vir my asof sy met tye besluit het: "Ek doen niks." Dit dit is die gevoel wat ek baie maal gekry het. Die oomblik as daar te veel eise aan haar gestel word, dan begin hulle met manipulerende gedrag.

Weet jy uhm dis hoekom ek dink uhm vir 'n ouer of 'n sê nou maar 'n vrou of 'n man van 'n persoon wat 'n breinbesering gekry het, is dit baie baie moeiliker om die versorger te wees. Want ek kon my emosioneel half terugtrek en sê: "Maar ek verwag dit van jou". En X4 se ma hulle het my baie maal kwalik geneem omdat ek miskien te kwaai is met haar maar ek het net gesê dit is wat sy moet doen, nê. Waar ek dink as ek vat as dit my eie kind moes gewees het, ek sou nie kon streng wees nie. Ek sou nie. So 'n persoon, 'n ma wat haar kind so versorg nê, of 'n vrou of 'n man nê, is dit baie moeiliker vir hulle as 'n "buitestaander-versorger". Want vir ons kan ons half, ek kon half vir myself sê: "Dit is my werk en ek moet dit van haar verwag"... Al gooi sy my hierdie "blanc" van "Ek gaan nie saam werk nie", het ek net aanhou aandring daarop dat sy moet saamwerk. Waar ek gesien het met haar ma en met haar man, hulle gee onmiddellik in, want hulle is te sag en te emosioneel betrokke. So regtig uhm, die die... breinbeseerders wie se familie na hulle omsien, dit vat 'n baie baie baie sterk persoon om dit te doen. Ek het die boek gelees van uhm, "My plunge to fame", van uhm, ag van wie is dit nou weer.... Uhm, uhm, man van daai aktrise wat geval het in die staatsteater en toe 'n breinbesering opgedoen het. Nou haar ma het na haar omgesien, die hele boek deur.... Vir daai vrou haal ek my hoed af, want sy was baie streng met haar. Sy het ook vir haar gesê ek gaan niks vir jou doen, wat jy vir jouself kan doen nie. En uhm, dit vat baie van 'n ma om dit te kan doen hoor, regtig. Baie baie. Jy weet dit is jou kind sê nou maar, en jy het daai hartseer van wat gebeur het, en om nogtans by daai punt verby te kom van: "Ek is vir jou so jammer, maar ek weet dit is vir jou beter, dat ek moet so kwaai wees, en jou dwing om vir jouself iets te doen". Dit vat 'n baie besonderse mens om dit te kan doen. Ek dink selfs om net 'n ma te wees, onder normale omstandighede, doen jy partykeer vir jou kinders meer as wat jy veronderstel is om te doen. So nog te meer as jy nog daai hartseer by dit het.

N: So nog vrae, as jy aan nog iets kan dink?

P: Okay wat julle vir ons kan vra?

N: Dink in terme van kommunikasie, kommunikeer met die persoon?

Uhm, iets wat vir my baie gepla het van die spraakterapie wat X4 gekry het, is dit het baie gegaan oor uhm, dit was vir my baie meer (ek weet nie of ek die regte woord gebruik nie), "Kognitief". Dit was vir my baie: "Wat sien jy in hierdie prentjie?" en sulke goedjies. "Wat sit jy bymekaar?". Sulke tipe dinge nê, wat vir my partymaal glad nie oor kommunikasie gegaan het nie. Dit sou vir my verskriklik kon help as, as hulle miskien vir X4 kon 'n manier gee waarmee sy met my kon kommunikeer. Want ek het, ek het die altyd vergelyk met, ek kan musiek in my kop hoor. 'n Wysie, die deskant, die dromme, alles alles, die woorde alles. Maar weet jy ek kan nie sing nie. Ek kan nie, dis asof ek half frusteed raak ek kan nie sing nie. Dit kan glad nie by my mond uitkom nie. Alhoewel ek dit in my kop hoor. Alles, alles presies. Ek kan dit dit glad nie sing nie. En ek het baie maal gedink dis hoe X4 voel. Alles gaan hierbo in haar kop aan. Sy verstaan alles. Sy besluit oor dinge, maar kan om die dood dit nie uitbring by haar mond nie. En uhm, toe hierso aan die einde van die tydperk, van ons van die tydperk wat ek na haar gekyk het, het uhm iemand vir my so "device" gegee wat jy druk as sy wil, as sy wil.... Uhm sê nou maar iets sou sê, bv. Die stappe van koffie maak. Dan sou sy nou elke keer op die stap druk... En toe het ek baie maal gewonder dat as ek nie vroeër dalk so ding gehad het nie, wat sou sê, ag sy nou maar emosionele uhm kommunikasie sou weergee soos: "Ek is nou kwaad" of "Ek is moeg", of "Ek het pyn" of so, en sy kon op hom druk tot sy by dit kom wat sy wil hê ek moet hoor.... of dit nie dalk meer sou gehelp het nie. Alhoewel ek moet sê dit was ook amper twee jaar na haar uhm besering. En uhm dit het verskriklik lank gevat vir haar om te leer wanneer sy moet dit doen. Maar ek dink net om dit vroeër te probeer of te hê, sou beter gewees het. So, daar moet op of ek ek weet nie, julle ken meer die goed, dat sy miskien uhm twee kaarte by haar kon gehad het, een met 'n hartseer gesig en een met 'n vrolike gesig en dan net kon, kon sê ... ja. Uhm, maar X4 se besering was baie anders as die ander mense by die groep sin. Omdat ek kon sien, hulle kon nog vir hulle self besluite neem. Maar X4 kon regtig nie vir haarself besluite neem

nie. As jy vir haar sou vra: "Wil jy koffie of tee hê?", sou sy tee antwoord, want sy het "tee" laaste gehoor. So mens weet nie. As sy dalk die kaarte gehad het sou sy dalk nogsteeds op die laaste een wat sy na gekyk het, bly fokus het. Sy, ek weet nie hoekom nie, kon nie weer terug gaan na die eerste een toe nie. Ek weet nie, maar ek is seker dat van die ander wat net 'n spraakprobleem het nê, sou sou met so tipe ding dalk kon druk totdat hulle by die boodskap kom wat hulle....

Want uhm, X4 se musiekterapeut, het in die tweede jaar wat ek my X4 was, het sy ook 'n beroerte gehad. En die eerste ding wat ek gedoen het toe ek by haar gaan kuier het was (ek het die volgende dag al gegaan nê), uhm, is ek het vir haar 'n witbord saamgevat met 'n pen. En toe ek by haar kom, toe sê ek vir haar: "Wys my net of kan jy skryf en of kan jy nie skryf nie". Weet jy ek dog sy gryp my, as sy kon sou sy seker en sy begin om met die pen te skryf of daai bord nê, en ons kon amper nie sien wat daar staan nie, maar sy kon vir my 'n regmerknie maak as ek vir haar iets gevra het of 'n kruis maak. En toe kon ek en sy die eerste dag na haar... okay haar beroerte was ook nie seker so erg nie, maar sy kon onmiddellik vir my sê: "Ja" of "Nee". Jy weet, en ek kon vir haar vra, want haar dogter was in Amerika en sy sou eers die naweek teruggekom het, en toe ek vir haar vra: "Moet ons haar laat weet iets het gebeur?" en sy het vir my dadelik 'n kruis gemaak, ek het... Jy weet so... (X4 se besering was baie erger as dit) maar uhm, maar na die tyd het sy vir my ook gesê dit het vir haar verskriklik baie gehelp dat sy net kon kommunikeer.

N: Dit het jou ook gehelp

P8: Ja, want toe weet ek ook om vir haar kinders te sê... Y4 was 20 en sy is geskei. So hy was die enigste een wat moes die besluite neem en omsien na haar. So ja, definitief daar moet ook gekyk word na kommunikasie. En dan X4 se terapie spesifiek sou ek gesê het moet meer gaan oor uhm (ek weet nie ek weet min van STT), maar gorreloefeninge of lip oefeninge of sulke tipe goed. Dit het hulle baie gedoen met daai vrou. Sy het spesifiek oefeninge gehad wat sy moes uhm wat sy haar... moes oefen om te kan praat. X4 het dit glad nie gehad nie. Glad nie. Ek weet nie hoekom nie en ek weet nie of hulle gevoel het sy het nog die vermoë om te kan praat nie. Of omdat haar breinbesering nie haar lam gemaak het aan die een kant of so nie. Maar ek dink tog nog sy het 'n probleem gehad om te praat. Sy het, sy kon aanvanklik kon sy nie klanke maak nie. Sy kon nie uhm, toe sy begin praat het, dit was asof asof sy dit nie kon uitspreek nie. So ek het altyd gedink, ek wonder hoekom gee hulle nie vir haar sulke tipe oefeninge nie. Fisio-oefeninge het sy spesifiek gekry. Sy moet dit doen sodat sy haar balans kan terugkry. Maar haar spraakterapie oefeninge het van dag een af gegaan oor uhm, (jy weet watter oefeninge ek van praat) ... prentjies en goedjies en wat pas bymekaar. Dis baie meer kognitiewe terapie gewees en glad nie spraak nie. Klankoefeninge, niks sulke goed nie. En ek het nogal gewonder daaroor.

N: So jy dink mens moet eerder meer op die spraak self konsentreer?

P: Ja.

N: Goed, volgende vraag. Die vraag kom baie ooreen met nou net, oor watse kennis dink jy moet 'n sorggewer beskik om na so persoon te kan kyk. As jy nou moet vir ander sorggewers sê wat hulle moet weet, wat dink jy moet hulle weet?

P: Ek dink nie daar is enigsins iewers 'n kursus wat jy sou kan doen om jou regtig te kan leer hoe om 'n sorggewer te kan wees nie, maar uhm ek dink basiese versorgingsmetodes. Weereens hang dit af van hoe die pasiënt is. Sê nou maar dit is 'n bedleënde pasiënt – sou iemand moet weet om om daai pasiënt om te draai, hoe om hom te bad. Hoe om hom te voer daai tipe goeters dink ek is baie nodig vir 'n versorger om te weet. En dan dink ek ook as hulle miskien meer by arbeidsterapeute en spraakterapeute bietjie meer kennis kan kry oor hoe die brein werk. Watter deel sorg vir wat. Uhm, hoe hulle kan miskien ...en ek dink dit is baie moeilik en weet nie of daar regtig antwoorde vir dit is nie, maar om sê nou maar te sê kom ons kyk na die persoon se kommunikasie wat moeilik is. Uhm, hierdie, probeer prentjies, probeer uhm, probeer self vir hulle 'n pen gee, probeer sulke goed, en dan elke keer te kyk goed maar dit het nie gewerk nie. Probeer so "device", okay hy het nie gewerk nie. Opleiding oor uhm, oor baie van hoe julle dink. As jy byvoorbeeld dink kom ons doen hierdie terapie omdat ek wil sien waar dit uitkom, om baie vir die versorgers te sê dit is hoekom ons 'n sekere, hoekom ons sekere goeters doen. Ek bedoel ons kan nie leer wat julle, geleer het in jare en jare se ondervinding nie, maar ek dink regtig dat uhm partymaal voel dit vir 'n versorger uhm sy weet eintlik niks nie. En ek dink nie, ek dink omdat ons die hele dag met daai persoon werk nê, is, daar is baie uhm-uhm praktiese kennis van wat werk en wat werk nie. So ek ek dink, miskien vir 'n mens 'n dag seminaar of kursus of 'n ding kan kry wat miskien bietjie kan verduidelik hoe die brein werk... sal mens dalk bietjie kan sien okay... Haar man het altyd vir my gesê, hulle het 'n "scan" gewys en gesê daai en daai deel is swart op die brein. Maar dan het ek altyd gewonder maar daai deel wat swart is, hoekom? Wat? Die dokters het altyd vir my gesê,

emosioneel het sy seergekry, en uhm, haar balans het seergekry jy weet so... Maar dat 'n mens meer weet, want emosioneel is 'n baie moeilike ding as dit seerkry. Want X4 was glad nie 'n moeilike pasiënt (as ek dit so kan stel) nie. Sy het nie "tantrums" gegooi nie. Sy het nie woede aanvalle gekry nie. So ek was baie, baie gelukkig in daai opsig. Maar ander pasiënte word... kry uitbarstings. Gaan byt hulleself van woede. En ek dink vir so versorger is dit baie, baie moeilik om te verstaan HOEKOM daai persoon so optree. So ja, uhm ek dink dit kan nogal help as 'n mens miskien bietjie van die brein weet. Ek het, as daar enigsins 'n plek was waar ek kon gaan, het ek gegaan. As hulle by Eugene Marais 'n praatjie gehad het, het ek gesorg dat ek gaan, of ek het maar altyd gekyk. As daar enige iets was, dan sleep ek maar nou net eenvouding vir X4 saam soontoe en ons gaan en ons sit en ons luister. En ek dink dit is ... om op hoogte gehou te word, is baie belangrik. En ek dink die neuroloë ook, moet maar half uhm, probeer om 'n band met die versorgers te vorm. Want uhm, hulle is partymaal asof hulle... dit voel vir my hulle het die kennis en hulle dink jy sal dit inelkgeval nie verstaan nie. So hulle sê nie regtig vir jou wat daar... wat hulle dink wat ... Verduidelik dit in sleutelteme vir 'n mens darem ... ek bedoel FEIT, ons gaan nie alles kan verstaan soos wat julle dit geleer het nie, of verstaan nie. Maar as hulle miskien net vir 'n mens spesifiek kan verduidelik dit is min of meer wat jy kan verwag van iemand met so besering. Ek bedoel elke besering is verskillend, maar jy weet uhm, dit en dit het seergekry. Uhm, dit kan dalk verbeter, dit vermoed ons kan nie verbeter nie, maar mens kan daaraan werk. So dat 'n mens net tipe van riglyne het waarvolgens jy min of meer kan gaan. Jy weet om te weet waar jy wil uitkom. Al kom jy nie dalk regtig daarby uit nie, dat jy 'n rigting het. Nou word jy by hierdie persoon gesit en jy moet haar nou versorg, en daar is baie dinge wat jy moet kan, wat jy moet na kan kyk. Want jy gaan nie net ... versorg beteken jy moet sorg dat sy eet, jy moet sorg dat sy bad, jy moet sorg dat sy nie 'n glipsie kry nie en dan moet jy sorg dat sy terapie doen, EN jy moet sorg dat sy beter word. Jy moet iets bereik jy weet. Maar 'n dag het net soveel ure en daai basiese behoeftes vat baie van 'n dag. So daar bly min tyd oor vir regtig terapie-terapie dan nou. Mens probeer dit maar inkorporeer tussen die daaglikse aktiwiteite, maar maar ek dink... Soos in X4 se geval staan haar ouers eenkant en hulle wil vordering sien. Maar hulle besef nie, die helfte van die dag gaan net hom haar basiese behoeftes. Om net te sorg dat sy skoon is, dat sy toilet toe gaan want dit vat... Alles vat baie langer. Jy gaan nou met haar gym. Sy gaan nou gym. Maar om haar by die gym te kry wat jou 'n uur. Want ek het altyd probeer om haar, (dit was deel van haar terapie) so uhm ek sê vir haar "Ons gaan nou gym, kry jou gym sak", dan het sy nie 'n "clue" waar haar gym sak gebêre is nie. Vir twee jaar lank word haar gym sak altyd op dieselfde plek gebêre, maar sy weet nie waar hy is nie. Weet nou kan jy nie net die sak vat en nou ry ons en dit is vyf minute nie. Dan moes ek vir haar sê: "Gaan kyk in jou kamer". Dan sal sy in haar kamer staan en bo kyk, jy weet vir die mure. Dan sê jy: "n Sak moet onder staan of op iets staan, kyk laer af" dan moet sy nou laer afkyk. Dan het sy nou haar sak, dan sê jy vir haar okay: "Jy het nou jou klere aan, uhm gaan jy met hierdie klere kan gym?" "Nee, kom ons kyk watse oefenklere gaan ons saamvat". Dan sal jy nou vir haar kom: "Kom ons kry 'n T-hemp" Dan stol sy. Dan moet jy haar eers weer lei dat 'n T-Hemp in 'n kas gebêre word. Verstaan jy so dit vat 'n uur om haar gym sak gepak te kry vir ry. Dan ry ons tot daar en dan kom ons tot in die gym en dan stap sy net. Dan moet ek weer vir haar vir haar sê: "Goed wat wil jy nou eerste doen?". "Jy wil aantrek". "Waar gaan jy aantrek?" "Kan ons hier aantrek?" dan begin ek haar klere, maak of hulle wil los maak in die gym dan sê sy: "Nee, nee, nee." Jy weet. Dan sê ek okay: "Maar waar gaan ons aantrek?" Dan sal sy nou op die ou einde sê: "Kleedkamer" of sy sal sê... jy weet begin rond kyk. Dan sal ek sê: "Wil jy toilet toe gaan?". "Ja". So dit het hulle nooit verstaan nie, dat dit vat amper drie ure vir haar om te gaan gym. Jy weet, so dit dink ek ook 'n ander ding is, dat die mense wat NIE versorg nie, moet begin begrip kry vir wat dit vat om te versorg. Want dit is baie maklik en vat haar gym sak en gooi hom oor my skouer en ons gaan gym toe, en ek trek haar aan, jy weet. En dis dit. Maar om dit te doen asof dit terapie is, dit vat lank. Dit vat baie tyd. So en ek dink nie... Haar ma'hulle was ver, en hulle wil net sien dat dinge beter word, maar jy weet en daar moet baie goed... Haar ma'hulle het verskriklik baie (haar man ook) verwag daar moet baie in 'n dag gebeur. Daar moet gegym word, daar moet 'n aktiwiteit gedoen word, jy weet 'n kunsaktiwiteit, plus sy moet terapie toe gaan. Plus sy moet haar terapie huiswerk doen. Sy moet haar eie kos maak, kyk weet. So alles – hulle wil alles in 'n dag gedoen kry. (onderbreking)

En ek het gevoel dit is nie altyd vir my 'n prioriteit nie (jy kan self sien ek is nie 'n ou vir grimeer nie), dit hang ook maar van versorger tot versorger af. Daar sal seker nou iemand wees wat elke dag sal sorg dat sy nou pynlik netjies gegrimeer is. Ek verstaan dat sy moet goed lyk, maar ek het altyd gevoel ek sal liever uhm uhm daai tien minute wat dit van om haar te grimeer eerder gebruik om haar te leer om koffie te maak, want dit kan sy meer funksioneel gebruik. En toe later dat hulle nou regtig aandring daarop dat sy moet gegrimeer word, toe sê ek goed maar dan vat ek dit is terapie. Sy moet haar elke dag self grimeer. Dan sal ek nou by haar staan, en en haar nou lei, weet en sê okay: "Jy het nou klaar dit gedoen, wat kort nog aan jou gesiggie?" En dan sal sy nou op die ou einde kom by die maskara. Dan sal ons nou... en ek het haar gedwing om dit self aan te sit, maar wat dit moeilike gemaak het (en ek is seker nou nie veronderstel om dit op hierdie tape te sê nie), is dan kom die naweek en dan maak haar ma haar op. En dan Maandag oggend dan begin ek weer voor, want hulle het vir haar half laat verstaan dat dit is nie

nodig dat sy dit hoef te doen nie. Jy weet. So, so dit sit 'n mens terug met jou "terapie". Ek dink miskien as hulle kursusse kan maak wat 'n mens kan gaan swot om 'n versorger te word, dat jy kan sê: "Maar luister mamma ek het geswot en ek voel ek het geleer dat dit die beste manier is", dan gaan hulle dalk nou na jou kyk met 'n ding van uhm, jy weet sy het 'n kwalifikasie. Vir X4 se ma hulle was dit die "ultimate". Die persoon of enige een wat met haar werk moet 'n kwalifikasie hê. En hulle het hoeveelkeer vir haar man gesê: "Maar watse kwalifikasie het ek om met X4 te kan werk?". Nou, ek weet nie, want daar is nie 'n kwalifikasie wat 'n mens kan kry nie. 'n Kwalifikasie kan jou bietjie kennis gee, maar dit kan nog nie daai aanvoeling gee om met so persoon te werk nie. So uhm, maar as daar miskien so 'n kwalifikasie kon gewees het, dink ek kan dit dit amper vir die versorger makliker maak wat sê net soos wat, hulle sal nooit met 'n terapeut stry oor wat mens moet doen nie. Maar hulle sou die hele tyd met my stry oor wat sy moet doen jy weet. Net omdat ek nie kan sê: "Maar horie, ek het hierdie papiere wat wat waar ek gestudeer het wat sê sy moet dit doen" Jy weet. Hulle vat net nie, hulle het dit net nie aanvaar nie, as iets wat ek.... En eintlik het ek 'n onderwyskwalifikasie, ek was 8 jaar in die onderwys. So ek het geweet, hoe om haar voorkennis te probeer gebruik om haar te leer, as sy nou haar wiskunde sommetjie doen, hoe om dit te benader om daai somme te doen en sulke goeters. Ek dink ek het meer kennis gehad as wat sy by iemand sou kry wat hulle van die straat af soek het - jy weet sou vat om haar... as ek vat, ek bedoel dit nou glad nie lelik nie, maar die tannie wat nou na haar kyk is 'n ouerige tannie en sy is 'n uhm, was haar hele lewe lank 'n sekretaresse. Ek dink nie sy het daai onderwysbenadering wat ek het nie. Alhoewel ek weer glo sy het meer lewensondervinding, want sy het kinders wat al groot is, en sy het kleinkinders. En sy weet hoe om daai tipe versorgingsgoed te doen. Jy weet. Maar, maar uh, ek dink as 'n mens 'n kursus kon doen en sê: "Wel, uhm dis so ek moet besluit dis so". Jy weet, hulle het my altyd laat voel asof, wat weet jy nou eintlik. Jy weet en al is dit nie 'n voltydse kursus nie, jy weet net iets wat hulle deelyds kan doen en iets waar hulle dan bymekaar kan kom. Wat inplaas daarvan dat ons nou by die breinbeseringsgroep sit, jy weet en ons amper deelneem aan die groep in plaas van die persoon. Ons ons eie groep eenkant het waar ons bietjie opleiding kan kry oor sekere goed. En met mekaar kan gesels en ons lief en leed ook kan deel. Want want uhm, soos ek sê jy word baie afgestomp en jy smag later so na geselskap, nê. So, op daai manier kan die versorgers ook bietjie uitkom. En bietjie praat en sê: "O, ek sukkel verskriklik, sy wil net nie potty train nie, watse raad het julle vir my". Jy weet sulke tipe goed. Ek het goeie raad. X4 het "time and again", nommer twee glipse gehad, o verskriklik. En dit is baie erg, ek bedoel dit is 'n groot volwasse vrou jy weet. En dan het ek haar in die bad gesit en dan moes ek haar afspoel, en alles. Maar eendag, maar dit was darem in die somer moet ek sê, het ek haar in die tuin laat staan en ek het die tuinslang in haar broek ingedruk. En ek het om oopgedraai en ek het haar daar buite afgespuit. Nou moet jy weet dit is baie erg, nou loop dit en dit loop... En dit is koue water en die heelyd het sy gesê: O, dit koud, o dis koud". En ek het vir haar gesê: "Maar X4 dit is wat gebeur as 'n mens in jou broekie vuilmaak, dan dan dan moet jy koue water kry op jou". "Jy wou in jou broekie vuilmaak." Dit was die laaste keer wat dit gebeur het. Jy weet so, partymaal is dit dit is "cruel to be kind". En dit sou haar ma byvoorbeeld nooit met haar kon doen nie. En as haar ma moet weet ek het dit met haar gedoen sal sy my iets aan doen. Maar dit was op die ou einde wat die verskil gemaak het. Maar 'n mens sit met hierdie ding binne in jou wat worstel: "Doen ek die regte ding, doen ek die regte ding, wat gaan nou gebeur?". Maar mens moet partymaal jou instink gebruik. (Onderbreking)

Met die verskil ek glo hierdie persoon het nog partykeer bietjie meer insig dat hy nog hierdie manipulerende aspek kan inbring. Want 'n kleintjie van twee, kry sy twee jaar "tantrums", maar hy bly nog klein. Waar jy het nou hierdie persoon van 24 wat in opsigte soos 'n tweejarige is, maar nie in alle opsigte nie. So daar is ander plekke waar hulle nog volwasse dink, al moet hulle weer soos 'n tweejarige leer. En dan begin hulle jou manipuleer. Dis regtig. Ek dink regtig so. Baie gaan oor 'n besluit wat hulle in hulle kop neem. Van hulle wil dalk nie beter word nie, (soos in X4 se geval) soos ek vir jou gesê het sy het altyd gesê sy sal dit nooit kan hanteer nie. En ek dink nou is dit deel van haar lewe.....

Kant B:

P8: En ek dink die versorgers moet miskien daarop bedag gemaak word dat hulle gemanipuleer word. Want ek dink uhm van die ouers se kant af en van ander mense se kant af, as jy hard is met die persoon, "hard" in aanhalings tekens, want dit is nie regtig dat jy hard is nie. Dis net dat jy ferm is miskien eerder. Dan dan is, laat hulle jou voel, jy weet, jy-jy-jy is hard. En eintlik is dit. Jy moet weet dat jy moet ferm wees, want anders gaan daai persoon jou manipuleer.

N: Wat dink jy is persone met breinbeserings se primêre kommunikasieprobleme?

P8: Uhm, die praat. Ek dink hulle kan dit dink, maar hulle sukkel om dit by hulle mond uit te kry. In X4 se geval kon sy dit eintlik glad nie uitkry nie. Sy kon regtig glad nie praat nie. En nou nog praat sy baie swak. En sy sal ook mos, omdat sy geen inisiatief neem nie, sy sal nie sinne praat of met jou kommunikeer nie. Sy, sy kan nou op hierdie stadium net vir jou terug antwoord wat jy haar vra. Jy weet.

Maar ek het gesien met die ander mense daar, meer die beroerte groep daar waar julle was, uhm, jy weet hulle dink dit, maar dis net asof daai konneksies net nie daar is om dit uit te kry by die mond nie. Dit is baie moeilik. En dis hoekom ek sê daai oefeninge, watse oefeninge ookal daai “GORREL”, “BRRR”, of wat ook al moet daar wees want dit is uhm nodig om-om-om weer die lippetjies te kan regkry. Die tong te werk. Ek dink nie die kommunikasie probleem is so groot nie, dat hulle nie kan dink wat om te kommunikeer nie, ek dink dit is maar net ‘n kwessie van hulle moet ‘n manier kry om dit uit te bring. Hetsy te skryf, prentjies te teken. Hetsy te kies of iets, hetsy daai knoppie ding te druk om ...op ‘n respons wat hulle wil gee. Of dan om net eenvoudig te praat al sukkel hulle om dit uit te druk.

N: Wat dink jy is ‘n persoon met ‘n breinbesering se belangrikste behoeftes in terme van hulle kommunikasie? Wat dink jy is vir hulle ‘n behoefte?

P8: Ek dink dit is vir hulle baie frustrerend om nie te kan praat nie. So ek dink dit is vir hulle ‘n behoefte om hulle self te kan uitdruk. En ek ek het nie baie kennis daarvoor nie, maar daai uhm alternatiewe kommunikasie metodes, daai tipe goed, dink ek help vir hulle baie. Al is dit ‘n kwessie van dat hulle later na terapie weer sal kan praat soos die mense met die beroertes gehad het. Ek bedoel hulle, ewensieël kom hulle spraak tog reg. Maar, ek dink daai tydperk tot hulle spraak regkom wanneer hulle nie kan sê wat hulle wil sê nie, is dit baie belangrik om iets anders te kry waarmee hulle, hulle kan uitdruk. Ek dink dit is nogal. Want hulle hulle dink tog, verstaan, van die begin af wil hulle goed sê. En uhm hulle kan nie. So vir twee jaar word wat hulle dink omtrent, dit verdwyn maar in die niet. Want wat hulle dink dit en dis maar waar dit bly.

N: Want dink jy is ons as spraakterapeute se rol in terme van die hantering van ‘n sorggewer?

P8: Wat so ek wou hê hulle moes vir my kon doen?

N: Ja wat dink jy, hoe sou jy graag hanteer wou word?

P8: Uhm, wel wat vir my baie belangrik is, is dat hulle my nie moet laat voel maar ek is stupid en ek weet nie wat ek doen nie. Want ek kyk mos nou maar net na haar nie. Asof hulle, as hulle vir my gesê het ja dit is hoekom hulle iets doen, dat dit my laat voel het asof hulle dink ek verstaan. Uhm, en dan die ander ding was dat hulle altyd vir my gevra het hoe gaan dit met my? Hoe voel ek? Soos: "Los haar vir ‘n uur by my ek moet in elkgeval terapie met haar doen, sy is in veilige hande. Gaan sit jy net buite en blaai ‘n tydskrif deur of wat ookal". Dat jy net bietjie jou gedagtes kan laat gaan.

P8: Die ander ding sou ek gesê het uhm dat ons groepe kry om bymekaar te kom, dat ons vir julle kan vra vrae. Sê, ek het regtig nou ‘n probleem, ek verstaan nie hoekom gebeur dit of dat nie. Miskien meer ‘n, jy weet, meer ‘n kommunikasie-vrae-groep eerder as sommer net ‘n uhm, dis hoe dinge werk en ons sit en luister na ‘n praatjie of so iets. Iets waar ons kan vrae vra. Uhm, ja dit is maar... iets wat ek dink baie kon gehelp het miskien dat ‘n mens... ‘n tipe van ‘n werkboek miskien kan opstel. Waar uhm, ek dink nou maar as ek... In die onderwys moes ons ‘n lesbeplanning doen, en dan moes jy na die tyd terug rapporteer op jou beplanning, van wat het gewerk in jou les en wat het nie gewerk nie. Dit vat baie tyd en soos ek vir jou gesê het, hoe min tyd is daar (want gym vat 3 ure), maar laat ‘n mens aan die einde van die dag net bietjie kan neerskryf: "Ek het vandag aandag gegee aan dit en dit en dis hoe sy daarop gereageer het". Dat mens miskien uh uh werkkaart kan maak, uh wat sê dit is jou doelwitte en dit het jy bereik en dit het jy nie bereik nie. Ek het in die begin dit gedoen, sommer net op ‘n stuk papier tipe van uhm, want aanvanklik moes ek geskryf het presies wanneer X4 toilet toe gaan, presies hoe lank sy slaap, presies wie haar gebel het, presies hoe sy daarop reageer het. En baie maal as dit vir my gevoel het daar het niks niks verander nie, dan het ek teruggegaan na prentjies wat sy geteken het...waar ek gesê het teken vir my jousef. En sy kon glad nie jy weet. En ek moes haar help en sê: "Het jy nie armpies nie?" Dan het sy ou armpies moes by teken. Toe het ek onderaan bygeskryf uhm dis die datum, X4 kon nie dit of dit doen nie. Ek moes haar lei om dit en dit... En toe ek ‘n jaar terug weer daarna gaan kyk, toe besef ek maar ons het gevorder. As ek nou vir haar sê teken vir my ‘n dogtertjie dan kan sy ‘n dogtertjie teken. So daar is vordering. Maar dit voel vir ‘n mens sy vorder glad nie. So ek dink dit is baie belangrik as mens ‘n werkboek het wat jy daarin skryf en sê: "Vandag was sy baie emosioneel." Uhm en dit kan miskien ook help in die opsig dat die mense buitekant, haar ouers, of haar man, of wat ookal daarna kan gaan kyk en sê: "Julle het darem gewerk vandag." Hoekom ek opgehou het daarmee is omdat dit toe nou verkeerd opgeneem is. As ek daarin geskryf het: "Haar ma het haar gebel, en uhm na die oproep was dit vir my asof sy depressief was", dan het hulle nou dit opgeneem asof ek probeer haar man nou inlig dat dit sleg is dat hulle bel. En dit was glad nie my doel daarmee gewees nie. So ewensieël het ek opgehou daarmee omdat dit teen my gegooi is. Maar ek dink as dit miskien meer ‘n beplande tipe van ‘n uitwerk, uitgewerkte ding is wat daar byvoorbeeld staan, jy moet skryf: "Hoe was haar emosie?" Uhm riglyne gee waarna jy moes kyk interme van hoe het sy gereageer op bevele, goed soos...merk dit af tipe van nê. In plaas daarvan dat ek nou daar my opinie gegee het, dink ek dit kon nogal vir hulle meer laat

voel het ek, ek het gewerk jy weet en daaruit kon ons sien uhm die eerste keer toe ek by haar was: "Emosioneel, huilerig, sy het die hele tyd gehuil". "Paar dae later kalm, rustig" Wat ookal. Vir rekord doeleindes het jy dit dan, so.

N: Wat is jou verwagtinge van 'n STT in die hantering van 'n persoon met 'n traumatiese breinbesering?

P: Uhm, sy moet ferm wees. Hulle moet uhm...dis wat ek van die terapeute gehou het wat met X gewerk het...ek praat maar uit daai ondervinding. Ek het daarvan gehou dat hulle ferm was. Ek het baie daarvan gehou dat hulle nie betrokke geraak het nie. Nooit, nie een van hulle het ook betrokke geraak by die bakleiry nie tussen haar man en haar ouers nie. Uhm, die ander ding wat ek baie waardeer het van hulle is dat waar as hulle op die punt gekom het waar hulle gesien het maar dis twee jaar en daar is nie regtig enige iets verder wat hulle kan doen nie, het hulle nie aangehou en aangehou en aangehou met terapie nie. En dan hulle kan dan net tipe van 'n handleiding vir 'n mens gee... kom ons kom eenkeer in 6 maande bymekaar, dat ons net praat oor wat het nou in die volgende ses maande gebeur. Uhm, hoe sy en dan spesifiek ook iets waarop jy moet afmerk, julle is nou klaar met terapie. Dit is die vlak waarop sy nou is. Jy vul hom miskien in as terapeut en die versorger vul hom miskien in. En haar man of vrou of ma of wie ookal. En oor ses maande vul hulle dieselfde tipe vorm in en sê okay hulle dink dit en dit en dit het nou verander, verbeter of versleg of wat ook al. Dat 'n mens nie net aan en aan en aan gaan met terapie nie, maar dat jy net nie ook gelos word nie. Dat jy nou, nou moet jy maar net op jou eie aangaan. Jy weet en elke dag nou maar net verby kry. So ek dink uhm, daar moet nou maar soos sê maar elke 6 maande teruggegaan word, soos wat hulle in elk geval elke 6 maande moet teruggaan na die neuroloog toe. So iets. Uhm maar regtig die terapeute het dit vir my, baie maal as ek gevoel het ek gaan my goed vat en net wegvlieg, uhm, vir my krag gegee om weer aan te gaan. So, uhm hulle moet partymaal meer met die versorger werk as wat hulle met die pasiënt werk. Dat hulle mooi opleiding gee van dit is die huiswerk, dis hoe dit gedoen moet word, en uhm omdat mense ook baie besig is, dan kry ek nou huiswerk wat ek met haar moet doen. Ons het nou Dinsdag terapie gehad, dan het ons sê nou maar volgende Dinsdag weer. En dan doen ek dit hier by Woensdag of Donderdag met haar, en dan Dinsdag as ek daar kom dan kan ek nie eers meer mooi onthou ek het dit met haar gedoen nie. Dan het daar soveel goed in tussen tyd gebeur dat as 'n mens miskien 'n opdrag gee, jy weet, jy doen hierdie huiswerk met haar. 'n Tipe van 'n merkstaatjie bysit wat jy dan wanneer jy dit met haar doen afmerk, uhm dis hoe sy dit gedoen het 'n dan 'n klein stukkie opmerking daarby byskryf en dan volgende Dinsdag as jy daarkom dan gee jy dit nou weer in. Dan kan jy dink: "O, ja dis wat ons gedoen het". Want deur die week is dit, dis arbeidsterapie, dit is spraakterapie dit is fisioterapie, dis is musiekterapie, dit is gym tussen in, dit is kunstgoed tussen in. So gaan dit die heletyd, dan voel ek half so dom teen volgende week Dinsdag, dan sit en daar by die spraakterapeut dan vra sy: "Hoe het dit gegaan?" dan kan ek nie eers onthou wat moes ons doen nie, jy weet. En as ek nou nie die huiswerk kan uithaal nie dan is dit half moeilik. Mens moet miskien dan so tipe van 'n merkstaatjie of 'n ding bysit. Want ek glo daar is seker maar nou versorgers wat dit net doen vir die geld en nie regtig veel omgee nie, en as hulle nou nie opgepas word nie, dan doen hulle nie eintlik veel nie. Ek bedoel dis die lewe, daar is sulke mense. So ek bedoel dat so tipe ding sorg dat daai persoon dit gedoen het en terug rapporteer.

N: Laaste vraag, as jy een behoefte moes uitsonder net een in die hantering van die persoon met 'n TBB, wat sou dit gewees het?

P: Geselsskap. Geselsskap. Dit is baie alleen. So ek dink ek sou enige iets wat haar terapie en versorging aanbetref, beter kon hanteer as ek ook 'n groep kon gehad het. As ek ook kon uitsien na.... Wel X4 het nie veel gebaat by die groep nie, jy weet hoekom, julle het gesien sy sit maar net daar, maar ons het elke week gekom. Want ek het daarby gebaat. So, ek het dit was amper half selfsugtig maar ons het eenkeer 'n week gegaan vir my en nie vir haar nie. Maar dit hang ook maar af, daar is party persone wat daar kon wees op hulle eie, maar ek kon X4 nie daar gelos het nie. Sy sou geen bydra in elk geval gelewer het nie en sy sou net daar gesit het, jy weet. Uhm, en ek kon haar nooit alleen gelos het nie sy sou die pad gevat het. Dis hoekom ek sou haar nie alleen kon los nie, al wou ek sê nou maar langsaan by 'n ander groep wees en kon haar nie los nie. So dit hang ook maar af van elkeen af.

BYLAE N

Transkripsie van semi-gestruktureerde onderhoud van sorggewer wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is

Deelnemer 9

N: Goed, die eerste drie vragies is net inleidend tot die hele doel van die studie. Hoe sal mevrou die term traumatiese breinbesering beskryf?

P9: Dit is traumaties. Dit is erg traumaties vir die familie. Vir daai pasiënt ook, maar jy besef nie op daai oomblik dat dit vir hom ook traumaties is nie. Syne kom eers omtrent vyf jaar daarna. Maar vir die familie is dit baie erg. Regtig. Want dit is traumaties. Dit is regtig. Dit slaan vir almal. Dit slaan vir almal.

N: En die term die akute rehabilitasie periode. Hoe sal u dit definieër?

P9: Okay ek weet hulle sê die akute tydperk dit is die “golden hour” en as dit op die ongeluks-toneel daar is dan sal dit baie baie goed gaan. En as hulle dit reg behandel dan sal daai pasiënt definitief okay wees. Maar vir my bly daai akute baie baie lank. Baie lank. As daai pasiënt bygekom het, begin hy besef dat daar is ‘n deel uit sy lewe. En dan het jy niemand om jou nie. Dan is die predikante weg, die familie is weg. Hy is heel moontlik uit die hospitaal uit ontslaan. En dan sit jy met hierdie persoon wat nie meer dieselfde persoon is nie. So daai akute is vir my dwarsdeur. Dwarsdeur. Ek sit nou nog met probleme met hom en ek sit alleen. Hy het begin werk en uhm daar is baie dinge wat hy besef wat hy verloor het. So vir my is daai akute reg van die ongeluk af. Dwarsdeur. En dit val ongelukkig op die persoon wat vir hom sorg.

N: En die term sorggewer. As u aan u self moet dink. Hoe sal u die term sorggewer definieër?

P: Dit val ongelukkig op die familie. Uhm, hy word opgeneem in die hospitaal. Daar is sorggewers in die vorm van susters en uhm dokters en alles. Maar hulle-hulle-hulle weet nie regtig wat aangaan nie. En ongelukkig val dit terug op die familie. En regtig dit is-dit is baie erg. Daai sorggewer hulle vat alles uit hom... uit daai persoon. En dit is gewoonlik die ma. Dit is gewoonlik die ma.

Ek wil net hier sê, gewoonlik, ek het dit nou al agtergekom. Ek is by hierdie uhm “Injury group” en ons kom elke maand bymekaar, by HF, by Pretoria Akademies. Uh, onder twee X'e... een is ‘n maatskaplike werker, en een is ‘n suster ek kan nie die naam onthou nie. Hulle het dit alles gereël vir die ouers. Maar wat ek ook, wat ek besef het is dat dit ‘n verskriklike ding is as dit ‘n getroude persoon is wat uhm weer terug gaan na die vrou toe. Daai, dit word gewoonlik...hulle gaan terug na die ouers toe, met die vrou. Maar dit uhm, gewoonlik is dit ‘n egskedding. Gewoonlik daai ega, kan dit nie hanteer nie. Of dit nou die man of die vrou... Die vrou hanteer dit beter as die man. Maar as die vrou seergekry het loop die man gewoonlik weg. So daai huwelik hou nie. Daai sorggewer wat uit die huwelik uit kom, hou nie. Dit hou nie, hulle kan dit nie hanteer nie. So hulle het hulp nodig. By een Brain Injury Group, die man hy het sy vrou begin slaan. Toe kan sy nie aangaan nie, toe is dit ‘n egskedding. Die een is ‘n man, nogal ‘n pastoor, en hy het die kind begin slaan, toe is hulle geskei. So, almal wat die sorggewer word is alweer op die familie en uhm hulle kan dit net nie “handle” nie omdat daar nie vir hulle hulp is nie. Ek sê altyd as hulle vir my vra om te gaan praat by ‘n pasiënt wat hoofbesering opgedoen het, by ICU en die hoë sorge. Dan sê ek dit is nie daai pasiënt wat hulp nodig het nie, dit is jy. Jy het die hulp nodig. Vergeet van daai pasiënt. Jy moet alles wat jy vat, moet jy vat. Ag, alles wat jy tee loop en kry, moet jy vat. En jy moet elke nommer neerskryf van iemand wat ‘n hoofbeseerde in die familie het. Hulle kan vir jou...Net deur te praat is al klaar wonderlik. Ek sê dankie, ek het by daai groep uitgekom by PTA Akademies, want regtig, dit het vir my “sane” gehou, want regtig anders het ek vir X5 “doodgemaak”. Ek kon dit net nie meer “handle” nie. En dan kom jy daar, en jy hoor jy is nie uniek nie. Jy sit met hierdie moordgedagtes en hierdie verskriklike vloek en skree periodes wat jy deurgaen met hom en dit is nie uniek nie. Almal gaan deur dit en onmiddelik voel jy beter. Onmiddelik. En jy weet daai een met die hoofbeserings manipuleer jou en jy val vir die grap. Jy val vir die grap. As gevolg van ‘n klomp “baggage” wat jy saamdra.

N: As u nou moet terug dink aan die tydperk toe X5 net uit die hospitaal uitgekom het. Wat was u grootste behoeftes in terme van kommunikasie met X5 en selfs nou.

P9: Weet jy ek dink dit is elkeen se uhm dit is uh, hoe kan ek sê. Elkeen van ons (Ek het al met baie mense gepraat)...Ek het geglo daar is niks fout met hom nie. Ek het geglo hy gaan daar bykom en hy

gaan heeltemal normaal wees. En dan begin praat jy eerste met die dokters en jy begin praat met die verpleegsters. En jy kry hierdie “feedback” van hy gaan ‘n “cabbage” wees hy gaan niks werd wees nie en jy gaan hom moet begin in ‘n instituut insit. Jy moet-moet hom afskryf en jy moet hom bêre. Hy gaan nie meer deel van jou lewe wees nie. So, vir my was dit die...en ek sê dit ook, die eerste behoefte wat jy het is om net met iemand te praat wat vir jou sê, uhm: “Vertrou op jou God en glo”. Want hulle gee vir jou hierdie totale negatiewe goed, (wat ook normaal is). Ek werk daar. Ek weet die dokters wil nie vir jou vals hoop gee en dit nie. Maar, ek sou sê probeer om met ‘n sorggewer te praat. Daar moet soorte van ‘n groep sorggewers opgestel word om met daai ouers (nie net die ouers nie), sê met die sorggewer te gaan praat. Dat jy besef jy is nie abnormaal, dat jy hierdie vals hoop het, en dat jy glo, jy het gebid en daar kan genesing kom. Definitief. Ek dink dit was die grootste behoefte. Uhm, om nie die dokters te glo en nie die susters te glo nie. Jy weet dit was die grootste grootste behoefte. Want almal het gedink ek is mal. Hulle het regtig gedink ek is mal. Omdat ek hierdie verskriklike geloof gehad het, dat X5 gaan regkom. En jy weet ongelukkig, en dit ook... jy as ouers, ek het sy pa geskei en ek het nie sy pa gehad om op te steun nie. Maar ek sien die pa en die ma bars uitmekaar uit. Alklaar. En hulle...die pa blameer die ma en die ma blameer die pa. En die kinders word afgeskeep. So as daar ‘n groep van sorggewers kan kom en die rondte doen by ICU en hoë sorg en vir daai ouers te sê: “Hoor hier, dit is nie so sleg nie en daar is hoop. En glo jy wat jy wil”.

N: Wat was u behoeftes in interme van kommunikasie met X5? Toe hy nou net uit die koma uitgekom het?

P9: Dit was verskriklik. Dit was vir my ‘n geweldige skok dat ek nie met hom kon praat nie.

N: En wat was u behoefte toe? Wat sou u wou weet?

P9: Die eerste wil ek hê iemand moet vir my kon sê wat was op die EEG. Jy weet, ek, al is ek ‘n suster, kom hulle daar met hierdie verskriklike woorde van “Efusie” en uhm ...dit was “efusie”. Dit was vir my ‘n verskriklike term. En dan sê hulle, maar die brein het geskud. En dan sê jy: “Ag maar so what, die brein het geskud, hy gaan regkom”. So vir my voel dat daar moet iemand buite ‘n suster en buite ‘n dokter wees wat vir jou kom sê: “Hoor hier, hierdie kind het verskriklik seergekry”. En jy weet wat met my gebeur het, ek het begin baklei. Ek het met die uhm, uhm, dokters begin baklei ek het met die susters begin baklei. Ek het net vir hulle gesê, hy kry nie die regte sorg nie. En uhm toe het ek by ‘n maatskaplike werkster beland. Hulle het toe die maatskaplike werkster vir my gekry. En sy het ook nie regtig behoeftes bevredig nie, want hulle praat nie met jou nie. En JY wil met hierdie kind praat. Verstaan jy? Hy is heeltemal nog “lights out”. En jy kan dit nie verstaan nie. So as ‘n gewone ouer nie eers ‘n bietjie mediese, uhm uhm goed agter hom het nie, ‘n mediese begrip, moet dit verskriklik wees vir hulle. Dit moet verskriklik wees. Jy weet jy kyk, daar in die ICU, jy kyk na daai verskriklike groot kaarte en jy sien al hierdie syfers – die Glasgow skaal. Hulle het vir my gesê sy Glasgow skaal is maar drie uit vyftien. En dit was dit wat vir my laat gaan swot het vir hoë sorg suster. Want, dan dan sê hulle: “Dis verskriklik”. Jy weet nou verwag jy hierdie kind gaan doodgaan. En-en-en dit was baie erg. So ek voel daar moet iemand wees wat daar, jou behoeftes kan kommunikeer hoe om met daai kind te kommunikeer. Jy weet dat jy voete “massage” en hande “massage”. En miskien uhm, jy weet met hom aanhou praat. Dit is eers nadat ek beland het by hierdie uh-uh groep dat ek toe musiek gevat het. Ek het die heelyd vir hom musiek gespeel, want hulle het vir my gesê: “Hy hoor” en “Hy sal hoor”. En wat ek ook my pastoor ingebring het om vir hom te bid en hom met olie te salf. Hulle het gedink ek is mal. Hulle het totaal gedink ek is gek. Maar sy, die maatskaplike werkster het vir my gesê: “Moenie glo wat hulle vir jou sê nie. Glo wat jy glo.” So ek dink dit is die groot behoefte om iemand wat baie na aan ‘n hoofbesering is vir jou te kom sê: “Glo wat jy wil glo”. Moenie gaan volgens die dokters en die susters nie.

Ek verstaan hoekom hulle dit sê. Ek is deel van daai span. En dit gaan nogsteeds oor baklei. As daar ‘n hoofbesering daar is en die dokter sê: “Hoor hier, skryf hom af”. Dan sê ek: “Vergeet dit, jy bly hoop tot op die laaste”. Tot op die laaste. Want dit affekteer jou. Ek het by ‘n dokter X beland. Hy het toe nog geswot by PTA Akademies maar hy was oor X5 gewees. En hy was die eerste een wat vir my gesê het: “Mevrou neem afskeid van jou kind, hy gaan ‘n “gabbage” wees”. En ek het hom daarna (kyk hy het nou sy eie praktyk iewers in XX). En ek het weer by hom beland en ek het al hierdie dinge met hom bespreek. En toe sê hy: “Maar jy moet ons punt ook insien”. Hy sê: “Ons leef elke dag saam met hierdie en ons het gesien as ons vir die ouers vals hoop gee waar beland hulle”. “Hulle pak op”. So ek kan dit ook verstaan. Maar as daar net iemand buite, wat mediese kennis het dit vir daai ouers kon sê: “Glo wat jy wil glo”. As jy ‘n kind van die Here is, vertrou jy op hom en jy vertrou op jou gebed”. Dis al.

Ons het uh, een van die seuns daar by ons was ook baie brein erg beseerd en hy was baie langer as X5 in ‘n koma en sy ma is uh-uh, refleksioloog. En so het sy uitgevind haar seun verstaan. En hy kan hoor en hy kan rustiger gemaak word deur net daai beweging en gevoel. En dit is ook vir my belangrik. As

iemand net vir my gesê het: “Hoor hier, staan net by jou kind en druk hom en vryf hom en smeer hom, en pas daai refleksiologie toe, dan sou ek dit ook gedoen het. Maar jy weet ek wou hom uit die bed uit kry en ek wou hom op die toilet kry en ek wou hom laat eet het. Maar dit was totaal verkeerd. Totaal. Ek het totaal probeer oorneem. Wat verkeerd is, en ek dink (vergeet dat ek 'n verpleegkundige is). Ek dink elkeen, elke ouer is so. Jy wil hom sou gou as moontlik terugkry na normaal. En dit is verkeerd. En ek dink dit is ook...ek dink spraak, dit hoef nie net praat te wees nie. As iemand net vir jou kan sê: “Hoor hier vat aan hom”. “Druk hom, vryf hom”.

N: En interme van algemene hantering? Wat sou u graag wou weet hoe om dit te hanteer?

P: Wel, ek het...Kyk 'n ouer vra jou onmiddelik as hy begin opstaan en regkom. Wat kan hy eet. Wat kan jy hom voer. Wat is sy toilet behoeftes. En uhm, ek het geweet. Daai dinge het ek geweet. As ek hom huistoe gevat het naweke, het ek onmiddelik geweet, hulle het ook vir my gesê hy gaan verskriklik eet en dat ek hom in 'n roetine in moet kry. Maar ek dink dit is gewone roetine dinge. Jy moet weet dat hy gaan baie eet of niks eet nie. Jy moet vir hom sulke kosse gee. Uhm, die vitamienes wat hy nodig het. En uhm dat hy homself gaan vuil maak nog. Jy moet weer 'n normale toilet roetine inkry. En dit is normaal dat hy homself vuilmaak. En dat hy homself natmaak.

N: Goed volgende vragie. Gestel 'n STT kom by u. Watter vrae sou u graag wil hê moet sy vir u vrae, ten einde u behoeftes te bepaal ten opsigte van die hantering van die persoon?

P: Jou werk. Die eerste jou werk. Sal jy kan... (ek was op nagdiens gewees, nee ek was op dagdiens gewees by ...) en omdat ek toe my seun by my gekry het, het ek toe oorgegaan op nagdiens. Die eerste ding is. Sal jou werk...sal jy hierdie kind by die huis kan kyk na, met jou werk? En sal jy iemand kan inkry om dit te kan doen. En die groot kwessie daar is - sy pa was op die platteland. Jy weet daar is nie 'n STT nie, daar is nie 'n maatskaplike werkster nie, daar is nie 'n fisioterapeut, jy weet daar is niks daar nie. Toe het ek besef ek gaan hom hier moet hou. En hy het toe weekliks na PTA Akademies gegaan. Maar ek voel daar moet uh tipe koshuis wees, waar hulle kan inboek met sorggewers. Soos hierso. Hier kan hulle 'n ding kom opbou, waar hulle die hoofbeserings opsit, vir daai tyd voor jy as 'n ma vir hulle weer kan huistoe vat. Want dit is 'n verskriklike groot werk. Verskriklik. En dit hou nie op nie. Dit is wat vir my die ergste is. Nadat ek toe nou uitgevind ek kan my oudste seun hiernatoe bring, het ek hom uit sy werk gevat, en hy het na hom in die dag gekyk, of in die nag gekyk... ek het na hom in die dag gekyk. Het ons saam alles begin doen. Ek het eie fisioterapie... ek het nie eers gedink aan spraak nie, weet jy? Of dit was een van die laaste dinge wat by my opgekrom het. Maar jy-jy-jy het hulp nodig. Van alle kante. En ek voel daar moet 'n plek wees waar hulle kan gaan waar jy hulle kan vat, wat goedkoop is. Want die meeste het nie mediese fondse nie. Die mediese fondse betaal nie meer nie. So dis jou mediese fonds. Dit is jou verblyf. Dit is jou werk. En die platteland skiet ver te kort wat dit betref. So, jy sal moet iemand hierkry wat vir hom kan kyk. So dit gaan 'n tipe saal moet wees. En ons sit met al hierdie probleme as hulle uit ICU, uit hoë sorg uitkom. Ja. En dan die grootste behoefte ook is uhm opleiding. Vir susters, (ek gaan nie eers dokters hierdie inbring nie), laat daai... nie voor die pasiënt doodgaan nie. Jy bly hoop. Jy bly praat met hom. Jy bly vat aan hom. Jy moet hom behandel soos 'n normale mens. Ek sien dit nou daar. Ek baklei so ver as wat ek loop. Maar ek kan onthou die naweke toe ek vir X5 huis toe gebring het. Ek het nie geweet waar om doeke te kry nie. Ek het toe teruggegaan na PTA Akademies toe. En hulle het toe nou vir my die doeke gegee wat ek nodig gehad net. En uhm, ek het nie geweet wat hy regtig kan eet nie. Want hy het daai pyp in gehad. Die voedingspyp. Hoe hy van dit na die kos toe kan gaan. En uhm, dit was my grootste behoeftes gewees. En dan ook die verandering van werk. Jy weet ek het na my werk toe gegaan en vir hulle gesê weet ek sal moet oorgaan op nagdiens en kan nie meer dagdiens doen nie. Maar hulle het verstaan, hulle was baie baie behulpsaam.

N: Net vir interessantheid. Hoekom het mevrou nie daaraan gedink om spraakterapie te doen nie?

P: Ek het nie geweet van STT nie. En hy het sag gepraat. Hy het sag gepraat. En toe het hulle vir my by PTA Akademies gesê ek moet nie na hom luister as hy fluister nie. Want dit was, hy het uhm...'n tragie gehad. En hy moet leer om hard te praat. En toe het hulle ook vir my gesê ek moet hom (die tragie) toe druk, sodat ek hom kan leer om hard te praat.

N: Oor watter kennis dink u moet sorggewers oor beskik ten einde na 'n persoon met 'n breinbesering om te sien? As u nou vir 'n ander sorggewer moet verduidelik..... net kortliks.

P9: Ek wens iemand het vir my gesê hoe erg sy besering was dat ek hom nie gedruk het nie. En dan... ek het die kennis gehad van fisioterapie en bedseer. Bedseer vir my is baie belangrik. Beweging is baie belangrik. Hoe ver jy hom kan druk. En hoe ver jy hom kan laat oefen. Uhm, en dan weer hulp vir jou. Jy

gaan moet hulp kry. Jy gaan dit nie alleen kan doen nie. As daar nie 'n ma en 'n pa en 'n broer of 'n suster is nie. Jy gaan moet hulp kry om daai oefeninge te doen. 'n Bedbad as hy bedleënd is, 'n bedwas te gee. Uhm, so dit is alles, dit is sy...so as jy dit saamvat, is dit bedsere maar dan is dit 'n daaglikse bad iemand sal jou met dit moet help, fisioterapie iemand gaan jou met die moet help, en dan jou behoeftes. Dat jy jousef moet afsonder. So ver as moontlik moet jy hulp vra.

N: Wat is op die oomblik X5 se grootste kommunikasie probleme?

P: Ek voel hy moet drink om te kan kommunikeer. Daar is 'n hele hap uit sy lewe uit gevat. Die meisietjie met wie hy uitgegaan het is getroud met 'n kind, sy broer oor wie hy baie erg was is getroud met 'n kind. En hy kan nie vir my sê wat regtig in hom aangaan nie. Hy praat baie goed en hy weet hoe om vir jou 'n ding te sê, maar uhm hy leef absoluut in homself. Absoluut. As hy 'n paar doppe in het dan kan hy praat. Nou sit jy, dit is nou alreeds wat 8 jaar ...nou sit ek met hierdie verskriklike behoeftes. Ek kan nie, ek kan nie, ek weet nie hoe om dit reg te kry nie. Ek kan vir jou dit nou vertel, want dit is ook vir my baie groot spraak. Ek het hom gaan wegvat by sy pa, toe ek besef het hy het hulp nodig. Ek het hom toe hier na die kollege toe, hier in Centurion gevat. Toe het ek besef hy het nie matriek nie. Matriek is weg. En ek het hom ingeskryf as 'n elektriëen. Ek vir drie weke lank saam met hom klasse toe geloop om-om-om vir hom te leer waar is die klasse. Waar moet hy dit en waar moet hy dat, en waar moet hy wag vir my. En toe was sy kommunikasie baie baie swak. Baie swak. En ek kan vir jou dalk briewe gee van dit... Want ons het met hom begin by N3 want hy was in matriek hy het heeltemal teruggegaan na N1 toe. Hy kon nie verstaan nie en hy kon nie kommunikeer nie. Hy kon nie vir my sê wat was in hom fout nie. So hou dit nou vir sewe jaar daarna aan. En dan nou as hy kan praat met sy spraak net so, dan sy fisiese spraak. Hy praat eentoning aanmekaar. Ek dink dit is al manier hoe jy kan weet hy is 'n hoofbeseerde. Wat niemand nog dit vir hom gesê het nie. Ek probeer dit vir hom sê, maar dan sê hy ek kritiseer. Hulle vat kritiek baie sleg. Baie. Oor hierdie drank storie, sê hy maar hy het dit nodig om te ontspan en dan te kan praat. Sodra hy moet die skottelgoed was, ek vat...hy moet 50 % van die huiswerk doen ... dan sê hy vir my maar nee hy het 'n hoofbesering hy is nie lus om vanaand die skottelgoed te was nie. Uhm, sulke dingetjies. En hy is baie ... hy kan baie vir homself doen, baie baie. Hy is baie aggressief, omdat hy homself nie kan uitdruk nie. Ek bedoel hy werk as 'n elektriëen, vat my kar, hy gaan soontoe en hy kom terug. As hy laat is, dan stres ek my dood. Manipuleer alreeds weer daar, maar dan sê hy nee maar hy werk laat... dan raak hy aggressief. Hy raak baie aggressief. Hy was 'n baie aggressiewe tipe kind gewees, so jy verwag dit. Maar hy handhaaf homself emosioneel baie goed.

N: Wat dink u is op hierdie stadium sy grootste behoefte in terme van kommunikasie?

P: Maats. En waar kry hulle maats? By 'n ander hoofbesering. En dan sit jy met jou hoofbeserings onder een dak. Maar hy het 'n normale sosiale lewe nodig. En hulle stoot hulle definitief uit, want hulle is bietjie stadiger, vrae bietjie snaakse vrae. Uhm en al sy pelle wat hy gehad het, is weg. Is net weg. Dit is 'n helse behoefte. Die sorggewer moet geleer word om die die persoon "rope" te gee. Weet ek besef as hy hierdie werk permanent kry, dan gaan ek definitief probeer om hom by Ararat, (ek hoor dit is 'n christelike plek), in te kry met 'n kamer. Ek sal hom steeds onderhou, maar hy moet wegbreek. Hy moet. Maar ek besef dit. Ek gaan moet vir hom begin afstoot, wegstoot. Hy gaan nou uit met 'n meisietjie wat ook hoofbeserings opgedoen het en uhm sy het baie goeie ouers. Maar uhm, ag dit gaan nie goed nie, jy weet? Hulle wil saam uitgaan, jy wil nie vir hulle daai "rope" gee nie. Dit is baie erg. Dit is regtig erg. En dit is wat ek baie keer sê. Dit is nie, dit is nie net 'n week of 'n maand en twee maande se ding nie. Hierdie ding wat die ouers tref, is maande en maande en jare. En-en-en dit het my verskriklik gehelp met hierdie klomp. Hierdie is 72 verstandelik verstremde...en hulle is opgepiep. En ek het gesê: "Vergeet dit, vergeet dit". Dit is "self advocacy". Jy moet dit toepas op hulle, hulle moet leer om vir hulle self te dink. Jy bederf hulle.

N: Wat dink u is ons rol as STT in die hantering van sorggewers?

P: As daai pasiënt eers uhm ge"assess" word, wat is die Afrikaanse woord, geëvalueer word, terug te kom na die sorggewer toe en sê: "Jy verwag te veel as jy verwag hy moet nou praat". En daai klein dingetjies dat ek moet die tragie toe hou as...dat hy harder praat. Die behoefte van vat, en dat daai persoon definitief voel as jy vat. En dan gehoor. Die gehoor. Weet, ek het nooit daaraan gedink nie. Dat jy die heelyd met hom moet praat normaal en dat jy musiek moet speel... en dat uhm uh, die heelyd dat hy besef jy is daarso. En dat jy al begin praat dat hy dan woorde optel. Ons het 'n "tape" vir hom gespeel, ek kan nie eers onthou watse "tape" nie. Maar dit was 'n kinder-"tape". Weet jy die eerste keer wat ek besef het hierdie kind verstaan wat hy hoor, is hy het sy vinger opgetel en hy het sy ore toegedruk. Maar ek dink dit is die belangrikste. Hoe belangrik gehoor en spraak en vat is. En te evalueer en vir daai ma te sê: "Kyk, hy is soos....hulle sê nou hierdie een is soos 'n veertien jarige en dat ek moet verwag dat hy

uitbarstings kry en dat hy ook.....(onduidelik). Want jy weet en onthou ek het hom teruggevat na sy pa toe en sy pa het hom dag en nag laat slaap. En dit is verkeerd gewees. En ek het net besef ek moet hom terugbring hiernatoe en ek moet hom iewers by 'n plek inkry ek moet hom help... ons was toe by OETA gewees – medies geskik vir werk. Gelukkig het dit toe nog bestaan. En ek het toe met hom op die “computer” begin. En hulle het my eendag ingeroep en gesê hoe ek met hom moet praat en hoe ek sy hande en sy voete moet... en dit is belangrik. En in 'n groep inskakel waar ander mense ook praat. En ek doen dit hierso. Dit hoekom as ek een van julle hoor wil ek julle net kry om met die huismoeders te kom praat.

N: As u een behoefte het ten opsigte van die hantering van die persoon met die TBB wat sou dit wees?

P: Oef, ek wens ek het hom beter geleer voordat hy die hoofbeserings opgedoen het. Ek was 'n verskriklike besige ma. Ek het nie sy behoeftes geken nie. Voor ek hom daar gekry het in die hospitaal nie. Ek het-ek het besef ek het totaal verby my kind gelewe. En ek het nie sy behoeftes geken nie. Ek het dit nou eers begin leer ken. Dit waarvoor hy lief is, dit waarvoor hy nie lief is nie. En uhm, ek dink dit is my grootste behoefte. Regtig. En dan deur hom wat dit is om die susters in die hoë sorg....te...dat hulle besef dit is nie “afskryf” nie. Ek het hulle al gehoor sê as ek daar loop: “Ag mevrou, skryf hom af hy het 'n hoofbesering”. As ek net daai daai daai...dit het 'n behoefte by my geword as gevolg van X5. Dit is iets in ons opleiding gewees dink ek, want ek het ook so gemaak. Weet ek sê baie keer vir hulle ek sit met hierdie verskriklike... en dit ook, as 'n mens net aan 'n sorggewer kan oordra dat sy moet vergeet van al haar skuldgevoelens. Vat dit van jou skouers af. Vergeet van die verlede en leef vir die toekoms want jy het hierdie pesoon om aan te dink. Vergeet van al jou dinge wat jy mee groot geword het. Jy weet ek het skuldig gevoel omdat ek uit die huis uit is. Ek het skuldig gevoel omdat ek geskei het en ek het skuldig gevoel omdat ek hierdie kind nie regtig geken het nie. Vergeet dit alles. Vergeet dit alles. En kry die behandeling. En ek sal nooit vergeet nie, my eerste gebed was en ek het gesê: “Here asseblief gee net hierdie kind terug vir my”. “Dat hy net 'n toilet kan gebruik en self kan eet”. Jis. Het ek maar besef as ek daai tyd gevra het vir 'n miljoen rand het die Here vir my die miljoen rand gegee. Want Hy het vir my baie meer terug gegee as daai behoeftes. Jy weet. Regtig. Dankie ek het 'n God geken anderster het ek “gepack”. Ek het opgepak en ek het hom vir sy pa gegee en ek het wegeloop. Jy moet kom insit by daardie groep op 'n Maandag aand waar die hoofbeserings is. Daai man is 'n fantastiese mens. Regtig weet jy wat hy vir my beteken het. Ek kan dit nooit vir hom teruggee nie. Maar daar besef jy. Ag ek het nie eers die helfte van die probleme gekry wat hulle kry nie. Regtig.

BYLAE O

Transkripsie van semi-gestruktureerde onderhoud van sorggewers wat alreeds deur die proses van rehabilitasie is

Deelnemer 10 en 11:

Opmerkings: Die opname was baie swak en onduidelik gewees. Die verskillende deelnemers het die inligting wat hulle weergegee het baie beperk. Almal wat moontlik 'n inset in die familie kon lewer het iets op die band genoem. Daar was drie deelnemers, maar dit het heeltyd net gewissel tussen twee persone op een slag.

N: As u die term traumatiese breinbesering in u eie woorde moet omsit, hoe sou u die term beskryf?

P10: Traumaties is die regte woord. Uhm dis baie erg.

N: En as mevrou die term sorggewer moet beskryf?

P10: Die sorggewer is maar persoon wat haar moet help met alles. Met alles. Die hele dag. Sy kan niks vir haarself doen nie. Sy begin nou so bietjie, maar ...dit is nie die wonderlikste werk op aarde nie maar ons is lief genoeg vir haar om dit te doen, so ons sal haar nie in 'n rehabilitasie sentrum sit nie. Maar uhm, dis nie maklik nie. En dit moet definitief iemand wees wat haar goed ken. Soos ek ook in die hof gesê het nou die dag, iemand anders het nie daai empatie... en ons het al versorgers probeer in die begin en dit sal nie werk nie. Dan sê ons maar net vir haar sy hoef nie weer te kom nie. En as ons haar in 'n rehab center gesit het, sou sy dood gegaan het. Ek weet dit. En, ons... haar baie. Ons behandel haar normaal en dit het baie bygedra tot haar verbetering vandag.

N: En as mevrou die term akute rehabilitasie periode moet kan definieër, hoe sou u dit beskryf?

P10: Kyk dit is... ek wens net ek het daai tyd geweet wat ek vandag weet. Dan sou ons dit beter hanteer het en ons sou meer hoop gehad het. Maar al die dokters is negatief. Die meeste terapeute ook. So, ons het nie geweet waar ons staan en wat lê voor nie. Plaas het hulle ons gevat en sê hoor hier dis die probleem, dit is wat breinbeserings is. Dit is wat voorlê. Dit is die vordering. Niemand het vir ons gesê wat gaan gebeur nie. Ons het gedink sy gaan wakker word en nog dieselfde wees. Ek is talleurgesteld in almal. Al die dokters. Hulle gee geen hoop nie. Niks.

N: Almal sê al wat hulle altyd wou weet is wat is die pad wat voorlê.

P10: Nou weet ek wat is die pad.

N: Niemand kan vir jou presies sê nie.

P10: Maar min of meer. Dit is die pad, dit gebeur, dit gebeur, dit gebeur. Tot in die hospitaal. Dis min of meer, almal kry epilepsie of spraakterapie. Ek het my dood geskrik die eerste keer. Niemand sê wat lê voor nie. As mens net bietjie voorbereid was, dan sou dit beter gewees het.

N: Uhm, as u terug dink aan daai tyd, uhm met X7 (dit is nou baie gebasseer op die vorige vraag), maar wat was u behoeftes in daai tyd. U as sorggewers se behoeftes, rondom kommunikasie met haar. Rondom hoe om met haar te kommunikeer.

P10: Jy sien ons het nie geweet nie. Verstaan sy? Uh, wat moet ons doen? Ons het haar maar net normaal behandel het, en op die ou einde het dit maar die beste gewerk. Sy kon nie terug praat. Jy weet nooit wanneer het sy pyn nie, wanneer, uh wanneer moet jy wat doen nie, maar ons het maar geleer.

N: En in terme van algemene hantering van haar? Net in terme van... kyk die vorige vraag was rondom dat u wou weet of sy verstaan. Maar nou rondom algemene hantering. Fisies? Uhm, wat was u behoeftes daar rondom gewees?

P10: Dit was ook maar moeilik. Want een kon haar nie alleen hanteer het nie. Ons moes haar dra in 'n handdoek. Waar ons haar wil hê. En dit was moeilik.

(Vader (P11) wat gehelp het met versorging word nou deel van die onderhoud).

N: Ek het nou net jou ma gevra uhm in terme, ek het haar gevra wat was haar behoeftes toe X7 by die huis gekom het – toe sy net uit die hospitaal uitgekom het. Wat was haar behoeftes interme van om met haar te kon kommunikeer. So wat was jou behoeftes? Wat sou jy graag wou weet?

P11: In watter opsig, in watter opset praat jy nou van?

N: In terme van kommunikasie met haar? Om met haar te praat.

P11: Toe sy net uit die hospitaal uitgekom het? Oef. Dit was feitlik onmoontlik om met haar te praat. Sy het ... Ja sy was bedleënd. Sy het die pyppie nog... daai voedingspyppie deur haar neus gehad, wat deur haar slukderm keel gegaan het, so sy kon nie fisies eintlik niks praat nie. Sy was te swak om te praat. Sy kon skaars wakker bly. So jy kon eintlik glad nie met haar praat nie. Niks nie.

N: Sou jy graag wou weet of sy jou verstaan as jy met haar praat?

P11: Ja. Wat ons... wat vir my nice was in daai opsig. Dit was asof sy op 'n manier kon kommunikeer deur 'n handdruk of...ag jy weet moes, jy kry so gevoel as iemand verstaan as jy met hom praat. En dis asof daar bietjie aksie in haar oë was wat jy kon of, of reaksie, wat jy kon sien. So soort van ja.

N: Het mevrou nog iets wat mevrou wou antwoord. Ons was op algemene hantering. Wat was mevrou se behoeftes?

P10: My behoeftes of hare?

N: Mevrou sin. Hoe om haar te hanteer. Mevrou het gesê dit was moeilik in die begin, want mens moes haar dra.

P10: Mmm. Ja, mens moet maar net baie geduldig wees, dis al.

P11: Ons moes haar met handdoeke in en uit die bad optel. Uhm met 'n kombers...ja sy konnie regop dit nie, sy sou omval. Ons moes haar orals heen dra. Sy kon nie regop sit nie, sy moes lê die heelyd.

P10: Ons het haar "opgejack" met die rolstoel, dat sy kon staan.

N: En het mevrou hulle hierdie goed self uitgevind en of.....

P10: Iemand het die rolstoel gebruik en ons het net...ons moes haar so gou as moontlik normaal kry. Sit staan... en het besef dit gaan maar lank vat...

N: As mevrou hulle voor die tyd geweet het, sou dit makliker gewees het?

P10: Ja, want dan het jy geweet wat lê voor. Jy weet, voorsorg tref, hulp kry.

N: Watter vrae dink mevrou, sou mevrou wou gehad het moet die dokters, of die STT, of die fisioterapeut, of die arbeidsterapeut vir mevrou vra om mevrou se behoeftes te kon identifiseer?

P10: Hulle moet jou net hoop gegee het. Hulle moet nie net vir jou... negatief wees en of niks sê nie. Hulle het te doen met baie sulke gevalle. Hulle weet min of meer daar is 'n patroon. As, ek bedoel al is elke breinbesering anders, daar is wel 'n soort van 'n patroon... so dra sy loop gaan haar spraak verbeter. Ek het dit by drie mense, nou na drie jaar, het dit vir my gesê. So jy weet daar is dinge wat 'n mens behoort te weet.

N: En interme van spraak en taal?

P10: Ja, in die hospitaal het die dokter direk gesê: "Sy gaan nooit loop nie, sy gaan nie praat nie". En hoe kan jy dit vir iemand sê? Jy breek moes sy moed. En as ons nie moed het nie, hoe moet ons dit oordra... (onduidelik) aan haar toe. Ek kan nie verstaan, weet hulle niks daarvan of wil hulle jou net nie hoop gee nie, of stel hulle nie belang nie.

N: So dit vir mevrou beter gewees het om, dat hulle vir mevrou sê hoor hier daar gaan...daar is miskien hoop. Hulle dink hulle is bang. Ek dink as hulle sê dit gaan gebeur....

P10: dan is jy kwaad vir hulle.

N: Maar sal dit vir mevrou beter wees as hulle net bietjie meer hoop gee?

P10: Ja. As wat hulle jou dadelik afskiet en sê... Ek is seker daarvan hulle het baie gevalle gesien. Ek meen ek het nou in hierdie drie jaar (ek het vir jou gesê) Z. (baie wat hulle geen hoop voor gehad het nie). Loop, praat, 90% normaal. Daar is een dokter wat vir my gesê het, 95% kans dat sy weer sal loop en dit is waarin ek vasklou. Ag en ons sien die vordering is goed. Sal.... As ek terug dink aan al die terapie ook. Die een sê doen dit. Die een sê doen dat. Dit is altyd asof ons in die middel loop, en ons moet besluit wat om te doen. En ons het nie daai kennis nie. Die een sê ja en die een sê nee. So dit was moeilik.

N: Die volgende vraag is, as mevrou nou terug dink aan die hele tyd wat verby is. Oor watter kennis dink u moet 'n sorggewer kan beskik om so peroon te kan hanteer. Wat dink mevrou moet 'n mens weet om optimaal na haar te kan kyk? In enige aspek. Maar dink in terme van algemene hantering, kommunikasie, familie en alles.

P10: Ek dink die belangrikste is 'n mens moet hulle normaal behandel. Nie soos 'n baba op piep nie. Mens moet hulle normaal behandel soos wat hulle was. En dan kry jy meer normaliteit.

N: Interme van kommunikasie?

P10: Ek weet nie.

N: Sou mevrou oor maniere wou, sou mevrou graag wou hê hulle moet vir mevrou maniere gee hoe om dit makliker te maak vir mevrou en ook vir haar?

P10: Ja, ja.

(Lang stiltes)

N: En interme van gedrag. Sou mevrou graag wou gehad het hulle moet vir mevrou wys hoe om dit te kon hanteer?

(Baie lang stiltes)

P10: Ja.

(Vader het uitgeloopt vir oomblik, is nou weer terug – navorser herhaal die vraag.).

N: Die vraag wat ek gevra het is oor watter kennis dink jy behoort 'n sorggewer te beskik om die persoon optimal te hanteer?

P11: Dis maar jy moet... moet weet hoe om haar te stimuleer. Hoe om haar op 'n manier te probeer....(kyk obviously het sy baie verlore gedagtes of-of-of "memory loss" en al daai goeters), hoe om dit op 'n manier te probeer terug te stoor in haar. Hoe om haar gedrag te hanteer. Baie keer as sy... ek dink sy raak ook aggressief, sy raak ook moeilik. Sy probeer dinge oordra, en baie keer verstaan niemand haar nie. Om al daai metodes, om dit makliker vir haar te maak. Dis wat ek dink.

P10: Want sy skree as iemand haar nie verstaan nie.

P11: Sy skree gereeld op my.

P10: Maar nou sy het 'n bokkie bo haar bed gehad. Dan sê haar ouma dit is nie 'n bokkie nie, dit is 'n dit. Toe skree sy. Want sy moenie met haar stry. Sy glo dis so en dan is dit so. En sy was reg.

P11: Watse hantering? Laat ek dit so stel.

N: Goed ons kan eerste dink in terme van om met haar te kon kommunikeer.

P11: Daar was nie kommunikasie nie. Geen spraak nie. Niks nie. Ons het gewonder... (onduidelik)

P: Maar ons het nie geweet hoe om met haar te kommunikeer nie.

P3: Ja, maar niemand kon met haar kommunikeer nie.sy kon kyk, jy weet haar oê het gedwaal. Kyk sy het nie beweeg eintlik nie niks nie.

N: Sou meneer graag wou weet as mens met haar praat of sy wel verstaan?

P11: Ja, dit sou 'n mens graag wou weet. Wat ervaar so persoon, jy weet? Ek weet nou jy kan dit nie bepaal nie. Uhm, dit is iemand met wie jy graag sou wou kommunikeer, (onduidelik) of is ek verkeerd as ek dit sê?

N: Wat dink mevrou is op hierdie stadium die persoon se grootste behoeftes.

P10: Wat is haar grootste behoeftes? Spraak. En om te loop. Die toilet storie. En sy soek... geselskap (onduidelik)... al haar vriende en vriendinne het haar gelos. Sy soek maar nog vriende en vriendinne.

P11: Maats. Sy is die hele dag op haar eie. (onduidelik). En dan balans. Ek sit aan 'n ander ding en dink. Het jy al party keer gehoor hoe toe is haar neus. Ek dink as haar neus meer oop is sal sy duideliker kan praat. As ek dink, sy vorm darem maar partykeer haar woorde baie mooi, maar ander kere (onduidelik). Partykeer klink haar ma soos pa. En ander kere kan jy die pa baie duideliker hoor.

N: Wat dink u is die rol, ek het nou hier spesifiek gevra spraakterapeute, maar enige ander persoon, bv. fisioterapeut, dokters ens. in die hantering van u as sorggewers? Wat dink u moet hulle doen om u meer effektief te kan hanteer.

P10: Hulle moet jou beter voorberei.

P11: Ja, voorbereiding kan help. Ek sal ook sê hulle doen 'n diens en doen wat hulle moet doen. Maar ons wat dit elke dag met haar moet doen, weet nie hoekom ons dit met haar moet doen nie. Jy weet, kom ons vat nou 'n stupid ding. Jy moet haar nou met 'n borsel, borsel. Ons het seker eers na die agtste of die negende klas toe kom ons eers agter dat dit vir haar balans is. Jy wil net weet wat doen hulle. Want as ek weet waarnatoe hulle gaan, dan gaan ek mos baie meer daaraan werk. Maar ek... mos nou... hierdie geborselry... hierdie kind het nie bedsiekte nie, sy het nie luise nie. Maar jy moet haar borsel. Dis logika. Sy word genoeg rondgedra, so sy kry nie bedsere nie. Waarvoor moet jy borsel? Ek noem nou maar jy weet, net dat jy weet. Maar ek dink die professionele mens...(onduidelik) ek is self 'n professionele mens... (onduidelik) maar hulle sny af. Hulle doen die werk maar...(onduidelik).

P10: Haar nuwe spraakterapeut sê vir my dit gebeur en dat gebeur. Dan kan jy bietjie meer insien hoe spraakterapie werk. Sy sê vir my gewoonlik doen hulle dit. Of dit of dit of dit gebeur as sy die woord sê of sy sluk haar eerste of haar laaste woord in. Daai, hoekom sy dit doen, dan verstaan mens beter. Dit help nie jy gaan na 'n klas toe en hulle gaan aan en jy weet, dit is vir jou sinneloos. Maar as jy weet hoekom jy doen dit dan, kan jy daar aan werk.

N: Hierdie aspekte kom deurentyd uit.

P11: Ja, want dit kom van die begin af. Jy het nou jou Neurosjirurg. As jy hom nie persoonlik betaal nie... dan sny hy af. Jy moet hom sien. Dit is jou mens wat daar lê... (onduidelik).

N: En as u dink in terme van die hantering van die persoon met 'n breinbesering. Wat is die rol van 'n STT?

P11: Kyk dit is die kommunikasie. Jy moet kyk dat die persoon kommunikeer.

N: As u een behoefte het in die hantering van X, wat sou dit gewees het.

P11: As ek een behoefte het? Dis maar kommunikasie en balans. Dit is al wat ek aan kan dink. Dit staan by my so, daar is nie een wat ek kan uitsonder nie... (onduidelik).

P10: Dat sy weer normaal moet praat, en so naby as normaal weer mens kan wees.

N: Baie dankie.

BYLAE P

Figuur 4: Voorlopië meetinstrument: Behoefteveraelys vir sorggewers van 'n persoon met traumatiese breinbesering.

I need to know more about	No need	Not such a big need	Fairly big need	Big need
1. GENERAL HANDLING OF THE PERSON WITH TBI				
1) the general symptoms	1	2	3	4
2) the physical symptoms	1	2	3	4
3) the communication symptoms	1	2	3	4
4) the cognitive symptoms	1	2	3	4
5) the behavioural and emotional symptoms	1	2	3	4
6) the rehabilitation process	1	2	3	4
7) the recovery process	1	2	3	4
8) the functions of the brain	1	2	3	4
9) the basic needs of the person	1	2	3	4
10) the care priorities	1	2	3	4
Other needs that the TBI person has... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4
2. INFORMATION: WHAT I AS THE CAREGIVER WANT TO KNOW				
12) my role in general	1	2	3	4
13) my role in assessment	1	2	3	4
14) my role in therapy	1	2	3	4
15) my role in the rehabilitation team	1	2	3	4
16) addressing the person's physical needs	1	2	3	4
17) addressing the person's basic needs	1	2	3	4
18) addressing the person's communication needs	1	2	3	4
19) addressing the person's emotional needs	1	2	3	4
20) addressing behavioural concerns	1	2	3	4
21) addressing cognitive concerns	1	2	3	4
Other needs that I have... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4
3. SUPPORT: PERSON WITH TBI				
22) support groups	1	2	3	4
23) the benefits of support groups	1	2	3	4
24) where can I find support groups	1	2	3	4
25) day care for the person	1	2	3	4
Other needs that the person with TBI has... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4

NEEDS QUESTIONNAIRE FOR CAREGIVERS OF A PERSON WITH A TRAUMATIC BRAIN INJURY
 Instructions: Make a cross in the appropriate block according to your need

Figuur 4: Voorlopige meetinstrument: Behoeftevraelys vir sorggevers van 'n persoon met traumatiese breinbesering.

I need	No need	Not such a big need	Fairly big need	Big need
4. SUPPORT FOR THE CAREGIVER				
26) to know more about a caregiver support group	1	2	3	4
27) to speak to other people that have already been through the process	1	2	3	4
28) to know more about a communication group where the CG can ask questions to other professionals and other people, regarding problems experience	1	2	3	4
29) support to make the necessary changes in my life style to look after the person (my work, at home, etc)	1	2	3	4
30) to tell someone about my emotions & feelings	1	2	3	4
31) to tell someone about my disappoints	1	2	3	4
Other needs that I have... <i>(Please list & tick relevant box)</i>	1	2	3	4
•	1	2	3	4
5. COMMUNICATION WITH THE PERSON				
32) specific guidelines in order to help the person to understand me better during communication interaction	1	2	3	4
33) specific guidelines in order to understand the person better in communication interaction	1	2	3	4
34) to know what I can do to improve the person's speech	1	2	3	4
